**<u>BUISPLAAS</u>: 'N HISTORIES-ANALITIESE ONDERSOEK NA DIE ONTSTAAN EN VOORTBESTAAN VAN 'N MINDERHEIDSGEMEENSKAP IN DIE WES-KAAP VANAF 1863 TOT 2018**

**<u>BUISPLAAS</u>: A HISTORICAL- ANALYTICAL INVESTIGATION INTO THE ORIGIN AND CONTINUED EXISTENCE OF A MINORITY COMMUNITY IN THE WESTERN CAPE FROM 1863 UNTIL THE PRESENT**

**ANTOINETTE LE ROUX**
BA (Drama) UP, SOD US, BA (Geskiedenis) Hons UNISA, MA (Geskiedenis) US
(Student nommer: 02527456)

**Tesis ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die graad van**

**DLITT ET PHIL**

in

**GESKIEDENIS**

in die

**DEPARTMENT VAN GESKIEDENIS**

by die

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**PROMOTER: Prof Mike de Jongh**

**November 2018**

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

**VERKLARING**

Deur hierdie proefskrif elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en die publikasie daarvan deur die Universiteit van Suid-Afrika nie derdepartyregte sal skend nie en dat dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied is nie.

Geteken te ______________________op die ___________dagvan ________________ 20___.

Handtekening________________________________

Naam ______________________________________

المنارة للاستشارات

www.manaraa.com

**BEDANKINGS**

Hierdie werk word opgedra aan Attie Joseph en die mense van Buisplaas.

Hierdie navorsing sou nie moontlik gewees het sonder die medewerking van al die mense van Buisplaas nie. Aan almal, in en om Buisplaas, my hartelike dank en waardering vir jare se vriendskap, samewerking en geduld met die navorsingsproses.

’n Spesiale woord van dank aan my promoter, prof. Mike de Jongh vir sy professionele leiding en ondersteuning in die voltooiing van hierdie navorsing.

Ook aan my man, Pieter wat my aan Buisplaas bekend gestel het en ook in aanraking gebring het met soveel belanghebbendes wat met die navorsing gehelp het, saam met die ondersteuning en hulp van my kinders, tuis en oorsee, kan ek net my innige dank uitspreek. ’n Spesiale woord van dank aan my dogter, Elena vir haar hulp en geduld met talle tegniese sake met die skryf van hierdie proefskrif. Ook aan Melany Cronje ’n groot dank met die afrondingsproses van hierdie tesis. Hiermee saam ook my dank aan die jongmense in die Kaap, Lerina en Kevin Bierman en in Stellenbosch, Helene en Japie Roux wat talle kere aan my huisvesting gegee het terwyl ek met my navorsing besig was asook die personeel van die verskeie biblioteke,o.a. die Kosie Gericke- biblioteek se argief op Stellenbosch en die Kaapse argief. Ook aan Morton Hubbe vir die beskikbaarstelling van al die inligting oor Buisplaas wat hy oor twintig jaar tydens sy betrokkenheid by Buisplaas versamel het, my groot waardering.

Ek bedank ook graag die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns vir hulle finansiële ondersteuning.

Alle eer aan my Skepper vir gesondheid, krag en moed om hierdie studie te kon doen.

المنارة للاستشارات

www.manaraa.com

**OPSOMMING**

In hierdie proefskrif word die agtergrond van die pre-koloniale stand van die destydse Kaapkolonie geskets en die historiese ontstaan van een gemeenskap word as tersaaklike voorbeeld behandel. Die verhouding wat met verloop van tyd tussen hierdie gemeenskap en die indringende koloniste ontwikkel het, is grotendeels gebaseer op persepsies en houdinge wat reeds sedert die 17e, 18e en veral die 19e eeu weens die ontmoeting tussen die uiteenlopende bevolkingsgroepe ontstaan het.

Die verhoudinge wat inherent as gevolg van hierdie koloniale inmenging vertroebel is, was die oorsaak dat sekere inheemse bevolkingsgroepe radikale verandering ondergaan het. Die inheemse bevolking se rol het al hoe meer ondergeskik geword en die landskap het vir goed verander. Waar die inheemse bevolkingsgroepe se grondgebied van hulle ontneem is, moes hulle hul oorlewingstrategieë drasties verander.

Die sogenaamde bruinmense, wat ontstaan het uit die ondertrou van die koloniale inkommers met die plaaslike bevolking en ingevoerde slawe, is gou tot die rol van arbeiders gereduseer en hul status het bly verlaag soos die tyd verbygegaan het. Aangesien min van hulle grondbesitters kon wees, wys hierdie proefskrif dat daar wel uitsonderings was. Daar is ’n gemeenskap wat die eienaars van erfgrond aan die Gouritzrivier is en dit steeds na 155 jaar besit. Hierdie gemeenskap is Buisplaas.

‘n Blanke voorvader, Frederick du Buis het aan sy twee seuns wat van gemengde bloed was, Simson en Saul ’n stuk grond langs die Gouritzrivier in die suidooste van die Wes-Kaap nagelaat. Op hierdie 94 hektaar het ’n Buis-gemeenskap ontstaan wat deur al die jare van politieke veranderinge in Suid-Afrika bly voortbestaan en gegroei het. Die onsimpatieke geografie en klimaat van Buisplaas het sy beperkings ingehou en tog het hierdie gemeenskap oorleef en die skamele voordele soos die nabyheid van die rivier en die aalwyne tot hulle voordeel gebruik. Al het die ekonomiese realiteit die meeste van die inwoners genoop om elders te gaan vir verdere opleiding en werksgeleenthede het die Buis-afstammelinge dikwels na hul aftrede uit hul beroepe teruggekeer na hul heimat.

Ontwikkeling en die daaropvolgende verbetering van hul omstandighede het eers 127 jaar na die oordrag van Buisplaas aan Simson en Saul Buis begin en ’n groot verbetering in hul lewensomstandighede gemaak. Die rol van die Buisplaas Bewonersvereniging wat in 1986 gestig is en die belangrike proses van ontwikkeling wat deur hierdie vereniging begin is, vorm ’n kernaspek van die studie. Oor die jare het die twee kerke, die Lutherse en

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Anglikaanse kerke ’n deurslaggewende invloed op die inwoners gehad en veral omdat die Lutherse kerk ook verantwoordelik was dat daar ’n laerskool op Buisplaas opgerig is.

Die navorsingsproses het die toepassing van ’n multi-dissiplinêre benadering behels, maar is daar hoofsaaklik van historiese metodologie gebruik gemaak. Die aktiewe bydrae van verskeie inwoners en oud-inwoners van Buisplaas het die gebruik van ander primêre en sekondêre bronne aangevul. Die fokus van die studie was derhalwe op die Buisplaas-gemeenskap wat vir so lank reeds bruin grondeienaars is, te midde van die problematiek van grondeienaarskap in Suid-Afrika.

Alhoewel die konkrete realiteite van hierdie gemeenskap behandel word, gaan dit meer oor die ontasbare emosionele verbintenis van die mense met hulle plek, hulle eiendom. Dit gaan oor ‘n landskap wat uit kulturele tradisies en herinneringe bestaan. Dit kry die mistiek deur die krag van onthou, deur die nooit-vergeet-nie van mense se plekbewussyn. Plek word die verlenging van die self want plek is dan ook ‘n oord van tussenmenslike verbondenheid. Dit maak dit nie ‘n volmaakte plek nie maar ten minste ‘n plek waar mense van mekaar geweet het en steeds weet. Die veranderende ekonomiese en politieke streeksdinamika het ‘n invloed op die betekenis wat die inwoners aan hulle plek heg. Die fisiese en ruimtelike omgewing beïnvloed ook die interaksie en verhoudings van hierdie mense.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

**ABSTRACT**

This thesis describes the background of the pre-colonial situation in the Cape Colony of the time. It uses the historical origin and development of one specific community as an example. The relationship which developed between this community and the intrusive colonialists is based to a large extent on perceptions and attitudes which were observed in the seventeenth and eighteenth but especially during the nineteenth century between the diverse population groups. The interference of the colonialists caused great harm to these relationships and consequently some of the indigenous population groups underwent radical changes. The indigenous population's role in the area became more and more submersed and the landscape changed forever. As the territories of the indigenous groups were taken from them, they had to change their survival strategies drastically.

The group which in former times was called 'coloured' because of inter marriages between the colonialists and the local population or the imported slaves, was soon reduced to labourers and their status diminished as time went by. In spite of very few being able to remain as landowners this thesis shows that there were exceptions. There is a community which inherited land next to the Gouritz River and after 155 years they are still the rightful owners. This community is known as Buisplaas.

A white ancestor, Frederick du Buis left his two sons, Simson and Saul who were of mixed blood, 94 hectares of land next to the Gouritz River, in the south eastern part of the Western Cape. This is where the Buis community came into being and through the many years of political change in South Africa they continued to remain and develop there. The harsh geography and climate of Buisplaas had its limitations and yet the community survived. They used the meagre possibilities of the area like their proximity to the Gouritz River and the aloes growing there to their benefit. Although the economic realities forced many of the inhabitants to move elsewhere to further their studies or to find work opportunities, the Buisplaas descendants often returned to their community after retirement.

It was only 127 years after Simson and Saul Buis inherited Buisplaas that development and consequently improvement started happening on a bigger scale. It changed their quality of life immensely. In 1986 the Residents' Association of Buisplaas was formed and its role in the development of the community forms the major part of this study. Over the years both the Lutheran and the Anglican churches had a very strong influence on the inhabitants, especially since the Lutheran church was responsible for the establishment of a primary school at Buisplaas.

www.manaraa.com

The research entailed a multi-faceted approach, but mostly historical methodology was used. The active participation of different members of the Buisplaas community as well as some of the former inhabitants and neighbours in this thesis, supplemented the use of various other sources. The focus of the study was on the Buisplaas community who had been land owners as so-called 'coloured' people long before the issues and problems of owning land in South Africa were addressed.

Although the basic realities of survival of this community will be addressed, the main focus is on the emotional bonds of the people with their place, with their property. It deals with their memories and with the cultural traditions that form the backbone of the area. This study has a charm which is revealed because of the memories of the people and the omnipresent consciousness of the ownership of their special place. Place becomes an extension of the self because place and space are also where human ties exist. It doesn't make the place perfect but it remains a place where the people have always been aware of one another. The changing political and economic dynamics of the area have an influence on the importance and meaning of this place for its inhabitants. The physical and spatial environment and its spiritual importance also influence the interaction and relationships between these people.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

**INHOUDSOPGAWE**


| | Bladsy |
|---|---|
| **VERKLARING** | ii |
| **BEDANKINGS** | iii |
| **OPSOMMING** | iv |
| **ABSTRACT** | vi |
| **INHOUDSOPGAWE** | viii |
| **TERMINOLOGIE** | xii |
| **AFKORTINGS** | xiv |
| **LYS VAN KAARTE** | xv |
| **LYS VAN FOTO'S** | xvi |
| **LYS VAN TABELLE** | xvii |
| **LYS VAN BYLAE** | xviii |
| **HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLLING EN INLEIDING** | **1** |
| 1.1 DOELSTELLING | 1 |
| 1.2 RASIONAAL EN PROBLEEMSTELLING | 3 |
| 1.3 KEUSE EN AFBAKENING VAN STUDIETERREIN | 6 |
| 1.4 METODOLOGIE | 11 |
| 1.4.1 Vooronderzoek | 11 |
| 1.4.2 Literatuurstudie | 13 |
| 1.4.3 Veldwerk en Onderhoudvoering | 21 |
| 1.4.4 Sosiale media | 23 |
| 1.4.5 Uitdagings en Probleme | 24 |
| 1.4.6 Wyse van aanbieding | 25 |
| 1.5 SAMEVATTING | 26 |
| **HOOFSTUK 2: HISTORIESE PERSPEKTIEWE** | **29** |
| 2.1 INLEIDING | 29 |
| 2.2 HISTORIESE AGTERGROND | 36 |
| 2.3 AGTERGROND VAN BUISPLAAS | 46 |
| 2.4 AGTERGROND VAN DIE KAAPKOLONIE | 50 |


www.manaraa.com

2.5 KONTEKSTUALISERING 52
2.6 BEKNOPTE GENEALOGIESE UITEENSETTING VAN INWONERS VAN BUISPLAAS 64
2.7 SAMEVATTING 67

**HOOFSTUK 3: PERSPEKTIEF OP DIE VROEËR JARE EN DIE BUISE UIT DIE GESIGSPUNT VAN DIE BURE 68**

3.1 INLEIDING 68
3.2 STEMME EN HERINNERINGE VAN DIE BURE 69
3.3 SAMEVATTING 77

**HOOFSTUK 4: DIE FISIESE OMGEWING EN DIE BENUTTING DAARVAN 78**

4.1 INLEIDING 78
4.2 GEOGRAFIESE PERSPEKTIEF 80
4.2.1 Ligging 80
4.2.2 Geologie 81
4.2.3 Topografie 83
4.2.4 Klimaat 87
4.2.5 Plantegroei en die menslike benutting daarvan 89
4.2.6 Water 96
4.3 SAMEVATTING 100

**HOOFSTUK 5: ONTWIKKELING EN VERANDERING OP BUISPLAAS 102**

5.1 INLEIDING 102
5.2 DIE STIGTING EN ROL VAN 'N GEMEENSKAPSFORUM/BEWONERSVERENIGING 108
5.3 DIE ONTWIKKELING VAN BUISPLAAS EN DIE INSTELLING VAN DIENSLEWERING AAN DIE GEMEENSKAP 117
5.4 ONTWIKKELINGSPROJEKTE 121
5.4.1. Behuising 121
5.4.2. Water 124
5.4.3. Landbou 129

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

5.4.4. Ander ontwikkelings 136

5.5 SAMEVATTING 137

**HOOFSTUK 6: GRONDEIENAARSKAP: DIE ONTLEDING VAN DIE REGSPROSES** **140**

6.1 INLEIDING 140

6.2 DIE PROSES OM DIE TITELAKTES VAN DIE GROND OP BUISPLAAS TE BEKOM 143

6.3 SAMEVATTING 153

**HOOFSTUK 7: KERKGESKIEDENIS** **155**

7.1 INLEIDING 155

7.2 KERK-EN SKOOLGESKIEDENIS VAN BUISPLAAS 163

7.3 KERKGESKIEDENIS VAN HERBERTSDALE 172

7.4 SAMEVATTING 176

**HOOFSTUK 8:PERSPEKTIEF VAN DIE BREËR GEMEENSKAP WAARIN BUISPLAAS GELEË IS EN GEMEENSKAPPE SOORTGELYK AAN BUISPLAAS** **178**

8.1 INLEIDING 178

8.2 AGTERGRONDGESKIEDENIS VAN DIE NABURIGE DORPE 180

MOSSELBAAI 180

ALBERTINIA 184

RIVERSDALE 187

8.3 'N BREËR PERSPEKTIEF OP WES-KAAPSE BRUIN GRONDEIENAARS WAT DEUR NALATENSKAP OF TOEWYSING HULLE GROND BEKOM HET 188

RAITHBY 188

TESSELAARSDAL 192

SLANGRIVIER 197

8.4 BY WYSE VAN VERGELYKING MET BUYSDORP IN LIMPOPO 200

8.5 SAMEVATTING 204

www.manaraa.com

**HOOFSTUK 9: BUISPLAAS IN PERSPEKTIEF** **206**

9.1 INLEIDING 206
9.2 BUISPLAAS VANDAG: DIE ALLEDAAGSE LEWE EN PROBLEME 209
9.3 BUIS PERSPEKTIEF: DIE UITDAGINGS VAN VANDAG 214
9.4 SAMEVATTING 217

**HOOFSTUK 10: EVALUERING** **219**

**BIBLIOGRAFIE** **231**

**BYLAE** **248**

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

**TERMINOLOGIE**

Die volgende terme word in hierdie teks gebruik vir die benaming van groeperinge.Die term 'nie-blanke' word slegs gebruik as 'n versamelnaam vir die verskillende etniese groepe wat deur die Europeërs by hulle aankoms in die Kaap aangetref is, aangesien dit 'n negatiewe konnotasie het. Dit sluit die Khoekhoen, die Boesmans en die swart gemeenskappe in. Die benaming Khoekhoen was deur die inheemse bevolking self gebruik en hulle het nooit die naam 'Hottentotte' gebruik nie. Die spelling van die woord word dikwels verkeerderlik as Khoi of Khoikhoin deur die media gebruik. Ander variante van die naam was ook Kwena of Khoena en was in sommige dialekte gebruik. Die Boesmans self verkies om aangespreek te word as Boesmans en nie San nie, alhoewel San in die huidige Suid-Afrika as polities-korrek beskou word. Die woord 'San' beteken 'mense sonder vee/beeste' en dit het vir die Khoekhoen, wat die term gebruik het, geïmpliseer dat die Boesmans dus (vee-) diewe was.[1] Die term Khoisan sal ook nie gebruik word nie aangesien dit net vir buitestanders 'n gerieflike term is om die twee groepe (Khoekhoen en Boesmans) saam te gooi. Gedurende samesprekings in Oudtshoorn tydens my navorsing vir my M A-tesis het ek met Khoekhoen-leiers vergader en hulle het die term voetstoots verwerp. Volgens hulle is hulle twee aparte gemeenskappe en moet so erken word. Die term 'bruinmense' word gebruik vir mense met gemengde afkoms, meestal die resultaat van die vermenging van slawe, die inheemse Khoekhoen en Boesmans met die Europeërs.

In die VSA is daar 'n beweging om mense wat nie van Afrikane afstam nie, maar wel van gemengde voorouers is, veelrassig (*multi-racial*) te noem. Hulle wil onderskei word van die etniese groepe waarvandaan hulle ouers kom en wil die feit beklemtoon dat hulle nou 'n nuwe geslag/ras/familie is.[2] Die woord 'ras' word gewoonlik gebruik om 'n onderskeid tussen mense op grond van hulle velkleur, haarkleur, fisiese voorkoms en gelaatstrekke te maak. Ras is gebruik om groepe mense met dieselfde voorouers te onderskei van ander groepe mense met ander voorouers. Hierdie term is egter veroordelend en is wetenskaplik en polities hoogs kontroversieël en word dus nie in hierdie studie gebruik nie. Wetenskaplikes het bevind dat daar nie van ras by mense gepraat kan word nie, want hulle kan nie in spesie-groepe ingedeel word soos by plante en diere nie. Die term etnisiteit word verkies aangesien dit op kulturele en sosiale verskille dui en nie op biologiese verskille nie.[3]

> *In regard to such matters as race and religion, anthropology had done much to aid the historian in freeing himself from chauvinism and bigotry. A*

---

[1]De Jongh, M, *A Forgotton First People,* The Watermark Press, Durban, 2016, pp. 3-5.
[2] Van der Ross, R E, *Up from Slavery,* Ampersand, Cape Town, 2005, p. 95.
[3] Heywood, A, *Politics*, MacMillan, London, 1997, p. 182.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

> *generation ago, even the most objective and distinguished of historians were laboring under the spell of Gobineau, with his grotesque theories of the superiority of the white race and of the alleged Aryan group within the white race. With the possible exception of national superiority, which grew out of it in large part, there has probably never been an influence more disastrous to historical objectivity than the mythology connected with the notion of the uniformity and rigidity of race, and the "proof" of the superiorities and deficiencies flowing there from.*
>
> *Modern critical physical anthropology has shown the elusive nature of the very concept of race and the difficulties in discovering any invariable physical criteria of sufficient significance to identify it.* [4]

Aanhalings uit bronne wat neerhalende en in die moderne konteks, onaanvaarbare terme gebruik, word gebruik vir hierdie studie, alhoewel ek die gebruik daarvan nie goedkeur nie. Dit is geskryf in 'n sekere tydvak van die geskiedenis toe sulke terme nog meer algemeen en ook aanvaarbaar was.

Gouritzrivier kan met 'n s of z gespel word en word in hierdie tesis met 'n z gespel.

[4] Barnes, H E, *A History of Historical Writing*, Dover Publications, Inc., New York, p. 340

www.manaraa.com

**AFKORTINGS**

1. **BSG:** Berlynse Sendingenootskap
2. **BBV:**Buisplaas Bewonersvereniging
3. **HOP:**Heropbou-en-ontwikkelingsinisiatief (Reconstruction and Development Programme (RDP): die amptelike Engelse naam maar in Afrikaans het die term, HOP-huise, ontstaan)
4. **INFRUCTEC:**International Fruit Technology
5. **L&S:**Liebenberg & Stander
6. **LDU:**Land Development Unit
7. **LRC:**Legal Resource Centre
8. **N2 SCRDF:**N2 South Cape Rural Development Forum
9. **NGK:** Nederduits-Gereformeerde Kerk
10. **NLC:** National Land Committee
11. **NRO:** Nieregeringsorganisasies
12. **SCLC:** Southern Cape Land Committee, tans Support Centre for Land Change
13. **SDR:**Suid-Kaap Distriksraad (hierdie raad se naam het verskeie kere verander na o.a. Outeniqua Distriksraad, en tans is dit die Eden Distriksmunisipaliteit)
14. **SOAS:** Society of Oriental and African Studies.
15. **VGK:** Verenigde Gereformeerde Kerk
16. **VSA:** Verenigde State van Amerika

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

## LYS VAN KAARTE

**Bladsy**


Kaart 1: Buisplaas se ligging 1

Kaart 2: Oordrag van grond 28

Kaart 3: Die beweging van die Europeërs uit Kaapstad na die binneland 44

Kaart 4: Area waarin Buisplaas geleë is 80

Kaart 5: Deursnit van die Bostadt van Buisplaas 83

Kaart 6: Lugfoto van Buisplaas waarin die Bostadt en Onderstadt sigbaar is, sowel as die loop van die Gouritzrivier 84

Kaart 7: Skets van Buisplaas gemaak in 1982 85

Kaart 8: Pypleiding vanaf Lodewykstenk 126


المنارة للاستشارات

www.manaraa.com

## LYS VAN FOTO'S

**Bladsy**


| | |
|---|---|
| Foto 1: Buisplaas se kleuterskool | 22 |
| Foto 2: Voorbeeld van eerste kliphuis op Buisplaas | 33 |
| Foto 3: Onderstadt van Buisplaas | 86 |
| Foto 4: Die Gouritzrivier se bedding by Buisplaas, tydens droogte | 87 |
| Foto 5: Aalwyne word getap | 91 |
| Foto 6: Die rivierbedding van die Gouritzrivier | 97 |
| Foto 7: Voorbeeld van die ou kliphuis op Buisplaas | 103 |
| Foto 8: Buisplasers besig om stene te maak | 123 |
| Foto 9: Biblioteek in Buisplaas | 134 |
| Foto 10: Ralie Philander, Paul en Gert Buis in die gemeenskapstuin by die biblioteek | 135 |
| Foto 11: Lutherse kerk op Buisplaas | 164 |
| Foto 12: Die binnekant van die Lutherse kerk | 167 |
| Foto 13: Herbertsdale se Lutherse kerk: buite en binne | 172 |
| Foto 14: Geskiedenis van Mosselbaai | 181 |
| Foto 15: Een van die huise in Tesselaarsdal | 196 |
| Foto 16: Inwoner besig met instandhoudingswerk aan die Congregational Church op Slangrivier | 199 |
| Foto 17: Die Anglikaanse kerk op Slangrivier | 199 |


www.manaraa.com

**LYS VAN TABELLE**

| | Bladsy |
|---|---|
| Tabel 1: Gemiddelde Maandelikse Reënvalsyfers vir Albertinia en Herbertsdale | 88 |
| Tabel 2:Mullers Hauzer reënvaltabel | 89 |
| Tabel 3: Kerke in die Kaapkolonie in 1898 | 161 |
| Tabel 4: ‘n Etniese ontleding van die kerke in 1898 | 162 |
| Tabel 5: Kerklike affiliasie (gegee as %) 1997 | 162 |

للاستشارات المنارة

www.manaraa.com

## LYS VAN BYLAE

**Bladsy**

BYLAAG A: Doodskennisgewings van Frederick en Sophia de Buis, asook die inventaris van Frederick se besittings 248
BYLAAG B: Doodskennisgewings van Sem, Maria en Saul Buis 252
BYLAAG C: Weidingsregte 255
BYLAAG D: Dokument van Buisplaas / Buffelsdrift 258

www.manaraa.com

# HOOFSTUK 1

# PROBLEEMSTELLLING EN INLEIDING

## 1.1 DOELSTELLING

Hierdie studie ondersoek die ontstaan en voortbestaan van 'n gemeenskap bruin grondeienaars. Deur analities, vergelykend en verklarend te werk te gaan, is gepoog om na te spoor hoe twee broers van gemengde afkoms hul erfporsie van hul blanke pa behou het en 'n gemeenskap gevestig het wat tot in 2018 steeds aan hul nageslag behoort. Die doel van hierdie studie is om 'n klein gemeenskap, Buisplaas te ontleed aan die hand van negatiewe faktore soos die ligging van hul erfporsie, periodieke erge droogtes, die grootte van hul grond, relatief onvrugbare grond, politieke veranderlikes en politieke omstandighede. Ook fokus die ontleding op die positiewe faktore wat hulle gehelp het om oor 'n tydperk van 155 jaar op hul geboortegrond voort te leef.

Nog 'n doelwit was om die omstandighede waarin hierdie gemeenskap tot stand gekom het, te ontleed. Aangesien Buisplaas aan die suide van die huidige Wes-Kaap langs die Gouritzrivier geleë is, soos gesien in Kaart 1, moes die geskiedenis van die streek en die omliggende dorpe ook nagevors word.

**Kaart 1:Buisplaas se ligging**(spelling van Buisplaas/Buysplaas verskil op kaarte)




المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Die rol van die naburige gemeenskappe, die rol van die kerke buite en binne-in Buisplaas, die rol van die inwoners self en hulle reaksie en verwerking van omstandighede buite hulle beheer is derhalwe ondersoek en uitgelig.

Deur vergelykings te tref met ander bruin gemeenskappe wat ook grond geërf en behou het, kan hulle vermoë om voort te bestaan in uitdagende omstandighede getoets word.

Die belangrikste doelstelling was om die mense van Buisplaas in die kollig te stel sodat hulle gevoel, frustrasies, probleme maar ook hul aangetrokkenheid tot hul erfgrond na vore kom. Die trots en sekerheid dat hulle nooit net bloot as arbeiders die lewe benader nie, maar as grondeienaars, is 'n belangrike onderskeidingselement waarna gekyk is. Verdere doelwitte was om die rol van die politiek van die land, die landstreek en die mense self te ondersoek en te bepaal in watter mate die politiek hulle besluitneming en oorlewing beïnvloed het. Deur die manifestering van hierdie klein gemeenskap te dokumenteer, kon die alledaagse bedrywighede, lewenswyse en aktiwiteite ten opsigte van die verbetering van hul omstandighede oor die 155 jaar gerekonstrueer word.

## 1.2 RASIONAAL EN PROBLEEMSTELLING

Vanaf die vroegste geskiedskrywing het historici meestal én dikwels op die wel en wee van die heersers en bevelvoerders van 'n land, op die mense wat in beheer was van veranderinge en belangrike besluite, gekonsentreer. Diegene wat gely het onder hierdie besluite was van mindere belang vir die geskiedskrywers. Oor die gewone werker, die gewone inwoner van 'n land wat nie in magsposisies of van adellike afkoms was nie, is selde geskryf. Daarom word geskiedenis as 'n reuse legkaart beskou met baie ontbrekende stukke. As daar byvoorbeeld na die geskiedenis van die toestand van Athene gedurende die vyfde eeu voor Christus gekyk word, kry die leser slegs 'n beeld van 'n klein groepie bevoorregte inwoners van Athene se leefwyse. Ons ken egter nie die detail van hoe 'n slaaf, 'n Spartaan, iemand van Korinte of Theban gelyk of geleef het nie, behalwe uit argeologiese opgrawings. Historici het dusdikwels nagelaat om oor die gewone mens te skryf. 'n Prentjie is derhalwevooraf uitgesoek en aangebied deur 'n skrywer van daardie tyd wat nie in die ondergeskiktes belang gestel het nie. So het lesers van geskiedskrywing (en ook die algemene publiek) oor die eeue heen sekere feite as waarheid aanvaar omdat die daaropvolgende historici die 'feite' herhaal en aangehaal het as gevolg van beperkte bronne

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

tot hul beskikking.[5] Eers in die tweede helfte van die twintigste eeu het historici begin om oor die gewone mense van Suid-Afrika te skryf. Sodanige groepie skrywers het meestal in die buiteland gewoon en was veral in die Verenigde Koninkryk gevestig. Shula Marks en van haar kollegas was verbonde aan die Society of Oriental and African Studies (SOAS) by die Londense Universiteit en was onder die breër invloed van die Europese historici wat meer en meer geneig het om weg te breek van skrywes oor beduidende politieke gebeure en leiers. Hulle het oor gemeenskappe en die rol van die gewone mens op straat in politieke omwentelinge begin skryf. Marks en haar kollegas het die benadering van vroeëre historici wat oor Suid-Afrika geskryf het heeltemal omgekeer en as hulle oor pre-koloniale inheemse etniese groepe in Suid-Afrika geskryf het, was dit nie meer met die klem op blankes se siening van die inheemse etniese groepe nie maar hulle het die inheemse gemeenskappe se geskiedenis as 'n geskiedenis uit eie reg, behandel. Hulle het ook Suid-Afrikaanse nie-blanke historici aangemoedig om self oor hul geskiedenis te skryf. Hierdie nuwe rigting in geskiedskrywing was ook '*people's history'* genoem.[6]

> *Dat die geskiedenis dikwels verskraal word tot 'n fokus op die wel en weë van die sterkes en heersers, tot die 'groot dade' van 'groot manne', laat ons met die vraag of ons nie 'n morele verantwoordelikheid het om meer doelbewus teen die grein in met die verlede om te gaan nie.*
>
> *Moet ons nie meer moeite doen om in ons omgang met die verlede ongehoorde of stilgemaakte stemme te versterk nie?*[7]

Dit is egter moeilik vir die historikus om al die beskikbare feite te boekstaaf en daar sal dus altyd 'n seleksie wees. Hoe die historikus tussen al die moontlike gegewens selekteer om in sy/haar studie te gebruik, sal afhang van die doel van sy/haar skrywe. Gewoonlik kies die historikus 'n onderwerp waarin hy/sy belangstel en veral om iets nuuts aangaande die onderwerp die lig te laat sien. Die Europeërs het Suid-Afrika vanaf die suidpunt stadig maar seker ingeneem en verander en hulle het oor die geletterdheid beskik om hulle ervarings te boekstaaf en verskeie sketse van die mense, diere en plante wat hulle teëgekom het, te maak. Die meeste van die vroeë reisigers het ook 'n kaart van die nuwe landstreek waarin hul gereis het, gemaak. Hierdie kaarte was belangrik vir die opeenvolgende verkenners van die land, maar kan nou gekritiseer word vir hul onakkuraatheid. Die drukpers was daar om hierdie geskrifte, kaarte, ens. te publiseer en te versprei. Vir die Europese ontdekkingsreisiger wat gevind het dat die inheemse gemeenskappe van Suid-Afrika oor

[5] Carr, E H, *What is History?*Penguin Books, Great Britain, 1961, pp. 13 -14.
[6] Smith, K, *The Changing Past,* Southern Book Publishers, Johannesburg, 1988, pp. 164 – 165.
[7] RRV, *Die Burger,* 28.07.2018.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

geen geskrewe bronne oor hul geskiedenis beskik het nie, was dit 'n sekere teken van onbeskaafdheid. Aangesien hulle oor die algemeen nie sinvol met die inheemse inwoners kon kommunikeer nie, het hulle nie altyd besef dat inheemse gemeenskappe wel oor 'n tradisie van mondelinge oorlewerings van hul geskiedenis beskik het nie.

> *Civilization was equated with literacy which also seemed to put pre-colonial Africa, which had been for the most part non-literate, into the primitive category. There was something sacrosanct about the written word*.[8]

Die inwoners van die land is as vreemd en selfs barbaars ervaar en so is hierdie gewaarwordinge neergeskryf en deur mede-Europeërs en nie-inwoners van Suid-Afrika aanvaar as die enigste storie wat daar te vertel is oor Suid-Afrika. Theal (1837 – 1919), byvoorbeeld, wat in 'n stadium die belangrikste skrywer van die Suid-Afrikaanse geskiedenis was nadat hy toegang tot die dokumente van die eerste ontdekkingsreisigers gehad het, het ook neergesien op die inheemse bevolking.

> *The history of South Africa was the history of the whites and their effort to open up and bring civilisation and Christianity to a wild untamed country.*
>
> *One should note, however, that such an unashamedly 'White view' of the past was not unique to Theal, and that in the era of European dominance over virtually the whole of Africa and large parts of Asia, European values and ideas were regarded as being far superior to any indigenous values. Theal's attitudes towards blacks were shared by the overwhelming majority of Europeans*.[9]

Daar was 'n hele aantal Europese reisigers wat die binneland van Suid-Afrika verken het in die vroeë jare van voor en na die stigting van die Kaapkolonie en hulle joernale bied 'n blik op die toestand waarin die land verkeer het voordat en nadat die eerste blanke pioniersboere hulle in die binneland gevestig het. Alhoewel hierdie joernale en reisbeskrywings nou terugskouend gekritiseer kan word [10], gee dit wel aan die navorser die eerste indrukke van hoe die land en sy mense uit die perspektief van 'n inkomeling beskou is en oor hoe hulle uitgebeeld is. Hierdie uitbeelding was Eurosentries en dikwels negatief. Dit verskaf egter ook die agtergrond vir die ontstaan van Buisplaas en wat die omstandighede was toe Frederick du Buis die plaas aan sy seuns nagelaat het.

Die **probleemstelling** van hierdie studie waaruit die doelstellings voortgespruit het, was om te bepaal watter faktore bygedra het tot die totstandkoming en behoud van 'n minderheidsgemeenskap in 'n droë streek langs die Gouritzrivier. Die Buisplaas-gemeenskap het ten spyte van die opeenvolgende blanke regerings en 'n ongenaakbare houding van

[8] Smith, K, *The Changing Past,* p. 11.

[9] Ibid., p. 38.

[10] Changuion, L en Steenkamp,B,*Omstrede land,* Protea Boekhuis, Pretoria, 2011, p. 23.

www.manaraa.com

blanke heerskappy hul erfgrond bekom en behou. Hierdie kwessie van oorlewing en om ’n sinvolle bestaan te kon maak, is ook bemoeilik deur ’n klimaat en natuurtoestande wat baie van die inwoners van Buisplaas gevra het. Afstande van geriewe soos skole, hospitale en werksgeleenthede het verdere nadele gehad en daarom was en is die deurlopende gehegtheid aan ’n eie stuk grond en familiebande deurslaggewend vir hul oorlewing.

Bogenoemde vroeëre reisigers het hul indrukke van die landskap gegee soos toe dit ongerep en onontwikkeld was, maar die uitdaging van hoe die omgewing en land verander het vir hierdie gemeenskap en hoe hulle aangepas het, is ondersoek.

Te lank was die fokus van geskiedskrywing op die blanke voortbestaan en hulle plek en rol in Suid-Afrika. My doel is derhalwe *’to demonstrate that his* (die minderheidsgroeperinge) *history was as worthy of authentic historical investigation as was European history.’* [11] Hierdie is ‘n 155-jarige gemeenskap wat afgesonderd bly voortbestaan het en nie toegelaat het dat die politieke woelinge tydens hierdie lang tydperk hulle van hulle geboortereg ontneem nie.

> *Whereas the starting point for most popular forms of knowledge about the past is the requirements of the present, the starting point of historicism is the aspiration to re-enter or re-create the past. It follows that one important task of historians is to challenge socially motivated misrepresentations of the past.*[12]

Buisplaas is nie wanvoorgestel nie. Die gemeenskap is bloot een van die gemeenskappe waaroor nie dikwels geskiedkundige navorsing gedoen is nie. Die studie is derhalwe onderneem om te bepaal hoe ‘n bruin familiegroepering op hul erfgrond van 94 hektaar voor, deur, en na die apartheidsjare onafhanklik bly voortleef het. Die grond was hulle nie goedgesind nie deurdat dit nie besonder vrugbaar was nie, maar aangesien die dorpie aan die Gouritzrivier geleë was, was daar darem meestal beskikbare water. Om aan die oewer van ‘n rivier te lê, het egter ook sy nadele. Tydens vloede is groot stukke bewerkbare grond weggespoel en tydens droogtes het hulle bron van water ook verdwyn. Die geografie van die streek en hoe dit die ontwikkeling van Buisplaas beïnvloed het, is dus ook behandel.

Michael le Cordeur en Rudy Buys noem dat daar ’n balans in geskiedskrywing tussen die beskawings wat was en wat is, gemaak moet word. Hulle weerspreek die aanname dat daar geen beskawing in Suid-Afrika was voor die koms van die Euroreërs nie. Die eiesoortige tradisies en kultuur van elke inheemse bevolkingsgroep was of is slegs anders as wat die

[11] Du Bruyns, J, uit *Strominge in die Suid-Afrikaanse Historiografie*, Unisa, Pretoria, 1986, p. 160.
[12]Tosh, J, *The Pursuit of History*, Pearson Education Limited, Harlow, UK, p.21.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Europeër aan gewoond was. Volgens hulle moet die riglyne van Suid-Afrika se Grondwet eerbiedig word deur kennis van die inheemse gemeenskappe na te vors en te boekstaaf.[13]

## 1.3 KEUSE EN AFBAKENING VAN STUDIETERREIN

Klein gemeenskappe wat ongestoord en volhardend deur die turbulente jare van die Suid-Afrikaanse geskiedenis op hul eie grond bly voortbestaan het, het gedien as die prikkeling en aansporing om hierdie studie aan te pak. Dit is ook vanweë my intense belangstelling, reeds vir 'n geruime tyd, in die doen en late van die mense van Buisplaas.

> *It is doubtless true that a man is likely to do good work only in a field in which he is interested.*[14]
>
> *It has been shown that no truly excellent piece of intellectual work can be executed without real interest and firm convictions.*[15]

Wanneer so 'n studie begin word, is die geskiedkundige agtergrond die eerste aspek wat bestudeer word, maar dan leer jy die mense van die gemeenskap ken en word jy betrokke by hulle daaglikse probleme en vreugdes. Die nuwe selfoontegnologie maak dit byvoorbeeld moontlik om deur middel daarvan onmiddellike toegang tot gebeure wat die gemeenskap raak, te kry. Hartseersake soos die verdrinking van 'n seun of die blydskap as die Gouritzrivier water kry na 'n lang droogte is dadelik deur lede van die gemeenskap aan my deurgegee sodat ek as navorser nie meer net as toeskouer aan geskiedkundige feite gebonde was nie, maar ook sake wat die gemeenskap raak saam met hulle beleef het.

Toe daar vroeg in die 1990's begin is om aan Buisplaas se inwoners dienste te lewer het die dorpie 'n nuwe fase binne gegaan. Maar armoede was altyd deel van die Buisplaas-erfgename se daaglikse bestaan en vir dienste moes betaal word, wat nuwe sorge gebring het. Die verskillende ontwikkelingsfases van die dorpie en die gemeenskap word dus uiteengesit en derhalwe is daar in die algemeen ondersoek ingestel na die hele proses.

Ook is in die besonder ondersoek gedoen na die rol wat die naburige dorpie, Herbertsdale gespeel het in die totstandkoming van die geskiedenis /lewens van die Buise en ook in die kerkgeskiedenis van Buisplaas. Vandag gaan die laerskoolleerders nog na Herbertsdale vir hul skoolopleiding en vanweë die afstand tussen die twee dorpe (ongeveer 22 km) moet die leerders in die week in die koshuis tuisgaan. Vir etlike jare was daar 'n laerskool op Buisplaas en die Lutherse kerk is gebruik as skoolgebou. Na die beëindiging van die Nasionale Party-regering en met die aanvang van die nuwe demokratiese regering in

[13]Radiogespreksprogram, RSG, 18.04.2018.

[14] Barnes, H E, *A History of Historical Writing,* Dover Publications, New York, 1963, p. 379.

[15]Ibid., p. 266.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Suid-Afrika in 1994 het sulke klein skole gesluit en tans gaan die leerders na Herbertsdale vir hulle laerskoolopleiding. Die sluiting van plaasskole was vir die konsolidasie van die beskikbare onderwysbronne soos besluit deur die ANC-regering.

Tydens elke besoek aan Buisplaas het ek by die mense agtergekom dat die kerke 'n belangrike rol in hul lewens speel. Die ouer persone sal eerste vir jou vertel aan watter kerk hulle behoort. Uit die gesprekke blyk dit ook dat die feit dat jou bure aan 'n ander kerk behoort, nie enige wrywing in die gemeenskap veroorsaak nie. Die geskiedenis van die twee denominasies, die Anglikaanse en Lutherse kerke het 'n lang aanloop totdat dit ook op Buisplaas gevestig is. Meestal behoort die inwoners aan die kerk waaraan hulle voorouers ook behoort het.

Soos aangedui, is die ekonomiese lewensvatbaarheid van Buisplaas maar gering, maar die waarde van die plek lê in die mense wat daar woon en die ruimte waarin hulle grootgeword het, wat 'n bepaalde onuitwisbare rol in hul lewens gespeel het. Die meeste van die mans het gewerk en werk steeds op naburige plase. Daniël Badenhorst is 'n buurman wat reeds die vierde geslag is wat op dieselfde plaas langs Buisplaas boer. Al sy werkers kom van Buisplaas en hy het 'n positiewe houding teenoor sy bure en hy besef dat hulle mekaar nodig het in hierdie afgeleë deel van die Suid-Kaap. Sy oupa het reeds in 1966 serwituutregte gekry om water uit die Gouritzrivier te pomp op 'n deel van Buisplaas. Hy verskaf steeds in 2018 elke Saterdag besproeiingswater aan Buisplaas se mense.[16] (Die waterkwessie word volledig in hoofstuk 4 uiteengesit.)

Die grond is wel geërf, maar die proses van hoe die inwoners die wettige aktes vir hulle grond gekry of nog nie gekry het nie, maak 'n belangrike deel van hulle geskiedenis uit. Die regsaspekte word in hoofstuk 6 bespreek.

Dan tref ek ook vergelykings met ander soortgelyke gemeenskappe en ondersoek die ooreenkomste en verskille wat daar tussen hulle en Buisplaas is. Daar is al verskeie studies oor die sendinggemeenskappe in Suid-Afrika gedoen soos geblyk het uit my aanvanklike navorsing oor die geskiedenis van Pacaltsdorp naby George. Ook uit die talle geskrifte oor Amalienstein, Elim, Genadendal, ens. kom die geskiedskrywer agter dat daar veral in die biblioteke van die Universiteit van Stellenbosch se teologiese fakulteit en J S Gericke – biblioteek en selfs in die Suid-Kaapse streeksbiblioteke baie inligting oor gewese of bestaande sendingstasies is, maar dit was veel moeiliker om inligting oor wettige erfgrond van bruin gemeenskappe te kry.

[16] Onderhoud: 09.05.2017.

المنارة للاستشارات

www.manaraa.com

Hoe Buisplaas vandag bestuur word en wat die eise is wat die moderne lewenswyse aan die inwoners stel, word in hoofstuk 9 bespreek. Dit is hier waar die insette van die inwoners weergegee en bespreek word. Die blanke boere en ander blanke bure is besoek om ook hulle opinies oor hul lewe langs hierdie dorpie te kry.

**Keuse van studieterrein**

Die pad wat Frederick du Buis (die skenker van die grond aan sy twee seuns) geloop het voordat hy die plase aan die Gouritzrivier bekom het, is nie aan ons bekend nie. Daarom is inligting oor die eerste indrukke van die vroeë reisigers aan hierdie streek ingewin en bronne oor die naburige dorpe soos Mosselbaai, Albertinia, Herbertsdale en Riversdale bestudeer. Alle geskrewe dokumente wat in die Kaapse argief gevind kon word, is gebruik om die agtergrondkennis van die streek in te win. Daar is meer geredelik bronne beskikbaar in die tyd sedert die seuns van Frederick die grond geërf het, soos Maria Tarentaal, die vrou van Simson/ Sem du Buis, se testament.

Die daadwerklike ontwikkeling van Buisplaas het begin met die stig van die Buisplaas Bewonersvereniging (BBV) in 1985. Die rolspelers binne Buisplaas en die hulp wat hulle van buite gekry het, was 'n belangrike aspek om na te vors sodat dié Buisplaas van vandag verstaan kan word. Dit was nie 'n maklike proses nie en nie almal was eensgesind oor die ontwikkeling nie. Die ruimte waarin hulle lewe, het verander en soos met alle veranderings ervaar alle inwoners dit nie dieselfde nie. Die meeste ouer inwoners wat in 2018 nog op Buisplaas bly, was positief oor die veranderings omdat dit hulle lewensomstandighede verbeter het. Susan Jansen, byvoorbeeld, woon al 44 jaar hier en is net bly dat hulle elektrisiteit het en dat hulle nie meer elke dag in die rivier hoef te gaan water haal nie. Haar man en seun werk in Albertinia en kan dus maklik huis toe kom omdat Albertinia nie so vêr van Buisplaas is nie. Aangesien daar van die begin van 2016 af 'n ernstige droogte in Buisplaas se omgewing heers, waardeer al die vrouens die water in hul huise. Emily Buis is hier gebore maar het saam met haar familie op Ashton gewoon voordat hulle nou weer terug is op Buisplaas. Sy sê self dat sy moeilik terug sou aanpas as dit nie vir die verbeteringe op Buisplaas was nie.[17]

Instansies van buite het landbouprojekte begin wat net gedeeltelik geslaagd was en die persepsie van die inwoners oor hierdie projekte en die geslaagdheid daarvan verskil soos deur persoonlike onderhoude blyk. Een van die instansies wat Buisplaas gehelp het, was die Southern Cape Land Committee (SCLC[18]) en hulle het Joanne Thesen opdrag gegee om 'n

[17] Onderhoude: 09.05.2017.
[18] Die nuwe naam is nou *Support Centre for Land Change*. Dus gebruik hulle steeds dieselfde akroniem, SCLC.

www.manaraa.com

volledige verslag oor Buisplaas te skryf. Thesen se verslag, *Buisplaas Submission,* is onder andere as bron vir hierdie tesisgebruik. Wat haar benadeel het, was dat sy Engelssprekend is en dus dikwels deur middel van 'n tolk met die mense onderhoude gevoer het. Dit kan 'n afstand tussen die ondervraer en ondervraagde skep. Attie Joseph[19], 'n leier in die Buisplaas-gemeenskap en eerste voorsitter van die BBV, het op 'n vergadering net nadat die *Buisplaas Submission* in getikde vorm beskikbaar was, gekla dat, aangesien die verslag in Engels is, weinig mense van Buisplaas dit nog gelees het. Joseph het ook gevoel dat alles nie waar is wat daarin geskryf is nie. 'n Me van Rooyen van die SCLC het aan hom die versekering gegee dat die feite voor publikasie reggestel sal word. Verskeie kopieë van die getikte verslag is gemaak, maar dit was nooit formeel in boekvorm gedruk nie.[20]

Die water uit 'n tenk 14 km van Buisplaas af wat aan die inwoners lopende water in hul huise voorsien, word uitvoerig behandel. Die feit dat die inwoners nie meer afhanklik was van die wispelturigheid van die weersomstandighede nie het hul lewens ingrypend verander en verbeter.

Vandag staan nog slegs een voorbeeld van die oorspronklike huise wat net uit gepakte leiklippe bestaan het.Die huis word nie meer bewoon nie, aangesien 'n sementsteenmaker aan die inwoners gegee is sodat beter huise gebou kon word. Die toiletstelsel is verbeter en ook het dienste soos 'n biblioteek, 'n kliniek, sportgronde en 'n netjiese gemeenskapsaal gehelp om die dorpie meer lewensvatbaar te maak. Die rol wat die Afdelingsraad van Mosselbaai en George en die latere Eden Distriksmunisipaliteit gespeel het, is van deurslaggewende belang en word in hoofstuk 5 uitvoerig bespreek.

Die rol van die twee kerke, die Lutherse en Anglikaanse kerke, op Buisplaas het 'n belangrike sosiale en geestelike rol gespeel in die gevoel van gemeensaamheid en in die samesnoering van die gemeenskap van Buisplaas. Daar is goeie samewerking tussen die twee kerke en hulle ondersteun mekaar met fondsinsamelings en ander kerklike aangeleenthede.

Die keuse wat derhalwe in hierdie studie gemaak is, is om navorsing te doen oor klein samelewings en een in besonder wat as so gering geag word dat min mense van hulle weet. Hulle deel ook 'n unieke geskiedenis met slegs 'n paar ander bruin/swart/ Asiese gemeenskappe wat grondbesitters was deur die turbulente jare van Suid-Afrika se geskiedenis wat in die breë konteks van die Suid-Afrikaanse gemeenskap nodig is om gedokumenteer te word. Daar word aanvaar, soos reeds genoem, dat 'n studie altyd uit 'n

[19] Historiese agtergrond van Attie Joseph, p. 243.
[20] Ongepubliseerde dokument, Notule van BBV-vergadering, 04.04.1992.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

sekere verwysingsraamwerk aangepak word en dat daar subjektiwiteit by betrokke kan wees omdat die navorser in so ’n mate betrokke raak by haar onderwerp en dat dit haar keuse gevorm het.

> *The belief in a hard core of historical facts existing objectively and independently of a historian is a preposterous fallacy, but one which is hard to eradicate*.[21]

Ek het wel gepoog om so objektief as moontlik met die feite te werk, maar waar mense betrokke is, sal menslike empatie of distansiëring tog die skrywe beïnvloed. Ek het probeer deur met verbeeldingryke begrip die feite weer te gee om ’n realistiese prentjie van die onderwerp te skep. As daar oor die verlede geskryf word, sal die hede en die omstandighede soos dit tans daar uitsien onvermydelik ’n rol speel. Tog het ek probeer om die verlede te interpreteer en so na as moontlik aan die ware toedrag van sake te kom. Die keuse en afbakening van die studieterrein het dus berus op die deurlopende interaksie tussen die historikus en haar feite en die aanhoudende beweeg tussen die verlede en hede.[22] Daar moes bepaal word of hierdie bruin gemeenskap se geskiedenis belangrik genoeg vir hulle is om daarop trots te wees en om te bepaal wat hulle persepsies is. Ook om die onderstaande aanhaling te beoordeel.

> *In his presidential address to the tenth biënnale conference of the South African Historical Society in Januarie 1985, Professor B A le Cordeur said that the Africans as well as the so-called ‘Coloured’ people ‘have been indoctrinated by the negative cultural stereotypes which the whites have created of their ancestors to believe that they are not important enough to have a history at all.’*[23]

## 1.4 METODOLOGIE

Geskiedenis is die soeke na die oorsaak van gebeure en die geskiedskrywer soek die oorsaaklike verband tussen die gebeure in haar navorsingsveld. Daarom het ek sekere strategieë gebruik om die antwoord op my vrae oor die bepaalde onderwerp te vind.

Eerstens is daar besluit of ’n sekere onderwerp navorsingswaardig is en my nuuskierigheid voldoende prikkel dermate dat ek aangespoor word om meer oor die onderwerp uit te vind. Ek moes meer lig werp op ’n onderbeklemtoonde navorsingsterrein en ’n bydrae lewer tot die geskiedenis en wese van ’n sekere gemeenskap deur die opeenvolging van gebeure en omstandighede wat hulle lewens raak, weer te gee. Dan het

---

[21] Carr, E H, *What is History?* Penguin Books, Great Britain, 1961, p. 12.
[22] Ibid., pp. 22- 30.
[23] Smith, K, *The Changing Past*, pp. 5-6.

www.manaraa.com

die soektog na inligting gevolg en dit is deur middel van die volgende navorsingstrategieë onderneem:

### 1.4.1 Voorondersoek

Soos reeds in die Inleiding genoem, is my belangstelling in hierdie gemeenskap geprikkel deur die ontdekking dat die berugte Coenraad du Buis of de Buys (na die verhollandsing) se broer, Frederick hier in die Suid-Kaap gewoon het en dat sy nasate nog steeds in besit is van die plaas wat hy aan hulle nagelaat het. Ek was verder gemotiveer om hulle geskiedenis te boekstaaf omdat ek talle inwoners van Mosselbaai, George en omgewing gevra het of hulle weet van die bestaan van 'n plek soos Buisplaas en die oorgrote meerderheid was onbewus daarvan. Selfs van die personeel van die onderskeie dorpe se museum kon min inligting oor hierdie onderwerp verskaf en baie was onbewus van die bestaan van Buisplaas. Ek het dus wyd gelees oor enige onderwerp wat enigsins met Buisplaas kon verband hou. Ek het aan Johann Buis, ook 'n nasaat, wat in die VSA woon, geskryf en ons het gekorrespondeer en korrespondeer nog steeds. Tydens sy pa se afsterwe was Johann in Oudtshoorn en het ek hom daar gaan besoek en 'n vrugbare gesprek met hom gehad. Hy is tans 'n professor in musiek in Chicago en stel belang in enige inligting oor die Buise en Buisplaas. Prof. Martin Pauw van Vleesbaai het tydens my twee besoeke aan hom vir my goeie raad, inligting en boeke gegee wat ek kon gebruik, aangesien hy uit 'n geslag van sendelinge kom wat in die Suid-Kaap werksaam was. Hy was ook professor in teologie aan die Universiteit van Stellenbosch.

Vanweë die feit dat my man gereeld in die omgewing van Herbertsdale, Albertinia en Riversdale kom, het hy deur gesprekke met boere en ander inwoners van hierdie streek waardevolle kontakpersone geïdentifiseer. Ek het hierdie moontlike bronne, wat vir my kon help met aanvullende kennis oor Buisplaas, gekontak en het by diegene wat van hulp kon wees, gaan besoek aflê. Dit sluit ook die huidige en vorige bure van Buisplaas in. Aanvanklik het ek die sleutel-betrokkenes gesoek wat eerstehandse kennis oor die onderwerp het. In Attie Joseph wat op Buisplaas gebore en getoë is, daar skoolgegaan en skoolgehou het, het ek so 'n persoon gevind.[24] Hy het oor die meeste eerstehandse bronne oor die onderwerp beskik, maar het ook baie aanvullende bronne soos notules van die meeste vergaderings wat op Buisplaas gehou is, aan my beskikbaar gestel. Hy was die aanvoerder van verskeie ontwikkelingsprojekte en deur middel van persoonlike onderhoude kon hierdie primêre bron benut word. Daar is ook voldoende geskrewe sekondêre bronne nagespoor om mondelinge oorlewerings van Joseph en ander medewerkers te verifieer.

[24] Historiese agtergrond van A Joseph, p. 244.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Joseph het al sy notuleboeke, notas, gedigte wat deur ouer persone geskryf is, foto's, begrafnisbriewe, korrespondensie en persoonlike briewe wat betrekking het op Buisplaas se ontwikkeling, aan my toevertrou aangesien sy gesondheid agteruitgegaan het en hy die betrekking as voorsitter na baie jare aan Ralie Philander[25] moes oorhandig. Ek het hom ook talle kere sedert die aanvang van my studie besoek om sekerheid te kry oor sekere sake uit die geskrifte of om enige onduidelikheid uit die weg te ruim.

Morton Hubbe van die Eden Distriksmunisipaliteit het bewysstukke van twintig jaar se betrokkenheid met die opgradering van Buisplaas se infrastruktuur verskaf. Dit is vervat in 10 lywige lêers wat ook in my besit is. Dit bevat bewysstukke van elke onderhandeling, elke kwotasie, elke uitbetaling en die volledige verslag van die proses om die regte waterkwaliteit vir Buisplaas te kon kry. Instansies wat meegehelp het met die ontwikkeling van dienste in Buisplaas word volledig bespreek in hierdie lêers en daar is bewysstukke vir elke onderhandeling wat plaasgevind het. Omdat hy persoonlik betrokke was tydens die prosesse van die opgradering, is dit vir hom belangrik dat iemand die inligting nuttig kan gebruik en dat Buisplaas se geskiedenis opgeteken word. Ek het ook vir Willem Anker, die bekroonde skrywer van die half-fiktiewe boek, *Buys* by die Universiteit van Stellenbosch besoek en met hom oor die onderwerp gepraat. Hy het egter nie geweet van die bestaan van Coenraad se broer, Frederick nie en was net op sy onderwerp, Coenraad gefokus.

### 1.4.2 Literatuurstudie

Wanneer 'n student 'n onderwerp vind wat hom/ haar interesseer, moet die student eerstens begin soek na primêre en sekondêre bronne om die studie te ondersteun en uit te bou. Verskeie boeke oor die historiografie is bestudeer om die agtergrond oor geskiedskrywing na te vors. Boeke soos *A History of Historical Writing* van Barnes(1963), *The Modern Researcher* van Barzun & Graff (2004) en Carr se *What is History*? (1961) het die nodige inligting verskaf. Met B J Liebenberg as samesteller het ek ook *Strominge in die Suid-Afrikaanse Historiografie* (1986) gelees en ook J de Bruyns se artikel daarin bestudeer. Tosh se *The Pursuit of History*(2006) is ook telkens as navorsingsbron geraadpleeg.

Ek het, na my eerste kennismaking met Buisplaas, die name van betrokkenes met meer inligting oor die gemeenskap, by die inwoners van Buisplaas gekry. Deur hierdie verwysings het ek by Attie Joseph op Mosselbaai uitgekom en hy het die eerste geskrewe bron van inligting oor Buisplaas, nl. die *Buisplaas Submission,* aan my gegee. Dit is in 1991

[25] Historiese agtergrond van R Philander, p. 246.

المنارة للاستشارات

www.manaraa.com

in getikte vorm deur die SCLC uitgegee en daarin is 'n volledige verslag van die stand van Buisplaas en sy mense tot op daardie datum. 'n Groot gedeelte in die boek word gewy aan me. Joanne Thesen se verslag wat sy na onderhoude d.m.v. 'n tolk met die inwoners geskryf het. In *Oral History in a Wounded Country* (2008) word op die taal van die onderhoudvoerder klem gelê omdat 'n vertrouensverhouding tussen ondervraagde en ondervraer opgebou moet word. As jou eerstetaal dieselfde taal is as die taal van die persoon met wie jy praat, word 'n vertrouensverhouding makliker ontwikkel.[26]Tog is daar baie bruikbare inligting in die *Buisplaas Submission*. Tydens gesprekke met inwoners van Buisplaas kon ek die feite wat hierin vervat is met die mense bespreek en kon ek bevestiging kry of dit korrek is al dan nie. Hierdie bron bevat ook onjuiste inligting wat ek na besoeke aan die Kaapse argief besef het. Dit laat egter steeds die moontlikheid dat ek onakkurate inligting gebruik het sonder dat dit moontlik is om dit te verifieer of dit korrek is. Dit is maklik om feite uit doodsertifikate weer te gee omdat jy klinkklare bewyse uit sulke dokumente kan kry. Maar daar is ook inligting waarvoor jy nie bevestiging kan kry nie. Sovêr moontlik het ek dit met van die ouer persone bespreek maar baie van die aangehaalde persone in die *Buisplaas Submission* leef nie meer nie.

Die geskiedenis van Buisplaas en agtergrondkennis van die dorpie word ook in genoemde dokument weergegee. Daarin is ook oor die politiese, sosiale en ekonomiese stand van Buisplaas verslag gedoen. Aangesien die ontwikkeling van Buisplaas toe slegs begin is, word die voorgenome planne ten opsigte van die ontwikkelingsprosesse uiteengesit en ook die regsaspekte oor die eienaarskap van die grond en die voor- en nadele van moontlike regsaksies. Met hierdie dokument as beginpunt, het ek my soektog na verdere bronne vir agtergrond en vir 'n wyer kennis van Buisplaas, sy mense en sy omgewing begin. Aangesien al die families op Buisplaas so nou verbonde aan mekaar is, is dit vir sommige lede van die gemeenskap makliker om met 'n buitestaander te praat oor netelige en sensitiewe kwessies.[27] Ek het die vergaderings wat op Buisplaas gehou is, sover moontlik bygewoon maar ook informele kuiers daar afgelê en vriende met jonk en oud gemaak.

Wat literatuur aanbetref, het ek navorsingsbronne in die biblioteke van Unisa, die Universiteit van Stellenbosch, SOAS (Society of Oriental and of African Studies) in Londen, Oxford Universiteit( Bodlean biblioteek), Hartenbos, Mosselbaai, Albertinia en Riversdale oor die agtergrond van die geskiedenis van die destydse Kaapkolonie, nou die Wes-Kaap, en in besonder die streek waarin Buisplaas geleë is, opgespoor. Ek het drie jaar opeenvolgends

---

[26] Denis, P and Ntsimane, R ( eds.) *Oral History in a Wounded Country,* 2008, p. 114.
[27]Ibid., pp.41,42.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

die geleentheid gehad om in die biblioteek van SOAS navorsing te doen. Om die tydgees van 1863, tydens die ontstaan van Buisplaas, te verstaan, het boeke soos André P Brink se *Bidsprinkaan* (2005), De Kiewiet se *A History of South Africa* (1957), Elphick en Giliomee se boek, *The Shaping of South African Society* (1979) en Elphick se *Kraal and Castle*, *Khoikhoi and the founding of White South Africa* (1977) insae gelewer. Die vyf boeke van Karel Schoeman wat ook gelees is vir agtergrond, het die fyner besonderhede van belangrike eertydse tydperke weergegee. Sy boeke *Armosyn van die Kaap, Voorspel tot Vestiging, 1415 -1651* (1999) en *Armosyn, Die Wêreld van 'n Slavin,1652 – 1733* ( 2001)*, Die Suidhoek van Afrika* (2002) en *Die Vroeër Sending in Suid-Afrika 1799 – 1819* (2005) is deeglik deur Schoeman nagevors en verskaf die inkleding van 'n tydperk wat in my navorsingsveld noodsaaklik is.

Soos met baie navorsingsbronne die geval is, word daar soms net 'n sin of twee daadwerklik in die tesis gebruik, maar die lees van hierdie boeke brei jou kennis uit van hoe die omstandighede in die land daar uitgesien het voor en tydens die totstandkoming van hierdie gemeenskap aan die walle van die Gouritzrivier. Dan Sleigh se twee boeke, *Eilande* (2002) en *1795* (2016) kan in dieselfde kategorie as dié van Karel Schoeman geplaas word, nl. agtergrondkennis-uitbreiding en beter begrip van die omstandighede wat die voorouers van Frederick du Buis uit die Kaap laat trek het en hoekom trekboere al vêrder weg van die relatiewe beskawing van Kaapstad getrek het. Ook Viljoen se *Jan Paerl, a Khoikhoi in Cape Coloured Society, 1761- 1851,* (2006) het waardevolle inligting bevat.

'n Boek wat ook fokus op veral die mense van gemengde afkoms in die Kaap en wat insae gelewer het vir hierdie tesis, is MacMillan se *Cape Colour Question* (1927, maar heruitgegee in 1968)*.* Waar dit reeds in 1927 geskryf is en party begrippe en idees in die boek verouder is, veral gesien teen die agtergrond van die huidige bedeling in Suid-Afrika, is dit oor die algemeen 'n waardevolle navorsingsbron oor die psige en geskiedenis van die bruinmense in die Kaap. MacMillan was 'n Skot wat in Suid-Afrika gewoon en gewerk het voordat hy weer uit die land is. Hy het die plekke en mense waaroor hy skryf, self besoek, maar tog 'n wyer universele probleem in die kwessie van kleur in Suid-Afrika raakgesien. Hierdie boek is 25 jaar na die einde van die Anglo Boere-oorlog geskryf, toe die fokus van die land op die twee blanke bevolkingsgroepe en hulle probleme geval het. Die bitterheid en armoede van die Afrikaners teenoor hul Engelssprekende landgenote, was die fokus van politici. Maar met hierdie boek het MacMillan die problematiek van die bruin inwoners onder die aandag van politici en gewone burgers gebring. In 1927 het min historici oor die lot van

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

bruin en swart mense geskryf.De Kiewiet het in 1968, toe die boek weer uitgegee is, die voorwoord geskryf en 'n gedeelte daaruit lui:

> *The Cape Colour Question has the special qualities of an original historical document because it is the only book which draws fully on the Philip Papers, written by the only scholar who was able to study them completely and carefully before they were tragically destroyed by fire.*[28]

De Kiewiet noem ook in sy voorwoord dat daar teen 1968 veel meer geskiedkundige geskrifte oor die kleurkwessie gepubliseer is, maar dat MacMillan veertig jaar vantevore baanbrekerswerk gedoen het deur die *Philip Papers* so intensief te bestudeer en hom so goed van sy taak gekwyt het met die skryf van *Cape Colour Question*.

'n Boek soos Shula Marks (van SOAS) en Trapido se boek *The Politics of Race, Class and Nationalism in Twentieth Century South Africa* (1987) en albei die boeke onder die redaksie van Wilson en Thompson *A History of South Africa I en II* (1975),het ook relevante inligting verskaf. Agtergrondkennis van skrywers soos Marks laat navorsers besef uit watter politieke bewussyn die boeke geskryf is. Boeke oor die eerste reise en ontmoetinge tussen die eerste Europeërs en die inheemse bevolking van die Suid-Kaap is bestudeer. Veral Lichtenstein se *Travels in Southern Africa, Vol 1,* [in die jare 1803 -1806], [1928] en Mossop se joernale, *Joernale van die Landtogte van Olof Bergh (1682-1683)* en *Isaq Schrijver (1689)* [1931], was waardevolle bronne. Daarin word nie net die eerste ontmoetings met die Khoekhoen van die Suid-Kaap beskryf nie, maar dit bevat ook interessante waarnemings oor die klimaat, landskap en omgewing waarin die eerste inwoners van hierdie streek geleef het. Hierdie inligting het bygedra tot die besef van die soort omgewing die inwoners van Buisplaas hul in 1863 bevind het en hoeveel ooreenkomste daar is met die huidige klimaatstoestand waarin die Buisplasers steeds woon. Ten spyte van moderne vooruitgang, word die mense van Buisplaas nog onderwerp aan sporadiese droogtes, oorstromings en ander negatiewe klimaatsfaktore soos siektes wat die aalwyne tref.

In *A Profile of Two Million Coloured South Africans* (1974) deur Venter, word die rol van die kerke/ sendelinge in die lewens van die bruin en swart mense van Suid-Afrika bespreek en hoe vermenging aan die Kaap posgevat het. Die wette en politiek wat die bruin mense van die Kaapprovinsie beïnvloed het en hoe hulle daardeur nadelig geraak is, vorm deel van die mense se probleme op Buisplaas. Ook bespreek A J Venter in hierdie boek die eienaarskap van grond, wat deel van die basis van hierdie tesis vorm. In *South Africa*, *A*

[28] MacMillan, W H, *Cape Colour Question,* 1968,p.V.

www.manaraa.com

*Modern History*, (2000),Davenport, R en Saunders, C, word die verspreiding van die Khoekhoen, die beweging van die blankes na die binneland van die Kaapkolonie, leenplase en eienaarskap van grond verder weg van Kaapstad, saam met die slawekwessie behandel. Hierdie gegewens het my gehelp om die stamvader van die Buis-gemeenskap, Frederick du Buis se eienaarskap van plase in die Albertinia/Gouritzrivier- omgewing te begryp.

Nadat nog talle boeke oor die algemene stand van die Suid-Afrikaanse geskiedenis bestudeer is, het ek aanbeweeg na boeke wat meer direk op Buisplaas betrekking het. Behalwe die *Buisplaas Submission* (1991) het ek die boek van David Catling *An Elusive Harvest* (2008) intensief bestudeer, omdat dit direk oor die hulp aan Buisplaas gaan as deel van ontwikkelingsprojekte vir agtergeblewe landelike gemeenskappe in Suid-Afrika. Daar is noukeurige en spesifieke inligting oor presies watter hulp aan Buisplaas gegee is en hoe die Buisplasers op die hulp gereageer het. Daar was soveel positiewe terugvoering oor Buisplaas tydens die hulpperiode, maar ongelukkig was daar, tydens besoeke aan Buisplaas in 2014 - 2018, nie meer veel daarvan te bespeur nie. Dit is egter 'n waardevolle bron aangesien Buisplaas pertinent bespreek word. In Catling se artikel *Case study 2: Buisplaas* is daar onakkurate feite soos *Finally, 1998 (or 2000?) all residents got title deeds and a community land trust was established, administered by the local authority. This meant that the residents now had property rights and could thus receive collateral for raising loans.*[29] Hierdie saak word in hoofstuk 6 bespreek en is ongelukkig in 2018 steeds nie die waarheid nie.

Boeke oor Coenraad du Buis/ de Buys, die broer van Frederick, is bestudeer om meer inligting oor Frederick of die Du Buis-gesin te verkry. Sarah G Millin se *King of the Bastards* wat in 1950 verskyn het met 'n voorwoord geskryf deur genl. Jan Smuts, was destyds een van die min boeke oor Coenraad totdat Max du Preez in 'n paar boeke oor hom geskryf het, nl. *Of warriors, lovers and prophets: unusual stories from South Africa's past* [2004] en *Dwars* [2009]. Sy beskrywings van Coenraad is egter geromantiseer en bevat selfs twyfelagtige feite. Noudat meer feite oor Coenraad beskikbaar is, word ook Millin se boek deur historici gekritiseer. Wanneer 'n romanskrywer sy/haar boek op die lewe van 'n ware persoon baseer, word daar dikwels van die geskiedkundige feite afgewyk om 'n beter of 'mooier' storie te vertel. Dit maak so 'n boek onbetroubaar vir die student wat navorsing doen oor dieselfde onderwerp. Die leser moet dus bewus bly van die feit dat die boek 'n roman is en nie 'n geskiedkundige dokument nie. *King of the Bastards* was egter die boek wat ek eerste gelees het en wat my bewus gemaak het van die bestaan van die Du Buise en so het ek op die plaas, Buisplaas, uitgekom sonder om te weet hoe hierdie Buise met

[29]Caltling,D, artikel. Geen datum nie.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Coenraad se nageslag skakel. Toe Willem Anker *Buys* in 2014 geskryf het, het dit meer aandag as letterkundige werk, as historiese korrekte werk, ontvang. Uit gesprekke met hom het ek besef dat hy nie eens bewus was van die bestaan van Frederick nie. Anker het ook nie slegs op historiese feite in sy boek gekonsentreer nie, maar meer op die sensasionele aspekte van Coenraad se lewe. Wat daarna met Coenraad se nageslag gebeur het, was nie deel van sy bekroonde roman nie.

Daar is wel in talle boeke verwysings na Coenraad se rol in die grensoorloë, die rol wat hy in Graaff-Reinet gespeel het en ook sy verhouding met sendelinge. Een so 'n boek is *The Afrikaners* (2003) deur Herman Giliomee en ek het ook in talle boeke in die biblioteek van die SOAS in Londen verwysings na hom teëgekom en opgeteken. Ook het ek A E Schoeman se tesis, *Coenraad de Buys, the first Transvaler* (1938) bestudeer en gebruik wat ter sake is. In Van der Merwe se boek *Die Kafferoorlog van 1793* (1940) is daar een sin wat melding maak dat Frederick in skermutselinge gewond is, wat daarop dui dat hy saam met sy broer gaan veg het. Maar daar is geen verdere verwysing na hom nie. In *The Sunburnt Queen* (2005), Crampton word 'n appendiks aan Coenraad se geskiedenis afgestaan, wat met vrug gebruik kon word.

Hierdie boeke, saam met Michael de Jongh se *A Forgotten First People* (2016) en sy artikels oor Buysdorp in Limpopo, waar Coenraad se nageslag gevestig is, het ook meegehelp dat ek die verskille en ooreenkomste tussen die twee broers se nageslagte se vestiging op Buysdorp en Buisplaas onderskeidelik, kon navors. Aangesien *A Forgotten First People* oor die Suid-Kaapse Hessequa, wat inheems aan die streek waarin Buisplaas geleë is, handel, het dit gehelp om die geskiedenis van die bruin gemeenskappe te verstaan. Ook De Jongh se artikel *Identity Politics and the Politics of Identity: An Exclusive Hybrid Community Negotiates Ethnicity, Place and Contemporary South African Realities* (2006), het meegedoen om kleiner groeperings, afgeslote gemeenskappe en die kompleksiteit van minderheidsgroepe in Suid-Afrika te begryp.

Aansluitend by De Jongh se werk het artikels soos dié van Sydney Opperman (2009) en Rina Venter (2009), wat konsentreer op die Suid-Kaap se geskiedenis, bygedra om Buisplaas se situasie beter te verstaan. Daarbý sluit ook Goldin se *The Reconstitution of Coloured Identity in the Western Cape* (2000) aan. Elphick se tesis *The Cape Khoi and the First Phase of South African Race Relations* (1972) en J S Marais se *The Cape Coloured People 1652 – 1937* (1939) bied ook goeie agtergrondkennis van die komplekse verlede van die destydse Kaapkolonie.

www.manaraa.com

Om meer oor die geografiese eienskappe en landboukundige agtergrond te wete te kom, het ek die *State of Rivers Report, Rivers of the Gouritz Water Management Area* by die kantore van die SCLC in George bestudeer en is talle insiggewende feite daarin gevind wat gebruik is. *The Agricultural Democratisation of South Africa* [30](1998), *Southern African Agriculture* [31](1992), *Agricultural Policy Reform in South Africa* [32](1998) het saam met Catlin se *An Elusive Harvest* (2008) landboukundige agtergrond gebied, maar eintlik was dit die talle verslae en dokumente (10 lywige lêers) wat die Eden Distriksmunisipaliteit verskaf het, wat die volledige prentjie van Buisplaas se landboupotensiaal geskets het. Toe ek ook die omliggende dorpe se geskiedenis nagevors het, kon ek die plaas- en aalwynbedrywighede in die omgewing van Buisplaas meer volledig verstaan en daardie inligting gebruik. Aangesien talle van die inwoners van Buisplaas op die buurplase gewerk het en steeds werk, was die boeke *Albertinia, Honderd Jaar 1902 – 2002* (2002),Briel, R en *Riversdal 1838 – 1988* (1988), Van Wyk, F van groot waarde vir my navorsing. Helena Scheffler se doktorale proefskrif *Die Laat- Victoriaanse Mosselbaai, 1870 – 1902* (1990) het, saam met talle ander boeke oor Mosselbaai, die invloed van die bedrywighede in hierdie kusdorp op die burgers van die omgewing verduidelik. Om Buisplaas en sy potensiaal in perspektief te sien, is die impak wat die totale omgewing waarin Buisplaas geleë is op die ontwikkeling of gebrek aan vooruitgang in Buisplaas gemaak het, noodsaaklik.

Ander werke oor Buisplaas se naburige dorpe is gevind en geraadpleeg. Aangesien Herbertsdale die naaste dorp aan Buisplaas is en die jong kinders van Buisplaas steeds daar skoolgaan, was boeke en artikels oor Herbertsdale insiggewend. Ek het 'n paar besoeke aan 'n voormalige burgemeester en oud-inwoner van Herbertsdale, Lorainne Claasen gebring en sy het ook bruikbare en interessante inligtingstukke aan my verskaf. In die Kaapse argief kon ek ook, uit ou notules van die dorpsbestuur van Herbertsdale, 'n prentjie vorm van hierdie dorp se betrokkenheid en invloed op Buisplaas se mense en hul kerke. Veral die artikels *Geskiedenis van Herbertsdale Lutherse Gemeente 2011*(2011) en *Herbertsdale* (1913) het gehelp hiermee. Met 'n besoek aan Buisplaas was daar ook 'n aantal ouer inwoners van Herbertsdale wat saam met die ouer Buisplasers gesellig verkeer het. Hierdie wedersydse besoeke vind op 'n gereëlde en gereelde basis plaas. Aangesien hierdie byeenkoms in die ongebruikte klaskamers langs die Lutherse kerk plaasgevind het, het hulle ook vir my die kerk oopgesluit sodat ek die binnekant van die kerk kon sien.

[30] Samestellers en medewerkers: Kirsten, Vink en Van Zyl.
[31] Samestellers en medewerkers:Seidman, Mwanza, Simelane, Weiner.
[32] Samestellers en medewerkers: Van Rooyen, Groenewald, Nqgangweni, Fényes.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

My belangstelling in ander bruin grondeienaars, wat in klein dorpies in die Wes-Kaap woon op grond wat hulle ook geërf het, is geprikkel deurdat iemand my na Tesselaarsdal verwys het. Na besoeke aan Slangrivier, Raithby en Tesselaarsdal het ek ook, veral oor Tesselaarsdal, testamente en inligting in die Kaapse Argief gekry. Die beskikbaarheid van soveel bronne oor Tesselaarsdal het deeglike navorsing tot gevolg gehad. Die bronne het die gesprekke tydens ’n besoek aan Tesselaarsdal in perspektief gestel en klinkklare bewyse van grondeienaarskap en agtergrondkennis gegee. Waar ek min inligting oor Buisplaas in die Kaapse argief kon opspoor, was die bronne oor Tesselaarsdal se herkoms talryk en van baie navorsingswaarde. Boeke wat die agtergrond van die Overberg en Tesselaarsdal se geskiedenis gee, is *Overberg Odyssey* (1989) van J Burrow en *Hermanus* (1989) van J Burman*.* Wat egter kenmerkend is van al die boeke wat tydens die apartheidsjare in Suid-Afrika (1948 – 1994) en selfs voor 1948 geskryf en gepubliseer is, is dat daar baie min inligting oor bruin gemeenskappe is. Soms moes ek deur etlike boeke lees om ’n enkele brokkie bruikbare inligting daarin te vind. *Spore oor die Overberg* (2004)[33] en *British Land Policy at the Cape, 1795 – 1844* (1968)[34] het byvoorbeeld ook minimale bruikbare inligting bevat.

Catherine Willemse se *Met 'n diepe verlange* (2000)*,* en haar seun, prof.Hein Willemse se *More than Brothers* (2000)*,* het gehelp om die storie agter Raithby se ontstaan na te vors. Aangesien die Wesleyaanse kerkgenootskap ’n groot rol in die ontstaan van Raithby gespeel het, het ek talle kerklike bronne in die teologiese fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch se biblioteek en in die ander biblioteke deurgewerk om brokkies inligting oor hierdie gemeenskap te kry. Aangesien Raithby ook nie as ’n sendingstasie gestig is nie, is die inligting min. Dit was ook interessant om die gebied self te besoek alhoewel dit nie meer Raithby genoem word nie en min inwoners die geskiedenis daarvan ken.

Vir Hoofstuk 7, oor die kerkgeskiedenis van die twee kerklike denominasies wat op Buisplaas verteenwoordig is, nl. Anglikaanse en Lutherse kerke, het ek Martin Pauw, emeritus professor van die Teologiese Department van die Stellenboschse Universiteit besoek. Sy boek oor sy voorsate *Grossvater und Grossmutter Heese 1859 – 1959* (1959), Pauw saam met verskeie ander boeke soos Karel Schoeman se *Die vroeër Sending in Suid-Afrika 1799 – 1819* (2005) en *A History of Christian Missions in South Africa* (1911), Du Plessis, J het ook bruikbare inligting bevat. Pauw se navorsingstuk het meer inligting oor die

[33]Skrywer: L Howard.
[34]Skrywer: L.C. Duly.

www.manaraa.com

Lutherse kerk in die Suid-Kaap verskaf. Hy het my ook met Hans Heese in aanraking gebring, wat vir my waardevolle navorsingsmateriaal oor die Berlynse Sendinggenootskap (BSG) se werk gestuur het, nl. *Berliner Missions-berichte der gesellschaft zur befoerderung der Evangelischen Missionen unter den Heiden zu Berlin* (26.03.1997). Hierdie dokument bevat geen inligting oor Buisplaas nie maar wel oor Herbertsdale se Lutherse kerk en die probleme wat die sendelinge ondervind het by al die sendingstasies en ook as hulle in dorpe soos Riversdale, Mosselbaai en Herbertsdale gepreek het. Die ander dokument wat Heese aan my gestuur het,*Jahresberichte 1839 – 1939*, bevat grotendeels vertalings deur hom uit Duits, maar my kennis van Duits het beslis gehelp aangesien daar nog heelwat gedeeltes in Duits verskyn. Daarin word die geskiedenis van die BSG se betrokkenheid stap-vir-stap verduidelik en eers in die jaar 1881 word daar van Buisplaas melding gemaak. Aanvanklik was die BSG net in die Klein-Karoo betrokke by plekke soos Zoar en Amalienstein. Hierdie dokument is ʼn noukeurige verslag oor die vordering wat daar deur die sendelinge gemaak is en veral deur Heese se voorvader, Daniel Heese. Soos sy bearbeiding aan die sendingstasies uitgebrei het en ander Duitse sendelinge hulle by hom aangesluit het by die onderskeie sendingstasies, het Heese na Riversdale vertrek om daar met sy werk voort te gaan. Eerwaarde Kikillus het in 1881 na Herbertsdale gegaan om daar ‘n Lutherse kerk te begin. In 1883 word die eerste keer in hierdie dokument van Buisplaas melding gemaak. Alhoewel die verslag net Buisplaas noem as besoekpunt vanaf Herbertsdale, begin ons meer en meer lees van Buisplaas-medewerkers in die Lutherse kerk. In 1892 word Elias Buys, in 1894 Elizabeth Buys en 1899 Paulus Buis byvoorbeeld as onbetaalde werkers (hulp aan die sendeling) genoem in die verslag.[35]

In die teologiese fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch se biblioteek het ek boeke oor die Anglikaanse kerk bestudeer. Van die boeke was nie van soveel direkte waarde vir hierdie tesis nie en het net agtergrondkennisuitbreiding verskaf. Ongepubliseerde dokumente soos *Anglikaanse Kerkgeskiedenis: St John the Baptist Buisplaas, 1937 – 2000* en *Kroniek van die Sendingstasie Herbertsdale* het meer direkte inligting bevat wat betrekking het op Buisplaas. Hierdie dokumente is deeglik bestudeer en die feite daarin is met van die ouer persone op Buisplaas bespreek. Elphick en Davenport se *Christianity in South Africa* (1997) het gehelp om ook die kerkgenootskappe van die ander klein dorpies wat ek bespreek, te verstaan. In een van Elphick se ander boeke, *The Equality of Believers* (2012), word die kwessie van die sendelinge se rol in die lewens van die bruinmense

[35]Spelling is soos in die verslag.

www.manaraa.com

bespreek en kan verstaan word waarom Buisplaas se ontwikkeling verskil van dié van sendingstasies.

Die houding van die blankes (positief of negatief) teenoor sendelinge en hul werksaamhede, werp ook lig op die rol van die kerke in Herbertsdale en hoe dit ook Buisplaas beïnvloed het. Om die Wesleyaanse en Metodiste-kerke, wat in Raithby teenwoordig was, na te vors, het ek *Methodism in the Cape: an Outline* (1973), Mears W Gordon saam met ander bronne gebruik.

### 1.4.3 Veldwerk en Onderhoudvoering

Besoeke aan Buisplaas en die kennismaking met verskeie inwoners het ook bygedra om die mens binne-in die situasie te verken en hulle gewaarwordinge en gevoel oor hulle eiendom en besitreg van 'n eie grondgebied op te teken. Besoeke is ook aan Tesselaarsdal, Caledon, Slangrivier, Riversdale, Albertinia en Raithby gebring en waar moontlik is met die inwoners gesels en is kontakpersone geïdentifiseer vir latere kontak. Die museums van Mosselbaai, Caledon, Swellendam en Riversdale is besoek en daar het van die personeel vir my goeie inligting of kontakte gegee. In Tesselaarsdal het ek Joy Paulsen ontmoet, wat my saam genooi het na haar huis en sy is nou my kontakpersoon in daardie mooi dorpie. Ek het aan prof. Hein Willemse geskryf en hy was so behulpsaam met sy ma se boek oor Raithby en het 'n kopie aan my gestuur nadat ek dit in die biblioteek op Hartenbos uitgeneem en gelees het. Daarna was ek self in Raithby en kon nog foto's neem van sommige ou geboue wat te midde van die nuwe ontwikkelinge steeds bestaan. Briewe is geskryf aan lewende familielede van persone wat nou betrokke was by hierdie gemeenskappe en sodoende is nog inligting verkry.

Voordurende gesprekvoering met die mense van Buisplaas was nodig en het ek oor die afgelope drie jaar al die samekomste en oop vergaderings bygewoon en toestemming verkry om hierdie studie aan te pak en met die mense onderhoude te voer. Ek het ook op sommige van die vergaderings/saamtrekke die oud-Buisplasers en huidige inwoners toegespreek en vertel van hierdie projek en nasate se besonderhede gekry vir opvolggesprekke. Besoek is ook dikwels in die loop van 'n gewone dag op Buisplaas afgelê en met die gewone mense in hul tuine en in die biblioteek is gesels en hulle gesprekke is gedokumenteer. Ek het ook tydens die uitbetaling van pensioene die mense van Buisplaas besoek omdat almal wat pensioene kry daar bymekaar was en ek met inwoners kon gesels. Na die opgradering van die kleuterskool in 2016 en 2017 deur Spoornet, TransNet en

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Transand het ek ook daar besoek gaan afgelê en met die personeel gepraat en gesien en gehoor hoe positief hulle oor die opgradering is.



**Foto 1: Buisplaas se kleuterskool**[36]

Tydens een van my besoeke het die bibliotekaris, Ralie Philander 'n klompie vrouens genooi sodat ons lekker in die intieme vertrek van die biblioteek oor hul gewone lewens op Buisplaas kon praat. Die kommentaar wat daar gelewer is oor die nasate se belewenis van hul kerk- en sosiale lewe is deurlopend opgeteken. Voorbeelde van die gesprekke wat ek gevoer het, sluit die volgende in: Elizabeth Jansen is gebore in Johannesburg en al haar familie is nog daar wat sy een keer per jaar besoek. Toe sy met Jan Jansen veertig jaar gelede getrou het, het hulle op Buisplaas kom woon. Sy is lief vir die plek omdat haar nuwe familie nou vir haar so baie beteken. Sy voel dat die mense haar aanvaar het net soos sy is. Haar man, Jan het in Johannesburg gewerk toe hy haar ontmoet het maar het 'dryfwerk' gedoen/ vragmotorbestuurder gewees van 1977 tot 1996. Daarna het hy by Transand in die Hartenbos-omgewing gewerk om nader aan sy familie en vrou op Buisplaas te wees. Frieda Uithaler is 'n weduwee maar is op Buisplaas gebore en woon by haar suster in 'n kamer aanliggend aan die suster se huis. Sy is tevrede om nou daar te kan bly. Attie Joseph se suster, Christine Uithaler is al 77 jaar oud maar woon alleen in haar eie huis op Buisplaas nadat sy op verskeie plekke saam met haar man gebly het. Sy het eenvoudig na die munisipaliteit van Mosselbaai gegaan en 'n erfnommer gekry en toe laat bou op die erf wat hulle aan haar toegesê het. Dit is privaat grond maar tog het die munisipaliteit seggenskap oor sekere aspekte aangesien daar aan hulle belasting betaal word. Die munisipaliteit is

[36]Foto geneem deur A le Roux.

www.manaraa.com

egter vaag oor watter mate van inmenging hulle geregtig is. Uithaler se redenasie is dat haar pa 'n Buis was en 'volgens jou pa kan jy bou'. [37] Volgens beskikbare statistieke in 2017 wat deur die munisipaliteit van Mosselbaai gegee is, was daar 82 huishoudings op Buisplaas wat erfbelasting betaal.[38]

### 1.4.4 Sosiale media

Die bekendste en getrouste metodes van navorsing is steeds die soek na argivale bronne, na primêre en sekondêre bronne, onderhoudvoering, ens. maar die nuwe hulpmiddels is die sosiale platvorms en daarom moet hedendaagse navorsers ook daarvan gebruik maak. Ek het Buysdorp, die heimat van Coenraad de Buys se nageslag op die internet gesoek en gevind, maar daar was geen inligting oor Buisplaas nie. Dus het ek in Junie 2014 'n Faceboek-bladsy vir Buisplaas geskep en daar is nou 672 lede waarvan die meeste Buis-nasate is. Daar word ook foto's op die bladsy geplaas van byvoorbeeld die rugbyspan, die Shamrocks, wat speel. Ek kan daarop vrae vra om uitklaring of opinies oor sake rakende Buisplaas te kry maar die lede wat vêr van Buisplaas bly, vra ook dikwels uit oor die toedrag van sake op Buisplaas. 'n Voorbeeld wat in Maart 2018 geplaas is deur Randall Meyer, is: *Hlo Buisplaas. Hoe ganit vandag met ons mense daar. Het die rivier water gekry en het jule begin saai en uitplant al.* Dááruit kan Randall se toegeneentheid vir die mense op Buisplaas afgelei word want hy praat van *ons mense* en almal stel belang in die stand van die Gouritzrivier sodat daar na 'n lang droogte geplant en oorleef kan word.

Om die samewerking van die jonger geslag te kry via die moderne media soos Facebook, het sy eie probleme opgelewer omdat nie almal op 'n openbare platform hul mening wil lug nie. Interessant genoeg is dat die ouer persone wat wel toegang tot die internet het, met veel meer vrymoedigheid hul menings deel. Tog is iets soos Facebook 'n handige middel waarmee daar met nasate van die Buis-familie kontak gemaak is en daarúít spruit 'n bewuswording van hoeveel sentiment hulle koppel aan hulle heimat. Daar is 'n vertrouensverhouding opgebou deur byvoorbeeld gelukwense aan lede van die Buisplaas-Facebook-bladsy met hul verjaarsdae.

Deur middel van die nuwe tegnologie soos What'sApp op slimfone is ek nou ook direk met verskeie mense op Buisplaas en ook op ander plekke in verbinding. As ek dus vrae het oor kwessies wat ek raakgelees het, kan ek dadelik met die ingeligte persone praat en antwoorde kry. Hulle kon my ook dadelik inlig oor gebeure op Buisplaas soos die verdrinking

[37] Onderhoud, 09.05.2017.

[38] Statistiek gegee deur Henry Laufs, *Performance Management Officer* van die munisipaliteit van Mosselbaai.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

van ʻn seuntjie in een van die kuile van die Gouritzrivier (einde van 2017) en ook die heuglike tyding dat die Gouritz afgekom het (31 Januarie 2018) na jare van droogte, al het dit net tydelike verligting gebring. Die jongman, Shaun Prins, wat ʼn jeugaksie op Buisplaas in 2017 begin het, het ook ʼn Facebook-bladsy, *Buisplaas Community Youth* net vir die jongmense geskep. Hy is in 2018 ʼn eerstejaar-student aan ʼn universiteit maar elke vakansie wat hy tuis is, reël hy aktiwiteite vir die jongmense en plaas al die foto's van die geleenthede op Facebook.

### 1.4.5 Uitdagings en Probleme

Die uitdaging was om so objektief as moontlik deur die beskikbare bronne te werk en die geskiedenis van Buisplaas so volledig as moontlik weer te gee. Ek het voldoende bronne tot my beskikking gehad: primêre en sekondêre bronne. Die inligting wat gebruik word, moet die leser inlig oor waarom Buisplaas so min gebaat het by naburige dorpe en die streek se ontwikkeling en waarom daar eers so laat enige ontwikkeling was wat die inwoners se lewenskwaliteit verbeter het. Die aardrykskundige feite is uiteengesit om die gebrek aan volhoubare landbouaktiwiteite te verklaar. Van die kwaliteit van die grond, die klimaat en die beskikbaarheid van water tot die menslike ingrype om hierdie aspekte te probeer oorkom, is verduidelik. Sommige geografiese inligting kan wel baie tegnies klink, maar dit verklaar waarom Buisplaas nie oornag in ʼn oase verander het toe daar wel landboukundige hulp van buite die gemeenskap gekom het nie.

Nog ʼn uitdaging was om die samewerking van die mense van Buisplaas te kry, hulle gevoel oor hul gemeenskap en die voortbestaan van Buisplaas weer te gee. Die meeste inwoners en oud-inwoners het wel ʼn emosionele band met die plek, maar ekonomiese realiteite staar hulle in die gesig. Besoeke aan Buisplaas om die huidige toedrag van sake waar te neem en om persoonlike kontakte op te bou, was belangrik.

### 1.4.6 Wyse van aanbieding

Daar is gebruik gemaak van afsonderlike hoofstukke waarin die geskiedenis van Buisplaas uiteengesit word. In hoofstuk 1 word die redes waarom hierdie onderwerp aangepak is, gegee en die afbakening en metodologie bespreek. In hoofstuk 2 word die tesis ingelei deur die agtergrond van hierdie gemeenskap te gee en ook die historiese agtergrond van die hele gebied te behandel en te verduidelik hoe hierdie agtergrond en voorgeskiedenis ook die gemeenskap van Buisplaas onderliggend geraak het en gemaak het wat dit tans is. Die bure wat reeds vir geslagte lank langs Buisplaas boer se insette word in hoofstuk 3 ingesluit. Behalwe dat talle inwoners oor die jare op die buurplase gewerk het, was die bure se kinders vroeër jare intens betrokke by die doen en late van die Buisplasers

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

en was hulle insette noodsaaklik vir hierdie studie. Die geografiese eienskappe van die dorpie op die oewer van die Gouritzrivier word in hoofstuk 4 uiteengesit en hoe die ligging, die grondkwaliteit, klimaat en ander faktore die lewe van die inwoners bevoor- of benadeel het. Die geografiese ligging is deur middel van kaarte, foto's en beskrywings voorgestel omdat die ligging 'n groot rol speel in die oorsake en gevolge van die lewenswyse van die inwoners van Buisplaas. Die afstand van Buisplaas na moontlike werksgeleenthede veroorsaak dat talle Buis-afstammelinge oor die jare moes wegtrek van hul heimat. Ook is die geografie van die dorpie uiteengesit omdat die beskikbaarheid van water, die grondvrugbaarheid en die klimaat bepalende faktore is om die lewensloop van die inwoners te verstaan. Sou die negatiewe geografiese faktore nie duidelik uiteengesit word nie, sal 'n buitestander nie die probleme om 'n lewensvatbare bestaan te probeer maak op Buisplaas, begryp nie.

In hoofstuk 5 is voortgegaan om die ontwikkeling van Buisplaas te bespreek deur te beskryf wat die toestand van die gemeenskap en hul dorpie voor en na die ontwikkelingsfase was. 'n Verduideliking van die pogings van buite om Buisplaas te ontwikkel en die pogings van die inwoners self maak 'n belangrike deel uit van hierdie studie. Die positiewe en negatiewe aspekte is deeglik bestudeer, sodat die huidige stand van ontwikkeling van die dorpie begryp kon word. Die inwoners se persepsies oor die veranderinge wat die dorp ondergaan het en hul gevoel oor hul geboorteplek vorm 'n belangrike deel van die studie.

In Hoofstuk 6 behandel ek die wetlike prosesse wat gebruik is om eienaarskap van die grond vir individue te kry. Dit was 'n ingewikkelde proses wat tans nog nie afgehandel is nie. Hoofstuk 7 vertel die kerkgeskiedenis van die twee kerke wat tans nog 'n belangrike rol op Buisplaas speel. Al het Buisplaas nie as 'n sendingstasie ontstaan nie, het die nabygeleë kerke en later die kerke op die dorp 'n bepalende rol in die lewe van die inwoners gespeel en speel dit steeds 'n baie belangrike rol. Soos in die meeste dorpe in Suid-Afrika was die kerklewe, veral in die verlede, die sentrale punt waarom die gemeenskapslewe gewentel het. En die kerke was ook verantwoordelik vir die stig van skole en het dus 'n belangrike opvoedingstaak gedoen. Die skoolopvoeding van die kinders van Buisplaas het hulle horisonne verbreed en meer geleenthede gegee.

Ander klein bruin gemeenskappe word in hoofstuk 8 behandel. Hoe hulle van Buisplaas verskil of ooreenstem, is bespreek. Hoe die politieke landskap deur die ongeveer 155 jaar verander het en die rol wat dit in die ontwikkeling en voortbestaan van sulke dorpies gehad het, is van kardinale belang om die hulp of onthouding van hulp te begryp.

www.manaraa.com

Geskiedenis het in sy essensie die taak om van verandering en strominge in 'n gemeenskap te probeer sin maak. Ook is die naburige dorpe se geskiedenis en hulle invloed op die streek waarin Buisplaas geleë is, nagevors.

Hoofstuk 9 konsentreer op die Buisplaas van vandag en die opinies van die huidige geslag inwoners. In hoofstuk 10 is die gevolgtrekking waartoe die navorser gekom het en die evaluering daarvan.

Geskiedenis neem 'n aanvang sodra die mens daadwerklik op spesifieke gebeurtenisse reageer, daarby betrokke raak en daaromtrent iets begin doen. In hierdie studie is die reaksie, betrokkenheid en optrede van die inwoners van 'n nagelate eiendom soos Buisplaas vasgestel. Dit gaan nie net daarom om die gegewens chronologies uiteen te sit nie, maar om op die probleem / kwessies wat ontstaan in 'n spesifieke situasie, na vore te bring.

## 1.5 SAMEVATTING

Daar is etlike oorwegings by die keuse van studiemateriaal en om die grootse[39] figure en gebeurtenisse in die geskiedenis na te vors en te beskryf was vir baie jare historiografies aanvaarbaar. Tog is daar interessante gemeenskappe wat onder die radar van hierdie belangrike historiese gebeure in Suid-Afrika geleef het en leef wat net so 'n vername onderdeel van die groter prentjie vorm. Daar is vir lank oor die wêreld heen in die historiografie op die blanke 'beskawings' gekonsentreer. Meer onlangs het nie-blanke historici begin om self oor hulle geskiedenis te skryf en ook het ander historici ontdek dat daar soveel onontginde bronne van inligting oor ander gemeenskappe is en dat sogenaamde klein geskiedenisse gedokumenteer moet word. Veral in 'n land soos Suid-Afrika met so 'n diverse bevolking moet al die gemeenskappe se verhale nagevors word.

Wanneer die student op so 'n interessante en tog 'n anderse geskiedenis afkom, begin die ontdekkingstog wat in 'n verrykende ervaring ontplooi. Die probleemstelling van hierdie studie is om te bepaal watter faktore bygedra het tot die ontstaan en behoud van hierdie minderheidsgemeenskap langs die Gouritzrivier. Literatuurnavorsing het gehelp om die agtergrond van die streek waarin die gemeenskap geleë is, te leer ken. Die geskiedenis van die Kaapkolonie is nagevors ten einde die agtergrond van Frederick du Buis se voorsate, wat uit Frankryk per boot in Suid-Afrika gearriveer het, te verstaan. Die ervarings van die eerste reisigers na die binneland van die Kolonie is bestudeer om die omgewing en

[39] Grootse= masjestueus, verhewe, indrukwekkend, magistraal.

www.manaraa.com

inheemse bevolking te leer ken. Die betrokkenes by hierdie onderwerp maak die navorsing die moeite werd. Aansporing en entoesiasme van binne en buite die gemeenskap van Buisplaas tydens die navorsingsproses het die navorser toenemend gehelp. Ook die besoeke aan talle ander mense wat oor die jare iets met Buisplaas te doen gehad het en wat goeie of minder goeie herinneringe van die plek of mense gehad het, was leersaam en het bygedra tot ’n vollediger begrip van die omstandighede waarmee die Buisplasers te doen gehad het. Hierdie veldwerk deur die bure rondom Buisplaas te gaan besoek en by hulle inligting te kry, het nuwe feite na vore gebring wat deur onderhoude met inwoners van Buisplaas bevestig is. Die gemeenskap van Buisplaas neem dikwels sekere feite as vanselfsprekend aan en vergeet daarom om dit pertinent uit te lig terwyl buitestaanders dit weer as uitsonderlik onthou en daarom daarvan vertel.

Iemand soos Gert Badenhorst wat reeds in 1967 weg is van die buurplaas van Buisplaas het ’n verslag van 22 bladsye geskryf oor sy jeugherinneringe van grootword langs die mense van Buisplaas. Dit is dalk juis omdat hy sy volwasse lewe so vêr van Buisplaas deurgebring het, dat hy elke detail van sy jeugjare se betrokkenheid by Buisplaas so noukeurig onthou.

Tydens die onderhoude met die oudste inwoners van Buisplaas tref jy ’n gelatenheid en aanvaarding van hulle omstandighede aan. Selfs by die jonger ma’s is daar ’n tevredenheid met hulle omstandighede alhoewel hulle die imperfeksie van hul situasie uitwys. Die kleuterskool wat hul jong kinders versorg en die feit dat daar nou ’n taxi is wat hulle mans saans na werk weer huis toe bring, is veranderinge waarmee hul tevrede is. Dit bly egter ’n uitdaging vir die navorser om deur die regte vrae en met die behoorlike opbou van ’n vertrouensverhouding by die betroubare inligting oor ’n plek uit te kom.


Die besoeke aan die Kaapse argief was ook hoogtepunte in die navorsingproses omdat die testamente, die doodsverklarings, weidingsregte, ens. daar gevind is. Dit is nie altyd ’n maklike proses nie omdat die spelling van name en vanne jou dikwels laat glo dat daar nie iets op te spoor is oor sekere persone nie en dan gebruik jy ’n ander spelling en kom dan op die regte dokumente af. Argivale navorsing bly ’n integrale deel van die soeke na bewyse van gebeure en is vir my persoonlik een van die bevredigendste aspekte van die ondersoek na die ware feite van ’n studie.

Sodra ek die klimaat en ander geografiese aspekte van ’n plek verstaan, word ek ingetrek in ’n probleem soos die droogte wat in die streek heers. Met die bywoning van groot saamtrekke/ vergaderings van die gemeenskap het ek meer oor die probleme wat

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

reeds lank bestaan, geleer. Ook het ek begryp dat nasate van die Buise dikwels ’n geromantiseerde beeld van die plek opbou omdat hulle nie meer daar woon nie en dan word hulle met die werklikheid gekonfronteer by so ’n vergadering.Deur die skep van ’n Buisplaas-Facebookbladsy het 672 nasate nou ’n platform om van enige deel van die land/ wêreld te deel in die doen en late van die mense en kan hulle die foto’s sien wat daarop geplaas word en ook hulle opinie uitspreek oor ’n aangeleentheid. So word ook kontak gehou met jonger nasate. Om ’n ou kaart van 1863 van Buffelsdrif 191, soos Buisplaas amptelik bekend was, te sien en ’n bewys te kry dat dit op 17 Desember 1863 aan Johs de Buys (sic) oorgedra is, was ’n herbevesting van feite wat reeds verkry is, soos gesien in Kaart 2. Lewis Vincent, ’n landmeter het die kaart in September 1860 opgetrek. Hierdie Johs is Johannes, Simson en Saul se halfbroer en hy het die plaas aan die twee broers gegee volgens sy pa se wense.

**Kaart 2: Oordrag van grond**




Deur al die metodes van navorsing, soos veral die bestudering van geskrewe bronne, in te span word die meeste feite verkry en deur die onderhoude en bou van vertrouensverhoudings het ek meer oor die siel van die gemeenskap, geleer. Geskiedenis

للاستشارات المنارة
www.manaraa.com

wat oor enige faset van 'n gebied gaan, is deel van die gebied se streekshistoriese kultuurskat.

# HOOFSTUK 2

# HISTORIESE PERSPEKTIEWE

## 2.1 INLEIDING

Suid- Afrika het 'n interessante en komplekse verlede en elke dorpie, dorp of stad het ontstaan as gevolg van spesifieke gebeure, menslike intervensies en menslike behoeftes wat bevredig moes word. Mense se lewens word in plekke gevorm. Die fisiese en ruimtelike omgewing van 'n plek het 'n bepaalde invloed op menslike aktiwiteite. Die politieke, demografiese en ekonomiese toestand van mense word ook beïnvloed deur die plek waar hulle woon en leef, maar elke persoon wat hom/haar vestig op 'n sekere plek, se lewenswyse word deur die geografie van die streek in 'n sekere rigting gestuur en die mens omvorm ook die geografie om hom/haar te pas. Die omgewing raak vir hom/haar esteties as hulle daar gelukkig is en veral as hulle daar 'n lewensvatbare bestaan kan maak. Tog kan die meeste mense nie vir altyd op die plek wat vir hulle die kosbaarste is, bly nie, want hulle lewensomstandighede verander. Die herinneringe aan die plek wat hulle geestelik voorberei het vir die lewe, bly altyd inherent aan die persoon, veral as dit goeie en positiewe herinneringe is. Hierdie proefskrif gaan oor die plek, Buisplaas, en die volgende aanhaling is 'n samevatting van die kern waarom Buisplaas vir die inwoners en oud-inwoners belangrik is:

> ***Ons wortels*** *is tegelyk tyd geografies én geestelik.*
>
> *Hulle is* ***geografies****, want hulle kom met ons plekke – ons oorspronge; gemeenskappe waarin ons onsself ontdek het; gebruike en gewoontes waarmee ons grootgeword het; tale wat ons daar gepraat het; dié plekke se kulture en praktyke; strate, geboue, plante, omgewings – en die gevoelens deur hulle by ons gewek; dae, môres, aande, somersdae, reënbuie, ons eerste kennismaak met aardsheid; die kleure, geure, geluide, stemminge wat ons bybly; oomblikke, maaltye, gesellighede, vriendskappe, verhoudinge wat ons help vorm het; kortom,* ***ons eie ruimtes en tyd.***
>
> *Maar hulle is ook* ***geestelik****, want hulle kom met die waardes wat dié plekke in ons laat posvat het – die soort lewe wat daar afgespeel het; met ons herinneringe én met vele wat ons lank reeds vergeet het, maar wat nog aan ons kleef en binne-in ons agterbly en steeds in ons woon; sieninge, indrukke,*

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

*emosies, assosiasies van mooi en aangenaam, goed en reg, behoorlik en belangrik en heilig; met morele oortuigings wat lewe daar moontlik gemaak het; kortom, met vele kosbare skatte uit die verlede.*

*Geografies mag ons dalk lank weg wees, maar geestelik bly ons in hulle gewortel.*[40]

Al hierdie dinge word deur die mense, oor tyd, daargestel en geskep. Die plek en die aard daarvan is vanweë die mense se invloed. Die geografiese stel gewoon die moontlikhede en /of beperkings.

Uit onderhoude met inwoners van die klein dorpie, Buisplaas kan afgelei word dat al hierdie bogenoemde op hulle van toepassing is. Daar is geen van die oorspronklike erfgename van Buisplaas wat meer leef nie en baie van hul nageslag woon al lank nie meer daar nie, tog kan die nageslag nog elke detail van hul vormingsjare op Buisplaas onthou en veral die stemming wat daar heers, die indrukke, assosiasies en emosies wat gepaard gaan met die geborge lewe op Buisplaas.

Belangrike plekke in Suid-Afrika is in talle boeke, studiedokumente en ander geskrifte opgeteken en het deel van die algemene en bekende geskiedenis geword, maar daar is ook kleiner en afgeleë milieus waarvan daar nog min te wete gekom is en wat nie minder belangrik is om 'n meer omvattende prentjie van die land se geskiedenis te vorm nie.

'n Plek het 'n bepaalde topografie en geografiese ligging wat die inwoners van daardie plek beïnvloed en vorm. Maar meer nog is die historiese gebeure gegrond in die mense wat geslagte lank daar woon en werk en wat sodoende ook 'n genealogiese band en sentiment met daardie plek ontwikkel. Dan word die plek meer as net 'n geografiese ligging, maar 'n tuiste waarin mense hul eie geskiedenis gemaak, geleef en ervaar het en steeds doen. Soms stoot 'n onekonomiese ruimte die inwoners weg sodat hulle elders 'n meer lewensvatbare bestaan moet gaan voer, maar die sentiment van die geboortegrond bly 'n bepalende rol in hul lewens speel. Hulle identifiseer steeds met die plek waaraan hulle gebonde voel en waarvandaan hulle tradisies kom.

Willem Jordaan stel hierdie kwessie so:

*'...die mistiek van mense se plekbewussyn – 'n leefruimte gevul met die geure, kleure, mense, bome, wind en klanke wat jy liefhet. Daaroor het Cervantes se Don Quichot gesê: " Hier op dié plek voel ek, saam met mý mense, tuis soos 'n monarg op sy troon; 'n koning by sy eie vuurmaakplek."*

---

[40] DJS, *Die Burger,* 13.05.2017.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

> *Plek word die verlenging van die self. Die tekstuur van die self word uitgebrei na alles wat "my plek" kenmerk.* ***"Ek" en "plek" raak in mekaar gerank.***
>
> *Plek is dan ook 'n oord van tussenmenslike verbondenheid. 'n Hart waarin 'n plek wortel en tak gemaak het, het ook plek vir die plekgenote; die ander wat daar woon – hulle wat jy uitnooi en innooi, tuis laat voel en sonder wie jy nie mens is nie.'* [41]

Sodanige plek is Buisplaas. Hierdie tesis gaan oor die *plekgenote* van Buisplaas en hulle *tussenmenslike verbondenheid*. Daar is ondersoek ingestel waarom die inwoners en plek inmekaar verweef is veral gegewe die diachroniese veranderlikes.

Na die lees van die boek *King of the Bastards* [42] het ek bewus geword van die geskiedenis van Coenraad de Buys (du Buis) en was verbaas om te verneem dat daar in die Suid-Kaap 'n plekkie, genaamd Buisplaas, is. Dit het dadelik die vrae laat ontstaan: wat is die verbintenis met Coenraad en is daar 'n verbintenis? Op 14 April 2014 het ek die eerste keer hierdie mooi klein dorpie binnegery. Doodstil en vreedsaam. Met die deurry van die een deel (Bostadt) na nog 'n klompie huise wat die Onderstadt uitmaak, het ek stilgehou by twee jong seuns wat my na Ralie Philander[43] verwys het en aan my beduie het hoe om by haar uit te kom. Ek het haar tuis gevind by haar huis waar daar 'n paar vrugtebome en 'n groentebedding in die voortuin was. Ek het gaan ondersoek instel en haar agter die huis aangetref. Dadelik het sy my welkom laat voel, haar selfoon uitgehaal en vir my kontaknommers van nog mense gegee wat my verdere inligting oor Buisplaas kon gee. Deur Ralie het ek daarna kontak met Attie Joseph[44]gemaak en hom gaan besoek.

Tot my verbasing het ek uitgevind dat Buisplaas aan die nasate van een van Coenraad se broers, Frederick behoort het. By nadere navrae by die museums in die omgewing het ek agtergekom dat min mense, selfs nie eens die historici by die museums, geweet het van die bestaan van so 'n gemeenskap nie. Hoe meer ek oor die geskiedenis van Buisplaas gelees het[45], gepraat het met die mense van Buisplaas en navorsing gedoen het, hoe meer het ek gevoel dat ek hulle storie wil navors aangesien geërfde grond deur 'n bruin gemeenskap baie seldsaam is en veral omdat hulle die grond reeds vir 155 jaar besit. Deur my studies en deur wyd met mense daaroor te praat het ek agtergekom dat daar nog sulke gemeenskappe is en het ek Tesselaarsdal, Raithby en Slangrivier gaan besoek. Uit geskrifte

---

[41] Jordaan, W, *Die Burger,* 24.02.2016.

[42]Millin, S G, *King of the Bastards,* Heinemann, Londen, 1950.

[43] Inwoner van Buisplaas en tans die voorsitter van die Buisplaas Bewonersvereniging ( BBV) .

[44] 'n Voormalige inwoner en skoolhoof van Buisplaas, ook die eerste voorsitter van die BBV en hy het aan die hoof gestaan van die samewerking met instansies wat Buisplaas gehelp het met ontwikkeling.

[45]*Buisplaas Submission*, waarvan dele deur Jo-Ann Thesen geskryf is.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

het ek ook meer oor Coenraad se nageslag in die Limpopo-provinsie te lese gekry.[46] Daarom vergelyk ek ook in Hoofstuk 8 daardie gemeenskap Buysdorp, met Buisplaas, maar my hooffokus val op Buisplaas en ander soortgelyke gemeenskappe in die Wes-Kaap.

My eerste indrukke van die dorpie was van rustigheid, ’n mooi omgewing, ’n paar los beeste wat rondwei, vriendelike mense en die teenwoordigheid van wat eens 'n ‘magtige’ rivier[47] was, die Gouritz, waarlangs die gemeenskap woon. Van die aalwyne wat oral in die omgewing groei, is nou minder te bespeur in Buisplaas. Ek sou eers later hoor watter belangrike ekonomiese rol die tap van aalwyne in die lewe van hierdie gemeenskap gespeel het en dat daar vroeër wel baie aalwyne was. Die huise is nêrens opmekaar gebou nie. Daar is baie ruimte vir nog huise maar met aardrykskundige kennis het ek besef dat water die groot probleem moet wees, want die riviere wat die Gouritz voed, se stroomvloeiing is benadeel deur die groot aantal damme wat in hierdie riviere gebou is.[48] Die aantal plase en mense wat uit die Gouritz en sy voedingsriviere moet leef, het oor die 155 jaar wat Buisplaas bestaan, so toegeneem dat die vloei van die rivier drasties afgeneem het. Hierdie en ander geografiese probleme word in Hoofstuk 4 bespreek. Gereelde droogtes in die Buisplaas-omgewing maar ook in al die riviere se opvangsgebiede, was egter reeds ‘n gegewe as die verslae van die vroeë reisigers gelees word. Die aantal verbruikers van die water van die Gouritz het ook oor die jare drasties toegeneem.

‘n Klein dorpie of dalk net ‘n gehug, dis wat Buisplaas is. Volgens die definisie is ‘n gehug ‘n groepie bymekaarstaande huise of ‘n klein dorpie.[49] Buisplaas is ongeveer 55 km vanaf Mosselbaai en 22 km vanaf Herbertsdale in die Suid-Kaap geleë. Dit beslaan ongeveer 94 hektaar. In 2018 bestaan Buisplaas uit 61geboude huise, sewe Wendy huise, vyf half-geboude huise en een plankhuis. Die twee historiese kliphuise word nie bewoon nie. Hierdie huise is voorbeelde van die eerste huise wat op Buisplaas met leiklip gebou is.[50]

[46] De Jongh, M, *Exclusivity, hybridity and community: negotiating place, ethnicity and South African realities,* Anthropology Southern Africa, 2006, 29 (3&4).
[47] In die loop van die rivier en die hoë rivierwalle is tekens van vroeëre tye toe die rivier baie sterker geloop het as tans, voordat daar soveel damme in die voedingsriviere van die Gouritz gebou is en voordat soveel boere water onttrek het uit die rivier.
[48] Het reeds ’n MA-verhandeling oor die landbou van die Klein-Karoo voltooi en die meeste damme is in die Klein-Karoo in een van die vernaamste voedingsbronne van die Gouritz, nl. Olifantsrivier gebou. Ook in die Gwyka- en Gamka-riviere. Volledige inligting in Hoofstuk 4.
[49] Handboek van die Afrikaanse Taal.
[50]Amptelike statistieke van die voorsitter van die BBV wat woonagtig is op Buisplaas en wat die geboude strukture fisies gaan tel het.

www.manaraa.com



**Foto 2: Voorbeeld van eerste kliphuis op Buisplaas [51]**

Die Gouritzrivier is na 'n Khoekhoe-gemeenskap,die Gouriquas, vernoem, maar is deur sommige blankes ook Goudsrivier en Goudrivier genoem. Dalk het dit vir hulle soos die edelmetaal *aurum* geklink. Party mense het dit sommer Gousrivier genoem.[52] Die Khoekhoen-uitspraak van die naam het aanleiding gegee tot verskillende spelvorme daarvan: Gourits, Gauris, Gouwers, Gouwrits en Gauwrits.[53] Die Khoekhoen het die rivier ook *Tsunice Cama* genoem.[54] Die Portugese ontdekkingsreisiger, Dias het die Gouriquas al in 1488 in Mosselbaai se omgewing teëgekom. Da Gama het in 1497 ook in Mosselbaai aan wal gegaan. Die Portugese het die baai van Mosselbaai die *Angra dos Vaqueiros* genoem omdat *angra* baai beteken en *vaqueiros* beeseienaars.[55] Ook skryf die Sweed, Anders Sparrman van die Goud's rivier in sy joernaal van 1772 - 1776[56]. Later skryf hy ook van die Gaurits-rivier wat 'n ander naam vir die Goud's rivier is, maar hy reken ook dat dit niks met die edelmetaal goud te doen het nie.[57] In Hollands is dit ook Gaauwrits gespel en sommige mense het dit verwar met die woord *gaauw*, wat vinnig, geruis, ritseling, dus 'n vinnig-vloeiende rivier, beteken. Een van die Britse reisigers het van die *Rapid Rustling River*

[51]Foto deur A le Roux geneem.
[52]Nienaber, G S & Raper, P E, *Toponymica Hottentotica,* S. Durrant&Viljoen (Edms.)Bpk., Pretoria, 1977, pp. 137, 463-464. Ook uit die onderhoud met Gert Badenhorst.
[53]Du Plessis, E J, *'n Ondersoek na die oorsprong en betekenis van Suid-Afrikaanse berg- en riviername,* Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 1973, p. 223.
[54]Ibid, p.224.
[55] De Jongh, M, *A Forgotten First People,* The Watermark Press, Durban, 2016, p. 27.
[56] Sparrman, Anders, *A voyage to the Cape of Good Hope 1772-1776,* Van Riebeeck Society, Cape Town, 1975, p.185.
[57]Ibid., p. 241.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

geskryf wat sy vertaling van die Hollandse *Gaauwrits* rivier was.[58] Selfs toe die eerste reisigers wat deur die gebied gereis het, by die rivier gekom het, was dit dikwels droog en kon hulle die rivier maklik oorsteek, wat daarop wys dat die gebied selfs in die 1700s onderhewig aan droogtes was en dat die rivier nie altyd sterk gevloei het nie. Schrijver het hierdie rivier ook die *Gauris Revier* in sy joernaal genoem.[59] Hy het ook geskryf dat die Portugese die rivier die *Rio Fermoso* of *Rio dos Vaqueiros* (rivier van die beeswagters) genoem het.[60]

Buisplaas is 'n dorpie waarvan min mense bewus is, maar vir die inwoners en oud-inwoners van Buisplaas is dit hulle heimat. Dit is die ruimte waarin hulle grootgeword het en waar hulle familiebande steeds lê. Hulle kulturele identiteit is daar gevorm en die plek, Buisplaas, is vir sy huidige en ook vir sy oud-inwoners meer as net 'n mooi stuk grond daar iewers versteek tussen die heuwels van die Suid-Kaap.

'n Liedjie wat deur hul ouers en voorouers vir die huidige inwoners van Buisplaas gesing is, lui soos volg:

*Die wind kan waai*
*Die stof kan trek*
*Maar Buisplaas*
*Bly 'n jolly plek!*

In Birgit Pickel se studie oor *Coloured Ethnicity and Identity* word klem op die gedeelde agtergrond, kerklike gemeenskaplikheid, taal en kultuur van die bruin gemeenskap gelê, maar nie pertinent op gesamentlike grondbesit nie.[61] Haar fokus is op bruin gemeenskappe in Piketberg, Paarl en Mitchells Plain wat 'n heel verskillende sosiale milieu as Buisplaas het.

> *Meeting basic human needs as housing, food, education, proper health care and a safe environment is one essential component of such a positive identity. The recognition as an individual as well as a member of one of several social groups is also vital.*[62]

Vir die meeste inwoners en oud-inwoners van Buisplaas is hierdie positiewe identiteit wat hulle kry uit die besit van hulle eie huise en 'n veilige omgewing belangrik, soos wat

[58] Du Plessis, E J, *'n Ondersoek na die oorsprong en betekenis van Suid-Afrikaanse berg- en riviername,* Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 1973, p. 224.
[59] De Jongh, M, *A Forgotten First People,* The Watermark Press, Durban, 2016, p. 60.
[60] Du Plessis, E J, *'n Ondersoek na die oorsprong en betekenis van Suid-Afrikaanse berg- en riviername,* Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 1973, p. 224.
[61] Pickel, B, *Coloured Ethnicity and Identity,* Institute für Politische Wissenschaft, Universiteit van Hamburg, Duitsland, 1997, p.17.
[62] Ibid., p. 18.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

bogenoemde aanhaling uiteensit. Die groepsgevoel wat daar aangetref word en wat deur verskillende mense op Buisplaas uitgespreek word, is duidelik maar terselfdertyd is hulle eie individualiteit net so belangrik.[63] Die sosiale netwerk, Facebook, het aan honderde oud-Buisplasers die geleentheid gegee om in verbinding te tree met mense wat dieselfde voel oor Buisplaas. As na die inskrywings op hierdie sosiale platvorm gekyk word, kan die hunkering na en belangstelling in die huidige Buisplaas duidelik gesien word. Aangesien daar so te sê geen werksmoontlikhede tans op Buisplaas is nie, is die nageslagte van die Buise oral oor die land versprei, maar hulle onthou met deernis die veilige, rustige lewe wat hulle daar agtergelaat het. Van die ouers van kinders wat reeds in hul twintiger en dertiger jare is, vertel laggend dat hulle sukkel om hierdie 'kinders' weg te kry van Buisplaas omdat, ook hierdie jongmense, veilig en gebonde op Buisplaas voel.[64] Daar is wel vyf mans en ses vrouens wat permanent by die een buurman van Buisplaas, Daniël Badenhorst werk. By die ander buurman, Daniël du Plessis werk daar vier mans en twee vrouens permanent en ook drie mans deeltyds. Hierdie werkers voel bevoorreg dat hulle werk so naby aan hulle eie huis op Buisplaas kon kry en dus saans by hulle families kan wees.[65]

Vir 'n besoeker aan Buisplaas wat die eerste keer daar kom, mag Buisplaas dalk na 'n troostelose versameling van huise aan die walle van 'n dikwels onindrukwekkende Gouritzrivier met 'n breë sandstrook as oewer, lyk. Dit is egter nie vir almal so nie en in die winter (meestal, maar nie altyd nie) is die rivier voller, die aalwyne in blom en die gewoonlik droë landskap groen. Die besoeker kom agter dat die kwaliteit van mense, hul verknogtheid aan hulle plek, hul eiendomsreg, hulle samesyn en die manier waarop hulle die ruimte benut, die aantrekkingskrag van Buisplaas is, en kan mens sien waarom dit 'n 'jolly plek' genoem word.

In 'n brief aan die inwoners van Buisplaas het die voorsitter van die Buisplaas Bewonersvereniging ( BBV), Attie Joseph, in 1991 geskryf: '*Daar is niks mooier as om te weet dat jy iets besit nie.'* Die huidige inwoners se ouers en grootouers het hierdie voordeel van eiendomsreg by al hul kinders van jongs af ingeprent. Die plek het 'n ruimte van gedeelde vreugde en sentiment geword.

---

[63]Onderhoude.
[64]Onderhoude.
[65]Onderhoude.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

> *In its relationship to the whole internal social structure, the Coloured family is not, and in most cases never was, a self-sufficient unit, except for a few land owning groups.*[66]

Buisplaas se gemeenskap is in die gelukkige posisie dat die grond aan hulle behoort en hulle, soos reeds verskeie kere genoem, dus een van die *few land owning* (waarvan Patterson hier bo praat) bruin gemeenskappe is. Buisplaas het 'n gevestigde sosiale struktuur wat deur hulle eienaarskap van die grond en sterk familiebande verseker word, alhoewel daar nie altyd samehorigheid is nie.

Die nuwe demokratiese regering in Suid-Afrika het na 1994 verskeie grondhervormingsprojekte aangepak en in die meeste van hierdie projekte word bruinmense nog steeds nie geprioritiseer nie.

Die feit dat hulle die grond besit, word deur van die jonger geslag Buise as vanselfsprekend aanvaar en hulle word meer intens deur nuwer kwessies soos te min werksgeleenthede en die houvas van die ouer geslag op die dorp, geraak. Twee jongmans met wie ek gesprek gevoer het op Buisplaas, Regan McGear (29 jr.) en Ryan Buis (25 jr.) het byvoorbeeld uiteenlopende menings oor die plek. Hulle het in daardie stadium tydelike werk gehad, maar is bekommerd oor werksgeleenthede. Regan hou nie van die mense in die plek nie, want hy voel hulle druk mekaar af. Hy het slegs enkele familielede wat daar woon. Ryan is egter lief vir die plek en hy voel gelukkig daar. Later word daar meer oor die jonger geslag se huidige posisie en houding teenoor Buisplaas berig.

## 2.2 HISTORIESE AGTERGROND

Buisplaas is geleë in die suidoostelike gedeelte van die destydse Kaapprovinsie (tans die Wes-Kaap) en hierdie gebied was bewoon deur die Khoekhoen en die Boesmans[67]. Met die aankoms van Jan van Riebeeck in die Kaap was Suid-Afrika ongerep en onverstoord en nog grotendeels onaangeraak deur die invloed van vreemde Westerlinge uit die Europese lande. Mosselbaai was toe reeds besoek deur die verbygaande Portugese seevaarders soos Vasco da Gama, maar hulle het nie na die binneland gereis nie. Bartholomeus Dias het reeds in 1488 by Mosselbaai aan wal gegaan en het wel met die plaaslike Khoekhoen-gemeenskappe (vroeër stamme genoem) te doen gekry en was beïndruk met hulle mooi en groot aantal beeste. Daarom het hy die baai '*dos Vaqueiros*', wat 'Die baai van die Veewagters' beteken, genoem.

[66] Patterson, S, *Colour and Culture in South Africa,* Routledge and Kegan Paul Ltd., London, 1953, p. 150.
[67] Sien Terminologie.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

> *Aangesien hulle geen tolk had wat die inboorlinge kon verstaan nie, kon hulle nie met hulle praat nie, maar inteendeel, die mense het hulle beeste land-ingedryf asof hulle verskrik is deur hierdie nuwigheid, sodat ons mense niks van hulle kon uitvind nie...*[68]

Vasco da Gama het teen die einde van 1497 by Mosselbaai aangekom. Hy het die baai São Bras of Sint Blasius (Sint Blaise is die beskermheilige van beeste) genoem en het die Khoekhoen daar meer welvarend as langs die Weskus gevind. Hulle het ivoor-armbande gedra en groot veetroppe en ry- en pakosse besit. Daar was wedersydse wantroue en misverstande wat tot geweldpleging gelei het *en die kennismaking was vir geen van die betrokkenes belowend nie.*[69] Cornelis de Houtman, 'n Nederlander, het in 1595 ook by Mosselbaai geland op soek na vars vrugte. Daar was van 30 tot 33 baie siek matrose op die skip wat dringend vars voorrade benodig het. Hulle beskryf die klein robbe-eiland van Mosselbaai en dat hulle veel vriendeliker as Da Gama ontvang is. Vir slegs 'n stukkie yster of 'n mes het hulle in 'n ruiltransaksie met die Khoekhoen 'n os, koei, of skaap gekry. Die Nederlanders het later 'n verslag oor hierdie ontmoeting geskryf en klem gelê op hul onvermoë om met die plaaslike mense te kon kommunikeer as gevolg van die taalverskille. Hulle was verbaas dat die Khoekhoen hulle beeste so goedkoop kon verkwansel.

> *Die viervoetige diere wat ons hier waargeneem het, is mooi osse soos dié in Spanje. Skape so groot, mooi en ook smaaklik soos ons nooit gesien het nie en sommige daarvan met dik sterte, dog sonder wol, maar met hare soos bokke. Ook het hulle enkele honde gehad.*[70]

Die betekenis van die woord Khoekhoen is '*men of men*' soos hulle hulself genoem het. Die vroeë reisigers het egter nie die korrekte name van die verskillende groepe geken of gebruik in hul geskrifte nie.[71]

> *In die geheel gesien, was daar 'n ekonomiese stryd om beperkte natuurlike hulpbronne tussen 'n sterk koloniale indringer en 'n hulpelose primitiewe besitter.*[72]

---

[68] Schoeman, K, *Armosyn van die Kaap, Voorspel tot vestiging 1415-1651*, Human &Rousseau, Kaapstad, 1999, p. 12.
[69] Ibid., p.13.
[70] Ibid., pp. 72- 73.
[71] De Jongh, M, *A Forgotton First People,* The Watermark Press, Durban, 2016, p. 2.
[72] Schoeman, K, *Armosyn van die Kaap,* Human& Rousseau, p. 151. ( D Sleigh).

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Hier volg 'n lys van die eerste reisigers na die Suid-Kaap:

1666 Vaandrig Cruse

1667 Pieter Cruithof

1676 Sersant Jan Lourens Visser, ook superintendent van die Kompanje se Veepos in die Hottentots-Holland-streek.

1682 Olof Bergh

1689 Vaandrig Isaq Schrijver, wat deur goewerneur Simon van der Stel gestuur is.

1736 Hermanus Huber, 'n jagter en smous, wat in die Transkei oorlede is.

1752 Vaandrig Beutler

1772-3 Carl Thunberg, Sweedse natuurkundige.

1775-6 Anders Sparrman, Sweedse dokter en botanikus.

1776 Hendrik Swellengrebel, seun van die vorige goewerneur, Swellengrebel ( 1739-51)

1778 Joachim van Plettenberg, goewerneur.

1777-9 Patterson; 1782 Muller en Holtzhausen; 1786 Gordon; 1790 Van Reenen.

1806 Britse beheer van die Kaap. Barrow en andere.[73]

Een van die eerste verkenners van hierdie gebied was die Sweed, Olof Bergh. Hy was sedert sy twee-en-twintigste jaar in diens van die Verenigde Oostindische Compagnie (VOC) en land in 1676 aan die Kaap. Hy was gestuur om beeste van die inheemse bevolking te ruil en na suksesvolle reise en vele besoeke aan Khoekhoen-krale in Namakwaland was hy toe ook na die Hessequas in die Riviersonderend-distrik gestuur.[74] Die meeste van hierdie verkenners van die gebied het nie gunstige verslae oor die Khoekhoen geskryf nie, behalwe vir hul waarde as die eienaars van die noodsaaklike beeste.

> *Die Khoikhoi was nie 'n bondeltjie haas verdierlikte barbare in velle wat die blankes op verslae wyse gekonfronteer het nie, maar 'n onafhanklike, selfversekerde en bowendien talryke kompleks van stamme wat die ruilmiddels van die nuwe aankomelinge begeer het maar van geen ondergeskiktheid of minderwaardigheid bewus was nie.*[75]

Tog is hierdie trots later van die Khoekhoen weggeneem toe hulle getalle so verminder het na die pokke-epidemies en die verlies van hulle kudde as gevolg van die ruiltransaksies met die inkommers.

[73] Duff, A, *Notes on Early Travellers & Routes,* dokument oor De Groote Wagen Weg, 23.04.2017.

[74] Mossop, E.E, *Joernale van die Landtogte van Olof Bergh ( 1682-1683) en Isaq Schrijver ( 1689),* Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1931, p. 30.

[75] Schoeman, K, *Armosyn van die Kaap,* Human& Rousseau, Kaapstad, 2001, p. 49.

www.manaraa.com

In Oktober 1699 was daar 'n tekort aan slagosse aan die Kaap. Dit was nie net vir die verbygaande skepe nie, maar ook vir die nedersetting self wat daar 'n tekort aan slagosse was. En weer moes na die Suid-Kaap gereis word om die tekort aan te vul.

Die gebruik van die kakebeenwa het die twee kulture van die Europeër en die inheemse Khoekhoen byeengebring. Die Europeërs kon 'n kakebeenwa uit hout en ander items bou maar die belangrikste item wat nodig was, was goeie trekosse en hulle het aan die inheemse bevolking behoort. Vasco da Gama het al in 1497 'n beskrywing van die osse gegee wat hulle in die Mosselbaai–omgewing teëgekom het: *very large and very marvelously fat and very tame.*[76] Die Khoekhoen-gemeenskappe het 'n besonderse verhouding met hulle diere en veral die osse gehad. Hulle het die osse met 'n spesiale taal /klanke aangespreek en beheer (*oxen–whisperers* sou ons kon sê). Daarom het al die reisigers wat die togte met kakebeenwaens aangepak het, 'n Khoekhoe-touleier benodig om die osse in te span en met hulle te werk. Die Khoekhoen het ook die os as pakdier gebruik en daarom was die vetste osse die gewildste vir daardie taak. Voordat die osse as trekosse op ver reise deur die inkomelinge gebruik is, het Jan van Riebeeck hulle al as pakdiere gebruik en ook om die eerste waentjie wat in die Kaap gemaak is te trek sodat hy huise en vestings kon bou en die handelstasie in die Kaap kon vestig en uitbou. Die wa wat in die Kaap gebou was, was 'n replika van die plaaswaens wat in Holland en Duitsland gebou en gebruik was. Dit het in die kakebeenwa ontwikkel wat meer gehard was vir die moeilike terrein waaroor dit in Suid-Afrika moes beweeg.[77] Die waens is so genoem omdat dit soos die kake van 'n os gelyk het.[78] Landbouers soos Frederick du Buis en sy ouers moes soos al die trekboere en boere in die binneland van Suid-Afrika gebruik gemaak het van hierdie vervoermiddels om hulle so ver van die Kaap te kon vestig.

Die Khoekhoen was nie baie gretig om van hulle osse afstand te doen nie en dit het moeilike onderhandelinge tot gevolg gehad. Van Riebeeck was verbied om die diere met geweld van hul eienaars te neem.[79] Die hout teen die hange van Tafelberg het gou uitgeput geraak en teen die tyd dat Willem Adriaan van der Stel goewerneur aan die Kaap was, het hy van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie houtwaens uit Holland gevra. Die waens se

---

[76]Burman, J, *Towards the Horizon*, Human & Rousseau, Kaapstad, 1988, p. 13.

[77] Schoeman, K, *Armosyn van die Kaap*, p.393: *Die historikus, Theal, skryf so : The Cape Tent wagon is nothing more than the waggon in common use in the Low Countries when the first settlers came to South Africa, except that the wheels are somewhat higher. When the first waggon makers set to work in this colony, they modelled axle and schamel, draaiboard and tongue, disselboom and longwaggon, precisely as they had done in the fatherland. The rivers and sand flats necessitated higher wheels, then long journeys called for the vehicle, but the model remained unaltered in all other respects down to the days of iron axles and patent brakes.*

[78]Ibid., p.47.

[79]Ibid., pp.13-15.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

hout was te swak vir die Suid-Afrikaanse toestande en die bosse teen die *Rivier Zonderend*-berge, die Langeberge, in Wamakersbosch en Grootvadersbosch naby Swellendam was gestroop om hout te kry vir die maak van die kakebeenwaens.[80] Al hierdie vragte hout moes ook per wa na die Kaap vervoer word.

Aan Olof Bergh word 41 mans gegee om saam met hom te gaan onderhandel met die Hessequas en '*de Sousequase en Gourisse Hottentots*'. Die Sousequas is so genoem omdat hulle die volgelinge van die oorlede hoofman Sousoa van die Chainouquas van die Caledon-streek was en die Gouriquas het op die walle van die Gouritzrivier gewoon, waar Buisplaas geleë is.[81] Daar word wel gerapporteer dat die ekspedisie suksesvol was met die ruil van beeste en skape, maar van die Gouriquas word nie vertel nie, wel van die onderhandelings met die Hessequas.

> *To the Khoi, as in all pastoralist societies stock, rather than land, acted as the marker of wealth. Groups of pastoralists grazed land for specific periods, and were accustomed to following set routes throughout the year, but did not 'occupy' specific sites permanently.*[82]

Alhoewel daar aanvanklik reisigers was wat langs die Weskus opbeweeg het en kontak met die Namaqua '*Hottentots*' [83] gemaak het, was die groot getal beeste van die Hessequas wat langs die *Zonder End*- en *Breede*-riviere gewoon het vir die regeerders in die Kaap meer gesog. Die beeskuddes nader aan die Kaap was al uitgedun en moes voortdurend aangevul word om aan die behoeftes van die verbygaande skepe en die mense in die Kaap te voldoen.

> *Die doel hiervan* (hierdie verkenningsreise) *was prakties: eerstens 'n behoefte om sovêr doenlik bestaansmiddele te probeer vind – brand-en bouhout, dekriet, skulpe vir kalk – en tweedens moontlike uitvoerprodukte wat vir die VOC lonend sou blyk te wees.* [84]

Daar word ook genoem dat hulle tot in Mosselbaai koeie, osse, skape en soms die velle van roofdiere geruil het.[85] Die items wat aan die Khoekhoen gegee is in ruil vir hierdie waardevolle vee was glas- en bronskrale, koperdraad, koperborde, tabak en brandewyn.

---

[80] Ibid., pp.56-57.
[81] Mossop, E.E, *Joernale van die Landtogte* , pp.62-64.
[82] Schoeman, K, *Armosyn van die Kaap,* p.81.
[83] Sien Terminologie.
[84] Ibid., p. 133.
[85] Dapper, O, Ten Rhyne, W and Grevenbroek, JG, *Kaffraria or Land of the Kafirs, also named Hottentots,* Amsterdam, 1668, p.39.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Ander bronne gee ook aan dat dagga en yster as ruilmiddel gebruik is.[86] Volgens die skrywer, Karel Schoeman, het die Khoekhoen self dagga gekweek maar hulle het die verfynde Virginiese en growwer Brasiliaanse tabak, wat die wit onderhandelaars as ruilmiddel aangebied het, verkies.[87] So is die Khoekhoen aan tabak en drank gewoond gemaak wat later tot verslawing gelei het. Die togte met ossewaens vanuit die Kaap tot in die omgewing van Mosselbaai, was langsaam en moeilik en daarom was dit gewoonlik slegs een keer per jaar aangepak. Dus was die eienaars van die beeste nog meer geneë om hul spekvet beeste vir sulke onbenullighede te ruil omdat hulle nou lank sonder drank en tabak was.[88]

> *During his first summer at the Cape, Van Riebeeck already noted that tobacco was the decisive factor in cattle transactions, and added, "if we had no tobacco, we would scarcely be able to trade".*
>
> *Still more fatal to them, however, was the strong drink with which they became acquainted through the whites, and to which they soon became addicted as well, and more specifically arrack or Eastern rice brandy, which contained sixty to eighty percent alcohol, although they themselves preferred the milder aniseed arrack from Batavia.*[89]

Isaq Schrijver was van Leiden in Holland afkomstig en het ook sedert 1684 togte na die binneland onderneem soos Bergh. Hy het ook na Namakwaland gereis en was betrokke by die berging van die Portugese skip, die *Nostra Signora de los Milagros* by Struisbaai aan die suidkus van die Kaapkolonie.[90]

Schrijver se reise na die ooste van die Kaap het dieselfde roete as Hieronymus Cruse gevolg, want die pad tot by die Gouritzrivier is toe al deur Cruse beskryf. Schrijver het egter verder getrek deur die Klein-Karoo en tot in die Groot-Karoo.

> *Dié ekspedisie van Schrijver was van betekenis deurdat met sy tog die weg oor die Gantouw* (Sir Lowry's Pas) *na die ooste gebaan is en hy deurgedring het tot in die omgewing van die huidige Aberdeen en só meer kennis van die binneland verkry is.*[91]

Hy maak in sy dagboek melding van die aalwyne in die Riversdale–omgewing en ook van die Gouritzrivier wat so vol was (Januarie 1689) dat hy reken mense sou met bootjies van die

[86] Burman, J, *Towards the Horizon*, Human & Rousseau, Kaapstad, 1988, p. 34.
[87] Schoeman, K, *Seven Khoi Lives*, Protea Book House, Pretoria, 2009, p. 172.
[88] Ten Ryne, W, *A Short Account of the Cape of Good Hope, 1686,* p. 109.
[89] Schoeman, K, *Seven Khoi Lives,* pp. 172-173.
[90] Mossop, E.E, *Joernale van die Landtogte,* Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1931, pp. 196-197.
[91] Schoeman, K, *Armosyn van die Kaap,* p. 147.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Mosselbaaise kus daarop kon vaar.[92] Hierdie is alles kenmerke van die omgewing van Buisplaas waar die inwoners in die loop van die jare hul geld verdien het uit die tap van aalwyne. Die rivier was vir jare die enigste waterbron vir die inwoners van Buisplaas, maar wanneer Schrijver later in Maart weer deur die Gouritzrivier moes trek met al die vee wat hy geruil het, skryf hy in sy dagboek hoe min water daar in die rivier is.[93] Dit is steeds 'n werklikheid wat die mense van Buisplaas mee moet rekening hou. Hierdie is 'n streek met lang periodes van droogte. Dit was ook daarom dat die Khoekhoen gedurig met hulle vee na beter weiding geskuif het en nie te lank op een plek vertoef het nie.

Met sy terugkoms in die Kaap op 6 April 1689 word Schrijver opgehemel omdat sy ekspedisie so suksesvol was.

> *Return to the Castle of the Ensign Isacq Schrijver, on completion of an Inland Expedition which lasted for three full months, with all his Company hale and hearty. He brought with him over one thousand head of cattle (Coeij beesten) traded from diverse Hottentots and in especially from the Inquaas for Tobacco and Red Beads, as appears in greater detail in the following Diary.*[94]

Die reise na die ongerepte binneland het die meeste van die Europese uitgestuurdes en nuuskieriges onherroeplik verander as gevolg van die talle probleme waarmee hulle te doen gekry het. Vaandrig Woeke, *'n regop, geüniformde Pruis en gerespekteerde offisier* het na tien jaar in die binneland byna onherkenbaar teruggekom Kaap toe en word so na al sy ondervindinge, beskryf:

> *Iets het in die wildernis met sy kommunikasie verkeerd gegaan, miskien te veel en te groot afstande, 'n landskap té ruim, te veel volke en nasies, te veel onverstaanbare taal om presies te dokumenteer, onoplosbare probleme, koppige boere, veels te veel mensebloed, wanhoop, swak gehalte brandewyn, of alles tesaam.*[95]

Goewerneur Willem Adriaan van der Stel was ten gunste van die uitbreiding van die Kolonie en het veral weidingsplase aan die burgers gegee omdat dit dan veel makliker sou wees om genoeg kos vir die Kaap en die skepe te kon voorsien. Hy skryf as motivering die volgende aan die Here XVII:

> *As the inhabitants have greatly multiplied during many years, they have been permitted to spread themselves inland...Consequently, under the blessing of*

[92] Ibid., pp. 216, 218.
[93] Ibid., p. 245.
[94] Mossop, E.E, *Joernale van die Landtogte,* Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1931, p.205.
[95] Sleigh, D, *1795,* Tafelberg, Kaapstad, 2016, pp. 112-114.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

> *God, the Cape promises to grow by the increase of its own people, who not knowing another Fatherland, will not do as the majority of those who come out, and, when they have managed to scrape together something, again depart, which as your honours will be able to perceive, tends to the great injury of this growing Colony.*[96]

Hierdie was 'n belangrike vereiste wat ook die voorvaders van die Buisfamilie toegelaat het om eers in die Swellendam-omgewing en toe later nader aan die Gouritzrivier plase te kon bekom. Daar was aanvanklik drie soorte pioniers wat hierdie proses van beslagneming van die Khoekhoen en Boesmans se natuurlike habitat uitgevoer het. Daar was die jagter, die veehandelaar en die beesboer. Aangesien daar volop wild oral in die suidoostelike distrik van die Kaap was, het die meeste boere vir die pot geskiet. Ander, soos Frederick du Buis se broer, Coenraad het ook wild geskiet om geld daaruit te maak. Die velle van diere en ook die ivoor van die olifanttande is aan handelaars verkoop. Die jagter het vir die pot geskiet en ook net vir die plesier daarvan en sou vêr na die binneland reis agter die mees gesogte wildsoorte aan. Toe die wild al hoe minder geword het, moes ook die Boesmans verder wegtrek in die rigting van die Kalahari om aan die lewe te kon bly. Daar was ook skermutselings tussen die Boesmans en die inkommers en daar is selfs jaggemaak op die Boesmans.

> *Finally it became impossible for the remaining Khoikhoi of the south-Western Cape to continue their pastoral way of life as white farmers moved steadily deeper into the interior from 1679 and settled among them.*[97]


Alhoewel 1679 hier as datum genoem word vir die inbeweging van die blanke pioniers was dit 'n stadige proses wat eers later versnel het.

---

[96] Burman, J, *Towards the Horizon*, Human & Rousseau, Kaapstad, 1988, p. 32.
[97]Schoeman, K, *Seven Khoi Lives*, p.173.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

**Kaart 3: Die beweging van die Europeërs uit Kaapstad na die binneland**




Voor die vernietigende Pokke-epidemie van 1713 en die ander daarna wat die getalle van die Khoekhoen drasties verlaag het, was dit moeiliker vir die veehandelaar om 'n bestaan te maak omdat die Khoekhoen baie geheg aan hulle beeste was. Die onderhandelinge was dikwels moeilik, want die Khoekhoen het geweet dat hulle die kern van die aanteelkudde moet behou en dat hulle nie sommer voetstoots van hulle beeste ontslae kan raak nie. Nogtans het die ruilhandel aangehou veral as die vergoeding voldoende in hulle oë was. Na die epidemies kon die veeboer hom ook veel makliker vestig in die suidoostelike distrik, want die meeste van sy kompetisie was nie meer daar nie.

In die 10 jaar van 1700 - 1710 het die getal skape op die plase van blanke boere van 53 000 na 131 000 vermeerder en dié van beeste van 8 357 na 20 082. Die trekboer/veeboer op soek na weiding vir sy vee het die mond van die Breederivier in 1717 bereik en Grootbrak naby Mosselbaai in 1730.[98] Daar was nog soveel grond beskikbaar dat baie van die pionierboere 'n winter- en 'n somerplaas aangeskaf het sodat hy met sy vee kon trek na beter weiding wanneer die seisoene verander het.[99] En so het ook Frederick du Buis hom later langs die Gouritzrivier gevestig, 'n hele paar plase bekom en een van sy plase

98 Burman, J, *Towards the Horizon*, Human & Rousseau, Kaapstad, 1988, pp. 34-36.
99 Ibid., p. 37.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

aan sy twee buite-egtelike seuns by die slavin of Khoekoe-vrou, Klaris, nagelaat. Hierdie plaas, Buffelsdrift 191, is vandag Buisplaas, die dorpie en die heimat van die Buis-nageslag. Die ander plase is aan die kinders wat binne die eg gebore is, bemaak.

Vir die meeste benodigdhede soos onder andere hulle skietgoed, tee en koffie het die trekboere nodig gehad om die Kaap te besoek. Later het smouse daardie handelaarsrol vervul en op die plase die noodsaaklikhede aan die boere verkwansel. Maar die trekboer, jagter en veehandelaar het ook teruggegaan Kaap toe om hulle kinders te laat doop.[100] So is ook Frederick du Buis in die Kaap op 3 Januarie 1768 gedoop alhoewel sy ouers toe al in die Swellendam-distrik geboer het. Die Swellendamse distrik het oor 'n baie groot area tot by die huidige George gestrek. Voordat kerke op die dorpe gestig is, moes die inwoners van die buite-distrikte steeds Kaap toe gaan vir hul geestelike behoeftes.

Nog 'n reisiger wat 'n waardevolle dagboek oor sy reise nagelaat het, was die Sweed Anders Sparrman. Hy is in 1748 in Swede gebore en het as mediese dokter gekwalifiseer. Hy het verskeie reise as skeepsdokter onderneem maar die inligting wat vir hierdie studie gebruik is, is die inligting wat hy eers neergeskryf het tydens sy tweede verblyf in die Kaap toe hy 2 100 km in nege maande na die Oos-Kaap en terug gereis het. Sy belangstelling in die natuur- en dierelewe, inheemse bevolking en die landskap het sy skrywe daaroor belangrik gemaak.

> *Fired with love of science and of truth, he set out to the desert wilds of Africa, without money; and without friends or support of any kind; and was even obliged to labour for some time, before he could acquire wealth enough to enable him to put his favourite scheme in execution.*
>
> *Physician, naturalist, and philosopher, neither human matters, nor civil institutions, rural economy, nor the regulations of police (internal government and civil administrations), nothing, in fine, escapes the keenness of his observation.*[101]

Sparrman gee noukeurige beskrywings van die Khoekhoen se voorkoms en lewenswyses. Hy beskryf die Gouritzrivier se steil walle en dat die rivier deur so baie riviere gevoed word en daarom kan daar fratsvloede voorkom wat dit vir die reisiger moeilik maak om die rivier oor te steek.[102] Maar hy konsentreer verder op die breedvoerige beskrywings van die diere en

---

[100]Ibid., p. 37.

[101] Sparrman, A, *A voyage to the Cape of Good Hope, 1772-1776,* Van Riebeeck Society, Cape Town, 1975, pp. 28, 29.

[102]Ibid., p. 241.

المنارة للاستشارات

www.manaraa.com

plante en op die verskeie Khoekhoen-groepe se gewoontes en ons leer nie meer oor die streek waarin Buisplaas geleë is nie.

Die meeste van hierdie joernale van die reisigers is eers lank nadat dit geskryf is, gepubliseer en daarom was dit nie altyd dadelik toeganklik vir ander historici nie. Olof Bergh en Schrijver se joernale wat al in die 1680s geskryf is, is eers in die twintigste eeu gepubliseer. Sparrman se twee substansiële joernale is in 1786 gepubliseer en was van nut vir vele ander reisigers en historici. Francois le Vaillant, die Fransman, se vyf volumes oor sy uitgebreide reise in Suid-Afrika is in 1790 – 1796 uitgegee maar sommige latere historici en kenners het gemeen dat van sy beskrywings te kleurvol en in detail was vir die waarheid.[103]

Tog gee hierdie vroeë reisbeskrywings ʼn prentjie van die ongerepte suidoostelike Kaapkolonie wat as agtergrond vir hierdie studie dien. In die Kaap het daar ʼn nuwe geslag onafhanklike jongmense grootgeword wat al hoe minder bande met hul land van oorsprong gehad het. Soos wat die landbougrond in die omringende areas om Kaapstad minder geword het, het die mans verder weg in alle rigtings van die Kaap na plase gesoek. Al was die omstandighede nie altyd maklik vir die nuwe, veral, veeboere nie, het hulle stadig maar seker uitgewyk en vir hulle in die afgeleë platteland ʼn nuwe lewe geskep. Droogtes is maar oral ʼn gegewe in Suid-Afrika en dit was nie net die soeke na nuwe weivelde vir hulle kuddes wat mans met hul gesinne in die ongerepte dele van die Kolonielaat vestig het nie, maar ook hulle ontevredenheid met die Kaapse regering, nuwe wette en hulle avontuurlus (en *wanderlust*).[104] Aangesien daar veel meer oor Frederick du Buis se broer, Coenraad, geskryf is, kry ek deur hierdie beskrywings van sy verskillende verblyfplekke, vroue, gevegte en lewensuitkyk, ʼn beeld van ʽn rustelose avonturier. Frederick, die voorvader van die inwoners van Buisplaas was duidelik tevrede om te boer in die omgewing van die Gouritzrivier en ʼn rustiger bestaan te voer.

## 2.3 AGTERGROND VAN BUISPLAAS

Buisplaas was aanvanklik slegs bekend as Deel 1 van die plaas, Buffelsdrift 191 in die Albertinia-distrik. Buisplaas is ʽn dorpie waarin ongeveer 277 mense in 2018 woon.[105] Die voorvader van hierdie Buise, Frederick du Buis was ʽn afstammeling van Franse voorouers. Frederick (gedoop op 3 Januarie 1768 in die Kaap en oorlede in 1838) het hierdie plaas, Deel 1 langs die Gouritzrivier aan die twee seuns, Simson en Saul van hom en die ʽslavin',

[103] Smith, K, *The Changing Past,* pp. 12 -13.
[104] Schoeman, K, *Armosyn van die Kaap*. pp. 346- 350.
[105] Inligting verskaf deur voorsitter van BBV, R Philander.

www.manaraa.com

Klaris, nagelaat. Of Klaris 'n slavin of a Khoekhoe-vrou was, is onbekend.[106][107][108]In 'n gesprek tussen twee nasate van Buisplaas, Jan Hoogbaard en Attie Joseph word na Klaris as 'n ou 'aia' verwys.[109] Hulle meen dat Frederick 'n beter, vrugbaarder stuk grond aan sy buite-egtelike seuns kon nagelaat het, maar die plaas slegs aan hierdie twee seuns nagelaat het om sy gewete te sus. Daar kan aangeneem word dat hy verskeie plase besit het want sy ander kinders het ook grond geërf. Weidingsplase het later leenplase geword het, wat die 'huurders' mettertyd teen 'n minimale bedrag kon koop. Frederick was met 'n blanke vrou, Sophia Maria Vivier, getroud by wie hy ses kinders gehad het en toe het hy en Klaris ook nog hierdie twee seuns gehad.

Volgens Jean Blanckenberg, 'n Kaapse genealoog en my eie navorsing het Frederick Petrus du Buis sonder 'n testament op die ouderdom van 73 jaar aan die huis van sy skoonseun, Jacobus Pieterse in die omgewing van die Gouritzrivier in 1838, gesterf. In Frederick se *Death Notice* waarin daar verklaar word dat hy op 12 Augustus 1838 oorlede is, word bevestig dat hy nie 'n testament nagelaat het nie. Dat hy en sy vrou, Sophia eiendom saam besit het, word wel genoem.[110] 'n Ander skoonseun, Christoffel van Zyl, het wel 'n inventaris van sy besittings opgestel en het genoem dat Frederick se vrou en kinders dit kry. In 'n brief wat saam met Frederick se *Death Notice* in die Kaapse argief gevind is, word beklemtoon dat Frederick vir Van Zyl £150 betaal het sodat Van Zyl hierdie inventaris kon opstel en skynbaar ook kon help dat Frederick se besittings in die regte hande sou beland.[111] In nog 'n dokument wat hierdie inventaris bevat, word genoem dat al die items wat daarin voorkom na Frederick se 'huisvrou', nl.Sophia, gaan. Tog word al sy 'blanke' kinders by name genoem, maar van Simson en Saul word geen melding gemaak nie. In 'n

---

[106]Jansen, E, *Soos familie*, Protea Boekhuis, Pretoria, 2015, p. 49.*Gedurende hierdie tydperk was die volgende van toepassing: Seksuele verkeer tussen blanke mans en slavinne was as sodanig nie strafbaar nie. Dit was nie ongebruiklik dat slavinne in feite as minnaresse of houvroue aangehou is nie, en ook dat die kinders nie deur hul vader erken is nie*. Hier verskil Frederick se optrede teenoor sy buite-egtelike seuns en word hulle erken en daar word selfs 'n plaas aan hulle gegee.

[107] Schoeman, K, *Armosyn van die Kaap,* Human& Rousseau, Kaapstad, 2001, pp. 120, 122, 701- 703. In sy uitleg oor die naamgewing van slawe noem Schoeman dat slawe dikwels nie vanne gehad het nie. Aangesien die bronne slegs van Klaris praat, kan dit moontlik 'n aanduiding wees dat sy 'n slavin was, maar nie noodwendig nie.

[108]Schoeman, K, *Seven Khoi Lives*, Protea Book House, Pretoria, 2009, p.150. *The references were to slave women, however, and the problem was not so much the presumed immorality of the relationships referred to as the fact that any children born in consequence, though the offspring of Christian fathers, would be slaves like their mothers, which was regarded as anomalous and unfitting. The children of white men by Khoi women, on the other hand, whether legitimate or not, retained the free status of their mothers, and did not pose the same problem to the authorities.*

[109]*Buisplaas Submission*, 1991, p. 2.

[110]MOOC, 6/9/13.

[111]Ibid.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

addendum word sy plase genoem maar nie duidelik uitgespel hoeveel plase of grond hy besit het nie. [112]

Volgens Karel Schoeman[113] was dit dikwels die gebruik in die Kaap gedurende die vroeë jare van die kolonie om 'n inventaris van die besittings van 'n oorledene op te stel. Volgens hom het selfs baie vername persone aan die Kaap sonder testament gesterf maar dat daar gewoonlik 'n inventaris van hulle besittings was.[114] Die Aktekantoor beskik oor die aktes waarin groot gedeeltes van sy grond na sy dood aan sy seun Johannes oorgedra was. Daar was ook twee belangrike oordragte na bogenoemde in 1838. Op 11 Februarie 1851 is 2578 morge (2208.57 hektaar) grond van Jacobus Hendricus Pieterse en Hendrik Heymans, albei skoonseuns na Johannes oorgedra (T47). En op 2 Desember 1856 het hierdie Hendrik Heymans sy gedeelte van die grond aan Saul Buis oorgedra (T73). Dit is deel van die huidige Buisplaas. Hieruit kan ons aflei dat daar 'n goeie verhouding tussen die broer, Johannes en ook die susters se mans, met die twee broers, Saul en Simson was.[115] Sophia Maria Viviers is op 2 Desember 1848 op Buffelsdrif oorlede.[116] Daar is geen aanduiding wat haar houding teenoor haar man se twee buite-egtelike seuns en die feit dat hy vir hulle 'n plaas nagelaat het, was nie. Al hierdie ingewikkelde oordragte was omdat daar nie 'n duidelike testament deur Frederick opgestel was nie en ons net afleidings kan maak uit die aktes tot ons beskikking.

Die plaas was geregistreer onder die naam Buffelsdrift en Simson en Saul het saam een elfde van Frederick se oorspronklike grond gekry. Die ander deel van die grond is aan Frederick en Sophia se ander kinders nagelaat. Baie van die nasate en inwoners van Buisplaas beskou Simson (ook bekend as Sem of Sim) Buis as hulle ware stamvader. Die meeste inwoners en oud-inwoners van Buisplaas is nasate van Sim alhoewel daar ook 'n klompie van Saul se nasate is. Een van die half-susters van Simson en Saul het met 'n Oosthuizen getrou en teen 1991 het daar nog vier Oosthuizen-families op dele van die oorspronklike plaas geboer.

Frederick Petrus du Buis was die jonger broer van die legendariese Coenraad de Buys. Coenraad was die swerwer wat oral in Suid-Afrika rondgetrek het. Daar is melding van Frederick se deelname aan van die skermutselinge met swart stamme wat deur sy broer,

[112] MOOC, 7/1/147.
[113] Karel Schoeman was 'n romanskrywer alhoewel hy met gesag oor die geskiedenis geskryf het as gevolg van sy deeglike navorsing.
[114] Schoeman, K, *Hoogty,Die opbloei van 'n koloniale kultuur aan die Kaap, 1751 – 1779,* Protea Boekhuis, 2014, p. 220.
[115] Ongepubliseerde dokument, *The Legal Problem,* inligting van Jean Blankenberg, Kaapse genealoog, p. 90.
[116] MOOC, 6/9/46, *Death Notice of Sophia Maria Viviers, filed December 1848.*

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Coenraad aangevoer is, en ook dat hy gewond was, maar verder moet ons aanneem dat hy woonagtig was op Buffelsdrift.[117] Saul het skynbaar te veel gedrink (volgens oorlewering maar dit kan nie skriftelik bevestig word nie) en Simson het die plaas alleen behou met die hulp van Frederick se enigste 'blanke' seun, sy half-broer Johannes. Buisplaas is in 1863 deur Johannes aan die broers oorgedra. In 1884 is Saul se eiendomsreg aan Simson oorgedra. Op daardie stadium het Saul reeds sy erfporsie aan Simson verband/verkoop en het Saul nie meer geleef nie. In die *Kennisgeving van Sterfgeval* (sic) van Souel Buÿst word sy ouers as Frederik Buÿst[118] en Klaris aangegee en dat hy op Riversdale gebore is. Hy het op *Eilants Rugt*(Eilandsrug of Elandsrug)[119][120]in sy eie huis op 9 Oktober 1873 gesterf op die ouderdom van 57 jaar. Hy en sy vrou Mina Mÿ het sewe kinders gehad en hy het ook sonder 'n testament gesterf. Daar word genoem dat hy roerende en onroerende besittings nagelaat het.[121] In sy inventaris word genoem dat hy 575 morg (492,6 hektaar) op Eilandsrug besit het, maar min diere en ander besittings.[122] Eilandsrug is naby Buisplaas geleë maar daar kon nie uitgevind word hoe hy aan die grond gekom het en wat daarvan geword het nie.

Simson was met Maria Tarentaal getroud en daar is in sy doodsertifikaat geskryf dat hy die eienaar was van '*110 morgen dry ground along the Gouritz River named Buffels-drift* '[123]. Hy en Maria het 'n gesamentlike testament gehad wat deur albei met kruisies onderteken was. '*De ze kruyse betekent ons namen met ons eigen handen gemaak: Sem Buÿst, Maria Trantaal.'* [124] Simson is op 87 jarige ouderdom op die 14e November 1889 oorlede en Maria op 84 jarige ouderdom op die 31e Augustus 1896.[125] Hulle het saam ses kinders gehad en op albei se doodsertifikate word al ses kinders se name neergeskryf wat ons laat aanneem dat hulle nog in daardie stadium geleef het. Sien Bylaag vir doodskennisgewings van Sim en Maria Buis. Vyf van die kinders was op Buffelsdrift woonagtig en slegs een, Piet, se woonplek was onbekend aangesien hy met Maria se afsterwe reeds agt jaar vantevore na óf Kimberley óf Johannesburg vertrek het. Die testament is op 24 Maart 1874 opgestel.

---

[117]Van der Merwe, P J, *Die Kafferoorlog van 1793,* Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1940.
[118]Spelling van name soos op die dokument.
[119]Sien Kaart 2.
[120]Op sommige kaarte word die plaas Elands Rug gespel. Die Gouritzrivier se loop vorm 'n eiland net onderkant Buisplaas en die naam, wat ander bronne gebruik, kan daarvan afgelei wees.
[121]MOOC, 6/9/145.
[122]MOOC.7/1/332.
[123]MOOC, 93/23,(2223), 6/9/275, *Death Notice, filed 7 December 1889*.
[124]MOOC, 93/23, (1798) Testament van Sim en Maria Buis, 93/23,*filed 7 December 1889.*
[125]MOOC, 6/9/356, *Death Notice, filed 17 September 1896*.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Tot vandag toe woon van die nasate van Simson Buis op die klein nedersetting, Buisplaas. Al was hulle omstandighede nie uniek nie, was grondeienaarskap deur 'nie-blankes' in daardie jare tog uitsonderlik.

## 2.4 AGTERGROND VAN DIE KAAPKOLONIE

> '*Another change at the Cape during the middle years of the nineteenth century was the transition from slavery and other forms of bond-labour to free labour based on contract. But no great change in economic relationships ensued, for the Coloured labourer did not acquire much bargaining power. Since the end of the eightieth century the rural Khoikhoi had been virtually a landless people, very few possessing land titles recognized by the Government.*'[126]

Ordonnansie 50 van 1828 het dit onnodig gemaak dat die Khoekhoen passe moes dra, maar meer belangrik vir grondeienaarskap was dat hierdie Ordonnansie verhoed het dat enige vrygemaakte slaaf of Khoekhoen grond kon aanskaf.[127] Hulle kon wel vrylik rondbeweeg en het wettig dieselfde regte as die blankes gehad. Max du Preez noem dit die *Magna Carta van die Khoikhoi* omdat dit bepaal het dat geen vrye inwoner van die kolonie gedwing kon word om te werk en dat geen vrye persoon se vryheid van beweging op grond van sy ras of velkleur ingeperk mag word nie.[128] Tog was die eertydse Hollandse wette oor die verhouding tussen 'baas' en werker steeds in plek waarin enige breuk in kontrak deur die werker steeds strafbaar was.

> *Taylor said that while Ordinance 50 granted the Khoi legal equality and lifted the restrictions on the free movement of labour, it was also a "segregators law, with especial application only to 'Hottentots and other free people of colour'; it consolidated those sections of the existing labour laws, based on old Dutch slave laws, which were essential to a Masters and Servants relationship; that is, any breach of contract on the part of the servant was to be punished as a criminal offence."*[129]

Dit maak die nalatenskap van die plaas aan sy 'nie-blanke' seuns deur Frederick soveel meer betekenisvol. Hierdie seuns se nasate het dus 'n voorreg gehad wat vir baie ander bruinmense nie beskore was nie en was hulle nie meer die werker vir 'n 'baas' nie, maar die eienaars van hulle eie grond.

---

[126] Wilson, M and Thompson, L, *The Oxford History of South Africa 1,* Clarendon Press, Oxford, 1975, p. 293.
[127] Ross, R, *Beyond the Pale,* Wesleyan University Press, London, 1993, pp. 102, 103.
[128] Du Preez, M, *Dwars,* Zebra Press, Kaapstad, 2009, p. 31.
[129] Smith, K, *The Changing Past*, Southern Book Press, Johannesburg, 1988, p.159.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Die Kaapse regering het gesorg dat die boere (nedersetters, afstammelinge van die immigrante uit Europa) wat al hoe verder van die Kaap grond gekry het om 'n bestaan te kon maak, daardeur bevoordeel is. Daar word verklaar dat die boere '*the very men who all along have been the greatest oppressors of the people of colour'* was.[130] Die stelsel in die Kaapprovinsie het tot gevolg gehad dat die Khoekhoen gedwing was om as arbeiders op die plase te werk. Hulle kon nie hulle eie plase besit nie, hulle vee kon nie soos voorheen wei waar daar weiding was nie, omdat die blanke boere al die beskikbare grond opgeëis het. Die sendingstasies kon nie aan almal werk verskaf nie en dit het vir hulle al hoe moeiliker geword om aan die lewe te bly.[131]

Voor die koms van die Europeër na suidelike Afrika was individuele grondbesit slegs 'n Europese gebruik en verskynsel. Vroeër het ook min kleinboere of mense uit die laer stand onder die feodale stelsel in Europa grond besit. Sedertdien het individuele grondbesit vir die Europeër baie belangrik geword, want die strewe na grondbesit was een van die sterkste dryfvere vir die mens om ekonomiese en dan later politieke mag te verkry.[132] Die Europeër het dadelik die landboupotensiaal en die voordele van die klimaat en natuur in Suid-Afrika raakgesien en hulle wou grond besit en dit bewerk tot hul eie voordeel. Dit het botsings tussen die Boesmans en Khoekhoen en hierdie nuwelinge ontketen omdat genoemde twee groepe nie grond 'besit' het nie omdat dit nie deel van hul kultuur was nie. Die Khoekhoen het die grond met sy gewasse as voedingsbron van diere erken en gerespekteer en wisselweidingsmetodes toegepas. As die Khoekhoen nie betyds weggetrek het van 'n gebied wat deur hulle beeste kaalgevreet was nie, sou hulle nie in die toekoms daarheen kon terugkeer nie. Daar was ook genoeg weiding en water op ander plekke sodat hulle nie altyd net aan een gebied gebind was nie. Alhoewel die Boesmans nie beeste aangehou het nie, was hulle ook bekend vir hulle eerbied vir die natuur en het nooit roekeloos met die hulpbronne omgegaan nie.[133]

> *In direct contradiction to the custom and example of the original inhabitants the Hottentots, the colonists turn their cattle out constantly into the same fields, and that too in a much greater quantity than used to graze there in the time of the Hottentots; as they keep not only a number sufficient for their own use, but likewise enough to supply the more plentiful tables of the numerous inhabitants of Cape Town, as well as the victualling of the ships in their passage to and from the East-Indies with fresh, and even with salted provisions. In consequence of*

[130] Ibid., p.98.
[131] Ibid., p.99.
[132] Changuion, L, *Omstrede Land,* Protea Boekhuis, Pretoria, 2011, pp.11-13.
[133] Ibid., pp.16,23.

www.manaraa.com

> *the fields being thus continually grazed off, and the great increase of cattle feeding on them, the grasses and herbs which these animals most covet are prevented continually more and more from thriving and taking root.*[134]

Aangesien seksuele verhoudings tussen die blanke eienaar en van sy 'bediendes' wat werksaam was in sy huis of op sy plaas gereeld voorgekom het, was die kinders uit sulke verhoudings dikwels uit die samelewing verstoot of daar is op hulle neergesien en was hulle toekomsverwagtinge nie rooskleurig nie.[135] Derhalwe was die erf van 'n plaas deur bruin nakomelinge ongewoon en 'n positiewe stap vir die Buise. Al kritiseer sommige lede van die Buisplaas-gemeenskap die kwaliteit van die grond van die plaas, was hulle tog beter daaraan toe as die meeste ander gemengdebloed nasate.

Ook het die verhoogde graanproduksie in die area waar Frederick du Buis geboer het, gehelp om die streek meer vooruitstrewend te maak. Die streek vanaf Caledon tot by Mosselbaai het 'n vername graanproduserende streek geword, veral in die jare 1810 – 1840, aangesien die graan deur Mosselbaai se hawe uitgevoer kon word. Meestal was daar vroeër slegs met vee geboer. Maar veeboerdery het ook meer betalend geword en die veegetalle het ook in daardie jare veelseggend gestyg.[136] Sodoende het ook die waarde van die boer se eiendom gestyg.[137] Op Buisplaas was ook soms graan geplant want daar word genoem dat daar 'n dorsvloer was maar van die mans het ook dikwels tydens oestye op die naburige graanplase gaan werk. Dit was voor meganisasie en toe die graan nog met die hand afgesny is.

## 2.5 KONTEKSTUALISERING

Buisplaas moet geplaas word binne die plaaslike en politieke raamwerk van Suid-Afrika en sy bestaan van 155 jaar moet in konteks behandel word. Die geskiedenis van 'n klein bruin enklawe tussen meestal blanke plase is 'n sonderlinge maar weliswaar nie 'n unieke verskynsel nie. Tog word die geskiedenis van Suid-Afrika gekenmerk deur rassisme en 'n onverdraagsaamheid van blankes met Europese wortels teenoor die minder gekultiveerde (volgens hulle) inheemse bevolking.

Waar daar aanvanklik vermenging tussen die verskillende etniese groepe aan die Kaap was, was persone van gemengde herkoms nie as sulks uit die gemeenskap verstoot

---

[134] Sparrman, Anders, *A voyage to the Cape of Good Hope 1772-1776,* Van Riebeeck Society, Cape Town, 1975, p.238.
[135] Ibid., pp. 136, 137.
[136] Ibid., pp. 16- 20, 38,
[137] Ibid., pp. 54, 55.

www.manaraa.com

nie. Tog het die meerderwaardigheid en bevooroordeling van dié blankes dikwels na vore gekom en stap-vir-stap was dit vir gemengde grondeienaars moeiliker om hulle grond te behou of nuwe grond te bekom. As daar om dieselfde ruimtes meegeding word om 'skaars goedere' soos gebied, grond, minerale rykdom, werk, mag en geleenthede vir uitlewing van wat as kulturele instellings (skole, kerke, tale) beskou word, het die bruin en swart en Asiëse inwoners van Suid-Afrika aan die kortste ent getrek. Hulle kultuur is dikwels as minder belangrik deur die mense in magsposisies beskou.

> *The true history of South African colonization describes the growth, not of a settlement of Europeans, but of a totally new and unique society of different races and colours and cultural attainments.*[138]

Die afgesonderdheid van die ligging van Buisplaas was grotendeels daarvoor verantwoordelik dat regeringsinstansies en plaaslike owerhede gerieflikheidsonthalwe van die dorpie 'vergeet' het. Die feit dat dit 'n bruin gemeenskap is, het ook deur die geskiedenis van Suid-Afrika 'n rol gespeel dat Buisplaas nie as belangrik beskou was nie. Alhoewel die grond van Buisplaas nie besonder vrugbaar was/is nie, het die nabyheid van die Gouritzrivier gehelp dat die gemeenskap in 'n mate selfversorgend kon wees. Herbertsdale was die naaste dorpie en selfs daar was/is die minimum dienste en winkels beskikbaar. Voordat daar 'n Lutherse kerkie en later 'n Anglikaanse kerk op Buisplaas gebou is, het die inwoners die 22 km na Herbertsdale op 'n Sondag afgelê om kerk toe te kon gaan.

Buisplaas was deel van die destydse Kaapkolonie en daar was aanvanklik nie teen nie-blankes gediskrimineer nie. Reeds in 1853 kon enige manlike Britse onderdaan m.a.w. inwoners van die Kaapkolonie wat oor die ouderdom van 21 jaar was en eiendom van £25 besit het of meer as £50 in 'n jaar verdien het, stem. Ongeag hulle velkleur.

> *The Secretary of State to the British Government stated the principle governing these franchise provisions, as follows: ' It is the earnest desire of Her Majesty's Government that all her subjects at the Cape without distinction of class or colour should be united by one bond of loyalty and a common interest and we believe that the exercise of political rights enjoyed by all alike will prove one of the best methods of attaining this object.'*[139]

Hierdie gekwalifiseerde stemreg is in 1887 hersien en inheemse gemeenskappe/stamme (meestal swart 'stamme' aan die ooste van die destydse Kaapkolonie) wat hul eie grondgebied gehad het, is uitgesluit. In 1892 is dit weer hersien en moes die waarde van

---

[138]Wilson, M and Thompson, L, *The Oxford History of South Africa 1,* Clarendon Press, Oxford, 1969, p. vii.
[139] Marais, J S, *The Cape Coloured People*, 1652 – 1937, pp. 214- 215.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

die stemgeregtigde se eiendom £75 wees en is 'n eenvoudige opvoedkundige toets ingestel. Die persoon wat wou stem, moes sy eie naam, adres en beroep kon neerskryf.[140] Selfs na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 het die 'nie-blanke' mans in die Kaapkolonie hul stemreg behou, maar in 1936 is swart mans van hul stemreg ontneem.[141] Later toe die Nasionale Party al aan bewind was, het die eertydse Eerste Minister, dr. D F Malan en sy regering eers in 1951, toe weer in 1953 probeer om die bruin stemgeregtigdes heeltemal van die kieserslys te skrap maar hulle kon nie 'n twee-derde meerderheid in die parlement ten gunste daarvan behaal nie.[142] Eers in 1956 met die goedkeuring van die wet, die *Separate Representation of Voters Act*(1951)*,* het die bruin mans hulle stemreg verloor. 'n Aparte stemlys is vir hulle daargestel. Daar was 'n Kleurling Raad geskep wat op die behoeftes van die bruinmense moes konsentreer en hulle moes met vier blanke verteenwoordigers wat hulle sake in die parlement kon stel, tevrede wees. In 1968 is bruinmense van alle mag ontneem en is die *Coloured Persons Representative Council* uitgebrei na veertig gekose en twintig aangewese lede.[143]

Hierdie negatiewe proses om die bruinmense van politieke mag te ontneem, is so anders as wat W H Macmillan in 1927 in sy boek *The Coloured Question* vir die bruinmense voorsien het.

> *It was this community of men who had once been Hottentots, slaves and vagrants which Professor Macmillan regarded as the achievement of the twentieth century. Instead of the greater Bantu population following, however laboriously and slowly, the destiny of the Cape Colour People, these have been thrust back again into a social, legal and political state which separates them from white and black alike.* [144]

Macmillan verdedig die eienskappe wat die Nederlandse en later die Engelse heersers aan die Kaap aan die Khoekhoen gegee het. Hulle is as baie lui bestempel, maar soos hy verduidelik is 'luiheid' 'n relatiewe begrip en as veeboere het die Khoekhoen nie nodig gehad om fisiese arbeid soos dié van 'n landbouer te verrig nie. Hulle was bloot nie ingestel om harde fisiese arbeid vir die nuwe boere aan die Kaap te doen nie. Die Khoekhoen is beskou as 'rondlopers' sonder vaste woonplek, maar die hele land was tot hulle beskikking en hulle kon rondtrek met hulle vee agter die beste weiding aan. Hulle het tog wel sekere dele van

[140] Wilson, M and Thomson, L, *The Oxford History of South Africa, 11,*Clarendon Press, Oxford, 1975, pp.427-428.
[141] Worrall, D, *South Africa. Government and Politics,* J L Van Schaik Ltd., Pretoria 1971, p. 222.
[142]Ibid., p. 214.
[143]Ibid., pp. 222 – 223.
[144] Macmillan, W H, *Cape Colour Question,* A A Balkema, Kaapstad, 1968 ( herdruk). Eerste druk 1927, p. vii.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

die destydse Kaapkolonie as hul bakermat beskou en is daar uitgedryf deurdat die blanke boere al hoe verder weg van die Kaap na plase begin soek het. Die regering in die Kaap was nie ten gunste daarvan dat die boere so ver van Kaapstad uitgewyk het nie, maar die boere wou groter grond, beter plase hê en het verder weg van die 'juk' van die administrasie en die regering getrek en het dus al hoe meer in die tradisionele gebied van die Khoekhoen en Boesmans inbeweeg.

> *The nomad is indifferent to land rights; he owns cattle and grazes them where he will, with no one seriously disputing his right to come and go as he will. The vagrant can hardly own anything; and his wanderings are on land that definitely belongs to another. Many of the Boer farmers were themselves nomadic; but the Hottentots, having lost all effective right to the land, had also lost their cattle and become vagrants by fate, not by choice*.[145]

Die Khoekhoen-gemeenskappe het geleidelik verander in gemeenskappe van gemengde bloed en daar was later min voormalige Khoekhoen oor. Soos hulle in aanraking met die Europese aankomelinge in die Kaap en met die vrygemaakte slawe wat van Oosterse lande en ander dele in Afrika gekom het, het bloedvermenging plaasgevind. Soos hulle uitgewyk het na die gebiede van die swart gemeenskappe het hulle ook daar gemeng geraak. Die Khoekhoen se besonderse eienskappe het ingesluit dat hulle byvoorbeeld die taal van die inkomelinge vinnig aangeleer het en kon dus as tolke optree en ook dat hulle saam met die Europese jagters op jagekspedisies kon gaan. Die oorgrote meerderheid Europeërs het die Khoekhoen-taal te moeilik gevind om aan te leer. Dit het die Khoekhoen dus gebaat om die taal van die nuwe 'heerser' aan te leer.

> *Whereas in 1700 the extent of the settled area was within a radius of fifty miles of Cape Town, by 1750 the radius was at least two hundred miles from Cape Town; by 1795 the extent was more than two hundred miles north and more than four hundred miles east*.[146]

Dis in hierdie gebied na die ooste van Kaapstad waar Buisplaas geleë is en wat deur dieselfde prosesse gegaan het omdat dit ook die gebied was wat deur die Khoekhoen bewoon was.

Soos in die VSA kan daar ook in Suid-Afrika gepraat word van 'n ' trail of tears' wat die hartseerstories van ontheemde bevolkingsgroepe bevat. Die Khoekhoen en die Boesmans is nie net van hulle grondgebied verdryf nie, maar hulle getalle het drasties

---

[145]Ibid., pp. 34- 36.
[146] Sales, J, *The Planting of the Churches in South Africa*, p. 21.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

verminder. Die Boesmans is soos wild gejag en is doodgeskiet totdat slegs 'n klompie oorleef het, waarvan 'n gedeelte ook gewone plaasarbeiders soos die Khoekhoen geword het en nog 'n gedeelte noordwaarts na die Kalahari of ander dele van die land gevlug het. Die pokke-epidemie van 1713 (ook in 1755 en 1767) het die Khoekhoen-bevolking ook verklein en grootskaalse vermenging met ander gemeenskappe het plaasgevind. Die skepe met gevalle van pokke het in 1713 in die Kaapse hawe ingekom en pokbesmette wasgoed was aan wal gestuur. Hierdie wasgoed was gewoonlik deur die slawe in die Slawelosie gewas en die werkers daar was die eerste besmet. Hierdie epidemie het vir agt maande gewoed en duisende van alle klasse is dood maar veral het nege uit die tien van die Khoekhoen in die Kaap maar ook verder die binneland in, aan hierdie siekte gesterf.[147]

Die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap en ook die Berlynse Sendinggenootskap het op die platteland van die Kaap veral na die geestelike maar ook die materiële welstand van die Khoekhoen omgesien. Daar is skole begin by die Sendingstasies maar veral ook tuine en plase aangelê sodat kos geproduseer kon word. Dit het die sendelinge lank geneem om die Khoekhoen te oortuig dat hulle met fisiese arbeid moet help om huise, kerke en skole te bou. Sendelinge uit die Europese lande was gewoond dat jy hard moet werk voordat jy jou oes op die land kan insamel en gebruik en dit was moeilik om van die nomadiese Khoekhoen met 'n ander verwysingsraamwerk oor landbou, in landbouers te ontwikkel. Baie van die Khoekhoen het ambagte van die sendelinge geleer en baie goed daarin geword. By die Friemersheim–sendingstasie naby Groot-Brakrivier het die Volkwyn-mans byvoorbeeld houtwerk geleer by 'n Duitse priester (heel waarskynlik eerwaarde Johann Kretzen wat Friemersheim-sendingstasie begin het) en daaruit het die bekende Volkwynstoel ontstaan wat 'n versamelstuk geword het vir menige antieke meubelversamelaar.[148]

Die vrouens op die plase in die afgeleë gebiede het van Khoekhoen en slawe gebruik gemaak om die huishoudelike take te verrig[149] en sommige van hierdie huiswerkers het dan ook kinders by die blanke eienaar van die plaas gehad. Soos ook in die geval van Frederick du Buis wat die twee seuns by hul huiswerker gehad het en aan wie hy die grond waarop Buisplaas vandag staan, bemaak het.

Macmillan het 'n nuwe term om die bruinmense mee te beskryf probeer skep en hy het die woord '*Eurafricans*' gebruik, maar dit het nie algemene gebruikstaal geword nie.

[147] Sleigh, D, *1795*, Tafelberg, Kaapstad, 2016, p. 124.
[148] Great Brak River Museum Association, pp.3,4.
[149] Sales, J, *The Planting of the Churches in South Africa, p.21.*

www.manaraa.com

> *With every generation that passes, the new term, "Eurafrican", becomes more and more an accurate description of a people who today number something more than a half a million of the population of the Union.*[150]

Alhoewel Buisplaas reeds in 1863 tot stand gekom het, is dit vir jare deur alle amptelike diensleweringsorganisasies geïgnoreer omdat dit aan 'n bruin gemeenskap behoort het. Dit was egter nie al rede nie, maar ook omdat die meeste inwoners van Buisplaas nie die titelaktes van hul eiendom besit het nie. Hulle kon nie hul wettige indivuduele eienaarskap bewys nie, maar het tog bewyse gehad dat Buisplaas aan hulle behoort. Hierdie feit het dit vir die betrokke diensleweringsinstansies gepas sodat hulle nie dienste aan Buisplaas gelewer het nie want dit was dus private eiendom. Maar die feit dat hulle wel hulle grond behou het, blyk tog ongewoon te wees as selfs Macmillan reeds in 1927 verklaar dat die bruinmense ' *Divorced long since from the land…'* nie as erkende grondbesitters gekenmerk was nie.[151]

Ook nadat die Nasionale Party–regering in 1948 aan bewind gekom het, was Buisplaas steeds vergete omdat die inwoners onder geen van die apartheidsgroeperinge geval het of wou val nie. Die tuislandbeleid van die Nasionale Party–regering het net voorsiening vir aparte 'tuislande' vir swart bevolkingsgroepe gemaak. Die bruinmense van, veral die destydse Kaapprovinsie, is wel uit die sogenaamde blanke woonbuurtes geskuif na aparte 'lokasies'/woonbuurtes tydens die toepassing van die Groepsgebiede Wet van 1950, maar daar was nooit vir hulle tuislande geskep het. Die 1950 wet (nr. 41) en ook die 1957 wet (nr. 77) het bepaal dat 'die Kleurling-rassegroep' in hul eie afsonderlike gebiede moet woon. Die Bevolkingsregistrasiewet(nr. 30 van 1950) het hulle formeel as 'Kleurling' geklassifiseer en voorsiening gemaak vir diegene wat klaarblyklik nie 'gekwalifiseer' het vir die sub-kategorie van Kleurling nie, soos Maleiers, Griekwas, Rehoboth Basters en Nama. Dus is 'Ander Kleurlinge' gefabriseer wat die Buyse van Buysdorp (Coenraad de Buys se nageslag) insluit, maar kleiner groeperinge soos die Buise van Buisplaas skynbaar agterweë gelaat het.

> *But removals did not only take place in urban areas. In rural areas, the practice of removals was widespread. The objective of apartheid removal policy in the rural areas was to mobilize more black farm labourers and remove any competition for white farmers from black farmers*.[152]

---

[150]Macmillan, W H, *Cape Colour Question, A A Balkema, Kaapstad, 1968 ( herdruk).* Eerste druk1927, p.287.
[151]Ibid., p. 288.
[152] Pape, Friedman and others, *Making History,* Heinemann, Johannesburg, 1998, p. 312.

المنارة للاستشارات

www.manaraa.com

In die studie wat 'n Duitse navorser in 1997 gedoen het, het die volgende geblyk. In die drie areas waar sy haar navorsing gedoen het onder bruinmense, het 56,1% in Piketberg, 67,9 % in Mitchells Plain en 51,5 % in die Paarl verklaar dat hulle geen probleem met die benaming 'kleurling' het nie. Hieruit het ook geblyk dat dit nie net om die naam 'kleurling' gaan nie, maar dat hulle trots is om as 'n aparte nasie geklassifiseer te word. [153] Daar is egter skrywers van die geskiedenis van die bruin gemeenskap wat nie hiermee saamstem nie. Twee regeringsondersoeke in 1937 en 1976 was onsuksesvol om 'n definisie van die bruingroepering mense van Suid-Afrika daar te stel.

> *If one described a Coloured as someone of 'racially mixed stock', they realised, one ran into the problem of how to tell where 'Coloured' ended and 'white' or 'African' people and, one might add, the extent of miscegenation since the arrival of the first white settlers*.[154]

Ook het wetgewers gesukkel om die bruinmense korrek te klassifiseer. Die amptelike wetlike definisie het op fisiese voorkoms of algemene aanvaarding van die norme gekonsentreer, wat dit 'n opinie eerder as 'n feit maak. Hierdie lukrake persepsie van mense wat op fisiese voorkoms gebaseer is, was potensieel gevaarlik en onregverdig. Daarom word dit meestal deur die bruin gemeenskap verwerp. Sommige historici verwerp ook hierdie kategorisering, want hulle voel dat die bruin gemeenskap uit soveel uiteenlopende groepe bestaan dat hulle nie 'n homogene groep vorm nie. Soos M G Whisson dit stel, is hulle eerder 'n *'residual category of persons whose sole common feature is negatively defined.'*[155]

Tog het die sensus van 1904 drie groeperings in hul vraelyste beskikbaar gehad, naamlik Wit, Bantoe en 'Coloureds' of Kleurlinge. Voorheen was daar slegs twee groepe, naamlik 'European' en 'Coloured'. Laasgenoemde was vir alle persone wat nie wit was nie.[156] Die uitvoerende hoof van Agri SA voer in 2018 aan dat bruinmense steeds op aansoekvorms op grond van etnisiteit geklassifiseer en ge-etiketteer word: *Die sout in dié wond is nie die uitsluiting van dié benaming* (as Afrikaner) *nie, maar die vernederende, rassistiese gebruik en karikaturisering wat dikwels met die benaming 'Kleurling' gepaard gaan.*[157]

'n Veranderde sosiokulturele landskap aan die Kaap het na die landing van Jan van Riebeeck in 1652 begin vorm aanneem en mettertyd meer en meer verander deurdat twee

---

[153] Pickel, B, *Coloured Ethnicity and Identity,* Institute für Politische Wissenschaft, Universiteit van Hamburg, Duitsland, 1997, pp. 60,61.
[154] Lewis, G, *Between the Wire and the Wall,* David Phillip, Cape Town, 1987, p. 3.
[155]Ibid., pp. 4-5.
[156]Goldin, I, *Making Race,* Gariep Publishing Company, Cape Town, 2000, p.19.
[157]Van der Rheede, C, *Die Burger*, 16.04.2018, p. 11.

www.manaraa.com

immigrantegroepe hulle by die inheemse bevolking aangesluit het. Die twee groepe het bestaan uit mense uit die Noordelike halfrond (meestal Protestante Hollanders, Duitsers en Franse en later meer Engelse) en slawe (meestal sogenaamde heidene, volgens Europese persepsies van daardie jare, uit Oos-Afrika, Madagaskar, Maleisië en uit die Oos-Indies). Die inheemse bevolking het uit die Boesmans en die Khoekhoen bestaan. Die voorneme van die immigrante uit die Noordelike Halfrond was om grond te bekom en hier 'n bestaan te maak en hul landbouprodukte aan die verbygaande skepe se bemanning te verkoop.

Die voorouers van Frederick du Buis was deel van 'n groep immigrante en het in 1688 uit Frankryk aan boord van die skip, die Oosterlandt aan die Kaap geland. Jean du Buis (de Buys, Buys) en Sara Jacob het albei uit Calais, Frankryk vertrek na Suid-Afrika. Sy was voorheen met Daniel Terrier getroud en het drie kinders gehad, maar meer inligting ontbreek. By hulle aankoms is Jean se beroep as landbouer aangegee. Hy en Sara Jacob is in 1700 getroud en aan hulle is 'n plaas in die Knolle Vallei in die Stellenboschse distrik gegee, maar sy latere nageslag het uitgewyk na die destydse Swellendam-distrik. Daar word aangedui dat hulle vier kinders gehad het. Een van hulle seuns was ook Jean (gebore op 22/09/1709 en gedoop op 9/10/1709) en hy het met Elsje Hoffman (gebore op 16/11/1710 – testament in 1782 opgestel na afsterwe van Jean wat toe al Jan geword het) op die 8e Oktober 1730 getrou. Elsje het self 'n interessante afkoms gehad aangesien sy die derde dogter van Maria Louisz (wie se slawe-ouers Louis van Bengale en Lÿsbeth van die Kaap was. Sy was ook genoem Maria Louisz van die Kaap) en Johannes Hoffman(n), 'n Duitser was. In die testament van Elsie Hoffman, weduwee van Johannes de Buÿst[158] word haar besittings, roerende en onroerende goedere onverdeeld aan hul ses kinders bemaak. Haar testament is ook net met 'n kruisie onderteken soos die gesamentlike testament van Sim en Maria du Buis. Karel Schoeman maak dikwels melding van die ongeletterdheid van die koloniste en dat hulle meer in materiële welvaart en vooruitgang belanggestel het as om hulle eie intellektuele vermoëns te verbeter.[159]

> *'Hoe verder de menschen van de hoofdplaats af woonen', skryf De Jong as beskaafde Nederlander in 1792 onbegrypend en afkeurend, 'hoe ruwer en onbeschaafder zij zijn.'*[160]

Volgens hierdie testament was Johannes (1731 gebore), die oudste seun toe reeds met Kirstina Scheepers getroud.[161][162] Johannes se naam is verhollands van die Franse Jean.[163] Sy

[158]Spelling van name behou soos dit in die dokument voorkom.
[159]Schoeman, K, *Hoogty,* pp. 272- 273.
[160]Ibid., p. 380.
[161]Spelling van name behou soos dit in die dokument voorkom.

www.manaraa.com

pa se naam word ook op sommige dokumente as Jan aangegee. Uit die dokumente wat aan hom, Jan de Buis, 'n boer weidingsregte gegee het, kan ons die boere se neiging volg om al hoe vêrder uit die Kaap na beter weivelde en boerdery omstandighede te soek. In 1757 is hy toestemming gegee om sy vee by die Grootte Bos aan die Gouritzrivier te laat wei. Dit was die verlate plaas van Jakobus Vivier. Hy moes vir iets 24 Rÿksdaalders betaal (dokument nie baie duidelik nie).[164] In April 1764 kry hy toestemming vir weidingsregte by Buffelshoek aan die Gouritzrivier. In hierdie dokument word hy as Johannes aangespreek en daar word ook na grond langs die Buffeljagsrivier (naby die huidige Swellendam) wat hy mag gebruik vir weiding, verwys.[165] Die goewerneur Ryk Tulbagh het self die dokument onderteken wat hom in 1768 weidingsregte in Buffelshoek aan die Gouritzrivier gegee het.[166] Johannes en Christina was die ouers van onder andere Coenraad en Frederick. Hulle het ook twee dogters en nog 'n seun, Johannes gehad.[167] Frederick Petrus du Buis is wel op die 3e Januarie 1768 in die Kaap gebore maar as volwassene het sy grond/plase aan die Gouritzrivier gelê. Dit is daar waar hy en sy vrou, Sophia Maria néé Vivier (getroud op 3/2/1793) en hulle ses kinders saam met Klaris en haar twee seuns woonagtig was. Op hierdie grond en die gemeenskap wat daarop ontwikkel het, fokus die studie.

Lady Anne Barnard se dagboek en briewe dui daarop dat daar teen die einde van die 1700s reeds verskeie boere in die Swellendam-distrik gevestig was, waar die ouers van Coenraad en Frederick gewoon het.[168] Swellendam was een van die min geproklameerde landdrosdistrikte en was in daardie stadium baie uitgestrek.

> *Drosties (magistracies) were set up by the authorities at Swellendam in 1743 (when the eastern frontier was fixed at the Great Brak River), at Graaff Reinet in 1785* ...[169]

Die dorp George en sy distrik is eers in 1811 geproklameer en in daardie stadium het Mosselbaai, Calitzdorp, Oudtshoorn, Uniondale en Knysna onder George geval met Swellendam aan sy westekant en Uitenhage aan sy oostekant.[170]

---

[162] MOOC, 7/1/29, Elsie Hofman se testament, 1782.Dokument : Bylaag, Appendiks 8.

[163] Schoeman, K, *Armosyn van die Kaap*, Human& Rousseau, Kaapstad, 2001, p. 319: *Dat die name van die Franse nedersetters deur die Nederlandssprekendes aan die Kaap meedoënloos vernederlands of in Nederlands vertaal is, was egter nie moedswillig of deel van 'n opsetlike inburgeringspoging nie, maar eenvoudig omdat dit die algemenegebruik van die tyd was*. P. 321: Jan de Bus ( de Buis, 'Buys').

[164] RLR, 12/1.

[165] RLR, 17/1.

[166] RLR, 20/1.

[167] Malherbe, D F du Toit, *Stamregister van die Suid-Afrikaanse Volk,* Tegniek, Stellenbosch, 1966, p. 259.

[168] Barnard, Lady Anne, *South Africa a century ago. Letters written from the Cape of Good Hope, (1797 – 1801),* Maskew Millar, Cape Town, 1908.

[169] Davenport, R en Saunders, C, *South Africa*, 2000,p. 31.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Uit onderhoude en bywoning van BBV-vergaderings is waargeneem dat die huidige inwoners van Buisplaas hul verhoudings met hul stedelike familielede as baie belangrik ag en dat hul kinders en familielede nog dikwels in Buisplaas kom kuier en oorbly. Soos die eise van groter gesinne en 'n groter nageslag toegeneem het, kon die meeste Buisplasers slegs oorleef deur weg te trek en elders te gaan werk om 'n leefbare inkomste te verdien. Maar daar was steeds 'n volhoudende en deurlopende verknogtheid aan hulle erfgrond en dus aan hierdie leefwêreld, wat die onderbou van die probleemstelling van hierdie studie is.

> *Contacts are often maintained between rural and urban kinsfolk within the extended family range. Those from the rural areas may lodge with their urban kinsfolk when they come to town to school or in search of work, and urban relatives may stay with their rural kinsfolk when ill or on holiday.*[171]

Tydens besoeke gedurende vakansietye is talle van bogenoemde gevalle ervaar waar die Buise uit die stede by hulle familie op Buisplaas kom kuier het. Die kinders het wel gekla dat daar min is om te doen op Buisplaas maar vir hul ouers was die besoeke aan Buisplaas belangrik om die familiebande te verstewig.

'n Verdere problematiese aspek wat ondersoek is, is die grondeienaarskap en die probleme wat daarmee gepaard gegaan het.

In die notule van 'n Afdelingsraadvergadering van die Gesondheidskomitee van Mosselbaai op Vrydag, 16 Maart 1979 word onomwonde gestel dat die '*BUISPLAAS GEHUG'* aan privaateienaars behoort en dat die Kommissaris van Kleurlingsake, Administrasie van Kleurlingsake in Kaapstad, nie behulpsaam kan wees met die daarstelling van 'n huishoudelike waterskema nie. Volgens die kommissaris het die gebied nie gekwalifiseer om as 'n landelike Kleurlinggebied ingevolge die Wet op Landelike Kleurlinggebiede, 1963 (wet 24 van 1963) geproklameer te word nie. Die Streekverteenwoordiger van die Departement van Omgewingsbeplanning en Energie in Kaapstad het ook die volgende geskryf: *'dat daar niks is wat hierdie Department kan doen om die lot van die betrokke Kleurlinge te verlig nie.'*[172]

'n Opsomming van die situasie op Buisplaas in 1989 voordat die ontwikkeling van Buisplaas in alle erns begin is, lui soos volg:

---

[170] De Kock, R, *Moving to Greener Pastures*, Great Brak River Museum Association, Great Brak River, 2012,p. 45.
[171] Patterson, S, *Colour and Culture in South Africa,* Routledge and Kegan Paul Ltd., London, 1953, p.150.
[172] Notuleboek van die Afdelingsraad van Mosselbaai, WKAR, 1989, p .57. Geskryf deur die senior Gesondheidsinspekteur, G Streicher.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

*BEPALING VAN PRIORITEITE:*

*Buisplaas is 'n Bruin Gemeenskap, geleë aan die oostekant van die Gouritzrivier. Die eiendom is 94ha groot en word bewoon deur 50 bruin gesinne wat almal afstammelinge is van die oorspronklike erfgename. Die eiendom is in privaat besit en is geregistreer in die naam van 10 persone wat wissel in gedeeltes van 5 x 1/6de, 2 x 1/18de, 1 x 1/36ste en 2 van 2/72ste aandele.*

*43 Ha is bougrond wat geskik is vir graanverbouing, terwyl die oorblywende gedeelte vir weiveld- en aalwynverbouing benut word.*

*Huisvesting bestaan uit wonings wat die inwoners oor 'n langtermyn uit erefondse van sementstene wat hulleself in die rivierbedding gemaak het, opgerig het.*

*Watervoorsiening: Water vir huishoudelike gebruik word vanaf opgaartenks en vanuit die Gouritzrivier verkry. Gedurende langdurige droogtes word groot probleme in verband met watervoorsiening ondervind, en is die inwoners genoodsaak om vir water in die rivierbedding te grawe.*

*Watervoorsiening vir hierdie gemeenskap is myns insiens 'n hoë prioriteit.*

*Beplanning:*

*Daar bestaan ook 'n behoefte vir verdere ontwikkeling in die gebied, mits daar standhoudende water voorsien kan word.*

*Sinvolle beplanning vir bykomstige huisvesting is 'n verdere prioriteit wat aandag kan geniet.*

*Aangesien Buisplaas 'n geïsoleerde gemeenskap is, vind streng keuring deur die gemeenskap plaas wie kwalifiseer om daar te vestig.*[173]

Uit hierdie dokument word die probleme wat die eienaars van hierdie erfgrond ervaar het, onderstreep en uitgelig en daarom was die ontwikkeling wat net na die stigting van die BBV in aanvang geneem het so belangrik om die lewe van al die inwoners te verbeter.

Die grond is te klein om te verdeel sodat elke eienaar tans sy regmatige deel kan besit. In 1991 was daar slegs drie van die ongeveer 406 persone wat in Buisplaas gewoon het, wat hulle eiendom geregistreer het. Waarom die ander persone dit in daardie stadium nog nie gedoen het nie, word in hoofstuk 6 bespreek. Alhoewel die grond gemeenskaplik besit word, is die grond/ plaas in vyf dele verdeel soos in die oorspronklike testament van Sim en Maria Buis bepaal. Van die sesde kind, Piet Buis, kon nie rekenskap gegee word nie, aangesien hy reeds met die dood van beide sy ouers nie gevind kon word nie. Hy was met sy ma, Maria Buis se dood in 1896 reeds 8 jaar sonder taal of tyding weg van die huis af. Soos reeds gemeld is, was hy moontlik in Kimberley of Johannesburg.

Sedert 1985 het 'n prominente inwoner en oud-skoolhoof van die skool op Buisplaas, E P C Buis, dit oorweeg om 'n soort korporasie of maatskappy te stig om die verdeling van grond en grondeienaarskap uit te sorteer en te orden. Die *Southern Cape Land Committee* (SCLC) het in 1991 'n menseregte-prokureur van Kaapstad gevra om die situasie op

[173] Dokument: Suid-Kaap Streeksdiensteraad, Verw: 15/5/1, 30.08.1989.


www.manaraa.com

Buisplaas te ondersoek. Hierdie prokureur, Henk Smith het daarop gewys dat hulle die formalisering van die grondeise en grondeienaarskap kan doen omdat die Groepsgebiede Wet in 1991 geskrap is. Aangesien 1991 maar net die begin van die normalisering van Suid-Afrika na die apartheidsjare was, het hy hulle aangeraai om 'n bietjie te wag met die oplossing van die grondeienaarkwessie. Wetgewing soos die *Less Formal Township Development Act* en *Rural Development Act* (1963) was maar in daardie stadium pas in die Parlement deurgevoer. Hierdie wette en hul inpak op die grondeienaarkwessie word in hoofstuk 6 volledig bespreek.

المنارة للاستشارات

www.manaraa.com

## 2.6 BEKNOPTE GENEALOGIESE UITEENSETTING VAN INWONERS VAN BUISPLAAS




**[174] [175] [176]**

---

[174]Heese, JA, Lombard, RTJ, *Suid-Afrikaanse Geslagregister,Vol 1,* RGN, Pretoria, 1986, pp.523-525

[175]*Buisplaas Submission.*

[176]De Villiers, C C, *Geslachts Register der Oude Kaapsche Familien*, Deel 1 – A-J, Van de Sandt de Villiers & Co., Beperkt, Drukkers, Kaapstad, 1893.

www.manaraa.com

Daar is vyf familiegroepe wat die kern uitmaak van die nageslag van Simson/Sem Buis en Maria Tarentaal en hierdie groepe het ook soms onderlinge verskille. Simson en Maria het ses kinders gehad maar soos reeds genoem was Piet nie opgespoor nie. Die ander kinders was Elias, Paulus, Hendrik, Elsie( Elizabeth) en Dina.

**Elias** het met 'n Joseph getrou en hulle het 7 kinders gehad: Niklaas, Claresse, Johanna, Amalia, Hendriena, Maria en Cornelius.

**Paulus** het ook met 'n Joseph getrou en hulle het 8 kinders gehad: Samuel, Niklaas, Jakop, Cornelius, Paul, Emily, Johanna en Claresse.

**Hendrik** het met Spasina Tarentaal getrou en hulle het ses kinders gehad: Niklaas, Hendrik, Elias, Spasina, Dina en Jacob.

**Elsie** het met Hans Joseph getrou en hulle het vier kinders gehad: Elizabeth, Maria, Rosina en Dina.

**Dina** het met 'n Lodewyk getrou en hulle het drie kinders gehad: Moos, Niklaas en Maria. Die Lodewyk was 'n blanke man.

Op die waterserwituut wat Abel Daniël Badenhorst in 1966 laat opstel het sodat hy, as buurman van Buisplaas, water uit die Gouritzrivier kon pomp en toestemming verkry het dat die pypleiding oor hul grond mag loop, word die volgende geregistreerde eienaars van Buisplaas aangegee:

a) 'n Een-sesde aandeel ten gunste van Boedel Wyle Elias Buis onder akte van Transport Nr. 7332/1910 gedateer 13 Oktober 1910;
b) 'n Een-sesde aandeel ten gunste van Paulus Buis kragtens Akte van Transport Nr. 7333/1910 gedateer 13 Oktober 1910;
c) 'n Een-sesde aandeel ten gunste van Hendrik Buis kragtens Akte van Transport Nr. 7335 gedateer 13 Oktober 1910;
d) 'n Een-sesde aandeel ten gunste van Piet Buis kragtens Akte van Transport Nr. 7336 gedateer 13 Oktober 1910;
e) 'n Een-sesde aandeel ten gunste van Johannes Joseph getroud in gemeenskap van goedere met Elizabeth Joseph ( gebore Buis) kragtens Akte van Transport Nr. 7334 gedateer 13 Oktober 1910;
f) 'n Een-agtiende aandeel ten gunste van Koos Lodewyk;
'n Een-agtiende aandeel ten gunste van Nicodemus Lodewyk;

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

> 'n Een-ses-en-dertigste aandeel ten gunste van Dina Joors en 'n Een-ses-en-dertigste aandeel ten gunste van Cornelis Joors, gesamentlik gehou onder Akte van Transport Nr. 14725/1920.[177]

Nie al die inwoners was tevrede met hierdie serwituut nie en van die jongmense het die pypleiding gevandaliseer. Sommige van die inwoners was ontevrede omdat van die ondertekenaars van die serwituut al oorlede was en hulle nou met die resultaat gesit het. In 1991 het Daan Badenhorst opgehou om hierdie bron van water te gebruik omdat die water wat hy van die bron gekry het uiters min was. [178] Die verhouding tussen die bure is intussen herstel aangesien Daan se kleinseun, Daniël Badenhorst nou elke Saterdag aan die mense van Buisplaas leiwater voorsien waarvoor hulle nie hoef te betaal nie.[179] (Hoofstukke 4 en 5 gee die besonderhede oor die watervoorsiening van Buisplaas.)

Daar is nie in hierdie tesis 'n volledige geslagsregister van die elke Buis-familie gegee nie aangesien dit nie by die doelstelling van hierdie tesis inpas nie. Daar is ingewikkelde stambome aangesien daar van die nageslag van een van die vyf oorspronklike kinders van Sim en Maria later met van die nageslag van een van die ander kinders getrou het. As voorbeelde van watter gevalle dit moeilik maak om 'n korrekte geslagregister daar te stel, is die volgende inligting noodsaaklik. Tydens my ontmoeting met die jeug van Buisplaas was daar ook twee broers met dieselfde ouers maar met verskillende vanne. Die een seun het sy oupa, Nicholas Samson Joseph se van terwyl sy broer hul pa se van nl. October, het. Daar was ook 'n swartman, Gert Meyer wat met 'n Buis getrou het. Hy het by 'n ene Watermeyer gewerk en toe vir homself die van Meyer gegee sodat hy nie so 'swart' klink nie en makliker in die bruin gemeenskap kan inpas.[180] Hy was gekant teen die Lutherse kerk en die Anglikaanse kerk was nog nie op Buisplaas gebou nie. Die rede vir sy awersie teen 'n kerk is nie aan die ouer Buisplasers wat hom geken het, bekend nie. Daar was ook gevalle waar 'n jongmeisie van Buisplaas 'n baba van 'n blanke man verwag het. Meestal het so 'n verhouding nie in 'n huwelik uitgeloop nie en die baba het die ma se van gekry. Dit sal 'n verdere lang uitgebreide studie noodsaak om aan 'n volledige geslagregister reg te laat geskied.

---

[177]Notariële Akte van Skepping van Waterserwituut, 27.11.1966.
[178]Buisplaas Submission, p. 8.
[179]Onderhoud: 09.05.2017.
[180]Onderhoud met Attie Joseph, 23.01.2018.

www.manaraa.com

## 2.7 SAMEVATTING

’n Stuk grond word eers deel van die geskiedenis van ‘n land as daar mense op bly en daardie mense word ‘n gemeenskap wat oor ’n lang tydperk ’n diep verbintenis met die grond ontwikkel. Landskappe word in die lig van kulturele tradisies beskou en onthou. Die emosionele krag wat in ’n plek of omgewing lê, veroorsaak dikwels die waarde wat daardie plek vir die inwoners of oud-inwoners het. Aktiwiteite, handelinge en gebeure wat op die plek plaasgevind het, veroorsaak die nostalgie waarmee daardie plek onthou word. Om ’n plek soos Buisplaas in perspektief te beskou as ’n plek waar mense gewoon en gewerk het, kinders gekry het, saam gesukkel het om te oorleef, moet die hele streek se geskiedenis nagevors word.

Hoe die hele streek waarin Buisplaas geleë daar uitgesien het voordat Europeërs die grond betree het, is noodsaaklik en is ’n bewys van die ongerepte landskap waarin die plaaslike Boesmans en Khoekhoen gewoon het. Beide groepe het in harmonie met die natuur geleef en het die natuurlike hulpbronne gebruik maar selde misbruik. Die landskap het verander toe Europeërs eers kom handel dryf en toe daar kom woon het. Die inkommers was gewoond daaraan om op ’n afgebakende gebied eienaarskap te neem wat teenstrydig was met die manier waarop die Boesmans en Khoekhoen geleef het. Dit het spanning meegebring en die Boesmans is meedoëloos soos wild gejag en van die Khoekhoen is verwag om as arbeiders vir die nuwe boere te werk. Die pokke-epidemies in die 1700s het die getalle van die Khoekhoen drasties verminder en hulle het as gevolg van onoordeelkundige ruiltransaksies baie van hulle vee verloor. Die ruiltransaksies het veroorsaak dat baie van hulle aan alkohol en tabak verslaaf geraak het en om hierdie gewoontes te kon volhou moes sommige van hulle noodgedwonge by die bron van hierdie goedere, die nuwe eienaar van die grond waarop hulle reeds vir geslagte lank gewoon het, in diens tree.

Frederick du Buis was een van die nuwe inwoners van die streek langs die Gouritzrivier en hy het vir sy twee buite-egtelike seuns, Simson en Saul die grond wat vandag as Buisplaas bekend staan, nagelaat. En so het hierdie 94 hektaar vir ’n geslote gemeenskap ’n blyplek, ’n tuiste geword. Hier het hulle saam swaargekry maar oorleef met die wete dat die grond aan hulle behoort. Uit die gedeelde bou aan herinneringe kon baie van die nasate die beskermende omgewing van Buisplaas verlaat om elders te gaan leer en te werk met die wete dat hulle ’n vaste fondament het en dat hulle na hierdie basis kan terugkeer.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

# HOOFSTUK 3

# PERSPEKTIEF OP DIE VROEËR JARE EN DIE BUISE UIT DIE GESIGSPUNT VAN DIE BURE

## 3.1 INLEIDING

Buisplaas was en is nie net vir die inwoners van die dorpie belangrik nie, maar daar is bure wie se lewens ook deelgeword het van die lewe op Buisplaas. Die boere met aangrensende plase het oor die jare van die Buisplasers in diens geneem en hulle het wedersyds gedeel in die doen en late van hul bure. In 2018 is die meeste arbeiders op die naburige plase steeds afkomstig van Buisplaas. Soos uit van die bure se herinneringe afgelei kan word, was veral die ouer garde se lewenservarings nou verweef met dié van die Buisplasers. Albei groepe se lewens word deur die klimaat en weersomstandighede geraak. Veral droogtes én oorstromings van albei se lewensaar, die Gouritzrivier, het 'n bepalende invloed op die werksaamhede op die plase en in Buisplaas gehad.

In die boerderygemeenskap van historiese veranderlikes was plase meer afgesonder omdat die meeste boere nie sonder 'n goeie rede na die naaste dorp of stad gereis het nie. Waar Buisplaas en die buurplase vêr van groter sentra geleë is, was hulle op mekaar aangewese. Uit veral Gert Badenhorst se herinneringe kan opgelet word hoe die kinders saamgespeel het en hoe die Buisplasers die kinders gehelp het om deur die rivier hul plaasskool te kon bereik. Daar het sekere tradisies ontstaan soos die sang deur die werkers van Buisplaas as Gert se pa verjaar het. Dit was altyd in die verhouding van werker teenoor werkgewer en tog kan uit onderhoude met die oudste inwoners van Buisplaas geen bitterheid bespeur word oor hierdie ooglopende verskil tussen die twee groepe nie.[181] Moos Buis het by die huidige buurman, Daniel Badenhorst se oupa gewerk en veral met die sny van koring gehelp maar sy hele lewe lank nog op Buisplaas gebly. Dit was en is natuurlik 'n voordeel vir die werkgewers op die plase langs Buisplaas dat hulle nie die onkoste hoef aan te gaan om huisvesting vir hul werkers te bou nie omdat die meerderheid van hul werkers op Buisplaas woon.

[181]Onderhoude met Maria (Pop) Buis, 85 jr. oud en Moos Buis, 75jr. Oud.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

## 3.2 STEMME EN HERINNERINGE VAN DIE BURE

### Kosie Sauerman

ʼn Buurman van Buisplaas, Kosie Sauerman woon aan die oorkantse oewer van die Gouritzrivier en die Onderstadt van Buisplaas word vanaf sy huis en gastehuis gesien. Daar is in die *Buisplaas Submission* aangeteken dat sommige inwoners ontevrede was omdat sy oorlede pa, Nelie Sauerman dalk van hulle grond vir hom toegeëien het. Tydens ʼn besoek aan Sauerman kon die uitleg van die omgewing om Buisplaas beter waargeneem word en daar is bakens wat al vir lank die grense bepaal. Die gastehuis wat Sauerman en sy vrou bedryf, kan egter voordele inhou vir die mense van Buisplaas. Hy het al die voorsitter van die BBV, Ralie Philander en haar komitee na hom genooi en vir hulle gevra om deel te wees van sy toerisme-aksie aangesien die Sauermans gereeld oorsese toeriste in hul gastehuis ontvang. Hy het voorgestel dat hulle donkiekarritte vir die toeriste kan aanbied en dalk ʼn unieke besoek aan Buisplaas waar die toeriste dan iets soos roosterkoek by die plaaslike inwoners kan geniet. Alles kan ʼn inkomste aan die verskaffers van hierdie dienste verseker. ʼn Tekort aan fondse of die wil om dit te doen het die projek nog nie van die grond af laat kom nie. Die belangrikste beswaar wat Kosie teen die mense van Buisplaas het, is oor die luidrugtige musiek wat die Buisplasers oor die naweek speel en wat die rustigheid wat hy aan gaste by sy gastehuis belowe, versteur.

Vanaf Sauerman se huis en gastehuis kan die verdeling van die Gouritzrivier in twee takke om ʼn hoë kop wat ʼn eiland vorm, goed waargeneem word.[182] Die een tak word die Valsrivier genoem. J C J Sauerman het ʼn gedeelte van die eiland besit en in 1917 die res van die eiland gekoop van die eienaars, Mullers en Downings en nie van Buisplaas nie. Die Sauermans woon al geslagte lank daar langs die Valsrivier aangesien Herman Adolf Sauerman in 1785 uit Duitsland geëmigreer het en hom en sy gesin daar kom vestig het.[183] Die laerskool wat deur die ander blanke bure se kinders bygewoon is, was ook op Kosie se grond geleë en van die kinders het gedurende die week by die Sauermans loseer.

### Gert Badenhorst[184]

Gert Badenhorst is die oom van Daniël Badenhorst, wat tans langs Buisplaas boer op die familieplaas. Hy was 69 jaar oud in 2017 en het sy herinneringe aan sy jeug op hul buurplaas opgeteken. Die plaas waarop Gert grootgeword het, grens sowat 90% aan

[182]Kaart op p.84.
[183]Onderhoud: 27.05.2017.
[184]Handgeskrewe dokument van die 69-jarige Gert Badenhorst en die name/benoemings is soos hulle dit voor 1967 gebruik het. Hy het in 1967 die omgewing verlaat.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Buisplaas. Sy oupa het die plaas in 1932 gekoop. Hy en sy drie broers en vier buurkinders het ongeveer 63 jaar gelede op 'n plaasskool, Valsriviermond Primêre Skool skoolgegaan. Daar was in 'n stadium tot 30 kinders in hierdie skool wat in 1910 opgerig is. Sauerman se voorgeslag het hierdie klipskooltjie gebou. Die buurkinders het by 'n tante op die plaas van Sauerman waar die skool was, geloseer maar Gert en sy broers moes elke dag deur Buisplaas en deur die Gouritzrivier (hulle het dit die 'Gousrivier' genoem) met 'n 'trap' wat deur 'n perd getrek is, tot by die skool ry. Hulle het met hulle perdekarretjie dikwels van die Buisplasers saam deur die rivier geneem. As die rivier vol was, het van die Buisplasers hulle weer gehelp om deur die rivier te kom. As die rivier in vloed was, moes hulle 'n vêr ompad ry. Verskeie leerlinge het by tannie Poenie Sauerman op Valsriviermond tuisgegaan as die Gouritz in vloed was.[185] Maar as die rivier in die wintermaande normaal gevloei het, het Jakob Stadt (Dit was nie sy van nie, maar sy bynaam. Sy regte van is Joseph.) en Bontie Meyer hulle deur die rivier gehelp. Jakob was al oud maar Bontie was jonk en sterk. Jakob en Bontie was albei inwoners van Buisplaas. Hierdie twee mans het die rivier geken en geweet waar dit vlak was en waar iemand met veiligheid deur die rivier kon gaan. In die middae het die twee mans die kinders weer deur die rivier gehelp om terug by die huis te kom. Die kinders het dikwels hulle klere uitgetrek voordat hulle deur die water is en dit dan weer aan die oorkantste oewer aangetrek sodat hulle droog by die skool kon aankom. Inwoners van Buisplaas het hulle dikwels by die kinders aangesluit om ook veilig deur die rivier te kon gaan. Die twee mans het stokke gebruik om die diepte van die rivier te toets. Aangesien Gert die jongste kind van sy gesin is, moes hy sy laaste jare skool toe stap, want die perdekarretjie kon nie vir een persoon gebruik word nie. Bontie Meyer het later 'n polisieman geword. Die plaasskool het sy deure in 1965 gesluit.[186]

Beide blanke en bruin kinders het in daardie jare ook op hul eie of op die naburige plase gewerk. Sekere Buis-gesinne het by sekere boerefamilies gewerk en dan het die kinders ook daar gehelp. So het die Jansen/Buis- familie van Buisplaas by Gert se ouers gewerk. Nene Doek was hulle huishulp en haar getroude seuns het ook op die Badenhorst-plaas gewerk. 'n Voordeel wat die werkers gehad het, was dat hulle op die plaas waar hulle gewerk het ook om 'n derde deel kon aalwyne tap.[187] Gedurende die winterskoolvakansie het die hele gesin in die aalwynvelde aalwyne getap en die ouers het die kinders in hierdie aktiwiteit vaardig gemaak. Deur die week het almal aalwyne gesny en in die gate in die grond laat uitloop. Donderdae aande/nagte is die aalwynsap in 'n baie groot pot gekook en

[185]Briel, R, *Albertinia, Honderd Jaar*, p. 41.
[186]Ibid., p. 41.
[187]Die aalwyntapproses is in Hoofstuk 4 in meer diepte bespreek.

www.manaraa.com

Vrydae is dit op die dorp verkoop. Daar is van 'hardgekookte aalwyn' of hardeblikke' gepraat. Met die geld wat hulle vir die aalwynsap gekry het, kon die Buisplasers hulle winkelgoed koop. Daar was in daardie jare twee plaaswinkels aan die oorkant van die Gouritz- en Valsriviere geleë. Die een het aan Solly Sauerman behoort en die ander een aan Hans Oosthuizen.

Gedurende skeertyd en oestyd is ekstra mense gehuur om op die plaas te kom help. Daar was nog nie selfaangedrewe stropers nie, slegs dorsmasjiene en daarom was arbeiders benodig vir die invordering van die koringoes. Daar was ook uiters bekwame messelaars, pleisteraars en bouers op Buisplaas en die boere in die nabyheid het gereeld van hulle dienste gebruik gemaak.

Gert onthou nog dat heelwat Buisplasers hul eie melkkoei of twee, donkies, selfs een of twee perde, ook hoenders en varke gehad het. Lucretia van Zyl, neé Du Plessis, het van die varke wat jukke gedra het sodat hulle nie in die draadomheinde tuine kon inkom nie, vertel. Net op Buisplaas het sy ooit 'n vark met 'n juk gesien alhoewel dit op ander plase vir ander diere gebruik word. Op die vrugbare slikgrond reg langs die rivier het die Buisplasers groentetuin gemaak. Hulle het ook koring, hawer en gars gesaai wat met sekels afgesny is en baie keer deur donkies getrap is om dit uit te wan. Donkies is ook vir die ploeg van die lande en vir vervoer gebruik. Buisplaas het ongeveer 100 skape gehad. Die paar perde is ook vir vervoer gebruik. Toe Elias Buis skoolhoof op Buisplaas was, het hy die eerste motor aangekoop: 'n Volkswagen Beetle.

Die koms van die 'rasegte' Duitse sendeling, mnr. Scheffler na Buisplaas met die doel om nog twee klaskamers by die bestaande een te bou vir die kinders van Buisplaas, is ook helder in Gert se geheue. Die inwoners van Buisplaas het die sementstene gemaak maar Scheffler het self die bouwerk behartig met die hulp van sommige mans van Buisplaas. Hy het by Gert Badenhorst se bure, die Du Plessis's, tuisgegaan wanneer hy gebou het. Die twee klaskamers se bou het ongeveer twee en 'n half jaar geneem want 'Ou Meneer', soos die mense hom genoem het, het ook kerk- en begrafnisdienste op Buisplaas en by ander Lutherse gemeentes waargeneem.

Die blanke bure het ook die begrafnisse op Buisplaas bygewoon, veral as hulle die oorledene geken het. Aangesien Buisplaas so klein is, het die bure gewoonlik almal in Buisplaas geken. So kan Gert ook onthou dat hy saam met hulle gesin 'n begrafnis bygewoon het wat deur eerwaarde Scheffler gehou is. Aan die einde van elke begrafnis het Scheffler die woorde: 'Laat ons van hier gaan', geuiter. Die kore van beide die Lutherse en Anglikaanse kerke was besonder goed. Hierdie kore het aan koorkompetisies deelgeneem en

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

hulle mooi sang het vir Gert na al die jare bygebly. Wanneer eerwaarde Scheffler nie die kerkdienste in die Lutherse kerk kon hou nie, was daar lekepredikante uit die gemeenskap wat die diens gehou het. Indien die lekepredikant nie self kon lees nie, het ’n geletterde persoon uit die gemeente die voorlesing uit die Bybel gedoen. Tydens ’n besoek aan die Lutherse kerk in Herbertsdale het ek die voorreg gehad om een van die lekepredikers van daardie kerk te ontmoet. Hy was saam met ander gemeentelede besig om in die groot groentetuin te werk en ander werksmense was besig om die kerk te restoureer. Om ’n lekeprediker te wees was en is nie ’n taak wat die persoon ligtelik opgeneem het nie en hierdie persone word steeds met respek behandel.

Daar was ’n tradisie op Gert se familieplaas dat van die sangers van Buisplaas elke Oujaarsdag so teen half-vyf in die oggend vir Gert se pa kom sing het want dit was ook sy verjaarsdag. Daar was gewoonlik van ses tot sewe sangers van beide geslagte wat kom sing het en daarna het hulle koffie en koek geniet saam met Gert se pa. As die mans iets sterkers wou drink, was dit ook voorsien.

’n Koperblaasorkes van Mosselbaai het soms op ’n Sondag op Buisplaas opgetree en dan het die kinders van die omliggende plase ook gaan luister na die gewyde musiek wat hulle gespeel het. Hierdie orkeste het as die ‘Brigade’ bekend gestaan. Die mense van Buisplaas het ook die blanke bure se begrafnisse bygewoon en ’n belangrike bydrae gelewer met hulle mooi sang by die graf. As daar kerkbasaar by een van die kerke op Buisplaas was, het Gert se ma ook gehelp bak en sy was bygestaan deur Nene Doek of Nene Driek en laasgenoemde se dogters. Een van hierdie dogters, Dinah Buis het by die Primêre Skool op Buisplaas met haar skoolopleiding begin, maar voortgegaan met hoërskoolopleiding in een van die groter dorpe en haar toe as onderwyseres bekwaam deur na die Onderwyskollege op Oudtshoorn te gaan. Baie kinders moes egter voor standerd vyf (graad sewe) uit die skool gaan om hulle ouers finansieël te help deur te gaan werk.

Die Primêre Skool op Buisplaas het soveel leerders in die tyd van prinsipaal Elias Buis (EPC Buis) gehad dat hulle twee kompeterende netbalspanne en een rugbyspan gehad het. Elias was later lid van die Driekamerparlement. Saam met hom was daar nog twee onderwyseresse. ’n Man van Herbertsdale het ’n vier ton Thames Trader-vragmotor gehad waarmee al die sportspanne vervoer is as hulle teen ander skole moes gaan meeding. Buisplaas het ook ’n volwasse rugbyspan gehad en hierdie span was ook altyd deur Elias Buis afgerig. Die bure het ook kom kyk na die rugby op ’n Saterdagmiddag. Gert se pa het sy skuur beskikbaar gestel sodat almal na die afloop van ’n groot eindstryd tussen die rugbyspanne van Buisplaas en Herbertsdale lekker kon dans.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Die manne van Buisplaas het ook soms fietsrenne met gewone dikwielfietse gehad. Die kranigste fietsryer was ene Hendrik Jansen. Die rivier het in die somermaande gesorg vir vermaak deurdat die meeste van die kinders in die rivier geswem het. Saans is palings- en visgevang want daar was talle vissoorte in die rivier soos geelvis, springers, mogas en kaalboude.[188] Mens kon die manne saans langs die rivier sien want daar is vuurgemaak of 'n lantern aangesteek sodat hulle hul proppe op die water kon sien. Gert-hulle het saam met die Buisplaas-kinders geswem en rugby in die sand gespeel. Alles was nie idillies nie en drank het soms moeilikheid gedurende die naweke veroorsaak. So het Ploks, een van 'aia' Murry se seuns van 'n krans afgeval toe hy een Saterdagaand te veel gedrink en hom misreken het met die pad in die donker. Hy het sy nek gebreek en is oorlede.

Die Gouritzrivier het ook sy slagoffers geëis. Een van Nene Doek se seuns, Jakob Buis het in 'n gat in die rivier geduik en nie weer opgekom nie. Die verdrinking van 'n seuntjie van Buisplaas aan die einde van 2017 was ook 'n hartseergebeurtenis.[189] Ook het een van Jakob Stadt se seuns, Elias, gedurende die 1981–Laingsburgvloed in die rivier verdrink. Aangesien Gert weg is uit die omgewing voordat watervoorsiening aan die huise deel van die ontwikkeling van Buisplaas was, sien hy die rivier as lewensaar vir die mense van Buisplaas. Hulle het hul klere in die rivier gewas en oor die bosse aan die oewer gegooi om droog te word. Die Gouritzrivier was hulle bron van drinkwater en het ook gesorg vir water vir hul tuine. Hy vertel dat solank die rivier, veral in die wintermaande, sterk gevloei het, was die water geskik vir menslike gebruik en vir tuine. Hoe langer en droër die somermaande was, hoe brakker het die water geword. Die mense het dan putte in die sand weg van die rivier se loop gegrawe en die syferwater was bykans vars vir drinkdoeleindes en huisgebruik. Van die Wildetwakke wat langs die rivier gegroei het, het die mense dakke oor die putte gemaak. Die vee het natuurlik ook uit die rivier water gedrink.

Die grensdraad tussen die Badenhorst se plaas en Buisplaas is dikwels deur die rivier weggespoel en is nie altyd betyds vervang nie sodat die diere van Buisplaas in die lusernlande van die Badenhorst-familie kom wei het. Faktore wat die goeie buurmanskap bedreig het. 'n Ander faktor was rondloperhonde wat vanuit Buisplaas skape op die naburige plase doodgebyt het. Voordat Gert se oupa die plaas gekoop het, het die plaas aan Meyers behoort. Onder die Buisplasers was daar 'n vermoede dat die Meyers van die lynbakens versit het om sodoende van Buisplaas se grond in die hande te kry. Gert se oupa het 'n

[188] Die name van die visse soos deur Gert Badenhorst gegee, want so het hulle dit in sy jeug genoem.

[189] Aan die einde van 2017 het 'n negejarige seun van Buisplaas ook in 'n waterkuil verdrink. Ten spyte van die droogte is daar een waterkuil onder die kranse tussen die Bo- en Onderstadt wat nooit opdroog nie en wat net voor die insident deur Daniël Badenhorst dieper gemaak is.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

landmeter gekry om al die opmetings volgens die beskikbare kaarte en bakens te doen en daar is bevind dat geen grond gesteel is nie.

Gert kan nog al die inwoners van die huise in Buisplaas onthou soos dit in 1967 bewoon is. Een van Elias Buis se dogters het met 'n Gert Khana getrou en hulle het albei by die Badenhorst-gesin gewerk. Die dogter word respekvol deur Gert Badenhorst as 'Nene Driek' aangespreek en het in hulle huis gewerk. Haar man het baie soos die Indiese leier en pasifis, Gandhi gelyk en het die bynaam Ganties gekry. Hy het dikwels vir die kinders kom huishou as hulle ouers weggegaan het aangesien hy kon kook en allerlei huiswerk kon doen benewens die gewone plaaswerk. 'n Ou tradisie het elke Nuwejaarsdag in die omgewing van Mosselbaai en Albertinia plaasgevind en dit was 'n perdereisies. Ganties was die jokkie wat die Badenhorste se perde op daardie dag gery het. Die resiesbaan is steeds langs die N2-nasionale pad.

'n Ander Buisplaser wat 'n rol in hul lewens gespeel het, was Meraai Tarentaal wat by Gert se grootouers gewerk het. Toe haar pa oorlede is, het Gert se oupa sy eie doodskis vir Meraai gegee om haar pa in te begrawe. Gedurende daardie jare het veral ouer boeremense hul doodskiste op die solder gebêre sodat die kiste gereed was om hulle in te begrawe want hulle was vêr van die groot dorpe en begrafnisondernemers.

Tussen die Bostadt en die Onderstadt is daar aan die linkerkant hoë kranse en na hierdie area is verwys as Hoënes. (Dit is bokant Die Hoekie, 'n ander naam vir 'n gedeelte van die Middelstadt.) Gert vertel dat daar byeneste in die kranse was en dit het die naam aan die gebied verskaf. Hy was ook 'n paar keer op pad skool toe daar deur 'n by gesteek. In een van die eerste huise in die Onderstadt het 'n Jan Perrie (Perrie is 'n bynaam om die verskillende Janne te onderskei) gewoon. Jan het met groot humor vertel hoedat hy saam met sy pa, Saalman Rode in hul donkiekar op pad na Mosselbaai was toe hulle op die vorige smal Gouritzrivierbrug 'n Engelssprekende motoris teëgekom het. Die pad het net een baan gehad en die donkiekar en motor het mekaar in die middel van die brug ontmoet. Die bestuurder van die motor het uitgeklim en beduie dat Jan en sy pa moet 'reverse'. Al Engelse woorde wat Jan se pa geken het, was, 'Oh, no'. Saalman kon nie op Engels verduidelik dat 'n donkie nie kan 'reverse' nie en het net aanhou, 'Oh, no' gesê totdat die ander persoon maar sy motor in trurat gesit het en Saalman en sy seun die ander kant kon bereik.

Gert eindig sy vertelling deur die onderlinge samewerking tussen die mense van Buisplaas en die bure te bevestig en dat hulle deel van mekaar se leefwêrelde was. Hierdie

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

vertellings is met die ouer Buisplasers gedeel en hulle het die feite en gebeurtenisse bevestig.

**Lucretia van Zyl (née Du Plessis)**

As die tante van Daniël du Plessis, die huidige eienaar van nog ŉ buurplaas van Buisplaas, Buffelsdrift het Lucretia net aangename herinneringe van haar jeug daar langs Buisplaas. Sy het drie broers gehad en hul bure, die Badenhorste het vier seuns gehad waaronder Gert Badenhorst een was. Daarom was sy, as enigste dogter tussen sewe seuns aangewese op vroulike speelmaats uit Buisplaas. Rosetta Buis, waarna al verwys is, was haar speelmaat en het later by haar skoonsuster in die huis gewerk en Lucretia besoek haar nog gereeld as sy in Buisplaas kom. Lucretia is al in haar sewentig jare en onthou veral die ouer families van Buisplaas. Sy raak bewoë as sy oor die goeie betrekkinge wat hulle met die mense van Buisplaas gehad het, praat.[190]

Hulle kinders moes uit respek vir die ouer mense van Buisplaas die vrouens as 'Nene' en die mans as 'Oupa' aanspreek. Vir die sendeling, eerwaarde Scheffler het hulle as 'Ou Meneer' aangespreek. Hy het by hulle aan huis gewoon terwyl hy eers die Lutherse kerk en later die klaskamers vir die skool gebou het. Die eerwaarde het alleen by die Du Plessis gebly en met sy Duitse aanstaande vrou gekorrespondeer. Hulle is later getroud. Lucretia onthou hom as 'n regte hardekop wat deel van hulle huisgesin geword het en met wie haar ma geraas het as hy so laat in die donker eers tuisgekom het omdat hy so besig was met die bouery.

Sy onthou ook dat die oudste man in Buisdorp in daardie stadium Oupa Abba (ook 'n Elias Buis) was. Hy het 'n paar skape gehad wat haar pa dan saam met sy skape geskeer het as dit skeertyd was. Hy was die enigste inwoner van Buisplaas in daardie stadium wat skape gehad het. Attie Joseph onthou dat daar oral in die omgewing net wolskape was en nie soos vandag wat meerdoelige skape veral in hierdie deel van die land meer gewild is nie. Oupa Abba se dogter het ook by die Du Plessis's gewerk. Daar was ook ene Freek Joseph (wat Tokerie genoem was) wat 'n kok op 'n skip gedurende die Tweede Wêreldoorlog was. Hy was in Egipte en tot in Italië en kon interessante verhale uit sy ondervindinge vertel. Die Du Plessis-kinders wou hom dikwels saans nie laat huis toe gaan nie voordat hy nie vir hulle van hierdie oorlogstories vertel het nie.

Daar was ook 'n Piet Buis wie se vrou vroeg aan kanker oorlede is, wat ook by Lucretia se pa gewerk het. Sy tweede vrou, Jeanne het op Herbertsdale skoolgehou en toe

[190] Telefoniese onderhoud, 04.07.2017.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

haar motor in 'n stadium onklaar geraak het, het Lucretia se pa vir haar sy bakkie geleen om mee skool toe te ry – al het die ander boere hom skeef aangekyk.

Aansluitend by Gert Badenhorst se vertelling onthou Lucretia ook dat Jakop Stadt (Joseph) hulle as skoolkinders deur die rivier moes help omdat hy die rivier so goed geken het. As die rivier in vloed was, moes die Du Plessis-kinders met die teerpad na Cooper-siding, dan teerpad langs en dan weer in na die Valsrivierskool gery het. Jakob Stadt het hulle dikwels deur die rivier gedra as die rivier nie te vol was nie.

Haar pa het die viool bespeel en saam met 'n Willem van Buisplaas in 'n orkes gespeel. Hierdie orkes het by danse gespeel. Lucretia se herinneringe van haar lewe langs Buisplaas is gevul met nostalgie en goeie herinneringe.[191]

**Daniël du Plessis**[192]

Na die onverwagse afsterwe van sy pa het hierdie jong man in 2011 kom boer en is hy besig om 'n groot sukses van sy boerdery te maak. Sy plaas is ook langs Buisplaas geleë en hy besit ook 'n bergplaas wat reeds in 1850 op sy oupagrootjie se naam geregistreer is. Hy melk 196 Jersey-koeie wat ook die hoofbron van inkomste is. Hierdie plaas was aanvanklik as Buffelsdrif-aan-die-Gouritz bekend. Hy is die vierde geslag wat op dieselfde stuk grond boer en sy oupagrootjie, ook Daniël, lê ook hier begrawe. Die meeste van sy en sy voorouers se werkers kom van Buisplaas. Onder die drie persone wat vir die melkery verantwoordelik is, is 'n vrou van Buisplaas. Hierdie inligting maak ons weer bewus van die geskiedenis van sterk vroue wat uit Buisplaas kom aangesien dit 'n baie verantwoordelike werk is wat sy beklee.

Tydens my besoek daar het ek ook met een van sy werkers, Elias Buis gepraat. Elias en sy gesin het in Atlantis in die Kaap gewoon waar hy 'n fabriekswerker was, maar nou op 52-jarige ouderdom voel hy hom meer tuis terug op Buisplaas en is hy dankbaar dat hy so naby sy huis kan werk.

**Daniël Badenhorst**[193]

Hierdie boer en sy vrou en seun woon teenaan Buisplaas op die plaas waar Gert Badenhorst ook grootgeword het. Soos vele ander boere in die omgewing is sy vernaamste boerdery 'n melkery en hy verskaf werk aan veertien mense van Buisplaas. Hy is ook die een wat sorg dat Buisplaas se mense op 'n Saterdag leiwater vir hul tuine kry. Sy oupa, A D

[191]Onderhoud: 12.01.2018.
[192]Onderhoud, 25.07.2017.
[193]Onderhoud, 09.05.2017.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Badenhorst het die serwituutsloot so bestuur dat Buisplaas ook daarvan kon gebruik. Die water moes nog na Buisplaas gepomp word wat dit 'n duur projek gemaak het. Daniël het teen 2004 gesien dat die gemeenskap van Buisplaas nie die pompkoste vir leiwater kon bekostig nie en het tussen 2004 en 2006 'n besproeiingstelsel vir Buisplaas geïnstalleer wat daardie probleem opgelos het. Hulle leef in goeie buurmanskap met die mense van Buisplaas.

### 3.3 SAMEVATTING

Verskeie insigte oor 'n gemeenskap is nodig om 'n volledige prentjie van die gemeenskap te kry. Die gesprekke met die huidige bure en die geskrewe bydrae van 'n vorige buurman bevestig reeds erkende feite maar gee ook nuwe perspektiewe op die gemeenskap van Buisplaas. Die afgesonderheid van Buisplaas en die omliggende plase het die onderskeie inwoners meer aangewese op mekaar en in noue kontak met mekaar gebring en gehou.

Die fyn detail wat die ouer buurkinders van Buisplaas onthou, wys hoe betrokke hulle by die mense van Buisplaas was. Die herinneringe wat beskryf is, was tydens die apartheidsjare en die Buisplasers was wel in die rol van werknemer, van ondergeskikte gesien; tog was daar 'n onderlinge respek en wedersydse waardering daarvoor dat elke rolspeler iets waardevols na die verhouding gebring het. Die grondeienaar van die veel groter grondgebied, met ander woorde die groot plase langs Buisplaas kon werksgeleenthede aanbied, hulp soos met die watervoorsieningskema, die bedryf van 'n plaaswinkel en hulp op ander gebiede. Uit Gert Badenhorst en Lucretia van Zyl se vertellings kom mens agter dat die Buisplasers nie net as blote arbeiders gesien is nie, maar ook as speelmaats, vriende en hulpverleners. Hulle was deel van die leefwêreld van die bure en het ook belangrike hulp verleen as opvoeders en beskermers. As een voorbeeld kan die manier waarop die kinders deur die rivier gehelp is, gebruik word.

As doelstelling van hierdie studie is ook genoem dat die menswaardigheid wat grondeienaarskap aan die mense van Buisplaas gegee het, hulle verhef het bo die rol van blote arbeider en ontvanger van gunste en gawes. Alhoewel armoede aanwesig was en is, wys hierdie waarnemings van die bure op die kwaliteit van lewe wat daar op Buisplaas was en is ten spyte van die gebrek aan rykdom.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

# HOOFSTUK 4

## DIE FISIESE OMGEWING EN DIE BENUTTING DAARVAN

### 4.1 INLEIDING

Soos reeds gemeld is Buisplaas 'n klein enklawe tussen ander plase in die Herbertsdale/Albertinia–distrik, 'n klein bruingemeenskap omring deur blanke plase wat voortbestaan het van 1863 tot vandag. Die gemeenskap het geen hulp van die plaaslike of ander regeringstrukture gekry nie en was tot in die vroeë 1990s aan hulle eie lot oorgelaat wat behuising en dienslewering aanbetref.

Verskeie faktore het veroorsaak dat inmenging in die huishoudelike sake van hierdie gemeenskap of hulp aan die gemeenskap nie plaasgevind het nie. In 'n skrywe aan die voorsitter van die Streeksbehuisingsraad in Kaapstad in April 1994 word dit genoem dat Buisplaas nie 'n geregistreerde dorpsgebied is nie. Die Raad van Verteenwoordigers het in September 1984 tot stand gekom om na die sake van die bruingemeenskappe om te sien toe die Driekamerparlement ingestel was. Maar ook hulle wou geen hulp aan Buisplaas verleen nie, omdat dit nie as 'n 'Landelike Kleurlinggebied' geregistreer was nie.[194]

Buisplaas word in die meeste beskikbare bronne as 'n 'Landelike nedersetting' beskryf. Na die totstandkoming van die Buisplaas Bewonersvereniging (BBV) in 1985 het verskeie instansies hierdie inisiatief van die Buisplasers om iets aan hulle omstandighede te doen, ondersteun en die geleidelike verbetering van die omstandighede van die inwoners van Buisplaas word in Hoofstuk 5 breedvoerig bespreek.

Daar moet egter op gelet word dat hierdie 'n bruingemeenskap was wat reeds sedert 1863 bestaan het, maar deur die jare nie belangrik geag was nie omdat hulle getalle so klein was, hulle so ver van groot dorpe geleë was en ook omdat hulle erfreg op die grond gehad het. Met die oorwinning van die Nasionale Party in die Algemene Verkiesing van 1948 en die instelling van die apartheidswette, wat stapsgewys na die verkiesing markties toegepas is, het die belangrikheid van so 'n klein bruin'gehug' nog verder afgeneem. Die prioriteite van die Nasionale Party was veral op die ontwikkeling van wit gemeenskappe gerig en om alle nie-blanke gemeenskappe so ver moontlik van die blanke woongebiede uit te skuif soos bepaal deur die Groepsgebiede Wet (1950). Ook in Mosselbaai het gedwonge verskuiwings plaasgevind, maar aangesien Buisplaas ongeveer 50 km vanaf Mosselbaai geleë is, het niks op Buisplaas verander nie. Hulle was in 'n seker sin 'uit die oog' en onsigbaar vir die owerhede en het besitreg gehad.

[194] Korrespondensie: navrae gerig aan die voorsitter van die Streeksbehuisingsraad, 15 April 1994.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Daar was 'n groep genaamd Kleurling Eiendoms Eienaars wat in November 1960 'n afvaardiging na die stadsraad van Mosselbaai gelei het om beswaar te maak teen verskuiwings, maar die stadsraad het geweier om hulle te ontvang.

Dit het die owerhede tog later gehinder dat Buisplaas nie onder 'n erkende definisie geval het nie en hulle het hulle bes probeer om dit wel in 'n kategorie in te deel. In die notule van 'n Afdelingsraadvergadering van die Gesondheidskomitee op Vrydag, 16 Maart 1979, word onomwonde gestel dat die '*BUISPLAAS GEHUG'* aan privaateienaars behoort en dat die Kommissaris van Kleurlingsake en die Administrasie van Kleurlingsake in Kaapstad nie behulpsaam kon wees met die daarstelling van 'n huishoudelike waterskema nie. Volgens die kommissaris het die gebied nie gekwalifiseer om as 'n landelike Kleurlinggebied ingevolge die Wet op Landelike Kleurlinggebiede, 1963 (wet 24 van 1963) geproklameer te word nie. Die Streekverteenwoordiger van die Departement van Omgewingsbeplanning en Energie in Kaapstad het ook die volgende uitspraak gelewer: *'dat daar niks is wat hierdie Department kan doen om die lot van die betrokke Kleurlinge te verlig nie.'*[195]

In die verslag van die *Southern Cape Land Committee* (SCLC)[196] word die volgende geskryf:

> *Buisplaas became a "Coloured island" in a sea of white owned farms. Buisplaas became a rural anachronism in the agricultural development and support programme of the apartheid era where support and extension services to white farmers prevailed and* ***the needs of rural Coloured communities were either ignored or given low priority****. The disenfranchisement of Coloured people development needs did not receive attention and priority.*[197]

Al hierdie aspekte het egter nie net negatiewe gevolge vir Buisplaas gehad nie, maar ook positiewe gevolge, aangesien die afgesonderdheid van hierdie gemeenskap hulle hegter saamgebind het.

Ongelukkig is daar soms werklikhede waarmee enige gemeenskap moet saamleef, soos die geografiese aspekte van die plek waar hulle leef. Die ligging, klimaat, topografie, grondsoorte, kwaliteit van grond, plantegroei en beskikbaarheid van water, is faktore wat 'n gemeenskap se aktiwiteite beïnvloed. In hoeverre 'n gemeenskap soos Buisplaas selfonderhoudend kan wees as die geografiese aspekte van hulle erfgrond hulle benadeel, is 'n vraag wat gevra moet word.


---

[195] Notuleboek van die Afdelingsraad van Mosselbaai, WKAR, 1979, p.57.
[196] Die afkorting staan in 2017 as die ***S****upport* ***C****entre for* ***L****and* ***C****hange* bekend.
[197] *Buisplaas Submission*, pp. 15 – 16.

للاستشارات
www.manaraa.com

### 4.2 GEOGRAFIESE PERSPEKTIEF

**Kaart 4: Area waarin Buisplaas geleë is**




#### 4.2.1 Ligging

Buisplaas is geleë aan die oostelike kant van die Gouritzrivier en ongeveer 7 km noord vanaf die N2-nasionale pad tussen Mosselbaai en Albertinia. Herbertsdale is ongeveer 22 km noord van Buisplaas en Albertinia is 16 km suidwes vanaf Buisplaas.[198] Mosselbaai, wat die naaste groot dorp aan Buisplaas is, is meer as 50 km daarvandaan en dan moet die inwoners die grootste gedeelte van die roete op grondpad daarheen ry. Die eerste brug oor die Gouritz wat in 1892 voltooi is, was net ’n enkelbaanbrug. Die brug het Albertinia en Mosselbaai verbind en het ook die lewe van die mense van Buisplaas verbeter. Dit was nou makliker om op een van die groter dorpe te gaan werk. Hulle kon tot op *Cooper Siding* (’n klein spoorweghalte) met hul donkie- of perdekarre ry en dan die trein vandaar neem. Vir jare was verbinding met die naaste stasie of halte (soos *Cooper*) belangrik aangesien die trein die hoofvervoermiddel was na die wêreld daar buite. Die nuwe dubbelbaanbrug is in

---

[198] *Buisplaas Submission*, Bylaag 6.7, p.2.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

1977 voltooi en, alhoewel daar baie stutraam-brûe in die wêreld gebou is, was hierdie een in 1977 die tweede hoogste in die wêreld.[199] Aangesien daar nie betekenisvolle landbou-bedrywighede en geen industrieë op Buisplaas is nie, weet min mense van naburige dorpe van die bestaan van so 'n plek.

### 4.2.2 Geologie

Die onmiddellike omgewing rondom Buisplaas bestaan uit skalie en kleihoudende sandsteen van die Bokkeveld-skaliegroep. Oppervlakkige neerslae van alluviale sand kom voor langs die rivier. Aan die suidekant in die rigting van die N2-Nasionale pad is daar dagsome ('outcrops') van Tafelberg-sandsteen en gruis kom op plekke bo-op die Bokkeveld- en Tafelberg-formasies voor. Die gebied is deel van die Kaapse plooiberge-gebied en hierdie voue/plooie veroorsaak natuurlike breuke in die grondstruktuur wat lei tot die ontstaan van poreuse en deurdringbare waterdraers.[200] Dit is hier by 'n hoë kop aan die suidekant van die N2, waar die water deursypel om na Lodewykstenk gepomp te word waarvandaan Buisplaas na 1991 sy drinkwater gekry het. Die waterdraende gesteentes filtreer die water sodat dit van 'n beter gehalte is as enige ander waterbron wat ondersoek is in die soektog na drinkwater vir Buisplaas.

Die laer-terras, naaste aan die rivier beslaan 'n klein area van ongeveer 'n hektaar. Die gronde is diep en sanderig en van alluviale oorsprong. Daar is geen skerp oorgange tussen die verskillende lae nie en water, sowel as plantwortels, behoort maklik in die profiel te versprei. Ongelukkig is die klei-inhoud slegs twee tot vier % van die grond. Die gevaar van vloeding en winderosie is groot. Klei is 'n samebindende faktor in grondsamestelling en die afwesigheid daarvan vererger die voorkoms van alle vorme van erosie.

Die middel-terras bestaan uit diep alluviale grond en verskil min van die laer terras. Tog is die klei-inhoud effens meer (vier tot ses %) en dit bevat ongeveer dubbeld soveel slik. Die effens hoër klei-inhoud sowel as die fynheid van die sand verseker 'n redelike (alhoewel steeds relatief lae) waterhouvermoë. Die inwoners van Buisplaas het op klein skaal aanplantings van groente en ander gewasse soos mielies, koring en hawer op hierdie terrasse op die meer vrugbare grond gedoen. Hierdie grond was slikneerslae wat die Gouritzrivier tydens vloede op die walle neergelaat het. Maar sulke aanplantings was kwesbaar tydens vloede. In 2017/2018 was daar nie meer tekens van sulke aanplantings nie omdat dit te droog was. Daar is ook vrugtebome aangeplant maar die meeste is dood as gevolg van droogtes en verwaarlosing. Later is daar met meer sukses vrugtebome

[199] Briel, R, *Albertinia Honderd Jaar,* Lourette vir die Munisipaliteit van Langeberg, Kaapstad, 2002, pp.70- 73.
[200] Ibid., Bylaag 6.7, p.4.

www.manaraa.com

aangeplant met die hulp wat die *Land Development Unit* (LDU) gegee het. Van hierdie vrugtebome word nog in die tuine van sommige inwoners aangetref. In 2018 hang daar gesonde geelperskes aan bome teen die hange van die koppe ten spyte van die droogte.

Die hoër terras bevat ouer gronde wat 'n groter persentasie klei het (ses tot tien %) en die sandgraad is oorwegend fyn. Die slikinhoud varieer van nege tot sestien %. Korsvorming en kompaksie van die bogrond kan 'n probleem wees. Dit is veral in die dele waar slikryke materiaal van die steil skaliehellings in die bogrond voorkom. Tog word die geskiktheid van hierdie grond vir besproeiing as matig hoog geklassifiseer. Die hoë soutinhoud in effens laerliggende kolle en sub-optimale waterhouvermoë is beperkings vir landboubedrywighede. Daarom het die inwoners van Buisplaas gesukkel om 'n lewensvatbare inkomste uit landbou te maak.


Die steil middel tot laer hellings is 'n kolluviale 'kleibank'-grond van skalie- oorsprong en het 'n baie digte, kleiryke B-horison op 'n diepte van ongeveer 20cm. Op sommige plekke kan hierdie gronde selfs as dupleksgronde geklassifiseer word en is dus nie geskik vir besproeiing nie.[201] Daarom is die mees gesuksesvolle tuine op die gelyker dele van Buisplaas soos in die vorige paragraaf beskryf is, waar dit makliker besproei kan word en die slikryke grond ook meer vrugbaar is.

[201] *Buisplaas Submission*, pp. 17-19.

للاستشارات المنارة
www.manaraa.com


### 4.2.3 Topografie

**Kaart 5: Deursnit van die Bostadt van Buisplaas**





www.manaraa.com

**Kaart 6: Lugfoto van Buisplaas waarin die Bostadt en Onderstadt sigbaar is, sowel as die loop van die Gouritzrivier**




المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

**Kaart 7: Skets van Buisplaas van 1982**




www.manaraa.com

Aangesien Buisplaas aan die oostelike oewer van die Gouritzrivier lê, waar die rivier diep in die landoppervlak sny en deur die loop van jare 'n aantal terrasse gevorm het, is erosie 'n groot probleem. Die onderste terrasse word dikwels oorstroom of tydens vloede weggespoel.[202] 'n Lae klipheuwel skei die twee dele van Buisplaas, nl. Onderstadt (Buisplaas-suid) en Bostadt (Buisplaas-noord) van mekaar en sommige van Bostadt se huise is teen 'n heuwel gebou. Daar word ook van die plat gedeelte tussen bogenoemde twee dele as Middelstadt (Sentraal Buisplaas) gepraat.[203] Daar is 'n paar huise en ook 'n groot skuur waar die pad 'n draai maak in Middelstadt. Die netjies kleuterskool wat in 2016 en weer in 2017 as deel van hulle Mandela-dag-projek deur TransNet en Transand opgegradeer is, is ook in hierdie gedeelte. Die mense van Buisplaas noem hierdie gedeelte 'Hoekie' omdat dit op die hoek van die pad is. In amptelike verslae van die SDR en SCLC word Buisplaas egter net in twee verdeel. *Twee woongebiede binne gebied 2 kilometer uit mekaar*[204] met 61 geboude huise, sewe Wendy huise, vyf half-geboude huise en een plankhuis. Buisplaas lê verskuil agter die heuwels en is nie sigbaar van die naburige plase voordat jy nie begin afdaal na die dorpie nie. Slegs van Kosie Sauerman se huis en gastehuis aan die oorkant van die Gouritzrivier kan die Onderstadt van Buisplaas gesien word.



**Foto 3: Onderstadt [205]**

[202]Ibid., p. 10.
[203]Ibid., Bylaag: Ons groen erfenis, p.2.
[204] Ongepubliseerde dokument, Sosio-Ekonomiese Opname, Suid-Kaap Streeksdiensteraad, 30.11.1994, pp. 1,6.
[205]Foto geneem van die Onderstadt deur A.le Roux vanaf Kosie Sauerman se plaas.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

As gevolg van die walle wat gevorm is deur die skuinsligging na die rivier het erosie ‘n groot probleem geword. Die boere van Buisplaas het probeer om gedeeltes van die oewer te stabiliseer sodat dit gebruik kon word vir groenteproduksie. Die erosieprobleem het egter oor die jare vererger.[206] Vir die geohidroloog van Liebenberg & Stander (L&S) was hierdie inligting noodsaaklik sodat die firma presies kon weet hoe om te werk te gaan om vir Buisplaas te help ontwikkel en om te bepaal met watter gewasse hulle wel kon boer en waar. Ook in die soeke na goeie volhoubare waterbronne moes hierdie faktore in aanmerking geneem word. Gedurende die wintervakansie van 2018 het die jeugleiers, Shaun Prins en Hiran Tarentaal saam met die jeuggroep ook aan die erosiewalle gewerk en aalwyne geplant om te verhoed dat die sandgrond weggewaai of weggekalwer word.



**Foto 4: Hiran Tarentaal, jeugleier van Buisplaas, op die bedding van die Gouritzrivier tydens droogte.**

### 4.2.4 Klimaat

Buisplaas het ‘n gemagtigde klimaat met warm somers en koel winters. Die gemiddelde temperatuurverskille volg die winterreënstreekpatroon met lae temperature in die winter en hoë temperature in die somer. Van die boere het ook aangedui dat hulle soms ryp kry, maar dat dit nie ‘n algemene verskynsel is nie.[207] Geen spesifieke inligting ten opsigte van gemiddelde reënval van Buisplaas kon verkry word nie. Vergelykende statistiek van Albertinia en Herbertsdale word in Tabel 1 hieronder weergegee. Hierdie tabel is van die Weerburo in Pretoria verkry in 1991.

[206] Ibid., Bylaag B, p.3.
[207] Besigheidsplan vir Landbou Ontwikkeling op Buisplaas, Verslag no. S1846/1, MBB Consulting Engineers Incorporated, Stellenbosch,September 1999, Bylaag: Ons Groen Erfenis, p. 2.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

**TABEL 1: Gemiddelde Maandelikse Reënvalsyfers vir Albertinia en Herbertsdale**[208]

| Maand | Gemiddelde Maandelikse Reënval in mm | |
|---|---|---|
| | Albertinia | Herbertsdale |
| Januarie | 24,2 | 28,5 |
| Februarie | 33,2 | 30,5 |
| Maart | 33,5 | 37,6 |
| April | 41,9 | 44,9 |
| Mei | 43,8 | 40,7 |
| Junie | 35,1 | 36,6 |
| Julie | 39,1 | 30,2 |
| Augustus | 44,2 | 44,2 |
| September | 38,9 | 32,6 |
| Oktober | 45,7 | 41,1 |
| November | 41,1 | 39,9 |
| Desember | 21,0 | 25,0 |
| **Totaal** | **441,9** | **431,8** |

Dit is belangrik dat hierdie tabel vir 1991 gegee word, aangesien dit die tyd was toe die ontwikkeling op Buisplaas begin het. Hierdie is ook gemiddelde reënval waarvan die navorsing oor ʼn lang tydperk gedoen is en steeds van toepassing is. Die afgelope drie jaar ondervind die streek onder gemiddelde reënval. In daardie stadium was die Gouritzrivier die primêre bron van watervoorsiening aan Buisplaas. Water was met emmers of ander houers vanaf die rivier na die huise gedra. Daar was dit in dromme geberg tot benodig. Daar was geen sentrale opgaarfasiliteite en waterverspreidingstelsel nie. Periodieke droogtes veroorsaak steeds, saam met nog faktore, wat later volledig bespreek word, dat daar geen of weinige watervloei in die Gouritzrivier. Maar in daardie jare, voordat daar water na Buisplaas aangelê was, het die inwoners putte gegrawe in die sanderige rivierbedding tydens droogteperiodes en die sugwater opgevang. Verder het die kwaliteit van die water tydens sulke droogtes so verswak dat dit totaal ongeskik vir menslike gebruik was. Die water word geweldig brak en tuiniers soos Paul Buis, wat op ʼn gemeenskaplike stuk grond vir die inwoners groente plant, het sommige gewasse verloor omdat die water te brak is.[209]

Later in die afdeling, 4.2.6.Water, word verduidelik waarom die situasie tans beter is. Party inwoners het toe reeds reënwatertenks wat afloopwater vanaf die huise se dakke versamel het, aangeskaf. Hierdie bron was egter ook onbetroubaar gedurende droogtes.[210] In 2017 was die nuutverkose munisipaliteit van Mosselbaai besig om inwoners sonder

[208]*Buisplaas Submission*, ongepubliseerde dokument, Bylaag 6.7, p.2.
[209]Onderhoud.
[210]Ibid., p.3.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

watertenks te help om tenks te kry en ek het reeds sommige nuwe tenks by van die huise opgemerk.[211]

Die LDU–verslag van 1994 gee die reënval van Buisplaas as van 300 tot 340 mm per jaar aan, maar dui nie aan waar hierdie syfers verkry is nie.[212] In 'n ander verslag word reënvalsyfers aangegee wat oor 'n tydperk van 12 jaar op Mullers Hauzer gemeet is. Hierdie plek is slegs 5 km stroomop van Buisplaas en hulle slotsom is 'n gemiddelde reënval van 338 mm. Die droogste maande is Januarie en Desember, soos ook in tabel 1 duidelik blyk, en die hoogste reënval is in Mei, Junie, Augustus en September.[213]

**TABEL 2:Mullers Hauzer reënvaltabel [214]**

| **Mullers Hauzer (breedtegraad 34° 04′; lengtegraad 21°43′) Gemiddelde maandelikse reënval. (aangegee in millimeters)** | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Maand** | **Jan** | **Feb** | **Mrt** | **Apr** | **Mei** | **Jun** | **Jul** | **Aug** | **Sept** | **Okt** | **Nov** | **Des** | **Totaal** |
| **Gemid.reënval** | 12 | 28 | 27 | 6 | 48 | 39 | 24 | 34 | 32 | 23 | 28 | 12 | 337 |

### 4.2.5 Plantegroei en die menslike benutting daarvan

Die aalwyne wat in die koppe bokant en rondom Buisplaas voorkom, is 'n geharde plantsoort en daar sal gereken word dat droogtes nie hierdie plant sal benadeel nie. Tog het die droogtes ook hier 'n rol gespeel. Die sap van hierdie inheemse alombekende Aloe Ferox wat oral in die Suid-Kaap voorkom, word verwerk en na Europa en Asië uitgevoer. Sedert die eerste aalwynprodukte in 1761 uitgevoer is, is dit tot vandag 'n bekende uitvoerproduk van die Mosselbaai-, Albertinia- en Riversdale-omgewing, waaronder Buisplaas ook resorteer. Die antieke Egiptenare het aalwynsap al in 1500 v.C. gebruik om werkers wat deur die son gebrand is te behandel. Plaaslik het die Boesmans en die Khoekhoen as kenners van die veld al die voordele van die plant geken.[215] Die ouer inwoners van Buisplaas was van kindsbeen af vertroud met die tap van aalwyne. Van die mans het ook as aalwyntappers op naburige plase gaan werk. Aalwyntap is 'n kuns op sy eie en die omstandighede moet reg wees wanneer getap word. Daar moet nie wind wees nie en veral nie die bekende bergwind van hierdie gebied nie. Dit moet nie te warm wees nie, maar ook nie te koud nie. As die temperatuur reg is, word daar ook op maanligaande getap.[216]

---

[211]Self waargeneem. Alhoewel alle huise dit nog nie het nie.
[212] Land Development Unit, Annual report for 1994, p.9.
[213]Besigheidsplan vir Landbou Ontwikkeling op Buisplaas, Verslag no. S1846/1, MBB Consulting Engineers Incorporated, Stellenbosch, September 1999, p.8.
[214]Ibid., p.8.
[215]Van Waart, S, *Mosselbaai,* Lapa Uitgewers, Pretoria, 2002, p. 116.
[216]Briel, R, *Albertinia Honderd Jaar,* p. 99.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Aalwyntap was histories een van die vernaamste boerdery–bedrywighede van Buisplaas. Ook die vrouens het meegehelp in die proses van aalwyntap. Ralie Philander vertel dat haar ma ook aalwyn getap en groente geplant het om haar pa wat 'n bysaaier, aalwyntapper en plaaswerker was, te help. Ralie moes die skool na standard agt (gr 10) verlaat en het by die buurman, Sauerman, gaan werk. Hy het die droë aalwynstompe verwerk.[217] Deur die jare het Buisplaas se aalwyne verminder as gevolg van droogtes, ook as gevolg van insekte en fungi wat die aalwynplant aangeval het. 'n Entomoloog, dr Allan Urban, het navorsing gedoen na die rede vir die agteruitgang van die aalwyne. Die insek wat die aalwyne aanval, kom natuurlik in die omgewing voor, maar hierdie 'bladmyner' [218] word gewoonlik deur twee soorte parasitiese wespsoorte in toom gehou. As gevolg van die droogtes verhoog die aloïen[219]-inhoud van die aalwynblaar, wat veroorsaak dat die twee wespsoorte nie kan uitbroei nie. Ook is die aalwynplant onder druk as gevolg van oortapping en weer eens verhoog die aloïenvlakke en daarom broei daar nie genoeg wespe uit om die bladmyner aan te val en te vernietig nie.[220] Om die aalwynbedryf op Buisplaas weer lewensvatbaar te maak, sou daar nuwe aanplantings gemaak moes word en die peste beheer word. Sommige van die ouer inwoners van Buisplaas kan sien hoe uitgedun die aalwyne teen die rante staan in vergelyking met toe hulle kinders was. Nicholas Joseph, wat reeds oorlede is, het in 1991 die uitlating gemaak dat die tap van aalwyne hulle enigste sekuriteit was.[221]

Die metode waarvolgens aalwyne getap word, het deur die eeue nie verander nie en ook in Buisplaas is die metode van ouer na kind oorgedra. Die jongmense van vandag ken egter nie die metode nie, omdat die tap van aalwyne nie meer 'n groot rol in die ekonomie van Buisplaas speel nie. Die aalwynbedryf is ook ekovriendelik omdat die tapper net die onderste twee rye blare afsny sodat hy die volgende jaar weer van dieselfde aalwyn kan sny. Daardie twee rye blare van 'n ongetapte aalwyn gaan in elk geval in die natuur net dood. Die sap raak ook al hoe bitterder elke jaar wat daar van dieselfde plant blare afgesny word. Die tappers moes voor die koms van swart plastieksakke van gebreide kaalgeskeerde

[217] SCLC, *The Women Recall,* pp. 45-47.
[218] Volgens 'n boer van die omgewing, H Terblanche, is die bladmyner, soos hulle dit self noem, oral 'n probleem in die omgewing en nie net as bedreiging vir die aalwyn nie.
[219] *Aloin, also known as barbaloin, is a bitter, yellow-brown colored compound noted in the exudate of at least 68 Aloe species at levels from 0.1 to 6.6% of leaf dry weight, and in another 17 species at indeterminate levels [Reynolds, 1995b]*Aloin - Wikipedia
https://en.wikipedia.org/wiki/Aloin.
Loo, May, M.D., *Integrative Medicine for Children,* 2009: Extracts of aloe *(Aloe vera),* barbaloin, or aloin are derived from the inner sheath cells of the leaves; it is a very powerful laxative and can cause stomach cramps.
[220] *Buisplaas Submission,* ongepubliseerde dokument, Bylaag 6.7, p. 5.
[221] Ibid., pp.2-5.

www.manaraa.com

skaap,- bees-, donkie- of perdevelle gebruik maak om in die gat te sit vir die opvang van die aalwynsap. Die tapper berei sy werkplek voor deur ’n holte in die grond te maak, groot genoeg vir sy vel en daarin word die afgesnyde blare in ’n sirkel gepak sodat die sap in die vel afloop. Elke tapper het handskoene sonder vingerpunte gedra om hom/haar te beskerm teen die skerp dorings van die aalwyn. Ook vir beskerming het hulle moue wat van velle gemaak is en met toutjies oor die kop en skouers vasgemaak is, gedra. Die sekel waarmee die blare afgesny word, se krom lem is verkort met ’n ystervyl en die punt is vlymskerp geslyp. Nadat die blare wat in dik lae in konsentriese sirkels op die vel gepak is en al die sap uitgeloop het, het die behendige tapper gesorg dat nie een blaar in die sap beland nie. Dit is weggekrap en met die gemoffiede hand is die punte van die vel saamgevat en is die sap in ’n seeppot of 44 gelling-oliedrom gegooi. Twee mense was nodig by die kook van die sap: een om die vuur te stook en een om die pot aalwynsap te roer. Net soos met konfyt of tameletjie kan die sap maklik aanbrand en die persoon wat geroer het, moes gedurig seker maak dat dit nie gebeur nie. Die vuurstoker se werk was om die vuur te beheer sodat dit nie te warm of te koud word nie sodat die sap net rustig kon prut. Wanneer jy die sap soos tameletjie tussen jou vingers in drade kon trek wat dan breek, was die sap reg. Die afgekoelde sap is dan verkoop. Tans kan die tapper die rou sap aan die aalwynfabriek verkoop en hierdie lang proses uitskakel. Ook kan die afgesnyde blare ook direk aan die fabriek verkoop word sodat masjiene al die werk kan doen.



**Foto 5: Aalwyne word getap**[222]

[222]Foto geneem deur A le Roux, 22.09.2018. Selfs na die droogte het Paul Buis hierdie aalwyne op Buisplaas getap.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Vandag word elke deel van die aalwynblaar gebruik. Behalwe die sap en die dik wit spek (die spierwit sponsagtige kern van die blaar) word die harde reste van die blaar ook in staaltenks gepars vir die maak van aalwynjellie. Die sponsagtige kern word tot 'n spierwitpoeier verwerk wat grotendeels uitgevoer word vir die maak van kosmetiese produkte in die skoonheidsbedryf.[223]

Vroeër jare het die tapper van Buisplaas dit nie so maklik of voordelig gehad nie. Die aalwynsapkoek wat gevorm is uit die dikgekookte sap, is dan aan 'n boer of winkelier verkoop. Die aalwyntapper het twee-derdes van die geld wat uit die verkope gekry is, ontvang en die eienaar van die grond waarop die aalwyne gestaan het, een-derde.[224] Voor 1985 is hoofsaaklik op die sapproduksie gekonsentreer en is die wit 'spek' weggegooi. Die VSA het reeds voor 1985 'n jel uit die spek gebruik in velsorgmiddels en 'n plaaslike plantkundige van Albertinia, dr. Leon du Plessis, het die proses om jel uit die aalwynblaar te verkry, bekom. Die jel van die aalwyn is 'n saamgestelde koolhidraatverbinding wat heilsame eienskappe besit. Hierdie wondereienskappe was nie dadelik aan die publiek bekend nie en die fabriek op Albertinia het aanvanklik swaar gekry totdat die publiek besef het dat die jel die hergroei van beskadigde weefselselle tot gevolg het. Ook moes hulle die regte masjinerie en verwerkingsprosesse in die hande kry.[225]

Die Buisplasers het natuurlik ook gebaat by die bykomende waarde van die aalwyn, aangesien dit hulle arbeid meer lonend gemaak het. Die ouer geslagte het deurentyd geweet dat aalwyn goed is vir die mens en daarom het dit ook by hulle as 'n medisyne en vir die voorkoming van siektes gedien. Die Buisplasers het elke twee weke 'n stukkie aalwyn geëet, volgens Nicholas Joseph. Ook is die ongekookte sap gebruik op die houtdakke en -meubels om dit te beskerm teen houtkewers, het Dinah Jansen vertel. Met die bou van huise is elke houtbalk eers in aalwynwater gedoop.[226]

Net soos Buisplaas rofweg in vyf dele verdeel was tussen die vyf kinders van Sim en Maria Buis, was die aalwynveld op die koppe bokant die bewoonde gebiede in vyf verdeel, sodat elkeen geweet het op wie se grond hulle aalwyne tap en aan wie die geld oorbetaal moes word. Na die stigting van die BBV is daar besluit dat 'n tiende van al die inkomste uit aalwyntap na die BBV moes gaan. Hierdie geld sou gebruik word vir die instandhoudings--werk en ontwikkeling van Buisplaas. Maar, soos hierbo verduidelik is, het die aalwyntap-ekonomie op Buisplaas gekwyn en so te sê verdwyn as gevolg van siektes op die aalwyne.

[223] Van Waart, S, *Mosselbaai,* Lapa Uitgewers, Pretoria, 2002,pp. 116 – 124.
[224] Ibid., p. 2.
[225] Briel, R, *Albertinia Honderd Jaar,* pp. 100 – 101.
[226] Ibid., p. 3.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

In die 1960s en 1970s het hulle nog van R1.20 tot R1.50 per kilogram vir die aalwynkoek gekry. Hoe skaarser die aalwyne in die distrik van Herbertsdale en Riversdale geword het, hoe hoër het die prys geklim. Die laaste keer dat die aalwyne op Buisplaas getap is, was in 1990 (volgens Jo-Ann Thesen se verslag in die *Buisplaas Submission*en ander bronne) en alhoewel hulle slegs 560kg verkoop het, was die prys per kilogram toe R4.50.[227] Met die kwynende aantal aalwyne het die hoër prys nie veel voordele vir die inwoners van Buisplaas ingehou nie. Tog het 'n klompie Buisplasers nog op naburige plase gaan aalwyne tap toe die aalwyne op Buisplaas oortap was en sommige doen dit nog in 2018 waar die aalwyne nie deur die droogte benadeel is nie.

As die hoofstuk oor die ekonomiese ongelykhede in Suid-Afrika in Sheila Patterson se boek *Colour and Culture in South Africa* gelees word, word die probleme waarmee die voornemende werkers van Buisplaas te doen gehad het, duideliker. Bruinmense is veel minder as blankes betaal vir dieselfde werk en daar was min gedoen om opleiding, beter skoling en menswaardige salarisse aan bruin werkers te gee.[228] Bruinmense is slegs as werkers gesien en as die Buisplasers op naburige plase gaan aalwyn tap het, was daar dikwels van hulle verwag om hulle kinders van 'n jong ouderdom af, ook aan die eienaar van die plaas as arbeiders beskikbaar te stel. Elias Buis het as 'n dertienjarige al op 'n naburige plaas gaan aalwyne tap nadat hy standard drie (die huidige graad 5) geslaag het. Hy het by die plaaseienaars ingewoon en in die kombuis geëet. Sy loon kon hy dus net so aan sy ouers oorhandig. Op die ouderdom van 16 het hy teruggekeer Buisplaas toe en vir sy eie pa gaan aalwyne tap. Daar was egter 'n groep ouers wat nie aan die versoek van so 'n plaaseienaar toegegee het nie, want hulle wou gehad het dat hulle kinders 'n beter toekoms as hulleself moes hê. Die ouer het dan kennis gegee en op 'n ander plaas gaan aalwyne tap. Al is aalwyntap nie meer 'n lonende praktyk nie, het 12 uit 30 jongmense in 1991 vertel dat hulle as kinders aalwyne getap het. [229] Attie Joseph onthou dat sy pa so kwaad was dat daar van hom verwag was om sy jong seuns as aalwyntappers aan sy werkgewer te gee, dat hy weggegaan het van sy nabygeleë werkgewer en baie ver weg, naby Gouritzriviermond gaan aalwyn tap het. Hierdie opoffering het veroorsaak dat hy sy gesin min gesien het maar hy het sy geld gespaar vir sy kinders se opvoeding en nie toegegee aan die druk om ook van hulle net hande-arbeiders te maak nie. Sy seuns (Attie en Nicholas) kon voortgaan met hulle skoolopleiding en het albei onderwysers en later skoolhoofde geword.[230] Op Buisplaas het

[227]Ibid., pp. 4-5. Tog is die teendeel bewys toe ek in 2018 die foto van die aalwyntap geneem het.
[228] Patterson, S, *Colour and Culture in South Africa,* Routledge and Kegan Paul Ltd., London, 1953, pp. 65 – 89.
[229]*Buisplaas Submission*, bylaag 6.1 (*Employment),* pp. 1 – 3.
[230] Onderhoud: Attie Joseph, 2016.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

daardie seuns wel gehelp om hul ouers se aalwyne te tap en Attie se broer, Nicholas, het selfs aalwyne getap terwyl hy vir sy eerste aanstelling as onderwyser gewag het.[231]

Sommige meisies en vrouens van Buisplaas het ook aalwyne getap. Ralie Philander vertel dat haar ma aalwyne getap het[232] en daar is nog talle voorbeelde. Maria Buis het vertel dat dit baie harde werk vir 'n vrou was. Hulle moes van vroeg tot laat in die veld wees en dan nog saans vir hulle huisgesinne kos maak en hulle versorg. Sy het egter met die geld wat hieruit verdien is, agt kinders grootgemaak. Ook het Dinah Uithaler wat saam met haar niggie getap het, vertel dat dit was om klere, kos en 'n opvoeding aan hulle kinders te kon verskaf.[233]

In die goeie jare toe die prys van aalwynprodukte gestyg het, was daar van die Buisplaastappers wat so goed verdien het dat drie van hulle selfs vir hulle voertuie kon koop.[234] Die aalwyntapaktiwiteit is op verskeie BBV-vergaderings as 'n probleem beskou en in 1996 het 'n lewendige debat daaroor plaasgevind. Daar was van die tappers wat nie die 10% aan die BBV betaal het nie, omdat hulle nie kon sien wat die BBV met die geld doen nie. Nog 'n ander persoon wou weer meer regte vir die tappers gehad het en ander het gekla dat daar te min aalwyne op Buisplaas self is en dat die ander plaaseienaars hulle uitbuit. Nicholas Joseph het probeer om aan die tappers te verduidelik dat die aalwyne op Buisplaas juis vir vyf jaar nie getap is nie sodat dit kon herstel na die siekte. Uit hierdie debat kan afgelei word hoe belangrik die aalwyntap nog in daardie tyd vir die inwoners van Buisplaas was.[235]

Een voordeel wat die Buisplaas-aalwyntappers gehad het, was dat hulle uit 'n posisie van mag kon gaan wegwerk. Hulle was grondeienaars en was dus nie totaal afhanklik van die werk op naburige plase nie. Hulle hoef nie vir verblyf te vra nie, want as die plase waar hulle gewerk het naby genoeg was, het hulle saans op Buisplaas by hul huise gaan slaap. As gevolg van die onvermoë om net deur middel van 'n bestaansboerdery vir hulle huisgesinne te sorg, was die meeste van die inwoners van Buisplaas gedwing om weg te werk.[236]

Die aalwyntapseisoen het van Maart tot September geduur en daarna het van die mans van Buisplaas gaan help om koring te oes op naburige plase. Vroeër jare is die koring nog met die sekel geoes. Hulle was baie min betaal, maar het rantsoene in die vorm van

---

[231] *Buisplaas Submission*, bylaag 6.1 (*Employment*), p. 3.
[232] SCLC, *The Women Recall,* 2000, p.45.
[233] *Buisplaas Submission*, bylaag 6.1 ( Employment), p. 2.
[234] Ibid., p. 3.
[235] Ongepubliseerde dokument, Notule, 07.12. 1996.
[236] *Buisplaas Submission*, bylaag 6.1 ( *Employment*), p.1.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

aartappels, koring en meel gekry. Die kinders het ook op die lande die oorblywende koringare opgetel en dit dan tuis skoongemaak en in 'n vysel met 'n stamper fyngestamp tot meel.[237]

### 4.2.6 Water

Buisplaas lê, soos reeds genoem, teen die Gouritzrivier wat deur drie belangrike riviere, nl. die Groot-, Gamka- en die Olifantsrivier en ander kleiner riviere gevoed word. Die Grootrivier word weer op sy beurt deur die Buffels-, Dwyka en die Touwsriviere gevoed. Hierdie riviere ontspring in die Groot Karoo en is baie brak. Die Buffelsrivier loop deur Laingsburg en was verantwoordelik vir die groot skade aan die dorp en sy mense in 1981 toe dit in vloed was. Die Gamkarivier ontspring ook in die Groot Karoo en vloei deur die Swartberge waar dit dan in die Klein Karoo naby Calitzdorp by die Olifantsrivier aansluit en in die Gouritzrivier in loop. Die Olifantsrivier kry sy water uit die ooste van die Groot Karoo en uit die suidelike hange van die Swartberge en die noordelike hange van die Outeniqua-berge en vloei dan in die rigting van Oudtshoorn. Die Kammanassierivier ontspring in die noordelike hange van die Outeniquaberge, naby Uniondale en vloei in die Olifants. Dus kan gesien word dat die Gouritzrivier die potensiaal gehad het van 'n sterk en bestendige vloei en dit was inderdaad vroeër jare so, maar ontwikkeling en die toename van verbruikers van al hierdie riviere het die vloei drasties laat afneem. Daar word selfs beweer dat die Gouritzrivier die tweede grootste opvanggebied in Afrika, naas die Nyl in Egipte, het. (Die Gouritzrivier dreineer 'n gebied van 45 702 vierkante km.) Die grootste probleem is net dat die opvanggebied in van die droogste dele van Suid-Afrika lê.[238]

Die gebrek aan voldoende besproeiingswater van 'n goeie kwaliteit of van hoegenaamd enige besproeiingswater, was 'n groot nadeel vir die verbouing van enige gewasse vir die inwoners van Buisplaas. Boere wat stroomop van die Gouritzrivier en ook langs die ander voedingsriviere geboer het, het meer damme en kanale gebou wat die vloei van die rivier laat afneem het en die inwoners van Buisplaas was magteloos daarteen. Groot damme in die Oudtshoorn- en Ladismith-omgewings wat in die Olifantsrivier gebou is, het die vloei van die Gouritzrivier laat afneem en so ook die damme in die ander riviere wat in die Gouritzrivier vloei. Gereelde droogtes het ook bygedra tot verminderde water in die rivier. As gevolg van die droogtes wat opgevolg is deur hewige vloede, was die skuins grond van Buisplaas, veral die vrugbare grond teen die rivier, ook onderhewig aan ernstige erosie. Die inwoners het bloekombome aangeplant om die erosie te probeer teenwerk, maar dit was

---

[237] Ibid., pp. 3-4.
[238] *Rivers of the Gouritz Water Management Area 2007*, geen publiseerder, geen outeur, pp.ii, 16.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

nie altyd baie geslaagd nie en het nie die erosie oral teengewerk nie. Bloekombome is ook 'n uiters dorstige boom wat baie ondergrondse water uit die omgewing onttrek. Die groei van groot dorpe soos Oudtshoorn het ook die vraag na meer water laat toeneem en dit het ook die druk op die watersisteem geplaas. Die indringer Wattelboom (*Black Wattle*), wat oral langs die riviere in die Suid-Kaap vermeerder, is ook 'n groot waterdief en dus 'n groot probleem.[239]

Soos uit die syfers in Tabel 1 en 2 gesien word, is die reënval gedurende die somermaande meestal laag en daarby is die Gouritzrivier nie standhoudend nie, aangesien dit deur vele boere gebruik word van waar dit in die Groot- en Klein-Karoo ontstaan. Die Departement van Waterwese se vloeisyfers het aangedui dat daar oor die tydperk Oktober tot Maart meestal geen vloei is nie. Die Langtourivier sluit 'n ent stroomop van Buisplaas by die Gouritzrivier aan en is meer standhoudend. Baie boere pomp uit die rivier en verder raak hierdie rivier se water in die sand van die Gouritzrivierbedding weg tydens die droë somermaande.

Die kwaliteit van die Gouritzrivier se water is al dikwels getoets en word algemeen as 'swak' bestempel as gevolg van 'n hoë soutinhoud (wat in die volksmond as brakwater bekend staan).[240] Brakwater is veral vir sekere plantsoorte nadelig. Gewoonlik kan veral rose nie met brakwater besproei word nie, maar tog kweek Paul Buis vandag op Buisplaas met sukses rose saam met ander groente- en blomsoorte wat dui op die verbetering van die waterkwaliteit wat nou aan Buisplaas gelewer word. 'n Buurman, Daniël Badenhorst het 'n pomp in die rivier geïnstalleer vir sy eie gebruik maar Saterdae is die water tot beskikking van die inwoners van Buisplaas. Die pomp onttrek water wat deur die sand van die rivier gefiltreer is en dan nie so brak is nie. Al hierdie faktore het destyds bygedra tot die armoede van Buisplaas se mense, omdat hulle nie suksesvol aanplantings kon doen nie en het ook bygedra tot die noodsaaklikheid van 'n beter kwaliteit drinkwater vir die inwoners van Buisplaas.

---

[239] Ibid., pp.ii –iii, 16.

[240] Ontledingsresultate van watermonsters geneem deur die Departement van Waterwese en Bosbou te Zeekoeidrift (waar die Gouritzrivier deur die Langeberge vloei) oor 'n tydperk van 28 jaar, met gereelde tussenposes wat wissel van twee maal tot vier maal per maand, het gewys dat nie een van die meer as 2000 monsters 'n geleiding van minder as 25mS/m (lae soutinhoud water) gehad het nie. Byna 90% van die watermonsters wat ontleed is,het 'n elektriese geleiding van hoër as 75 mS/m (hoë soutinhoud) gehad en in baie gevalle hoër as 250mS/m (baie hoë soutinhoud). Natrium is die dominante katioon in die water en tog is die natriumabsorpsieverhouding ('n indikasie van die natriumgevaar) redelik laag. Volgens die U.S. Salinity Laboratory se maatstawwe, val die water in 'n besproeiingsklas wat sover dit besproeiing betref, hoë soutgevaar, lae natriumgevaar aandui.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com



**Foto 6: Die rivierbedding van die Gouritzrivier**[241]

Die Gouritz wat periodiek afgekom het en sy walle oorstroom het, was deel van 'n rivier se lewensloop, maar vloede was 'n ander saak. Vloede wat uitstaan, is dié van 1901-1902, 1928, 1954, 1963, 1969, 1981(2x), 1996 en 2000. Die Laingsburgvloed van 26 Januarie 1981 toe die Buffelsrivier sy walle oorstroom het en groot skade en lewensverlies in Laingsburg veroorsaak het, maar ook al die riviere waarin die Buffelsrivier invloei, in vernietigende, oorvol riviere verander het, het egter die grootste omwenteling veroorsaak. Vorige oorstromings het oor die rivierwalle gekom en 'n goeie, rooierige kwaliteit slik neergelaat. Toe die water wegtrek, het vrugbare grond agtergebly, maar die Laingsburgvloed het net dooie grond gebring. Die puin wat op die walle van die rivier by Buisplaas en verderaan in die see gestort is, het bestaan uit bosse, takke, volstruise, dieseltenks, plastiekpype en beeste, ens. Boerderyvertakkings het totaal verander na die vloed. Twee maande later het kwaai reën by Oudtshoorn en Calitzdorp nog 'n vloed tot gevolg gehad en die meeste van die herstelwerk wat na die Laingsburgvloed gedoen is, is ongedaan gemaak.[242] Gesprekke met inwoners van Buisplaas, wat al oorlede is, is opgeteken en daarin vertel een van die ouer inwoners dat hy die Laingsburgvloed van 1981

[241]Foto geneem deur A le Roux, 22.09.2018. Die rivierbedding van die Gouritz. Daniel Badenhorst het die kuil water oopgestoot in die bedding van die rivier vir besproeiingsdoeleindes.
[242]Briel, R, *Albertinia Honderd Jaar 1902-2002,* pp.92-93.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

nog helder kon onthou en veral hoedat die Gouritzrivier ook twee steenhuise weggevoer het.[243] Die vloed het die rivierbed wyer en droër gelaat en natuurlik ook kosbare landbougrond weggevoer na die see. Interessant is dat een van die Buisplaas-Facebookgroep in 2018 ander lede van die groep vra wat hulle herinneringe van die vloed was. Uit die antwoorde kan gesien word watter groot invloed die gebeure tydens en na die vloed op die inwoners gehad het. Die meeste wat hul herinneringe gedeel het, was nog jong kinders toe dit gebeur het.

> [*Wie onthou nog die Laingsburgvloed van 26 Januarie 1981?*
> *Ek onthou nog die vrees toe ons die boodskap gekry het dat 'ou Gourits afkom en als in sy pad saamvat'!*
> *Party mense van die 'onderstad' het in die nag en aanhoudende reën, hul huise ontruim en hoog op teen die 'koppe' op beweeg. Daar was nie elektrisiteit nie.*
> *Ek kan my indink, watter hel dit moes wees, om uur na uur, in daardie verskriklike donker, moes bid en hoop, en wag vir die dag.*
> *Die ergste was seker die 'volgens wat ek vertel is,' die geluidloosheid van die watermassa....*
> *My Ouma het gesê: 'ons het in een plek gaan slaap en in 'n heel ander een wakker geword. Die mans het deur die nag, met lanterns, gaan kyk hoe hoog op teen die wal, die water gestyg het. Daar was lewensverlies, en skade... Ek kon darem op Diazstrand, in Mosselbaai uitkom, om te kon sien wat alles see toe gedryf en gespoel het. Verbysterend! Karkasse, meubels en baie modder..... Ek het iewers nog 'n foto van 'n murasie wat voor die vloed, 'n netjiese klip en klei woning was. Dit het om die draai, naby die ou Kareeboom, amper in die onderstad, gestaan…*[244]
>
> **Natasha Arendse** *My ouma ht my vertel my ma moes met my bo teen die kop by aunt mietjie vatie gaan slaap want hulle was bang die vloed stoot ini kloof op en dis by ons hys x ws n baba 1981*
>
> **Jocelyn Ann Joseph** *Ek het daai jaar sub A toe gegaan. Ons moes oor die kop loop skool toe. Onthou so baie daarvan maar te veel om te skryf. Pierre Prinsloo aan Hannelie Galant ek onthou julle huisie was meegesleur.* [245]

Inwoners wat in 1991 van 40 tot 50 jaar oud was, kon nog die jare onthou wat die Gouritzrivier konstant sterk gevloei het. As kinders was die rivier nog so diep dat hulle dit nie kon oorsteek nie. Van die inwoners wat op oorkantse plase gewerk het, het dikwels probleme gehad om na en van die werk te loop omdat die rivier te diep was.[246] In hoofstuk 3 vertel 'n vorige plaasseun van die buurplaas langs Buisplaas dat hulle elke dag met 'n perdekarretjie deur die rivier moes gaan op pad na die plaasskool. Hulle het dikwels van die Buisplaas se mense 'n geleentheid saam gegee en ander kere het twee mans van Buisplaas hulle weer gehelp om deur 'n vol rivier te kon gaan.

---

[243]Thesen, J, *The Left-over People, Buisplaas Submission,* 1991.
[244]Fredericks, Irene Michaels se inskrywing op die Buisplaas-Facebookbladsy, Januarie 2018.
[245]Nog twee lede van die Buisplaas-Facebookbladsy se reaksie op die Laingsburg-vloed.
[246]*Buisplaas Submission*, Bylaag 6.1, Land Use, p.1.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Nicholas Joseph het verduidelik dat die Gouritzrivier vir die ouer mense soos die Nylrivier in Egipte was, aangesien hulle direk in die slik op die rivieroewer groente geplant het. By gebrek aan implemente het hulle sommer 'n stok gebruik om 'n gaatjie te maak in die sand en dan die saad van pampoen, boontjies, makataans (wilde waatlemoen) en aartappelmoere daarin te plant. Dit was voordat al die damme in die bolope van die rivier gebou is en die kleiner vloede die slik op die oewer gedeponeer het. Die gesaaides het óf goed opgekom en die surplus kon vir suiker en koffie by die naburige boere geruil word, óf 'n volgende vloed het alles weggespoel. Ook is daar vroeër met meer sukses oeste verkry uit die aangeplante vrugtebome en daar is ook soms met die vrugte gesmous, maar die gebrek aan water het die bome mettertyd laat verdroog, soos reeds genoem.

Volgens die Afdelingsraad van Mosselbaai was daar voor 1991 43 hektare in Buisplaas sonder besproeiing bewerk. Daar was ook lank terug koring geplant want Dina Jansen se huis is op 'n vergange misgesmeerde dorsvloer waarop die koring uitgewan is, gebou. Donkies het in die rondte op die dorsvloer gestap en die koring uitgewan.[247] Daar is uit amptelike kringe (voor 1994 en die nuwe demokratiese regering in SA) meestal neergesien op hierdie boerdery van die 'nie-blanke' gemeenskappe, veral omdat daar verkies is dat die bruin mans eerder as plaaswerkers vir blanke boere moes werk.

> *The Commissioners reported with some asperity on the labour difficulties caused by Coloured attachment to the land: 'At all places visited… time, labour, and manpower are wasted. The Coloureds leave their work in order to go home and plow their lands. These lands are very small and miserable, the means employed to cultivate them ineffective and the individual's knowledge nil, and for this precarious existence they give up their jobs. But '**scratching in the ground is in their blood, whether or not they profit by it.'***[248]

Volgens Nicholas Joseph het die ouer geslag ook deur middel van jag en hengel hul proteïne aangevul. Hy het as 'n kind in die middae na skool in die Gouritzrivier gaan visvang sodat hulle kos vir aandete kon hê. Met die rivier wat toe steeds meestal konstant gevloei het, kon hy van 15 tot 20 harders of springers vir aandete binne 'n uur of wat gevang het. Hulle het ook gereeld palings gevang wat aan die naburige boere vir suiker, koffie en meel geruil is. Palings is gedurende die nag gevang en is dan aan die dakbalke opgehang tot die volgende oggend. Hulle het ook dassies, ystervarke en hase gejag en blykbaar het die gaar dassies 'n baie lekker pastei gemaak. Die gesogste vleis was dié van 'n skilpad.[249]

---

[247] Ibid., p. 6.
[248] Patterson, S, *Colour and Culture in South Africa,* Routledge and Kegan Paul Ltd., London, 1953, p. 306.
[249] *Buisplaas Submission*, Bylaag 6.1, pp. 2-8.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

### 4.3 SAMEVATTING

Deur midel van al bogenoemde maniere het die mense van Buisplaas voor die 1990s oorleef, voordat daar daadwerklik oorgegaan is tot ontwikkelingsaksies, maar die lae landboupotensiaal saam met peste en plae het hierdie bestaanswyse gekniehalter en daar moes dringend aan die ontwikkeling van Buisplaas aandag gegee word vir die voortbestaan van die inwoners. Die fisiese omgewing het bepaal wat die Buisplasers op hul geboortegrond kon en kan uitrig en faktore moes oorkom word of mee gehandel word. Staatspensioene help die afgetredenes en ook diegene wat om ander redes kwalifiseer vir pensioene. Baie gesinne het toe reeds weggetrek om elders werk te bekom en sodoende 'n beter toekoms vir hulle kinders te verseker. Van die meer as 670 intekenaars op die Buisplaas-Facebookbladsy woon die meeste buite Buisplaas, maar die goeie herinneringe aan hulle geboortegrond is duidelik waarneembaar. Baie familielede en oud-inwoners van Buisplaas besoek Buisplaas nog gereeld omdat daar familielede woon en om die jaarlikse vergadering van die BBV by te woon en die jonger persone het wel 'n sentimentele verbintenis met die plek, alhoewel die ekonomiese vooruitsigte te beperk is vir hulle om hulle weer permanent daar te vestig.

Tydens 'n besoek aan Buisplaas in 2016 is daar met verwondering in die pragtige groentetuin van Paul Buis saam met 'n paar ouer inwoners gekuier. Hy het 20 jaar vir Telkom gewerk en het 12 jaar terug 'n aftreepakket by hulle gekry. Nou is hy en sy vrou terug op Buisplaas en hy bewerk hierdie gemeenskaplike tuin by die biblioteek. Hy kweek ook sy eie rose en plant 'n verskeidenheid groentesoorte. Op 'n vraag of sy groente nie gesteel word nie, aangesien daar net 'n omheining is om die diere uit te hou, het hy net 'nee' geantwoord. Sy rede was dat hy aan almal wat groente nodig het, gee. Rosetta Buis se huis, waar sy tans 'n sieklike broer versorg, kyk uit op hierdie mooi tuin. Sy was tot op 60-jarige ouderdom 'n huishulp op 'n naburige plaas, maar woon steeds op Buisplaas en aangesien sy nooit getroud was nie, help mense soos Paul Buis met sy groentegeskenke ook vir haar. Gert Buis, wat uit sy maag lag as hy vertel dat hy in die stad as Gerard Buis bekend staan, kyk in sy 66e jaar terug na verskeie beroepe wat hy gehad het in stede soos Kaapstad en Johannesburg. Maar hy kom altyd terug na Buisplaas om te kuier. Driekie Buis het matte gemaak in Elsiesrivier in die Kaap, maar terug in Buisplaas voel sy tuis en rustig. Daarom kom sy ook gereeld terug Buisplaas toe om te kuier.

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat Buisplaas nie die perfekte grond, watervoorsiening en topografie het nie, maar tog is dit juis die besonderse ligging langs die Gouritzrivier wat die besoeker bybly. Die manier waarop die mense met mekaar saamleef en

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

die beste van hul geboortegrond maak, die ongelooflike rustigheid wat daar ondervind word, is die rede hoekom soveel ouer persone terugkeer na Buisplaas. Attie Joseph, wat tans nie meer op Buisplaas woon nie, maar nog nou betrokke is by alle aktiwiteite op Buisplaas, meen dat die inwoners nog veel meer kan doen om met die grond tot hulle beskikking groente en gewasse te kweek. Soos in die LDU en SCLC se verslae in die 1990s, was die grootste probleem wat die inwoners verhoed het om beter groente te produseer, die gebrek aan besproeiingswater.[250] Soos in hoofstuk 5 onder die afdeling oor die watervoorsiening gewys word, is hierdie probleem met die hulp van Daniël Badenhorst opgelos deurdat hulle nou elke Saterdag genoeg besproeiingswater uit die Gouritzrivier kry. In tye van groot droogte soos in 2017/2018 op Buisplaas en ander dele van die Suid-Kaap ondervind word, is die besproeiingswater egter dikwels te brak vir geslaagde gebruik in tuine.

Die topografie en ligging van Buisplaas en die gepaardgaande invloed op die ontwikkeling van paaie (of die gebrek daaraan), speel 'n belangrike rol in die bepaling van die lewenswyse van die gemeenskap. Dit het saam met ander faktore soos onder andere die beoefening van 'n bestaansboerdery, bygedra tot die vorming van 'n redelik geslote maar tog 'n lewensvatbare gemeenskap.[251]

[250] Ongepubliseerde dokument, SCLC se Loodsprogram: Suid-Kaap Loodsdistrik, Buisplaas, p.7.
[251] Briel, R, *Albertinia Honderd Jaar 1902- 2002,* p. 74.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

# HOOFSTUK 5

# ONTWIKKELING EN VERANDERING OP BUISPLAAS

## 5.1 INLEIDING

Aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog het verstedeliking oral in Suid-Afrika drasties toegeneem, soos ook in die res van Afrika. Europa was arm en gestroop van lewensmiddele en het op hul kolonies staat gemaak om hulle te voorsien van landbouprodukte en ook ander noodsaaklike kommoditeite soos ystererts, steenkool, ens. om hul ekonomieë weer aan die gang te kry en hul mense te voed na 'n uitmergelende oorlog van ses jaar.[252]

In Suid-Afrika was verstedeliking ook die norm en meer en meer mense kon nie meer 'n bestaan op die platteland maak nie. Waar die mense van Buisplaas sedert die ontstaan van die dorpie en ook nog vroeg in die twintigste eeu tevrede was met 'n bestaansboerdery en besmoontlik gebruik te maak van wat daar in die omgewing beskikbaar was soos die tap van aalwyne, het meer en meer mense weggetrek om 'n beter lewe te gaan soek. In 1979 word in 'n verslag van 'n opname in Buisplaas deur die Afdelingsraad van Mosselbaai die volgende statistiek gegee: Alwyntappers- 15, Messelaars – 4, Kantoorwerkers – 1, Pensionarisse – 19, Huisbediendes – 9, Poswese – 14, Onderwys – 6, Plaasarbeiders – 14. In daardie stadium was daar 243 gesinslede op Buisplaas.[253] Ongelukkig is daar nie sulke verslae oor ander jare nie. Behalwe die aantal ouer of baie jonger mense wat in Buisplaas gewoon en aalwyne getap het of van bestaansboerdery geleef het, het die meeste mans en ook dikwels die vroue elders gaan werk. Die aalwyntappers, pensioenarisse, plaasarbeiders en van die 'huisbediendes' wat in bogenoemde verslag aangedui word, kon voltyds op Buisplaas woon. Om die ander beroepe te kon beoefen, moes sommige van hulle gedurende die week elders woon om te kon werk. Die arbeidsmark was die beste in die stede en groter dorpe. Vroue soos Elizabeth Jansen en Frieda Uithaler was gelukkig dat hul mans onderskeidelik op Mosselbaai by Transand en op Jakkelsvlei ('n plaas relatief naby Buisplaas, ±25 km daarvandaan) gewerk het en dus dikwels tuis was. Maar Elizabeth se eggenoot, Jan Jansen het eers as 'n jongman in Johannesburg waar hy haar ontmoet het, gaan werk. Amalia Buis en haar man het in die Paarl gaan werk voordat hulle weer teruggekeer het na Buisplaas. Mary de Jager, 'n kleindogter van Maria Rosetta Buis, het saam met haar man in die Kaap gewoon en gewerk, maar na aftrede het albei op

[252]Cooper, F, *Africa since 1940,* Cambridge University Press, UK, 2002, pp. 32- 36.
[253]Buisplaas-Gehug - Sosio-Ekonomiese Opname: Januarie 1979.

www.manaraa.com

Buisplaas kom bly.[254] Die lewe in die stede en groter dorpe het aansienlik verskil van die lewe op Buisplaas en alhoewel die woonbuurtes, waar bruin mense moes woon as gevolg van die diskriminasie van die regering baie digter bevolk was en die inwoners nie 'n homogene groep was nie, was daar tog voordele soos elektriese krag, aangelegde water en beter vervoer as op Buisplaas. Wanneer die uitgewekenes dus teruggekeer het na hul heimat, het hulle na die geriewe van die stad verlang.

Daar was verskeie redes waarom Buisplaas voor 1985 'n klein gehuggie sonder moderne geriewe soos vars drinkwater, leiwater en elektrisiteit was. 'n Klompie familielede het huise bewoon wat reeds geslagte lank in hulle besit was of wat hulle self op hulle erfgrond gebou het. Baie van die inwoners het egter nie kaart en transport van hul grond gehad nie.[255] Die eerste paar huise was meestal net van gestapelde leiklip van die omgewing gebou. Ander, ouer huise was van boumateriaal soos klei, sinkplate, strooi en hout gebou. Die leikliphuise was gewoonlik baie klein. Daar is nog 'n voorbeeld van so 'n huis op Buisplaasmaar dis onbewoon. Die meeste vloere van die huise was met mis gesmeer, maar teen 1991 was daar al huise met linoleumvloere.[256]



**Foto 7: Voorbeeld van die ou kliphuis op Buisplaas** [257]

Volgens Nicholas Joseph is almal in 1950 deur die SDR aangesê om steenhuise te bou, maar niemand het hulle geldelik of op ander maniere gehelp met die bou daarvan nie. Alhoewel Buisplaas op privaat grond geleë is, wou die streeksdiensteraad tog voorskriftelik optree omdat Buisplaas 'n dorpie was en nie net 'n gewone plaas nie. 'n Handgeskrewe

[254]Onderhoude: 13.10.2016, 09.05.2017.
[255]*Buisplaas Submission*,pp. 1- 2.
[256]Ibid., Appendix 6.1, p. 4.
[257]Foto geneem deur A.le Roux.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

verslag in 1978 noem die swak toestand van hout- en sinkhuise: *aan Rosina October se huis is daar geen verbeteringe aangebring nie; Dina Buis se huis is gedeeltelik afgepleister, Pieter Tarentaal, Hendrik Buis en Derick Jantjies se houthuise is bouvallig en in 'n swak toestand* en dan word 'n aantal inwoners se name gegee wat oor geen toiletgeriewe beskik het nie.[258] Tog was elke huisgesin se huis vir hulle kosbaar maar hulp was dringend benodig. Selfs in 1992 word daar op 'n BBV-vergadering gekla dat 'n man van Buisplaas wat 'n huis wou bou, se bouplan teruggestuur is deur die SDR omdat dit nie voldoen het aan hulle spesifikasies en hoë vereistes nie. Die stadsklerk van Albertinia, mnr. Human, was teenwoordig by hierdie vergadering. Hy het verduidelik dat dit Nasionale Bouregulasies is, maar dat Suid-Afrika met 'n eerste- en derdewêreldsituasie sit en het aan die hand gedoen dat die BBV aan die SDR moet verduidelik wat die situasie in Buisplaas is. Die mense wil graag hulle lewenskwaliteit verbeter, maar die buitensporige uitgawes met die indien van bouplanne, stoot die koste van 'n nuwe huis op nog voordat met die bouery begin is. Human het die vergadering verseker dat hy met sy raad sou beraadslaag om op die saak in te gaan. Harry October het gevra waarom enige struktuur in KwaNonqaba, 'n informele woonbuurt in Mosselbaai opgerig kan word, maar op Buisplaas het die gesondheiddienste beswaar aangeteken teen 'n blikhuis. Die SDR het ook sonder waarskuwing van die inwoners se varkhokke kom inspekteer. Die vergadering het gevoel dat hulle eerder na die behuisingsnood moes kyk.[259]

E P C (Boetie) Buis, 'n inwoner, vorige skoolhoof van Buisplaas was gekies as parlementslid vir die Driekamerparlement(1983) om die kiesafdeling, Diaz, te verteenwoordig.[260] Volgens die inwoners het hy nie veel vir Buisplaas gedoen nie, behalwe om die bouregulasies opgehef te kry sodat die mense hul huise goedkoper en sonder die nodige toestemming kon bou.[261] Daar is 'n hele aantal briewe op rekord waarin Attie Joseph (1986) en E P C Buis (1988) aan die Outeniqua Afdelingsraad versoeke gerig het dat hulle eerder die inwoners van Buisplaas moet help i.p.v. net aanmekaar kritiek uit te spreek oor die gehalte van die huise.

> *Volgens statistieke woon op Buisplaas 300 siele. Hulle word geakkommodeer in 42 huise. Voorts wil ek u daarop wys dat daar 45 kinders in die oudersdomsgroep 0 -6 jaar is en 54 7 – 14. Die res is 15 jaar en ouer. 'n Verdere ontleding het getoon dat daar 7 persone per huis woon. Die meeste huise is vier-vertrekke en u sal met my saamstem dat dit nie 'n gesonde toedrag van sake is*

[258]Buisplaas: verslag oor die stand van die behuising, 26.04.1978.
[259]Ongepubliseerde dokument, BBV-notule, 04.04.1992.
[260]'n Poging van die NP-regering om mag aan die bruin en Asiatiese inwoners van Suid-Afrika te gee deur twee ekstra 'kamers' in die parlement te skep waar hulle beperkte seggenskap oor hul eie sake gehad het.
[261]*Buisplaas Submission: Parliamentary Politics*, p. 6.

www.manaraa.com

*nie. Ek moet dit ook onder u aandag bring dat tien van daardie huise deur meer as een familie bewoon word.*[262]

In E P C Buis se brief in 1988 het hy genoem dat die Afdelingsraad die oprigting van huise stopgesit het. Maar hierdie huiskwessie het reeds in 1979 begin. Die gesondheidsbeampte van die Afdelingsraad van Mosselbaai, G Streicher, wou toe reeds die inwoners van Buisplaas na Herbertsdale skuif. Sy redes was dat die huise op Buisplaas '*plakkery'* was en nie toegelaat kan word nie. Hy en die ander amptenare het geen benul van die ontstaansgeskiedenis van Buisplaas gehad nie. Ook was daar geen simpatie met die probleme wat die inwoners van Buisplaas gehad het ten opsigte van watervoorsiening en behuising nie. Hulle het geweet dat Buisplaas in privaat besit was, maar het tog voorskriftelik opgetree.

*Weens gebrek aan geskikte watervoorsiening, asook die swak landboupotensiaal van die eiendom, kan die gebied nie as 'n Landelike Kleurlinggebied geproklameer word nie, ook is die proklamering van 'n Kleurling Groepsgebied weens dieselfde redes en gebrek aan werksgeleenthede, uitgesluit. Die Staat en/of die Afdelingsraad kan geen fondse bewillig vir enige uitbreiding/verbeterings/watervoorsieningskema as gevolg daarvan dat Buisplaas in private besit is...*[263]

Daar is nog voorbeelde van die korrespondensie in 1980 oor die behuisingsaangeleentheid tussen Streicher en E P C Buis en ander belanghebbendes wat aantoon hoe onverdraagsaam en ontegemoetkomend die afdelingsrade teenoor die behoeftes en omstandighede van die mense van Buisplaas was. Natuurlik het die inwoners van Buisplaas enige verskuiwing na Herbertsdale summier verwerp. Ook het die sekretaris van Mosselbaaise Afdelingsraad geen genade betoon nie en daar is talle briewe aan inwoners op rekord waarin hulle versoek is om hul huise op te knap of dit te ontruim sodat dit gesloop kon word. Joseph en Buis moes aanmekaar pleitdooie aan die Afdelingsraad stuur om nie hulle dreigemente uit te voer nie.[264] Daarom was die stigting van die BBV en hulp van ander instansies so nodig. Nuwe betrokkenes by die behuisingsaangeleentheid en verbetering van Buisplaas soos Morton Hubbe van die Streeksdiensteraad was tydig en broodnodig.

Soos later in die hoofstuk gesien sal word, is 'n steenmaker aan Buisplaas geskenk en het die vrouens sand en water van die rivier aangedra en almal het gehelp om stene te

[262]Brief aan die Outeniqua Afdelingsraad deur A Joseph, 27.10.1986.
[263]Bylaag G.3. Buisplaas Gehug: Eiendom 191/1: Oorblywende perseel A van Buffelsdrif – 94,4040 ha: Voorgestelde hervestiging van Kleurlinggesinne, 15.10.1979.
[264]Korrespondensie, 1979 – 1981.

www.manaraa.com

maak sodat hulle steenhuise kon bou. Sommige van die inwoners se kinders wat elders gewerk het, het hulle ouers gehelp om stene te koop en huise te bou. In 2018 is daar 61 geboude huise, een houthuis, sewe Wendy-huise en 5 half-geboude huise.[265]

Die gebrek aan water in hul huise en behoorlike bad-en toiletgeriewe het veroorsaak dat mense soos die destydse voorsitter van die BBV, Attie Joseph en sy gesin en ook Christina Hoogbaard verkies het om in Mosselbaai te woon. Daar kon hulle van boulenings en subsidies gebruik maak omdat hulle wettige eienaars van hul erwe was met kaart en transport om dit te bewys. In 'n brief aan die sekretaris van die Afdelingsraad van George het Joseph in 1986 aansoek gedoen om 'n vervoertoelaag vanaf Mosselbaai na Buisplaas en terug. Hy was toe die skoolhoof op Buisplaas. Die redes wat hy aanvoer vir sy verblyf in Mosselbaai in plaas van in Buisplaas is die volgende: daar is geen infrastruktuur, geen strate, geen straatligte en geen vullisverwydering nie. Die feit dat die inwoners van rivierwater gebruik moes maak, was een van sy belangrikste redes. *Die mense bewoon huise wat hulle self opgerig het met tweedehandse materiaal daar geen boulenings aan hulle mag toegestaan word nie.* [266]

Aangesien sommige van die inwoners eers heelwat later erken is as wettige eienaars van grond in Buisplaas, kon hulle nie by banke aansoek doen vir huislenings nie. Ook omdat Buisplaas nie 'n geproklameerde gebied was nie.[267] Alhoewel die titelakte-probleem gedeeltelik opgelos is (Hoofstuk 6) kan inwoners van Buisplaas steeds in 2018 nie enige subsidie of lening van banke kry om huise op Buisplaas te bou nie. Dit is as gevolg van die groot aantal mense wat grond geërf het en dus 'n ingewikkelde verdeling van grond tot gevolg sal hê sodat geen persoon op 'n spesifieke erf of stukkie grond aanspraak kan maak nie. Volgens Christina Uithaler het sy nie kaart of transport van haar erf waarop sy 'n huis gebou het nie. Sy het egter eenvoudig na die Mosselbaai se munisipaliteit gegaan en vir 'n erfnommer gevra. Hulle het so 'n nommer verskaf en sy het haar huis laat bou op Buisplaas. Op 77-jarige leeftyd woon sy as weduwee alleen in die huis. Sy het genoeg geld gehad om self vir die huis te betaal.[268]

Die Groepsgebiede Wet van 1950 en die *Coloured Rural Areas Act of 1963* het bruin gemeenskappe verder geïsoleer. Die inwoners van Buisplaas het vasgeklou aan die feit dat hulle wettige eienaars van die grond was en hulle wou nie onder 'n voorgeskrewe groepering van die destydse apartheidsregering val nie.

---

[265]Statistiek van Buisplaas.
[266]Brief aan die sekretaris van die Outeniqua Afdelingsraad.
[267]Ibid., pp. 4- 6
[268]Onderhoud: 09.05.2017.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

> *Consequently, the Buisplaas settlement was formally excluded from a properly functioning administrative system through which they could have procured funds for infrastructure and services, agricultural support and subsidized housing loans.* [269]

Attie Joseph het as vorige inwoner van Buisplaas en die persoon wat die ontwikkelingsaksie geloods het, redes aangevoer oor hoekom die Groepsgebiede Wet en Gedwonge Verskuiwings van die apartheidsregering nie die inwoners van Buisplaas beïnvloed het nie, nl. dat hulle die weg van stilswye gehandhaaf het en dat hulle nooit 'n bedreiging vir die regering van die dag was nie omdat hulle getalle te min was vir enige protesaksie of drukgroep nie. Die negatiewe gevolge van hul lae profiel was ook dat niemand verantwoordelikheid vir Buisplaas aanvaar het nie en dat daar geen hulp vir ontwikkeling was nie. Volgens hom het geen landswet voorsiening gemaak vir Buisplaas se situasie nie.[270] Hyself het in Mosselbaai gaan woon omdat die omstandighede daar vir hom en sy gesin beter was, maar hy het steeds aan Buisplaas en sy mense verbind gebly deur tot in 2018 steeds te veg vir 'n beter bedeling vir die mense van Buisplaas. In Mosselbaai kon hy van die staatsubsidie vir behuising aan onderwysers gebruik maak en ook naby mediese sorg vir hom en hulle gesin wees.

Die feit dat Buisplaas aan die inwoners behoort het, is die oorheersende positiewe faktor vir die mense van Buisplaas omdat die geskiedenis van Suid-Afrika deurspek is met die plundering en wegneem van grond deur elke Europese moondheid wat in Suid-Afrika in beheer was sedert Jan van Riebeeck se koms in 1652. Toe Van Riebeeck aan Herrie die Strandloper (of Autshumao van die Goringhaikona-gemeenskap) gesê het dat daar te min weiding vir die koloniste se vee was, het Herrie geantwoord en gevra wie die reg op die grond het: die ware eienaar van die grond of die indringers uit 'n vreemde land? Soveel inheemse gemeenskappe is van hulle grond beroof of daarvan verjaag dat die gebrek aan hulp van owerheidsweë minder belangrik was vir die gemeenskap van Buisplaas omdat hulle die eienaars was van 'n klein stukkie grond in die suidelike hoek van Suid-Afrika.[271]

'n Faktor wat Buisplaas negatief beïnvloed het, is dat die erfporsies nie korrek oorgedra was aan die volgende geslag en dat die meeste van die inwoners dus nie in besit van transportaktes was nie. Daarom was dit tyd dat iemand die voortou moes neem om die toestand op Buisplaas te verbeter en hierdie persoon was Attie Joseph. Hy was 'n grondbesitter, gebore en getoë op Buisplaas, vroeër 'n inwoner van Buisplaas en ook jare

---

[269]Ibid., p.4.
[270]Ongepubliseerde dokument, AS Joseph se verslag, 03.02.1995.
[271]Kirsten, J en ander, *The Agricultural Democratisation of South Africa,* AIPA/Francolin Publishers, Cape Town, 1998, p.13.

www.manaraa.com

lank die skoolhoof daar. Hy het die probleme, maar ook die positiewe kant van Buisplaas, deur en deur geken.

Die Southern Cape Land Committee (SCLC) het die volgende tydlyn in 'n verslag in 1995 gegee:

1856 – Buisplaas ontstaan. Eerste inkomste uit aalwyne tap.
1870 – Beoefen tuinbou om visvangs in die rivier aan te vul.
1900 – Lutherse kerk word gebruik as skoolgebou. Elizabeth Buis is eerste skoolhoof vir 40 jaar. Eerste ambagsmanne word opgelei – Lutherse gemeente.
1918 – Kinkhoesepidemie – raapsop en aalwyn as medisyne.
1920 – Pad gebou met klip.
1930 – Buisplaas lei eie onderwysers op.
1940 – Anglikaanse kerk ontstaan. E P C Buis word skoolhoof.
1940 – Grond word opgemeet – verloor stuk grond.(sic)
1960 – Pogings aangewend om plaaslike bestuur – Mosselbaai te plaas. (sic)
1970 – Boere kry 'n stuk serwituut-grond – leiwater.
1980 – Eerste Buisplaas-organisasie ( VVF) Verenigde Vyfde Front word gestig.
1981 – Laingsburgvloed.
1984 _ E P C Buis word eerste L P vir Buisplaas.
1985 – Buisplaas Bewonersvereniging (BBV) word gestig.
1989 – Southern Cape Land Committee (SCLC) het betrokke geraak by Buisplaas, die inwoners se behoeftes ondersoek en met planne voor die dag gekom om hulle te help. [272]

Hierdie tydlyn word geplaas om die leser 'n beknopte opsomming van die stand van sake op Buisplaas te gee voordat die veranderinge ingetree het. Die twee laaste datums op hierdie lys is vir hierdie hoofstuk van belang maar ook gee die ander belangrike gebeurtenisse konteks aan die nood om te verbeter en te verander.

## 5.2 DIE STIGTING EN ROL VAN 'N GEMEENSKAPSFORUM/BEWONERSVERENIGING

Voor die stigting van die Buisplaas Bewonersvereniging (BBV) het 'n informele groepie inwoners belastings ingevorder, reëls neergelê en petisies wat vir meer fasiliteite gevra het, opgestel. Van die petisies en versoeke het nie veel gekom nie, omdat Buisplaas nie 'n geproklameerde woonbuurt was nie en hulle so 'n klein groepie mense was. Ook skryf Joseph in 'n agtergrondverslag oor Buisplaas en sy inwoners in 2003:

> *Mense het die Buise gesien as 'n Superras wat alleen die belange van Buisplaas kon bevorder sonder hulp van buite.*[273]

[272]Venn-diagram, dokument by die SCLC gekry, maar opsteller van hierdie tydlyn is onbekend. Inhoud is net so weergegee. Geen aanduiding vanwaar die feite kom nie. 1995.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Daarúít kan ons aflei dat al die inwoners nie ingestel was op die dringendheid van die situasie nie.

Die datum vir die stigting van die BBV word meestal aangegee as 1986, maar dit is die datum waarop hierdie vereniging geformaliseer is. In 1985 het die groepie besorgde inwoners bymekaar gekom om so 'n vereniging te stig. Op die briefhoofde met die embleem van die BBV, staan die datum van stigting as 1985, maar in amptelike verslae word die stigtingsdatum as 6 Julie 1986 aangegee. Die voorlopige grondwet is in November 1989 opgestel en op 'n vergadering in 1991 is besluit om die grondwet aan 'n prokureur te gee vir formele goedkeuring.[274] Die lede van die eerste komitee van die BBV was Attie Joseph, Moos Buis, Mary Prinsloo, Magdalena Buis en Sara Joseph. Attie Joseph was die eerste voorsitter van die vereniging en terugskouend het hy in 2003 verklaar: 'Hierdie organisasie het in sy eerste vyf jaar geen ondersteuning van die buitewêreld gehad nie en selfs binne-in Buisplaas was ons ook as melaatses behandel.' Die hoofrede was dat die vereniging as 'n bedreiging vir die rustigheid van Buisplaas gesien is en dat die mense bekommerd was oor hul eiendomsreg. Hulle was bang dat ontwikkeling Buisplaas aantreklik vir mense van buite sou maak, sodat vreemdelinge daar sou wou kom bly.

Die een hoofdoel wat die BBV gehad het, was om die lewenskwaliteit van Buisplaas se mense te verbeter. Die probleem was dat die meeste inwoners nie besef het wat hulle toegekom het en wat hulle kon opeis nie. Hulle was ook verward deur die politieke klimaat wat in daardie stadium in Suid-Afrika geheers het. Die hulp van NRO's (nieregeringsorganisasies) is ingeroep en daaronder was die SCLC, N2 SCRDF en LDU. Die onderskeie NRO's se rolle word noukeurig ondersoek.[275]

Die grondwet van die BBV is die volgende: [276]

1. *Bogenoemde liggaam fungeer onder die Buisplaas Bewonersvereniging ( hierna genoem die **Vereniging**)*
2. *<u>DOELSTELLING:</u>*
   - *2.1. Om as skakel te dien tussen die inwoners en die owerhede,*
   - *2.2. Om 'n gesonde gees van vriendskap, goeie gesindheid en samewerking onder die inwoners te bou,*
   - *2.3. Om probleme wat binne die gemeenskap opduik, te probeer oplos,*
   - *2.4. Om die standaard van die leefwyse van die inwoners te verhoog,*
   - *2.5. Om sportaktiwiteite te bevorder en om die mense meer kultureel bewus te maak en*

---

[273]Ongepubliseerde dokument, 08.02.2003.
[274]*Buisplaas Submission,Local government and politics,* p. 1.
[275]Ongepubliseerde dokument: Buisplaas Qua Vadis, 08.02.2003.
[276]Opgestel deur die SCLC vir Buisplaas na 'n werkwinkel tussen die bestuur van die BBV en die betrokke persone van die SCLC.

www.manaraa.com

*2.6. Om die inwoners te lei en hulle self op te hef uit die armoede en dit wat hul vooruitgang strem.*

[Aan die einde van hierdie hoofstuk sal gesien word dat die meeste van hierdie doelwitte bereik is, en dat daar veral voldoende skakeling tussen die BBV en verskeie hulporganisasies was. Die standaard van die leefwyse van die inwoners is inderdaad verhoog deurdat lopende kraanwater op die eienaar se werf beskikbaar was, die riolering verbeter is, vullisverwyderingsdienste ingestel is en nog meer. Op 18 Julie 2016 plaas van die jongmense foto's van 'n rugbywedstryd wat op Buisplaas op hulle eie sportveld gespeel is, op Facebook en vertel hulle met trots dat hulle (die Buisplaas Shamrocks, wat reeds sedert die 1980s bestaan) gewen het.]

3. *BEVOEGHEDE EN PLIGTE VAN DIE VERENIGING*

*3.1. Die bestuur van sake en belange van die **Vereniging** word toevertrou aan die **Bestuur** wat soos volg saamgestel moet wees:*
*3.1.1. 'n voorsitter ( + een hulp)*
*3.1.2. 'n sekretaresse/ sekretaris ( + een hulp)*
*3.1.3. 'n tesourier ( + een hulp)*
*3.1.4. 4 addisionele lede*

*3.2. Welke ampsdraer deur 'n volsterkte meerderheid van stemgeregtiges op 'n **Algemene Vergadering** verkies word.*
*3.3. Enige ampsdraer of lid sal ophou om 'n lid van die **Vereniging** te wees indien hy/sy:*
*3.3.1. Deur 'n geregshof van bedrog of diefstal of enige ande misdaad waarvan oneerlikheid 'n element is, skuldig bevind word;*
*3.3.2. Sonder verlof afwesig is van 3 agtereenvolgende gewone vergaderings van die **Vereniging**;*
*3.3.3. Vrywillig sy / haar bedanking indien;*
*3.3.4. Te sterwe kom;*
*3.3.5. Op aanbeveling van die komitee van sy/ haar amp onthef word weens sy/haar aanhoudende wederstrewigheid of gedrag wat nie bevorderlik is vir die nastrewing van die doelstellings van die **Vereniging** nie.*
*3.4. Aftredende lede is herkiesbaar.*
*3.5. Die **Vereniging** vergader ten minste een maal per kwartaal. Van elke vergadering word 'n notule gehou wat op die daaropvolgende vergadering bekragtig moet word.*
3.6. *Die **Vereniging** mag sodanige sub-komitees benoem en besondere take aan hulle opdra soos van tyd tot tyd na sy goeddunke bepaal word.*

[Daar sal later in hierdie hoofstuk gesien word dat van die sub-komitees, soos die Ontwikkelingskomitee, van groot belang was en dat hulle 'n groot taak verrig het.]

*3.7. Alle magte word aan die **Vereniging** toegesê soos dit nodig mag wees om die bevoegdhede en pligte aan hom opgedra, behoorlik uit te voer, solank dit nie strydig met die doelstellings van die **Komitee** is nie.*
*3.8. Die Voorsitter, Sekretaresse/ Sekretaris en Tesourier behoorlik daartoe gemagtig, sal alle dokumente namens die **Vereniging** onderteken en vir die*

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

*doel kan die **Vereniging** hulle 'n besondere of 'n algemene bevoegdheid al na gelang van die taak toesê.*

[In elke gemeenskap is die geldsake altyd 'n netelige kwessie en daarom het die BBV gesorg dat vier komiteelede elke geldtransaksie moes goedkeur. Daar was in 2017 nog oningeligte Buisnasate wat net gehoor het dat daar op stadiums geld vir ontwikelling aan Buisplaas geskenk is en hulle wil weet wat van die geld geword het, maar die werklikheid is dat baie beloftes van geld nooit gerealiseer het nie. Hierdie klagtes is op vergaderings in 2017 geopper maar daar is bewyse dat niemand ooit sodanige geld ontvang het. Alle geld, wat wel aan Buisplaas toegeken is tydens die verbeteringsprosesse, is gebruik en daarvan is noukeuring boekgehou. Meestal is die geld ook deur die eksterne instansies gebruik en bestuur en is dit nie deur die BBV beheer nie. Elke kwitansie is deur Morton Hubbe van die SDR gehou en van elke transaksie is daar bewyse.]

4. *ALGEMENE JAAR- EN SPESIALE VERGADERINGS*

*4.1. Alle besluite op die algemene of op 'n spesiale vergadering van die **Vereniging** sal by wyse van 'n volstrekte meerderheid van stemme geneem word.*

*4.2. Die volgende sal op 'n **Jaarvergadering** behandel word:*

*4.2.1. Lees van kennisgewing van vergaderings;*

*4.2.2. Ontvang van die verslag van die **Voorsitter** van die **Vereniging** waarin 'n oorsig van die **Vereniging** se sake oor die voorafgaande jaar gegee word, en*

*4.2.3. Sake van algemene belang.*

*4.3. Die **Vereniging** mag ter eniger tyd op veertien dae kennisgewing 'n spesiale vergadering saamroep om 'n besondere aangeleentheid, soos in die **Agenda**, te oorweeg en daaroor te besluit.*

*4.4. Die kworum vir die algemene **Jaarvergadering** van die **Vereniging** sal soos volg wees:*

*4.4.1. Ten minste vyf of vier persone dienende op die **Vereniging** wat op die vergadering kan stem, en*

*4.4.2. Indien geen **Kworum** binne 25 minute na die tyd soos in die sakelys bepaal, verkry kan word nie, sal die vergadering uitgestel word tot 'n tyd en datum deur die **Voorsitter** bepaal. Die **Voorsitter** sal in 'n **Agenda** waar daar geen dienende voorsitter weens buitengewone omstandighede, van die stemgeregtigdes gekies word.*

5. *WYSIGINGS VAN DIE GRONDWET*

*5.1. Die **Grondwet** kan alleenlik gewysig word by 'n algemene **Jaarvergadering** en slegs met 'n twee-derde meerderheid van stemme.*

*5.2. 'n Voorstel tot die wysiging van die **Grondwet** moet die Sekretaris bereik minstens veertien dae voor die algemene **Jaarvergadering.***

6. *ONTBINDING:By die ontbinding van die **Vereniging** moet dit deur 'n twee derde besluit van die lede van die **Vereniging** teenwoordig op 'n algemene **Jaarvergadering** en sal die bates van die **Vereniging** beslis word op, soos besluit deur die **Algemene Vergadering.*** [277]

[277] Besigheidsplan vir Landbou Ontwikkeling op Buisplaas, Verslag no. S1846/1, MBB Consulting Engineers Incorporated, Stellenbosch,September 1999, Bylaag: Ons Groen Erfenis, pp. 9 - 11.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Behalwe vir die grondwet het die nuwe BBV ook bykomende riglyne vir die gemeenskap opgestel. Hierdie ongeskrewe riglyne was met die gemeenskap bespreek en almal het saamgewerk met die opstel daarvan alhoewel dit nie geboekstaaf was nie. Die voorregte wat die inwoners in Buisplaas geniet het, is dat hulle vry en ongebonde hier kon leef solank hulle by die basiese reëls en regulasies wat algemeen aanvaarbaar was, hou. Hulle kon huise oprig op grond wat aan hulle behoort het solank dit in lyn was met die voorskrifte van die Outeniqua Distriksraad. Hulle mag net nie op moontlike landbougrond huise gebou het nie. Geen plakkers is toegelaat nie, ook nie plakkershutte nie. Indien hulle verhuis het en hulle huis leeggestaan het, mag hulle dit verhuur het, maar moes hulle 'n gedeelte van die inkomste aan die BBV oorbetaal. (Die probleme met die oprigting van huise word later in hierdie hoofstuk breedvoerig bespreek.)

Hulle moes hul tuine omhein omdat die vee meestal los rondwei. Die min landbougrond wat tot hulle beskikking was, was vir hulle belangrik en daarom is ook gevra dat krale vir die vee liefs op hellings gebou moes word en nie op besproeibare landbougrond nie. Die inwoners kon vee aanhou maar elkeen moes ook aan sy medemens dink en nie te veel diere aanhou nie. 'n Voorgestelde aantal kon 'n melkkoei met 'n kalf, 'n paar donkies of perde, 20 skape, hoenders, ganse en varke in varkhokke insluit. Die ouer persone van Buisplaas het vertel dat hierdie ongeskrewe reëls bestaan het nog voordat die BBV tot stand gekom het, maar dat die voorskrifte nie altyd getrou nagekom is nie – soos dikwels die geval is. Die goeie onderliggende verhouding tussen die mense van Buisplaas het veroorsaak dat hulle mekaar se regte gerespekteer het en dat hulle gedrag, oor die algemeen, so was en is dat konsiderasie vir mekaar altyd aanwesig is. Die kerke, by monde van die leraars en kerkraadslede, dra ook by tot die handhawing van vrede en harmonie onder die inwoners. Die BBV het slegs tydens algemene vergaderings mense aangespreek oor aspekte van die gemeenskapslewe waarmee hulle nie tevrede was nie, maar hulle het nie 'n polisiëringsrol gespeel nie.[278]

In daardie stadium (1990s) was die tap van aalwyne nog 'n belangrike inkomste vir heelparty inwoners en daar is van die tappers verwag om 'n tiende van hulle inkomste aan die BBV te betaal. Dit was immers almal se aalwyne wat in die veld rondom Buisplaas gegroei het. Vir die voorreg om op Buisplaas te kon bly, moes elke inwoner R5.50 voor die 30e Junie elke jaar betaal. Hulle het ook 'n stel ongeskrewe gedragsreëls gekry waaraan hulle moes voldoen. Dit het ingesluit dat geen alkoholmisbruik moes plaasvind nie en dat die smokkel met tuisgebroude bier verbode was. In Hoofstuk 3 word meegedeel dat 'n

---

[278]Onderhoude met verskillende ouer inwoners van Buisplaas.

www.manaraa.com

beskonke persoon sy lewe verloor het as gevolg van te veel drank. Geen onwettige persone mag in ander se huise ingetrek het nie. Elke huishouding moes sorg vir dissipline binne die huis en onwelkome oortreders op Buisplaas se eiendom sou vervolg word. [279] Daar was nie ’n dokument of geskrewe reëls oor hierdie aspek nie, maar die mense het onder mekaar baie sterk gevoel oor hierdie saak. Daar was nie ’n spesifieke groep of komitee wat gesorg het dat hierdie reëls nagekom word nie, maar die mense het onderling toegesien dat die reëls nagekom word.

Daar was baie sake waaraan die nuutgestigte BBV moes aandag gee. Vervoer was ‘n geweldige probleem aangesien daar geen bus of taxi vanaf of na Buisplaas gery het. Die grondpaaie was ook nie in ‘n goeie toestand nie. E P C Buis wat as parlementslid in die Driekamerparlement gedien het, het in 1986 gesorg dat die Afdelingsraad die grondpad skraap. Hy het die Afdelingsraad Outeniqua bedank na die verbetering van die pad.[280] Die mense het met klein paadjies vanaf hulle huise na hierdie grondpad, die hoofpad, gestap en dit het erosie veroorsaak. Daarom het die BBV gevra dat hulle dit nie moet doen nie want almal moes saamwerk aan die klein dingetjies voordat hulle die groot projekte kon aanpak. Daar was nie ‘n winkel of poskantoor nie, geen crèche, geen vullisverwydering en riolering nie. Op ‘n naburige plaas het ‘n boer, Daniël du Plessis, se ma ‘n winkeltjie gehad waarby die Buisplasers kon gaan koop het, maar sedert haar vertrek, was daar nie meer ‘n winkel nie. ’n Winkel word wel weer in 2018 uit ’n huis bedryf vir die noodsaaklikhede. Ook ‘n groot nood was ‘n gemeenskapsaal waar die klinieksusters die mense kon ondersoek en help, en waar die jongmense en oueres ontspanningsgeleenthede kon aanbied.[281]

Die possituasie voor 1977 was so: daar was ’n possak wat gemerk was vir Blandsdrif wat al die pos vir die plaaseienaars in die omgewing van Buisplaas, die skole (op Buisplaas en ander plaasskole in die omtrek) en vir die mense van Buisplaas bevat het. Hierdie sak is per trein vervoer en by ’n nie-amptelike halte is die sak van die trein afgegooi na Jan Tol wat teen die spoor gewoon het. (Buisplaas se mense het ook dikwels hier op- en afgeklim alhoewel dit ’n nie-amptelike halte of ‘siding’ was.) Jan Tol het dan gesorg dat die betrokke persone hulle pos kry. Na 1977 moes Buisplaas se mense hulle pos by Hansie Oosthuizen op Albertinia gaan kry omdat die pad in daardie stadium begaanbaar was maar na die Laingsburg-vloed (1981) was hierdie pad totaal verspoel en onbegaanbaar. Dit het te duur en moeilik vir die Buisplasers geword om hul pos in die hande te kry en daarom is daar in

[279] *Buisplaas Submission*, Bylaag 6.3, pp. 1-2.
[280] Ongepubliseerde dokument, brief van EPC Buis, 28.09.1968.
[281] *Buisplaas Submission*, Bylaag 6.1, pp. 8-9.

www.manaraa.com

1983 'n privaat sak by Da Gamaskop-poskantoor in Mosselbaai vir Buisplaas gekry. Hierdie privaat sak het later in 'n gewone posbus verander wat tans nog gebruik word.

Pensioene was ook voor die Laingsburg-vloed op Albertinia uitgereik maar na die vloed het die Buisplasers dit op Herbertsdale gaan kry. Nog vroeër was die pensioentrekkers se pensioene per pos in 'n blou koevert gestuur. Na 1994 en tot en met 2018 kon hulle op Buisplaas self hulle pensioene afhaal omdat die rondreisende agentskap soontoe gekom het.[282]

Van die eerste suksesse van die BBV was dat daar in 1988 telefone by elke huis, wat daarvoor aansoek gedoen het, geïnstalleer is. Plastiek-watertenks vir die opvang van reënwater is by Nestlé in Mosselbaai gekoop deur die munisipaliteit van Mosselbaai en aan die inwoners van Buisplaas beskikbaar gestel. Die begraafplaas was twee keer per jaar skoongemaak en het nie meer soos 'n veekraal gelyk nie (die woorde van die inwoners self). Die grafte was ook afgewit wat 'n groot verbetering was. Die BBV het ook betaal dat 'n hele paar heinings reggemaak kon word. Hierdie geld het gekom uit die R5.50 wat elke huishouding aan die BBV betaal het.

Vir verdere verbeterings was daar egter geld nodig. Nicholas Joseph is in November 1986 as tesourier gekies en hy het sy bes gedoen om 'n eweredige en regverdige invorderingsproses aan die gang te kry. Hy het genoem dat die mense vroeër jare net hier en daar iets vir die belasting van die plaas gegee het en die bedrae het ook drasties verskil. Hy het toe bepaal dat elke volwassene R5.50 per jaar aan die BBV moes betaal om hulle onkostes te dek, en ook sodat hulle die belasting kon betaal. Sou van die Buis-afstammeling wat elders woon op Buisplaas begrawe wou word, moes hulle R50 betaal vir 'n graf in die begraafplaas. Van die inwonende gemeenskap was R1 per maand gevra totdat die volle R50 betaal was vir 'n graf. In September 1991 by 'n BBV-vergadering het van die nie-inwonende Buis-afstammelinge besluit om ook geldelik by te dra tot die BBV-geldkas. Daar was egter inwoners wat niks betaal het nie en die BBV- komiteelede het geen manier gehad om hulle te dwing om te betaal nie. Daar was streng kontrole oor die geld in die BBV se rekening en nie net een persoon het onttrekkingsmagte gehad nie, maar vier persone. Die bankbalans van die BBV in 1991 was R648.48[283] en die Buis-afstammelinge, wat elders in die land gewoon het, se bydraes het gehelp.

[282]Onderhoude met inwoners. In 2018 is die manier en plek van uitbetaling van pensioene onder bespreking. Ek was daar tydens een van die uitbetalings van 'All pay' soos dit in die volksmond bekend staan maar sedertdien het die uitbetalingsmaatskappy verander en sal die poskantoor nou die pensioene uitbetaal.
[283]*Buisplaas Submission*, *Local government and politics*, pp. 1-2.

www.manaraa.com

Die vergaderings van die BBV was goed bygewoon deur veral die vroue en in Maart en September 1991 het afstammelinge van die Buise van Calitzdorp, Oudtshoorn, George en Kaapstad ook die vergaderings bygewoon. Aangesien ek ook sedert 2014 die algemene vergaderings bywoon, het ek Buise van Johannesburg en ander groot stede ontmoet. Die twee Joseph-broers, Attie en Nicholas, was die dryfveer agter die BBV en nie almal was altyd tevrede met hul rolle in die gemeenskap nie. Aangesien Attie die skoolhoof was en elke dag van sy huis in Mosselbaai na Buisplaas gery het, was hy die nie-amptelike taxi en baie mense was afhanklik van hom en het hom dus nie gekritiseer nie. Hy het ook opgemerk dat die lede van die gemeenskap wat nie veel skoolopleiding gehad het, skaam was om in 'n vergadering op te staan en hul mening te lug. Vir albei broers was die ontwikkeling en vooruitgang van Buisplaas lewensbelangrik en die kritiek teen hulle het hulle seergemaak en Attie was bereid om as voorsitter uit te tree. Een van die besoekers, ds. Raymond Olckers, is op Buisplaas gebore en hy het in September 1991 by 'n BBV- vergadering 'n mosie van vertroue in die broers ingestel, wat eenparig aangeneem is.[284] Tydens die algemene jaarvergadering in 2018 het Trevor Boltman van Johannesburg met die hulp van die huidige voorsitter, Ralie Philander, die vergadering gelei omdat Attie se gesondheid nie meer na wense is nie.

Barry Levinrad, wat in 1993 'n verslag oor Buisplaas opgestel het, het ook opgemerk dat die meeste van die inwoners nie die selfvertroue gehad het om tydens BBV-vergaderings aan samesprekings deel te neem nie. Hulle was dus ook nie aktiewe lede van die vereniging nie en het nie die entoesiasme van die leierskorps gedeel nie. Tog het hulle geweet waaroor al die kwessies gehandel het en het die belange van Buisplaas op hul harte gedra. Die kerk en skool was vir almal belangrik vanweë die groot aantal kinders op Buisplaas. Die verstedeliking wat oral in Suid-Afrika 'n tendens was, en die agteruitgang van die platteland, het hulle tog bewus gemaak van hul bevoorregte posisie om 'n blyplek wat aan hulle behoort, te hê. Die feit dat 40% van die inwoners werkloos was, was 'n negatiewe faktor wat bygedra het tot die gebrek aan vooruitgang wat gepaard gaan met 'n gebrek aan fondse.[285]

Die opregte pogings van Attie Joseph om almal betrokke en geïnteresseerd te kry in die BBV se vergaderings, kan afgelei word van sy brief aan al die inwoners van Buisplaas waar hy hulle uitnooi na 'n kwartaallikse vergadering in Augustus 1992.

[284]Ibid., pp.3-4.
[285]Levenrad, B, *Socio-Economic Appraisal, Buisplaas 9 – 10 May 1993,* ongepubliseerde dokument, p. 6.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

- Hy wou dat almal kom deel aan die verfraaiing van die plek deur bome aan te plant. Daar kan gesien word dat hy nie net op ander se hulp wou staat maak nie, maar dat inwoners self hulle deel sou doen. Die munisipaliteit van Albertinia en 'n mediese suster Botha het bome geskenk en hy wou dat die inwoners die bome voor die vergadering sou kom help plant.
- Hy wou ook verslag doen oor die goeie vordering met die watervoorsieningsprojek. George Gerber van die ingenieursfirma, Liebenberg & Stander sou op die vergadering verslag kom doen oor die werksaamhede en vordering met die waterprojek.
- Die elektrisiteitsvoorsieningsprojek was ook besig om daadwerklik gestalte te kry. Van elke huishouding was die bedrag van R33 gevra om die aansluiting van krag in hulle huise 'n werklikheid te maak. Blykbaar was daar drie persone uit die gemeenskap wat nie hierdie bedrag wou betaal nie, omdat hulle 'base' (werkgewers) vir hulle gesê het dat dit die begin van die einde van hulle eienaarskap van Buisplaas sou beteken.
- Op die vergadering sou verduidelik word dat die staat nie Buisplaas kon of wou koop nie – al het die huise krag gekry.
- Daar sou ook verslag gedoen word op die vergadering oor die oordrag van die titelaktes aan die regmatige eienaars.
- Nog iets wat Joseph baie gehinder het, was dat talle jongmense nie ontspanningsgeriewe gehad het nie. 'n Juffrou Hoogbaard het haar saailand vir die gebruik van 'n sportveld gegee maar die jeug was al self besig om geld in te samel om daarvan 'n sukses te maak en dit volwaardig te ontwikkel.
- Daar sou ook 'n bespreking oor die kerkloosheid van sommige inwoners wees want, volgens hom, kon dit 'n teelaarde vir misdadigheid wees.[286]

Hieruit kan die werklike besorgdheid van die voorsitter van die BBV oor die deelname van al die inwoners van Buisplaas gesien word.

In 1998 is 'n nuwe Konsepgrondwet opgestel, maar, volgens Attie Joseph, is dit nooit wettig aanvaar nie en sou dit eers weer in 2018 bespreek word. Hierdie Konsepgrondwet se doel was om te voldoen aan die verwagte benadering van die Grondeisehof betreffende die herstel van regte aan 'n liggaam wat die gemeenskap verteenwoordig en ten einde te registreer as 'n vereniging vir gemeenskaplike eiendom en om te voldoen aan die bepalings van die Wet op Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendom (Wet 28 van 1996). Daarby was

[286] Ongepubliseerde dokument, uitnodigingsbrief na vergadering van die BBV, 13.07.1992.

www.manaraa.com

die doel ook dat die grondwet van die BBV van 4 Desember 1986 vervang moes word deur hierdie gewysigde en hersiene grondwet van 25 April 1998.[287] Die huidige bestuur wou hierdie grondwet eers weer op 'n bestuursvergadering in Mei 2018 bespreek en dit ook dan in September 2018 aan die algemene vergadering voorlê vir bespreking en goedkeuring.

## 5.3 DIE ONTWIKKELING VAN BUISPLAAS EN DIE INSTELLING VAN DIENSLEWERING AAN DIE GEMEENSKAP

Die BBV het besef dat hulle hulp van buite die gemeenskap nodig sou hê om werklike veranderinge teweeg te bring. Hulle het veral befondsing nodig gehad vir verbeteringe aan die infrastruktuur van die gemeenskap. Daarom het hulle eers die *Southern Cape Land Committee* (SCLC) genader om 'n verslag op te stel oor die geskiedenis en omstandighede van Buisplaas. Die verslag is die *Buisplaas Submission* genoem soos in Hoofstuk 1 verduidelik is en die vierde deel van hierdie dokument gaan oor die ontwikkeling van Buisplaas en oor watter instansies betrokke geraak het. Nog 'n verslag wat deur *MBB Consulting Engineers Incorporated* van Stellenbosch in 1999 opgestel is, verskaf die besigheidsplan vir landbouontwikkeling op Buisplaas. Hierdie verslag het die klem op die insameling van kennis oor die toestand van die gebied en die inwoners deur 'n groot aantal kundiges gelê, asook om die gemeenskap se selfstandigheid te bevorder. Die Buisplasers was baie selfstandig, maar hierdie buitestaanders se doel was dat die Buisplasers bemagtig moet word om, ná die instelling van hulp en projekte, self daarmee te kon aangaan.

Om die gebrek aan dienslewering aan Buisplaas in perspektief te plaas, moet weer na die volgende faktore gekyk word. Die inwoners het hulle nooit veel aan die politiek gesteur nie omdat hulle 'n te klein gemeenskap was om 'n drukgroep te vorm en die politiek van die apartheidsregering was van so 'n aard dat die regering hom nie gesteur het aan 'n uiters klein bruingemeenskap daar weggesteek in die Mosselbaai-area nie. Met die instelling van die Driekamerparlement in 1983 het die gemeenskap van Buisplaas skielik in die politiek begin belangstel omdat een van hulle eie mense, EPC Buis, as Arbeidersparty–lid vir die kiesafdeling Diaz verkies is. Die bruin gemeenskap van Suid-Afrika is as een van die drie kamers in die parlement deur die Huis van Verteenwoordigers verteenwoordig. Die Arbeidersparty van eerwaarde Alan Hendricks het egter nie genoeg fondse gehad om so 'n klein gemeenskappie te help nie. Die gemeenskap van Buisplaas het toe weer alle hoop op verandering en hulp laat vaar, ten spyte van EPC Buis se pogings om hulle te help. Sy pogings is verder gekortwiek deurdat Buisplaas nie 'n geproklameerde gebied was nie.

[287] Konsep Grondwet, 1998.

المنارة للاستشارات

www.manaraa.com

In die 1980s het die versoeke van die Buisplaas-gemeenskap aan die Distriksraad ook geen resultate opgelewer nie, maar die BBV met Attie Joseph aan die voorpunt, het nie moed opgegee nie en sedert 1993 het amptenare van die Distriksraad hul vergaderings begin bywoon. Morton Hubbe van die SDR het belanggestel en hy was vir 20 jaar betrokke by die probleme van Buisplaas. Hy het gehelp om Eskom te oorreed om krag na Buisplaas aan te lê. Albertinia se munisipaliteit het belowe om met biblioteekdienste te help en tot vandag is daar 'n klein biblioteek op Buisplaas wat deur Ralie Philander beman word en waarvan sy getuig dat baie van Buisplaas se mense boeke kom uitneem en lees. Die bou van die biblioteek is egter later deur die inwoners van Buisplaas self gedoen. Joseph het in 1995 namens die BBV aan die SDR 'n versoek gerig om hulle te help met die koste verbonde aan die bou van die biblioteek. Hy het 'n duidelike uiteensetting van die uitgawes opgestel en die SDR het aan hulle die R8 000 wat nodig was, geskenk. Die inwoners van Buisplaas het self die stene en boekrakke gemaak en die arbeiders wat met al hierdie fasette van die bouwerk en inkleding gehelp het, is vergoed uit die skenking van die SDR.[288] Drie werklose persone van Buisplaas is aangestel om vir vier dae teen R20.00 per dag sementstene en –blokke te maak en hulle is ook betaal uit die skenking.[289] Die gebou was belangrik, aangesien die plaaslike skool as biblioteek gebruik is aan die begin van 1995. 'n Skrywe van die hoof van Gesondheid- en Gemeenskapsdienste bevestig dat die biblioteekdepot op Buisplaas deur die Albertinia Munisipaliteit beheer en bedryf word en dat daar ongeveer 300 boeke in Buisplaas se biblioteek was. Wat opmerklik en nogal vreemd is, is dat geen van die volgende kleiner dorpe of gemeenskappe soos Herbertsdale, Van Wyksdorp, Slangrivier, Friemersheim, Hoekwil of Rheenendal tot in daardie stadium 'n biblioteek gehad het nie.[290] Dit dui op 'n diens wat gelewer was aan Buisplaas wat tot hulle voordeel gestrek het en waarvan die inwoners deeglik gebruik gemaak het en steeds maak.

Albertinia het ook met die bou van 'n laagwaterbrug en die daarstelling van die sportveld gehelp. Laasgenoemde het egter eers veel later geskied en wel deur 'n ander hulporganisiasie.Toe die SCLC 'n loodsprogram vir Buisplaas opgestel het (ongedateer), het hulle twee prioriteitslyste opgestel en daarin kan gesien word dat daar toe reeds aan die watervoorsieningsprobleem aandag gegee is. Hulle prioriteitslys van gemeenskapbehoeftes was: eerstens Behuising, dan Sanitasie en Riolering, en derdens Straatuitleg. Die frustrasies van die gemeenskap was so gelys: die grootste frustrasie was die behuisingsprobleem, dan

[288]Ongepubliseerde dokumente, Briewe van WJ James, sekretaris van BBV, 26.10.1995, 02.11. 1995.
[289]Ongepubliseerde dokumente, Briewe van Assistant Streekgesondheidshoof en AS Joseph, 19 en 23 Oktober 1995.
[290]Ongepubliseerde dokument, Me M Harker, 02.03.1995.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

sanitasie en die derde grootste was werkloosheid. Die SCLC het ook beslis dat daar na die mediese behoeftes van die inwoners omgesien moet word, aangesien hulle slegs deur 'n mobiele kliniek bedien word en daar geen sportgeriewe was nie.[291]

Die belasting wat die BBV van die inwoners gevra het, was nie genoeg om te doen wat hulle graag wou nie. Soos reeds gemeld, kon of wou sommige van die inwoners nie hulle maandeliks bydrae gee nie. Dit was 'n groot frustrasie vir mense soos die voorsitter en tesourier van die BBV en daarom het hulle by die SCLC, *Operation Hunger*, en die Suid-Afrikaanse Raad vir Kerke aangeklop vir geldelike hulp. Hierdie geld was nie net benodig vir vooruitgang nie, maar ook om die agteruitgang van Buisplaas te keer. Die hele omgewing se mense het ekonomies swaar gekry na die voltooiing van die nabygeleë Mossgas. Mossgas is die aanleg wat deur die regering gebou is vir die verwerking van olie en gas.Tot 20% van die mans in Buisplaas is indiens geneem tydens die oprigting van Mossgas, maar was daarna werkloos. Slegs 'n klein persentasie het werk op nabygeleë plase gehad en die ander moes ver uitwyk vir werk. Die meeste persone wat vandag op Buisplaas woon, en met wie gepraat is, het vertel hoe ver en wyd in die land hulle gewerk het. Eers na hulle aftrede (by hulle onderskeie werke) kon hulle terugkom Buisplaas toe.

Die eerste stap was om uit die bestaande BBV 'n Ontwikkelingskomitee te stig. Hierdie komitee het bestaan uit lede van die BBV en was al betrokke by van die eerste pogings tot selfontwikkeling, maar nou het hulle saam met die SCLC, die kerke van Buisplaas en die Suid-Kaap Distriksraadverteenwoordigers vergader. Die Ontwikkelingskomitee het die eerste keer in Januarie 1993 vergader en die voorwaardes vir hul bestaansreg (*Terms of Reference*) is in 19 Maart 1993 daardie jaar aanvaar. Die vier belangrikste rolspelers van hierdie komitee was die BBV, SCLC, Suid-Kaap Raad van Kerke en die SDR. Hierdie komitee het nie vir baie jare voortbestaan nie, want in 2003 word daar in 'n notule van 'n BBV-vergadering gevra dat die komitee weer sy werksaamhede moet hervat, wat daarop dui dat die komitee nie meer gefunksioneer het nie. Lede van die BBV het ook bevestig dat die komitee nie meer nodig was nie omdat hulle gevoel het dat hulle hul doelwitte bereik het.[292] Die landbou–inisiatiewe het toe in 'n groot mate tot stilstand gekom en daar is deur sommige gereken dat die Ontwikkelingskomitee kon help om dit weer

[291] SCLC, Loodsprogram: Suid-Kaap Loodsdistrik Buisplaas, ongepubliseerde dokument, pp. 1, 3.
[292] Onderhoude met BBV-lede.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

nuwe dryfkrag te gee.[293] Maar dit was egter die opdroog van fondse, gebrek aan voldoende landbougrond en te min water wat landbouprojekte laat sneuwel het.[294]

Die finansiële kwessie was hoog op die agenda, want tot in daardie stadium het die Distriksraad (SDR) die aanlê van water befonds en Eskom het die elektriese aansluiting van krag voorlopig gesubsidieer. Daar was beloftes dat die landbousektor van instansies hulle dienste aangebied het om die grond- en wateranalise te rugsteun. Tegniese advies en opleidingsaksies is ook belowe maar geldelike hulp vir die landbouprojekte was gekoppel aan 'n lys voorwaardes. Instansies wou verseker wees dat die geld reg bestuur en aangewend word en ook dat die Buisplasers self betrokke sou wou wees. Die inwoners moes die hele tyd voel dat hulle deel was van die vordering en verbetering van hulle en die dorpie se omstandighede. Daar was ook 'n aantal vermoënde Buisplaas-nasate wat elders gewoon het en ook bereid was om geldelik te help – as die geld reg bestuur en aangewend sou word.[295]

Die Ontwikkelingskomitee het besef dat hulle die inwoners se samewerking sal benodig en daar was verskeie inligtingsvergaderings gehou. Die Ontwikkelingskomitee het ook soveel as moontlik van die inwoners betrokke gekry deur verskillende sub-komitees te stig, wat aktief met die inwoners sou skakel om hulle insette op al die terreine te kry. Die sub-komitees was die volgende:

- Behuising en beplanning. Lede van die komitee was Liebenberg & Stander, en die firma, Van Zyl, Atwell & De Kock (wat tegniese advies sou gee) , en die Streeksdiensteraad. Laasgenoemde was toe nog as Afdelingsraad Outeniqua bekend. Hierdie sub-komitee is ook in sommige notules, Die Tegniese Sub-komitee, genoem.
- Watervoorsiening. Lede van die komitee was L & S, SDR en Albertinia munisipaliteit.
- Landbouontwikkeling. LDU, N2 SCRDF N2, Operasie Honger.
- Werkskepping. Lede van Eskom, Operasie Honger, kerkorganisasies en SA Kommunikasie Dienste.
- Gemeenskapsdienste. Lede van kerkorganisasies en Operasie Honger.
- Reg en Finansies. (Oor die regskwessie en grondbesitprobleme word in Hoofstuk 6 volledig verslag gedoen). Die finansiële bestuur sou egter die hele

[293] Ongepubliseerde dokument, Notule van vergadering van BBV, 24.06.2003.
[294] Onderhoude.
[295] Ibid., pp. 4 – 7,25 – 28.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

opgraderingsproses, asook al die uitgawes en arbeidskontrakte monitor en voorberei.

In Augustus 1993 word daar by 'n vergadering van die Ontwikkelingskomitee ook van 'n Sosiale sub-komitee melding gemaak, waarop ook 'n gekoöpteerde lid van Kindersorg & Welsyn gedien het. [296] Die Sosiale sub-komitee sou ook sosio-ekonomiese opnames doen, soos om die inkomstes, behoeftes en prioriteite, werkloosheidsvlakke, gemeenskaplike kultuur- en gemeenskapsfasiliteite te ondersoek. Hulle moes ook 'n mannekrag-register voorberei en werkskeppingsgeleenthede ondersoek. Hulle sou ook as 'n inligtingsdiens funksioneer en sosiale ontwikkelingsprogramme opstel.[297] Morton Hubbe van die SDR het op die vergadering genoem dat hy, as gekoöpteerde lid, van die vergaderings sou bywoon, maar dat hy nie formeel op 'n sub-komitee kon dien nie.[298] Lede van die gemeenskap voel dat hierdie komitee 'n sukses was, veral wat die skep van 'n crèche aanbetref. Die crèche is eers in die Anglikaanse kerk se saal gehou, daarna in die Lutherse kerk, toe in die gemeenskapsaal totdat hulle hul eie gebou in die Middelstadt gekry het. En soos reeds berig is, het verskeie instansies sedertdien gehelp met die opgradering van die fasiliteite by die kleuterskool.[299]

## 5.4 ONTWIKKELINGSPROJEKTE

### 5.4.1. Behuising

Die firma wat aangebied het om Buisplaas te help om die beskikbare grond ten beste te gebruik, was dié van 'n Port Elizabeth-gebaseerde firma, Van Zyl, Atwell & De Kock. Hulle het onderneem om die 94. 4 hektaar van Buisplaas te analiseer en die geskikte areas te identifiseer vir elke aktiwiteit of bedrywigheid. Hulle sou ook op 'n gedetailleerde kaart areas aandui vir toekomstige benutting en ontwikkeling. Hulle sou ook help om Buisplaas as 'n woonbuurt te vestig, volgens die *Less Formal Township Establishment Act(113 of 1991),* maar hulle sou voortdurend met die mense van Buisplaas skakel om hierdie inligting oor te dra. 'n Noukeurige ondersoek was nodig om die grondsoorte en -kondisie te bepaal, saam met die topografie van die hele plek: waarvoor die grond in daardie stadium gebruik is, watter dienste benodig word en die plasing van fasiliteite in verhouding tot die bestaande strukture.[300]

---

[296]Ongepubliseerde dokument, Buisplaas Ontwikkelingskomitee, 27.08.1993.
[297]Ongepubliseerde dokument, Notule deur B Levinrad van die SCLC opgestel, 19.03.1993.
[298]Ongepubliseerde dokument, Buisplaas Ontwikkelingskomitee, 27.08.1993.
[299]Onderhoude en gereelde besoeke aan die kleuterskool.
[300]Buisplaas verslag opgestel deur die SCLC, p. 31.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Van Van Zyl, Atwell & De Kock se voorstelle is met die gemeenskap bespreek, maar het nooit 'n werklikheid geword nie. Al het hulle 80 nuwe erwe in die vooruitsig gestel, was die topografie van so 'n aard dat daar nie oral teen die hellings huise gebou kon word nie. Alle voorleggings oor die grootte van die erwe en ander aspekte, is eers met die BBV bespreek sodat die eienaars insette kon lewer. Die voorsitter van die BBV, Attie Joseph, het reeds op 28 Oktober 1986 'n brief aan die sekretaris van die Afdelingsraad Outeniqua geskryf, waarin hy die woningnood beskryf. Daar was in daardie stadium 300 'siele' wat in 42 huise gewoon het, waarvan 45 kinders van 0 tot ses jaar oud was. 54 kinders was van sewe tot 14 jaar oud. Tydens sy opname het hy gevind dat daar gemiddeld sewe persone per huis gewoon het, in 'n huis wat bestaan het uit slegs vier vertrekke. In tien van die huise op Buisplaas het daar, in daardie stadium, meer as een familie in so 'n huis gewoon. Hy het dus beleefd gevra dat die beperkings op die uitbreiding van Buisplaas (m.a.w. die bou van nuwe huise) opgehef moet word.[301] Hierdie brief is geskryf nadat die gesondheidsinspekteur van die Afdelingsraad, mnr. Streicher, as gasspreker by die BBV se vergadering op 18 Oktober opgetree het.[302] Voor November 1992 het die Afdelingsraad Outeniqua sekere bouregulasies op die soort huise wat in Buisplaas opgerig word, gehad,[303] maar dit is opgehef en hulle het toestemming gegee dat twintig nuwe huise opgerig kon word. Bouplanne teen slegs R50 kon verkry word, en daar sou hulp gegee word met inligting oor laekostebehuising. Daar moes altyd 'n balans wees tussen wat die inwoners kon bekostig en die voorskrifte aan voornemende huisbouers.

Die Landelike Stigting (Rural Foundation) wou graag betrokke raak by die opgradering van Buisplaas en hulle het 'n sementblokmasjien geskenk waarmee inwoners self stene gemaak het vir die opgradering van hul huise.[304]

---

[301]Ongepubliseerde brief, nr.135/ 11, 27.10. 1986.
[302]Ongepubliseerde dokument, Agenda en uitnodiging na vergadering op 18 Oktober, gedateer 09.10.1986.
[303] 'n Mnr P Buis word op 15. 02.1985 soos volg in 'n brief aangespreek deur G Streicher van die Afdelingsraad: *Tydens 'n inspeksie wat ek op 14 deser te Buisplaas uitgevoer het, is gevind dat u besig is met die oprigting van 'n struktuur waarvoor geen magtiging deur die Raad verleen is nie. Die gebou is ook teenstrydig met die bepalings van genoemde Bouregulasies en die bouwerk moet op ontvangs van hierdie kennisgewing gesloop word.* Ek beskik oor 'n hele aantal briewe wat sedert 1975 aan verskeie inwoners van Buisplaas geskryf is om hulle aan te spreek oor onwettige boustrukture, onvoldoende toiletgeriewe, ens.
[304]Ongepubliseerde dokument, Notule van die Ontwikkelingskomitee, 06.10.1994.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com



**Foto 8: Buisplasers besig om stene te maak[305]**

Op 'n vergadering in April 1995 het Attie Joseph genoem dat 'n HOP[306] (Heropbou- en ontwikkelingsinisiatief van die regering) –forum gestig moet word. In Mei 1995 word so 'n forum gestig en word 'n vraelys voltooi en aan die Departement van Ekonomiese Sake en HOP gestuur. Hierdie forum het uit lede van die Buisplaas-gemeenskap en verteenwoordigers van die SDR, SCLC, L&S en die LDU bestaan. Op die vraelys word behuising, riolering, straatbeplanning, besproeiingswater vir landboudoeleindes en gesondheidsorg as die vernaamste behoeftes gelys. In daardie stadium was die skoon drinkwaterprobleem (wat hieronder bespreek word) en elektrisiteit as opgeloste items gelys. Daarin word ook erkenning gegee vir die rol wat die SDR, LDU, N2 SCRDF en L&S gespeel het met die geslaagde projekte ter opgradering van Buisplaas. [307] Buisplaas het R10 000 van die Wes-Kaapse Gemeenskapsdiens bekom om hulle te help om van die projekte te begin.[308]

[305]Foto verskaf deur Attie Joseph.

[306]*Reconstruction and Development Programme (RDP*): die amptelike Engelse naam maar in Afrikaans het die term, HOP-huise, ontstaan.

[307]Ongepubliseerde dokument, Memo Dept. van Ekonomiese Sake en HOP, 29.05.1995, Buisplaas HOP en Behuisingsforum, 15.05.1995.

[308]Ongepubliseerde dokument, brief van waarnemende hoof: Behuising, Plaaslike Bestuur en Ontwikkelingsbeplanning, 25.04.1995.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

### 5.4.2. Water

Een van die dringendste sake wat moes aandag kry sodat Buisplaas werklik vooruit kon gaan, was die aanlê van water. Die BBV het die Suid-Kaap Streeksdiensteraad om finansiële hulp genader om 'n geskikte waterbron te identifiseer en te ontwikkel. Die Streeksdiensteraad het Liebenberg & Stander (L & S) op 5 Desember 1991 opdrag gegee om die ondergrondse bronne oos van die Gouritzrivierbrug te ondersoek.[309] Die firma, L & S het in hierdie verband 'n groot en goeie taak verrig. Die huise moes skoon drinkwater kry. Alhoewel die Gouritzrivier nie standhoudend was nie, was daar genoeg water vir besproeiing as die water makliker beskikbaar gemaak kon word deur middel van 'n pompstelsel. Gedurende langdurige droogtes is daar kuile wat deur 'n buurman, Daniël Badenhorst, dieper gestoot word en ook is daar sugwater onder die sand.

Hierdie firma het al in 1991 'n voorgestelde watervoorsieningskema vir Buisplaas opgestel. Hulle het 'n opname oor die waterverbruik van die inwoners in daardie stadium gedoen, en het gevind dat die waterverbruik per huishouding baie laag was. Die rede was dat die water met emmers uit die rivier aangedra moes word. Party huishoudings het water vanaf Albertinia in dromme vervoer. Albertinia lê wes van die Gouritzrivier en Buisplaas oos van die rivier en dus moes hierdie dromme water langs die N2 vervoer word oor 'n groot afstand, wat dus die proses baie duur gemaak het. [310] Liebenberg & Stander se doel was om drinkbare water met 'n aanvaarbare kwaliteit in die huise te verskaf en ook genoeg water vir spoeltoilette vir wanneer spoeltoilette gebou sou word.

L & S het 'n geohidroloog, P I Welman aangestel om al die moontlike beskikbare bronne te ondersoek en hy het gevind dat die water wat uit 'n boorgat of boorgate gepomp en in Lodewykstenk gestoor word, die beste kwaliteit is. Hierdie tenk is op Transnet se grond net noord van die N2-pad geleë, maar die water syfer deur die gesteentes van 'n koppie net suid van die N2 en word dus so gesuiwer. 'n Kliprif/dagsoom van Tafelberg-sandsteen filtreer die water[311] en dit word dan d.m.v. 'n boorgat uitgepomp en in Lodewykstenk[312] opgevang en is besonder geskik vir menslike gebruik. Hy het ook bevind

---

[309]Buysplaas Watervoorsiening, Tweede Verslag Februarie 1992, p.2.
[310]Ibid., p.3.
[311]Ibid., p.4. Aanhaling: *Die vouing het makro en mikro strukturele eienskappe wat die nodige breeksones skep vir die ontwikkeling van sekondêre poreuse en deurlatende akwifers.*
[312]Aanhaling uit Hoofstuk 8:*Nog 'n voordeel was die bou van Lodewyktenk. Die water by Albertinia-stasie was nie geskik vir die steenkoollokomotiewe nie en daarom het hulle na beter water gesoek, net soos die BBV (Buisplaas Bewonersvereniging) en distriksmunisipaliteit baie jare later ook sou soek na beter drinkwater vir Buisplaas. Op Lodewyk de Jager se plaas, 14 km vanaf Albertinia, is die sementtenk wat op pilare rus tussen*

www.manaraa.com

dat daar genoeg water vir Buisplaas in die tenk d.m.v. hierdie sisteem sal wees. Daar moes dus net 'n pypleiding van Lodewykstenk na Buisplaas aangelê word. Die direkte roete tussen die twee punte is net 14 km. Daar is ook 'n langer roete waarlangs sulke pype gelê kon word, nl. 32 km, maar dit sou die projek veel duurder gemaak het.Teen die kosteberekening in 1991 sou die verskil net onder die R400 000 wees. Daar is ook ondersoek ingestel na 'n ontsoutings- en versagtingsaanleg vir water uit die Gouritzrivier. Hierdie projek sou aanvanklik goedkoper gewees het, maar die bedryfskoste sou op die langtermyn aanhou styg en die rivier se standhoudendheid is nie gewaarborg nie.[313] Die kwaliteit van die behandelde water uit die ontsoutings- en versagtingsaanlegte, sou ook steeds baie swakker as die boorgatwater van Lodewykstenk wees. Die belangrikste voordele van 'n boorgatvoorsieningstelsel vanaf Lodewykstenk, was dat goeie kwaliteit water gelewer kon word; die ondergrondse bron verminder bogrondse opgaring; daar sal minder variasie in die kwaliteit wees; dit is 'n maklike sisteem om te bedryf en van die ander boere langs die pypleiding sou ook van hierdie water gebruik kon maak. Die nadele was dat die lang pypleiding tog relatief duur sou wees en ook die feit dat die pypleiding spesiaal aangepas moes wees om die Gouritzrivier te kruis. [314]

*diejare 1908- 1910 gebou. In die klowe van die Aasvoëlberg, reg suid van die tenk, is water in damme opgegaar, vanwaar dit onder natuurlike druk na Lodewyktenk gevloei het. Al voorwaarde wat Lodewyk de Jager gestel het, was dat alle treine daar moes stilhou en dat hy lewenslank verniet trein kon ry. In die 1990s is bevind dat die water wat uit Aasvoëlberg verkry is, die beste gehalte is vir menslike gebruik en waterpype het die water van daar na Buisplaas geneem.*


[313] Buisplaas verslag opgestel deur die SCLC, Appendix 6.7, pp.4-8.

[314] Ibid., pp.9-10.

المنارة للاستشارات

www.manaraa.com

**Kaart 8: Pypleiding vanaf Lodewykstenk[315]**




Liebenberg & Stander het aan die werk gespring en tenders vir die boor van gate by Lodewykstenk gekry en het ook aan die Spoorweë geskryf vir toestemming dat hulle die grond mag gebruik. Hulle het toestemming gevra om die bestaande boorgat dieper te boor en indien nodig nog twee gate te boor.Tenders is ook gevra vir die lê van die pype. Attie Joseph het dit onder die Streeksdiensteraad se aandag gebring dat daar 30 werklose inwoners (mans en vroue) van Buisplaas was, wat graag by die voorgestelde waterprojek sou wou werk.[316] In 'n notule van L&S se terreinvergadering gehou op 9 Maart 1994 word gepraat van arbeiders wat van George gekom en wat op Albertinia gewoon het tydens die werk aan die watervoorsieningsprojek en dat die 32 arbeiders van Buisplaas in hul eie huise op Buisplaas gebly het.[317] Dus het van die werklose Buisplasers ook by die projek gebaat.

[315]Verskaf deur Liebenberg&Stander aan SCLC.
[316]Ongepubliseerde dokument, brief van A Joseph, 30.08.1993.
[317]Ongepubliseerde dokument, Kontrak NR 31/93, Agenda en Notule, 28.03.1994, p.3.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Daar word by 'n Ontwikkelingskomitee-vergadering genoem dat die kontrakteur van L&S beïndruk was met die gehalte werk wat die Buisplaas-arbeiders gelewer het.[318]

L&S het inligtingstukke aan die Buisplaas-gemeenskap gestuur om hulle te verwittig dat twee boorgate by Lodewykstenk in die omgewing van Albertinia gesink is. Die boorwerk het gedurende Desember 1992 en Januarie 1993 plaasgevind. Die boorgate is toe wetenskaplik getoets vir langtermyn-leweringsvermoë en daar is bevind dat die twee boorgate voldoende water sal lewer om aan Buisplaas se behoeftes te voorsien. Die watergehalte was goed, behalwe dat die ysterinhoud van die water te hoog was, maar dit sou deur 'n klein suiweringsaanleg by Lodewykstenk verminder word. Die inwoners is ook in kennis gestel dat daar goedkeuring van die grondeienaars, oor wie se plase die pype na Buisplaas aangelê sou word, verkry is, en dat die opmeting van die pyplynroete voltooi is. Die inwoners het dus stap-vir-stap inligting gekry oor al die prosesse wat L&S gedoen het en hulle kon met reg begin uitsien na skoon water by hulle huise.[319]

Aan die einde van die projek het 79 punte in Buisplaas 'n watermeter met 'n staankraan gekry. Buisplaas–noord of Bostadt het 38 waterkrane gekry, waaronder die rugbyveld en begraafplaas ook elk 'n kraan gekry het. Buisplaas-sentraal of Middelstadt het nege krane gekry en Buisplaas-suid of Onderstadt 32 krane.[320] Die SCLC het onderneem om met Kagiso Trust te onderhandel om die water vanaf die buitekraan na binne die huise te laat aansluit.[321]

In die koerant, *Mossel Bay Advertiser,* is die hoofopskrif van 'n berig: *Buisplaas Verheug*. Daarin word verslag gedoen oor die proses wat gevolg is om skoon, drinkbare watervoorsiening aan Buisplaas te lewer. Die voorsitter van die Suid-Kaap SDR se prioriteitekomitee, JH Lloyd, het die nuwe waterskema kom open. Dus het die lang proses van grond- en waterontleding en water-dra met emmers uit die rivier tot 'n goeie einde gekom.[322] Op die voltooiingsertifikaat van Liebenberg & Stander word die voltooiingsdatum as 25 Augustus 1994 aangegee en ook die onderneming dat hulle nog vir 'n jaar die onderhoud en instandhouding van die boorgate, pompe en pypleiding sal doen. Behalwe vir

[318] Ongepubliseerde dokument, Buisplaas Ontwikkelingskomitee Vergadering, 24.03 1994.
[319] Ongepubliseerde dokument, Notule van Tegniese Sub-komitee van die Buisplaas Ontwikkelingskomitee, 26.08.1993.
[320] Ongepubliseerde dokument, L&S, Buisplaas Watervoorsiening, 12.08.1994.
[321] Ongepubliseerde dokument, Buisplaas Ontwikkelingskomitee Notule, p. 3, 27.08.1993.
[322] *Mossel Bay Advertiser,* 16.09.1994, p. 8.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

die 79 watermeterinstallasies in Buisplaas was daar ook aan 13 plaaseienaars langs die pypleiding watermeters verskaf; dus was die waterskema ook tot hul voordeel.[323]

Vir twee Buise het die voltooiing van die waterprojek werk verskaf. Op aanbeveling van die BBV het die SDR besluit om vir Colin George as waterlynkontroleerder aan te stel teen R30 per maand. Die waterlynkontroleerder moes slegs een maal per maand langs die pyplyn afloop en inspeksie doen dat alles in orde was. Moira Buis is aangestel as meterleser/ invorderaar en haar pligte sou haar vir 'n dag en 'n half per maand besig hou en daarvoor is sy R45 betaal.[324]

Nadat die waterkwessie opgelos is, kon aan die volgende stap aandag gegee word en dit was om 'n rioolskema vir Buisplaas te implementeer. Die *Independent Development Trust* (IDT) het R150 000 as skenking vir die projek gegee en hierdie saak is op 'n vergadering van die Ontwikkelingskomitee bespreek. Die inwoners moes egter almal ingelig word oor wat die skema sou behels, aangesien dit hulle waterverbruik sou opstoot en dus ook die fooie wat hulle vir hul water betaal.[325] Alhoewel die meeste van die inwoners ten gunste van die projek was, was sommige van hulle ook bekommerd oor die bykomende fooie. In state, wat beskikbaar is van die tydperk na al die verbeteringe, kan gesien word dat 'n groot aantal inwoners nie hulle waterrekeninge betaal het nie of agterstallig was met die betaling daarvan.[326] Daar moet rekening gehou word met die feit dat talle inwoners juis op Buisplaas kon bly omdat dit relatief goedkoop vir hulle was en alhoewel hulle die nuwe veranderinge se voordele kon ervaar, het hulle net nie fondse gehad om daarvoor te betaal nie. Dus was hulle nie negatief teenoor die verbetering in hul lewensstandaarde nie, maar die bykomende finansiële las was vir sommige 'n probleem.

'n Waterfees is op 3 September 1994 gehou om aan die inwoners van Buisplaas die geleentheid te gee om saam te kuier en die skoonwatervoorsiening te vier. Van die inwoners het self bygedra en ook buite-instansies soos L&S, Active Civil, die LDU, NTC en die Urban Foundation het geld geskenk vir die fees. 'n Buurman en die NP (Nasionale Party) het elk 'n skaap geskenk. Die saal is versier, daar is geëet en gedrink en almal het die dag saam geniet.[327] Die beste nog was dat die Buisplasers na die fees na hul huise kon terugkeer en net 'n kraan kon oopdraai en daar was skoon water.

[323]Ongepubliseerde dokument, brief van L&S, 05.09.1994.
[324]Aanstellingsbrief, ME Hubbe, 22.11.1994.
[325]Ongepubliseerde dokument, Notule, 17.11.1994.
[326]State van 1994 en 1995.
[327]Ongepubliseerde dokument, Notule, BBV- vergadering, 09.09.1994.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

'n Probleem wat ontstaan het en verskeie kere by vergaderings in 1995 geopper was, was dat van die inwoners hul kraanwater, dit wil sê hul drinkwater vir hul tuine gebruik het. Ook het talle inwoners van Buisplaas versuim om hulle waterrekeninge te betaal soos hier bo verduidelik is. Baie kon nie betaal omdat hulle werkloos was. Almal wat nie betaal het nie, is streng aangespreek. Die nood vir besproeiingswater het 'n versoek aan L&S genoodsaak om 'n ondersoek te doen na die bou van damme vir die opgaar van besproeiingswater uit die Gouritzrivier. Aangesien dit 'n lang proses was, het die BBV besluit om geld wat nog oor was van 'n skenking van die WKPA (Wes-Kaaplandse Paaie Administrasie) vir die oprigting van die biblioteek, te gebruik om twee werklose mans aan te stel om 'n watersloot te grawe. Die watersloot is in die rivierbedding gegrawe en dit het die water opgedam vanwaar dit dan vir besproeiing gebruik kon word.[328] Daar was egter nog nie 'n volwaardige besproeiingstelsel met pype en water tot by die huise se tuine nie.

Die Departement van Landbou het in 2000 tot hulle redding gekom met 'n besproeiingstelsel vanaf die rivier tot by die huise. Wat hulle egter nie vir die inwoners van Buisplaas gesê het nie, was dat die bedryfskoste van so 'n stelsel tot R20 000 kon kos. Gelukkig het die buurman, Daniël Badenhorst, gesien dat so 'n stelsel vir hom as boer ook kan help; dus het hy daarvoor betaal en onderhou hy die stelsel. Die watersloot wat die twee mans gegrawe het, was nie voldoende nie en Daniël het self 'n kuil op die bedding van die rivier oopgestoot. Hy gebruik die water vir die res van die week, maar Saterdae kan al die inwoners van Buisplaas die besproeiingswater gebruik en hulle tuine natmaak. Volgens Attie Joseph is dit 'n betroubare bron van water, selfs tydens droogtes. Sodoende het die inwoners nie aangehou om die kosbare drinkwater vir hulle tuine te gebruik nie.[329]

### 5.4.3. Landbou

Van 1992 tot in November 2004 het 'n nieregeringsinstansie besluit om die kleinboere op die platteland van die Wes- en Noord-Kaap te help. Hierdie organisasie was die LDU (*Land Development Unit*) wat bewus was van die gaping tussen die groot kommersiële boere en die bestaansboere op die platteland en veral in verafgeleë gebiede. Hulle missie was:

> *The LDU is an independent, non-government organization working for the rehabilitation and settlement of disadvantaged small-holder farmers in the Western Cape Province of South Africa* [approximately today's Western Cape and Northern Cape provinces]. *The primary aim is to assist in raising the productivity*

[328] Ibid., Brief van ME Hubbe aan Tesourier, SDR, 16.10.1995.
[329] Onderhoud met A Joseph, 19.07.2016.

www.manaraa.com

> *of the land so that rural communities become more self-reliant, generate greater marketable surpluses and thus improve their living standards.* [330]

Die LDU was in vennootskap met die Instituut vir Sosiale Ontwikkeling aan die Universiteit van Wes-Kaapland en FARM-Africa. FARM-Africa se hoofkwartier is in Londen. Hierdie instansie is nie in 2018 meer werksaam in Suid-Afrika nie en werk slegs in Oos-Afrika. Die LDU het van kundige en tegniese advies van deskundiges van Elsenburg Landbou-Ontwikkelingsinstituut, die Landbou Navorsingsraad, die Universiteit van Stellenbosch en Abalimi Bezekhaya gebruik gemaak.[331] Elsenburg Landbou-ontwikkelingsinstituut het 'n verslag genaamd *Die gronde van Buisplaas en hul geskiktheid vir besproeiing*, na 'n besoek van twee dae aan Buisplaas in Julie 1993, opgestel.

Buisplaas was een van die plattelandse gebiede waar hierdie organisasie opleiding aan die inwoners verskaf het. Die LDU het nooit besluite op die inwoners van Buisplaas afgedwing nie maar het hulle in al die besluitnemingsprosesse geken. In 'n notule van die BBV van 'n vergadering wat op 9 Oktober 1993 gehou is, word berig dat breedvoerige gesprekke met dr. Catling (die stigter van die LDU), T Phillips en J Isaacs oor die toekoms van grondbenutting gehou is. Die skakelpersoon was Nicholas J Buis van Buisplaas en daar is kort- en langtermyndoelwitte gestel wat met al die aanwesiges op die vergadering bespreek is. Die korttermyndoelwitte was veral dat gras en vrugtebome aangeplant moet word om erosie te bekamp. Die hellings in Buisplaas wat skuinsaf na die oewer van die Gouritzrivier loop, was onderhewig aan ernstige erosieprobleme. Die voorsitter van die BBV het ook aan Telkom in George geskryf om te vra vir uitskotpale wat hulle vir die heinings kon gebruik. Die voorsitter van die BBV het in sy brief gemeld dat daar 'n hele aantal Buise by Telkom gewerk het en dat die Universiteit van Wes-Kaapland saam met die LDU besig was met 'n grondherstellingsaksie op Buisplaas.[332]

Langtermyndoelwitte het die gelykstoot van grond om die hellings te verminder, sowel as om die besproeiingsnetwerk te verbeter, ingesluit.[333] Die R10 000 wat die Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie aan Buisplaas geskenk het waarvan in 4.4.1.melding gemaak word, is ook gebruik om erosie te bekamp. Nege werklose vroue het plante gevestig op dele wat onderhewig aan erosie was. Erosie is in 2018 steeds 'n groot probleem en die *Buisplaas Community Youth* -groep het ook bome en aalwyne aangeplant om die probleem te probeer oplos.Toe die projek nie afgehandel kon word nie, is nog werklose Buise

[330] Catling, D, *An Elusive Harvest,* Jana Media (Pty.)Ltd. Cape Town, 2008, p. xix.
[331] *Land Development Unit, Annual report for 1994*, p.3.
[332] Ongepubliseerde dokument, Brief aan Telkom, 17.10.1994.
[333] Ongepubliseerde dokument, BBV notule, 09.10.1993.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

aangestel en almal het voordeel getrek uit die salarisse wat uit die skenking betaal is.[334] Altesaam 18 werklose Buisplasers het ook gehelp met die opknapping van die kantoor van die LDU, 'n stoor en omheinings op Buisplaas. Laasgenoemde was nodig sodat mens en dier nie die erosie verder kon aanhelp nie.[335] Die kantoor is in die stoor in die Middelstadt ingerig en word tans vir ander doeleiendes gebruik.

Aangesien die gebiede waar die LDU gewerk het, arm gemeenskappe was, was daar befondsing om die projek aan die gang te kry. Fondse vir saad, kunsmis en medisyne vir vee, was beskikbaar en was nie terugbetaalbaar nie. Die LDU kon voorrade op groot skaal aankoop vir al hul projekte, wat die koste laag gehou het, want grootskaalse aankope was meestal nie vir die kleinboer moontlik nie. Hulle het bloot nie die nodige fondse gehad nie.[336] Die geldelike hulp wat die LDU verleen het, was nie genoeg vir al die behoeftes van die voornemende tuiniers/landbouers op Buisplaas nie. Dit kan gesien word uit die vergaderings wat met verteenwoordigers van Operasie Honger aan die einde van 1993 gehou is. Finansiële hulp is gevra vir gereedskap soos grawe, skoffels, vurke, pikke en harke. Ook was die waterpomp wat besproeiingswater uit die Gouritzrivier moes pomp, 'n kwessie waarvoor die BBV geld moes kry. Operasie Honger het wel bystand verleen met die opgradering van heinings vir 10 kilometer en hulle het ook aartappelmoere en saad belowe sodra die watervoorsiening vir die tuine in plek was.[337] Drie verteenwoordigers van die LDU het ook in 1993 die vergadering van die Ontwikkelingskomitee van Buisplaas bygewoon, waaronder ook David Catling, die stigter van die LDU.

Tydens 'n vergadering wat in November 1995 by L&S se kantore gehou is, waar J Isaacs van die LDU ook teenwoordig was, het Morton Hubbe die LDU gelukgewens met die projekte wat aangepak is en met die vordering daarvan. Op sy beurt het J Isaacs verslag gedoen van suksesvolle groentekursusse wat aangebied is en van 'n beampte wat aangestel is as blommebestuurder. Hy het ook genoem dat die kantoor op Buisplaas nie net vir die LDU se gebruik was nie, maar dat almal welkom was om die kantoor te gebruik. Hy het ook met die verteenwoordiger van L&S die bou van twee kleiner opvangdamme bespreek, waaruit die boere sou kon besproei. L&S het reeds die bou van die damme ondersoek en 'n verslag opgestel.

Besproeiingswater uit die Gouritzrivier sou die LDU-projek ondersteun en 'n vergadering saam met die Buisplaasboere word ook voorgestel vir vroeg in 1996. Daar was

---

[334]Ongepubliseerde dokumente, briewe van M Hubbe, 16.05.1995,

[335]Ibid., 05.06.1995.

[336] Catling, D, *An Elusive Harvest,* Jana Media (Pty.) Ltd. Cape Town, 2008, pp. 76, 77.

[337]Ongepubliseerde dokument, Notule en Verslag vir Operasie Honger, 10.11.1993.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

egter net geld om vir L&S te betaal vir die Dam-verslag, maar nie vir die konstruksie van die damme nie. Soos hierbo reeds genoem het die besproeiingstelsel eers in die jaar 2000 'n werklikheid geword. 'n Groentekompetisie word ook bespreek en die SDR stel voor dat die pryse praktiese gebruiksartikels soos vurke, harke en 'n tuinslang moet wees. Die SDR sou vir die pryse van die kategorieë, *Mooiste tuin* en *Beste beginner*, verantwoordelik wees en die LDU vir die beste aartappels en pampoene.[338]

'n Jongman, Clide Randall Buis, wat op Buisplaas in die laerskool was en op Mosselbaai gematrikuleer het, het in 1995 vir die LDU op Buisplaas gewerk. Sy dagtaak het bestaan uit tuininspeksies, daaglikse aanplantings van saad in die kweekhuis en daaglikse gesprekke met kleinboere. Hy het ook sketse van grondeienaars se eiendom gemaak en inligting oor die bome en diere van Buisplaas opgeteken.[339] Sy aanstelling as assistent was op 'n komiteevergadering van die BBV bespreek en was vir 'n jaar van krag. Hy moes ook alle vergaderings bywoon en help by al die kursusse wat aangebied is in sy werkstermyn.[340]

Vrugtebome is in 1994 teen gesubsidieerde pryse aan die inwoners van Buisplaas verskaf, saam met inligting oor die plant daarvan. Infrutec[341] het in 1996 gehelp deur die grond te analiseer en 'n voorbeeldtuin op een erf te vestig. Die voorbeeldtuin se erf is versigtig gekies en omhein. Gate vir die vrugtebome is gemaak, kompos is bygevoeg omdat die besproeiingswater in Buisplaas baie brak is, drupbesproeiing is vir die erf ingesit en vrugte- en neutbome soos perske, appelkoos, amandels, sitrus, appel, peer, koejawel en pruim is geplant. Verskeie bome is dood a.g.v droogte en siektes, maar ander bome het goed gegroei en in 1999 is die eerste amandels geoes. 'n Omvattende ondersoek in 1999 het ook getoon dat daar meer opleiding oor snoeimetodes, plaagbeheer en spuitprogramme gedoen moet word. Buisplaas was een van die meer suksesvolle LDU-projekte, maar later het droogtes en die brak besproeiingswater die klein vrugteboord negatief beïnvloed.

Groenteaanplantings is ook in twee omheinde gemeenskapstuine in Buisplaas gedoen. Die proeftuine op Buisplaas het gepaard gegaan met ondersoeke na die geskikte aanplantingstye vir verskillende groentesoorte, soos 'n paar soorte aartappels, beet, uie, tamaties en groenrissies. Die Buisplaasboere het nuwe variëteite patats aangevra. In 1997 het droogtes, watertekort, hoë temperature en sterk winde die groentetuine geknou.[342] Die LDU se motivering met die groentetuine was om drie soorte groentetuine aan te moedig: 1)

---

[338]Ongepubliseerde dokument, Notule, 06.11.1995.
[339]Ongepubliseerde dokument, C. Buis, Verslag: Maart en April 1995.
[340]Ongepubliseerde dokument, Notule van BBV-komiteevergadering, 11.02.1995.
[341]Navorsingsinstansies wat hulle toelê op die navorsing van vrugteverbouing.
[342]Catling, D, *An Elusive Harvest*, pp.87-88.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

die huistuin wat net die huiseienaar en sy gesin van groente sal voorsien, 2) 'n gemeenskapstuin waaraan 'n klompie inwoners saamwerk en 3) 'n tuin waarvan die produkte verkoop kon word, 'n sogenaamde marktuin.[343]

Volgens die LDU het Buisplaas 25 tot 30 vrugbare rivierterrasse gehad wat vir groenteverbouing geskik was. In 1993/94 is met die huistuine begin en dit was so suksesvol dat die getal huistuine van vier na 20 in 1994/95 vermeerder het. 'n Kompetisie is gereël en 30 huistuineienaars het in 1995/96 ingeskryf vir deelname aan die kompetisie. Die aantal aangeplante varïeteite het vermeerder en talle inwoners was entoesiasties om hulle tuine uit te brei. Die gebrek aan besproeiingswater het hierdie entoesiasme egter aan bande gelê. Ten spyte van slegte weersomstandighede is daar tog mielies, patats, aartappels, wortels, beet en waatlemoene in die eerste helfte van 1996 geoes. In 1997 het die Gouritzrivier in vloed afgekom en party tuine heeltemal weggespoel. Sommige inwoners het dadelik weer begin tuin maak en aartappels, patats, uie en pampoene is voldoende verbou sodat die oorskot verkoop kon word. Die inwoners het begin om meer op die gemeenskaplike tuin te konsentreer om daarvan 'n sukses te maak. Paul Buis is in 2018 steeds besig om die gemeenskaplike tuin in stand te hou ten spyte van die langdurige droogte. Teen 1999 is die inwoners se entoesiasme deur 'n misverstand oor die huur van 'n trekker en waterskaarste gedemp, en teen die jaar 2000 was die landbouaktiwiteite beperk tot 'n klompie huistuine, 'n klein gemeenskapstuin en die proefboord. Hierdie toestand het voortgeduur tot in 2007 toe die LDU sy aktiwiteite op Buisplaas gestaak het en nie meer betrokke was by enige projek op Buisplaas nie. [344] Die huise teen die hellings van Buisplaas het nie almal goeie tuingrond nie soos in Hoofstuk 4 uiteengesit is, maar die huistuine nader aan die rivier met dieper vrugbaarder grond word steeds bewerk.

Daar is hulpbronsentrums by die meeste van die LDU se projekte opgerig. 'n Netjiese baksteengebou is deur die inwoners opgerig en die LDU het gesorg dat elektrisiteit, lopende water en 'n spoeltoilet in die gebou aangebring is. Met groot fanfare is hierdie hulpbronsentrum in Oktober 1997 geopen en ook deur donateurs en diensorganisasies bygewoon. Daar is ook leesstof oor die landbou en landboumetodes in die gebou geplaas, vir hulp aan die boere/tuiniers. Hierdie sentrum was nog tot in 2007 aktief gebruik volgens die stigter van die LDU. [345] Hierdie gebou dien tans as biblioteek.

---

[343]Ibid., p.88.
[344]Ibid., pp. 93-94.
[345]Ibid., p.81.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com



**Foto 9: Biblioteek in Buisplaas** [346]

Volgens David Catling word Buisplaas gereken as een van die suksesse van die LDU se projekte. Buisplaas het in 1997 die President se toekenning ontvang vir landelike ontwikkeling. Hulle bronnesentrum, groepstuine en vrugteboord het hulle een van die beste '*Grassroots Projects'* gemaak. Catling het die toekenning aan Buisplaas interessant gevind, aangesien Buisplaas nie 'n 'Landelike Kleurlinggebied' was nie. Soos reeds genoem, was dit die eienaarskap van hierdie grondgebied wat hulle onder geen klassifikasie laat val het nie. Buisplaas het dus nie nodig gehad om aan die regering verslag te doen nie. Volgens Catling was daar slegs ongeveer 60 huise en 220 inwoners, maar wat Buisplaas laat uitstaan het, was veral die samewerking onder die inwoners omdat hulle so 'n goeie leier in Attie Joseph gehad het. Besluite kon makliker geneem word, omdat daar nie tweespalt tussen die onderskeie inwoners oor die projek was nie. Dit was sy persepsie en as daar tweespalt was, was hy nie daarvan bewus nie. Die hulp aan Buisplaas deur die LDU was slegs op landbougebied.

Attie Joseph het in 2007 geskryf dat Buisplaas voor 1992 beskryf kon word met die volgende woorde: *'Buisplaas, die slote en walle verlate vervalle'.* Daar was min infrastruktuur, min vaardighede onder die inwoners en geen hulp van buite was voor 1985

[346]Foto geneem deur A le Roux, 2015.

www.manaraa.com

aangebied nie. Toe die LDU sy werksaamhede op Buisplaas afgesluit het, het Attie Joseph die volgende positiewe gevolge gesien:

- Die personeel wat deur die LDU opgelei was, kon nou aansoek doen by regeringsinstansies omdat hulle nuwe vaardighede aangeleer het;
- Die gemeenskap wat deur verskillende kerkverbande verdeel was, het nou saamgewerk aan die landbouaktiwiteite;
- Kennis het aansteeklik geword en die soeke na kennis het reg deur Suid-Afrika versprei;
- Mense het in hulself begin glo en uitgestyg bo hulle omstandighede;
- Marginalisasie het plek gemaak vir 'n mate van vooruitstrewendheid.

Hy het gevoel dat die verlies aan geldelike hulp aan die LDU 'n jammerte was, en dat nie genoeg gedoen was om die LDU te ondersteun nie. Hy het egter die LDU bedank vir die hulp om arm gemeenskappe op te hef en nuttige opleiding te verskaf. Of die gebrek aan fondse die enigste rede vir die LDU se onttrekking was, kon nie vasgestel word nie.



**Foto 10: Ralie Philander, Paul en Gert Buis in die gemeenskapstuin by die biblioteek in 2015 voor die huidige droogte.**

www.manaraa.com

### 5.4.4. Ander ontwikkelings

In 1995 is by die Departement van Gesondheid aansoek gedoen om hulp met die Projek Donkiekar. Projek Donkiekar was die naam wat aan die vuilgoed-verwyderingsdiens gegee is en wat die daarstelling van 'n vuilgoedstortingsterrein, 'n goedkoop verwyderingsdiens en die opruiming van bestaande rommel ingesluit het.[347] 'n Plaaslike inwoner met 'n donkiekar wou die kontrak hê en sodoende kon werklose inwoners van Buisplaas ook indiens geneem word. Weer was dit Morton Hubbe van die SDR wat die projek aangevoer en deurgevoer het. Hy het die bedrag van R5000 wat die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkings-ontwikkeling aan die SDR toegeken het, gebruik om 'n sloot te laat grawe ('n diep sloot wat kon dien as vuilgoedstortingsterrein) en vir die twee werklose persone die toerusting aan te koop sodat hulle die gebied kon omhein.[348]

Met hierdie projek het daar ook tydelike werksgeleenthede vir van die ander werklose inwoners van Buisplaas ontstaan. Twee mans het elk R166.66 ontvang vir die oprigting van die omheining van die vuilgoedstortingsterrein.[349] Nog vyf plaaslike werklose persone is gebruik vir die grawe van die sloot vir die stortingsterrein en is daarvoor besoldig.[350] Vir die vuilgoedverwyderingsdiens moes elke huishouding 50c per week betaal, maar hulle het die vuilgoedsakke gratis gekry.

Buisplaas het 'n goeie sportveld met 'n groen grasbedekking (behalwe as daar 'n langdurige droogte heers soos in 2016/18) waarop veral rugby gespeel word. Die ontwikkeling van hierdie bate vir Buisplaas het ook in alle erns in 1995 begin, toe 'n vraelys van die IDT (*Independent Development Trust*) ingevul is en 'n begroting opgestel is. Die IDT het R150 000 bewillig vir die projek en elke sent moes effektief gebruik word. Die projek het ook vir sommige werklose mense van Buisplaas tydelike werk gegee. In die begroting was daar gereken dat tot 30 persone per dag daar sou kon werk. Wat in Buisplaas se guns getel het, was dat hulle alreeds die omheiningspale aangekoop het, want met almal se vee wat los rondloop, was dit belangrik om die diere van die nuwe sportveld weg te hou.[351] Reeds in Augustus 1994 het die streeksverteenwoordiger van die Departement van Sport en Ontspanning, mnr. D van der Westhuizen, 'n BBV–Ontwikkelings-komiteevergadering bygewoon. Hy het verduidelik dat die departement reeds verskeie gemeenskappe met

[347]Ongepubliseerde dokumente, briewe van Verpleegdiensbestuurder en ME Hubbe, 13.09.1995, 30.05.1995.
[348]Ongepubliseerde dokument, ME Hubbe se brief aan die hoof van Gesondheid- en Gemeenskapdienste, 4.11.1994.
[349]Ongepubliseerde dokumente, ME Hubbe se ontvangserkenning van N Lodewyk en W Uithaler, 14.11.1994.
[350]Ibid., 18.10.1994.
[351]Ongepubliseerde dokument, Begroting en vraelys vir die IDT, 31.07.1995.

www.manaraa.com

R250 000 gehelp het om sportgeriewe daar te stel of op te gradeer. Buisplaas was baie laag op die lys van moontlike begunstigdes omdat hulle so 'n klein gemeenskap is. Die departement het ook vereis dat die sportveld op staatseiendom moet wees en dus het Buisplaas nie gekwalifiseer nie. Buisplaas het as 'n troosprys twee rugbyballe en 'n netbalbal present gekry, maar hulle moes dit self op Oudtshoorn gaan haal het.[352] Daar het wel bystand vir die opgradering van die sportveld gekom, want in 2002 het die Provinsiale Department van Sport en Rekreasie R85 000 aan Buisplaas toegestaan.[353]

Behalwe vir die fisiese ontwikkeling van veral die jonger mense deur aan sport deel te neem, het die sportveld soveel gedoen om die gemeenskap saam te snoer. Selfs in 2018 is die volgende sportaktiwiteit een van die eerste goed wat inwoners jou van vertel en waarna hulle baie uitsien, soos die rugbywedstryde waarvan ook vroeër melding gemaak is. Daar word op die Facebookbladsy foto's van die rugbyoorwinnings geplaas en dan volg van die ouer inwoners met spanfoto's van die Buisplaas Shamrocks van die 1980s. Volgens Attie Joseph was daar twee vorige sportvelde voor die huidige goeie een. Die ander twee het 'n baie ruwe oppervlakte gehad en was onvoldoende, maar die eerste rugbyklub, die Blue Babies het reeds in 1947 daarop gespeel. In 1950 word die rugbyklub herdoop tot die Pirates. In 2018 leef Cornelius Buis van Kaapstad nog wat vir Pirates gespreel het.[354]

### 5.5 SAMEVATTING

Daar het beduidende ontwikkelings op Buisplaas plaasgevind sedert ongeveer 1991, en die lewensomstandighede van die inwoners is in vele opsigte verbeter. Tog het daar na die onttrekking van die LDU en die voltooiing van die water- en rioleringprojekte deur L&S 'n afplatting plaasgevind. Tydens 'n Bosberaad wat deur die BBV gehou is in Augustus 2003, het Attie Joseph in 'n agtergrondskets van die omstandighede 'n mate van neerslagtigheid getoon. Hy het al die instansies wat gehelp het met die ontwikkeling van Buisplaas geloof, maar sy teleurstelling uitgespreek met talle inwoners se houding teenoor die verbetering in hul lewensomstandighede. Hy het gevoel dat baie inwoners net die verbeteringe aanvaar het sonder om te help met die onderhoud van die nuwe fasiliteite of om daadwerklik te help in die proses. Sy woorde was: *Ons het nooit regtig vir onsself gedink nie. Mense het dinge gekry – gratis sonder dat hulle self iets daadwerkliks gedoen het. Nooit was daar werklik eienaarskap van iets geneem nie. Daar was geen intellektuele ontwikkeling en groei.* Attie het erken dat hulle as bestuur ook foute gemaak het. Baie van die NRO's het

[352]Ongepubliseerde dokumente, Agenda en Notule, 13.08.1994, 20.08.1994.
[353]Ongepubliseerde dokument, brief van Munisipale Bestuurder van Tuinroete Klein Karoo Distriksmunisipaliteit, 19.02.2002.
[354]Onderhoude, 19.07.2016, 17.07.2018.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

baanbrekerswerk gedoen, maar ook hulle het foute gemaak. Sommige inwoners het uitgesien na die 'Nuwe Suid-Afrika' wat vanaf 1994 onder ANC-bewind Suid-Afrika regeer het, maar Attie voel dat daar van regeringskant geen noemenswaardige hulp was nie.[355]

In 2010 is 'n Gemeenskapsdag beplan vir 25 September om 25 jaar se vordering van die BBV te vier en beplanning te doen vir die volgende 25 jaar. Uit hierdie kennisgewing van die verrigtinge wat die dag sou plaasvind, is daar 'n meer positiewe uitkyk op wat reeds bereik is. Daar is beplan om 'n staptog van die een prominente plek in Buisplaas na die volgende te onderneem en te eindig by die gemeenskapsaal waar die vergadering sou plaasvind. Die sportspanne (rugby en netbal) sou deelneem aan wedstryde en die Sondag sou 'n kerkdiens op die sportveld gehou word. Dit was dus 'n dag van viering vir die ontwikkeling wat reeds plaasgevind het en vir die feit dat hulle nou 'n saal het om vergaderings in te hou en 'n goeie sportveld om na goeddunke te kan gebruik.[356] Ongelukkig is daar nie notules van vergaderings sedert 2010 nie. Die rede hiervoor is dat daar ontevrede Buise was wat in 2010 die leisels by Joseph, Philander en ander ouer komiteelede oorgeneem het. Hulle het egter geen vergadering gehou of niks verder uitgerig nie. Daarom is Joseph en Philander in 2013 weer herkies om die beheer oor te neem van die BBV.

Die huidige voorsitter van die BBV, Ralie Philander, moet nou die beplanning vir die volgende 30 jaar doen sodat verdere ontwikkeling kan geskied. Attie Joseph voel dat gedurende die 30 jaar sedert die stigting van die BBV (1986 – 2016) vordering gemaak is, maar dat daar nou na nuwe inisiatiewe gekyk moet word.[357]

'n Gevoel van dankbaarheid kom uit die geledere van die ouer mense, soos die oudste huidige inwoners, Moos(75 jr.) en Maria (85 jr.) Buis. Maar soos hulle dit stel, was talle van Buisplaas se mense gedurig in 'n finansiële stryd om oorlewing gewikkel, tydens en na, die ontwikkeling op Buisplaas en het daarom nie voldoende hulle deel bygedra nie. Al die inwoners stem saam dat hulle teleurgesteld was toe die verskillende instansies opgehou het om Buisplaas te help. Die redes waarom die verskillende instansies opgehou het om dienste aan Buisplaas te lewer word nie pertinent in enige verslag verskaf nie. Daar kan aangeneem word dat finansies vir hulpverlening opgedroog het. Die LDU het tog gemeld dat hul hulp aan Buisplaas een van hul suksestories was, maar dit word nie opgevolg nie en die redes vir die opskorting van hul hulp word nie gegee nie. Want soos een inwoner van Buisplaas dit stel: as die geld opdroog, droog alles op. Dit sou 'n groter hupstoot vir die gemeenskap

[355] Ongepubliseerde dokument, Bosberaad – Agtergrond, Qua Vadis, 08.02.2003.
[356] Ongepubliseerde dokument, Kennisgewing van Gemeenskapsdag, 13.08.2010.
[357] Onderhoud, 19.07.2016.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

gewees het as die verskillende iniasitiewe aangehou het. By sommige inwoners is daar 'n gelatenheid oor die omstandighede. Sakkie Buis (68 jr.) sit aan die begin van 2018 en sny garingboomblaaie[358] om sy koei en kalfie aan die lewe hou in die huidige droogte. Hy het vir baie jare by Telkom gewerk en moes sy vrou, Chrissie en hul drie kinders vir tot drie maande op Buisplaas los terwyl hy weggewerk het. Nadat hy ongeskik vir werk verklaar is, het hy op Buisplaas by haar kom bly en hulle is tevrede met hul rustige omgewing alhoewel die droogte bykomende bekommernisse bring. By die jongmense is hierdie gelatenheid nie te bespeur nie en in Hoofstuk 9 word hulle pogings om hul omstandighede te verbeter bespreek.

Sonder die ontwikkeling van Buisplaas sou die omstandighede van die Buise veel slegter gewees het en oor die algemeen het die verbeteringe almal gehelp.

[358]Boere gebruik die opgekerfde blare van die garingboom om hul diere te voer aangesien dit 'n hoë voedingswaarde het. In die Klein-Karoo het volstruisboere ook die garingboomblaaie saam met spekboomblare opgekerf met molasse as veevoer. Aangesien die garingboom lang blare het, word daar van blaaie gepraat.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

# HOOFSTUK 6

# GRONDEIENAARSKAP: DIE ONTLEDING VAN DIE REGSPROSES

## 6.1 INLEIDING

Om te verstaan hoekom die kwessie van grondeienaarskap so 'n moeilike probleem is vir die mense van Buisplaas, kyk ons weer vlugtig na die ontstaansgeskiedenis van Buisplaas. Buisplaas is deur die voorvader, Frederick du Buis, aan sy twee seuns, wat buite sy huwelik met Sophia Vivier gebore is, nagelaat. Hierdie seuns, Simson en Saul, het dus die grond wettig bekom. Saul het sy gedeelte aan sy broer oorgemaak, maar sy en Sim, soos Simson meer bekend was, se nasate het daar bly woon tot vandag. Wat die presiese omstandighede was waarom Saul sy deel van die plaas aan Sim gegee of verkoop het, is bloot bespiegeling. Volgens mondelinge oorlewering het Saul skynbaar baie gedrink en het sy deel van die plaas aan Sim verkoop. Die plaas was geregistreer onder die naam Buffelsdrift en Simson en Saul het saam een elfde van Frederick se oorspronklike plaas geërf, nl. Buffelsdrift 161. Buisplaas is in 1863 deur Johannes, 'n half-broer van Sim en Saul aan die broers oorgedra. Johannes was Frederick en Sophia se seun. In daardie stadium het Saul reeds sy erfporsie aan Simson 'verkoop' en het Saul nie meer geleef nie. Volgens die ouer mense van die gemeenskap (in 1991) het Saul vir Simson 195 pond geskuld en toe die grond aan hom verkoop. In 1884 is Saul se eiendomsreg aan Simson oorgedra.[359]

In Hoofstuk 5 is die ontwikkeling van Buisplaas uiteengesit, maar waarom het al die ontwikkeling eers na 1986 begin? Van die redes kan wees dat die Nasionale Party (NP) wat in 1948 in Suid-Afrika aan bewind gekom het, die regte van nie-blankes drasties verminder het, maar daar is selfs voor 1948 nie aandag aan die verbetering van die nie-blanke bevolking se omstandighede gegee nie. Volgens die testament van Maria Tarentaal, Sim se vrou, is die plaas al wettig in die Buise se besit sedert bogenoemde datums en kan Buisplaas se ontstaandatum as 1863 gereken word. Hulle nasate het hulle daar gevestig en dit het in 'n gemeenskap ontwikkel, in 'n dorpie wat tans nog bestaan.

Met Maria se afsterwe in 1896 op 84-jarige leeftyd, is Buisplaas aan hul ses nasate: Elias Buis, Paulus Buis, Johannes Joseph wat in gemeenskap van goedere met Elizabeth Buis getroud was, Hendrik Buis, Piet Buis en Dina Lodewyk (gebore Buis) nagelaat in ses gelyke dele. Die probleem met die wettige besitreg van die nasate van bogenoemde, is dat die meeste van die nasate nagelaat het om die titelaktes van hul grond te bekom of om dit oor te dra op hul kinders se name. Piet Buis het Buisplaas reeds vroeg verlaat en na die

[359] *Buisplaas Submission*, Appendix 6.1, pp.2-3.

www.manaraa.com

binneland vertrek, klaarblyklik na Koffiefontein in die Vrystaat nadat daar aanvanklik gedink is dat hy in Kimberley of Johannesburg is, maar daar is nooit weer van hom gehoor nie.[360] [361] Volgens die inwoners van die huidige Buisplaas het van die nasate van Piet Buis wel al kom besoek aflê by hulle op Buisplaas, maar nie aanspraak gemaak op hulle erfporsie nie.[362] Daarom is Buisplaas net in vyf dele verdeel.[363]

Nicholas Joseph het voor sy afsterwe gemeen dat hulle ouers vir hulle gejok het deur aan hulle kinders te sê dat hulle grondeienaars is. Dit was eers toe hulle ouer was, dat hulle besef het dat hulle nie kaart en transport van hulle grond gehad het nie. Tog het die wete dat die grond in gesamentlike besit was, vir die meeste inwoners voldoende sekerheid gegee om Buisplaas as hulle s'n te aanvaar. Die tegniese detail was vir baie nie belangrik nie, solank hulle net op Buisplaas kon bly. In 1992 het Nicholas Joseph op 'n BBV-vergadering vertel dat hy kwitansies het van geld wat sy ouma El tot in die 1960s aan 'n prokureur betaal het om haar te help om kaart en transport van haar stukkie grond te kry. Daar het niks van gekom nie en sy het al die jare verniet betaal. Hy het dit as 'n waarskuwing aan die vergadering vertel, sodat mense nie moet dink dat hulle individueel na 'n prokureur kan gaan met die hoop om die saak op te los nie.[364]

Soos in Maria Tarentaal en Sim Buis se testament uiteengesit is, is die grond aan hul ses kinders bemaak en daar is, sonder die formele dokumente,'n lukrake verdeling tussen die nageslagte van hierdie vyf oorspronklike kinders op Buisplaas gemaak. In die voorlopige grondwet van die BBV word Buisplaas as 'n familie-plaas beskryf, wat aan vyf groepe eienaars behoort. So is die huise van Elias Buis se nageslag saamgegroepeer en so ook die huise van die ander vier groepe. Daar was egter soms 'n oor-en-weer trouery tussen die families en dan het dit nie werklik saak gemaak as 'n Lodewyk nou in 'n Buis se grondgebied woon nie.[365] Familie-bande was en is baie belangrik vir al die Buisplasers.

> *The family is therefore for most Coloureds the only social unit which can give them any sense of stability and a feeling of 'belonging' in a society where their status is so uncertain.*[366]

---

[360] 'n Eerwaarde Enoch Haas het vermoed dat die Buise van Beaufort-Wes dalk die nageslag van Piet Buis kan wees, maar daar is nie konkrete bevestiging hiervan nie.
[361] Prof. Mike de Jongh het al van die Buise op Koffiefontein ontmoet en met hulle gesprekke gevoer.
[362] Onderhoude gevoer op Buisplaas met ses vroulike inwoners, 13.10.2016.
[363] *Buisplaas Submission*, Bylaag 6.1, pp. 3-4.
[364] Ongepubliseerde dokument, BBV-notule, 04.04.1992.
[365] Ibid. pp.4-5.
[366] Patterson, S, *Colour and Culture in South Africa,* Routledge and Kegan Paul Ltd., London, 1953, p.151.

www.manaraa.com

Die Buise het verskil van bogenoemde sogenaamde '*Coloureds'* omdat hulle die status as grondeienaars gehad het en vir hulle op hierdie plaas 'n saamgesnoerde gemeenskap geskep het.

Die aalwynvelde, waar baie van die inwoners aalwyne getap het, was ook in vyf dele verdeel. Dit was meestal die seuns wat die grond geërf het en daarmee was sommige van die dogters nie tevrede nie. Maar aangesien die meeste van die mans met hulle gesinne na dorpe en stede verhuis het om 'n lewe vir hulself te maak, het hulle toegelaat dat tantes of ooms (afgetree of weduwees/wewenaars) in hul huise op Buisplaas kon gaan woon. Dus het sommige van die nageslag van Sim en Maria wel hulle grond in hul testament aan hulle seuns bemaak, alhoewel hulle nie kaart en transport vir die stukkie grond gehad het nie.[367]

Die vroegste pogings om Buisplaas te ontwikkel, is gekortwiek deur hierdie gebrek aan wettige besitreg. Die BBV is in 1985 gestig en het amptelik in 1986 tot stand gekom. Daarom was die verkryging van die titelaktes een van die eerste sake wat die nuutgestigde BBV in 1986 moes inisieer. Geen instansie wou hulle aanvanklik help nie, omdat Buisplaas nie 'n wettig geproklameerde gebied was nie. Ook het regeringsinstansies nie daarin belanggestel om hulle te help nie, omdat die inwoners van Buisplaas die eienaars van die plaas en nie deel van die 'Kleurling Landelike Gebiede' was nie. Aangesien die Buisplasers nie op staatsgrond woonagtig was nie, het die regering nie verplig gevoel om hulp aan te bied nie. Daar was soveel ander gebiede wat 'opgehef' of ontwikkel moes word, dat die regering met skynbare verligting die ontwikkeling van Buisplaas in hul eie hande gelos het.[368]

Tog het die inwoners anders oor die besitreg gevoel en het die gebrek aan titelaktes sommige nie gehinder nie. Ralie Philander noem in haar skrywe in 'n publikasie van die SCLC, dat vir hulle inwoners wat op Buisplaas gebore is, die amptelike status van hulle grond nie so belangrik was nie. As kinders het hulle grootgeword met die wete dat hul huis en die grond waarop dit gestaan het, aan hulle behoort.

---

[367] Ibid.,pp.4-5.

[368]Uit hoofstuk 1: In die notule van 'n Afdelingsraadvergadering van die Gesondheidskomitee op Vrydag, 16 Maart 1979, word onomwonde gestel dat die '*BUISPLAAS GEHUG'* aan privaateienaars behoort en dat die Kommissaris van Kleurlingsake, Administrasie van Kleurlingsake in Kaapstad nie behulpsaam kan wees met die daarstelling van 'n huishoudelike waterskema nie. Volgens die kommissaris het die gebied nie gekwalifiseer om as 'n landelike Kleurlinggebied ingevolge die Wet op Landelike Kleurlinggebiede, 1963 (wet 24 van 1963) geproklameer te word nie. Die Streekverteenwoordiger van die Departement van Omgewingsbeplanning en Energie in Kaapstad het ook die volgende geskryf: *' dat daar niks is wat hierdie Department kan doen om die lot van die betrokke Kleurlinge te verlig nie.'* Notuleboek van die Afdelingsraad van Mosselbaai, WKAR, 1979, p.57.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

> *Ja, die grond en huis waarin ons gebly het, was ons eie. Dit is 'n erfdeel wat strek van geslag tot geslag. Ons was baie gelukkig om ons eie grond te kon hê, en het geensins bedreig gevoel dat iemand dit van ons sou ontneem nie. Ek het vir 17 jaar daar gebly totdat ek gaan werk het.*[369]

Sy vertel ook dat haar pa die huis groter gemaak het soos hul gesin vergroot het en hom aan geen bouregulasies soos daar in ander dorpe is, gesteur het nie, omdat die grond en huis aan hulle behoort het. Titelaktes was nie vir die ouer geslag nodig om te bevestig dat hulle die grond geërf het en dat dit wettig hulle s'n was nie.[370] Tog meen Ralie in 2018 dat hulle graag 'n wettige dokument van hul eienaarskap sal wil hê, maar dat hulle besef dat die grond nie in klein blokkies verdeel kan word nie. Sy voel dat die probleem met die verloop van jare nog meer gekompliseerd sal raak omdat die grond nou aan meer en meer mense sal behoort, soos wat die ouers hulle grond aan hulle kinders nalaat.[371] Uit die ses vrouens met wie onderhoude gevoer is tydens een van die besoeke aan Buisplaas, was net Rosemarie Isaacs se familie in besit van 'n titelakte. Haar ouma Buis was getroud met 'n Isaacs en het die titelakte gehad, maar selfs Rosemarie en haar broer het nog nie die titelakte in 'n testament aan hul kinders oorgedra nie. Die ander vroue was nie een bekommerd oor die feit dat hulle nie die grond waarop hul huise staan, wettig besit nie. Buisplaas is hulle s'n en verder verhinder hoë regskostes hulle om te probeer om 'n titelakte te kry.[372] Die opinies van hierdie vroue is verteenwoordigend van die meeste Buise wat ek leer ken het tydens my besoeke aan Buisplaas. Daar is wel Buise wat elders woon wat graag die titelaktes in die hande wil kry omdat hulle bang is dat hulle geld sal verloor indien buitestaanders op Buisplaas grond sal wil koop.[373]

## 6.2 DIE PROSES OM DIE TITELAKTES VAN DIE GROND OP BUISPLAAS TE BEKOM

Vyf jaar nadat die BBV gestig is, het die voorsitter, Attie Joseph, die mense van Buisplaas uitgenooi na 'n algemene Jaarvergadering wat op 17 November 1990 gehou sou word. In die agenda noem hy dat hulle ook oor die oordrag van transportaktes gaan praat. Daar was soveel dringerder sake, soos die waterkwessie, elektrisiteit, telefone, ens. wat voorrang geniet het na die stigting van die BBV (hoofstuk 5), dat die BBV eers na vyf jaar aan die kwessie van die titelaktes aandag gegee het. In die uitnodiging noem hy vyf gestorwe persone wie se aktes na die huidige lewende afstammelinge oorgedra moet word,

---

[369] SCLC, *The Women Recall,* 2000, p.45.
[370] Ibid.,p. 46.
[371] Onderhoud: 15.08.2016.
[372] Onderhoud, 15.10.2016.
[373] Telefoongesprekke met Buis-nasate uit Kaapstad. Hulle wil graag anoniem bly.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

nl. dié van Paulus, Elias, Piet, Hendrik – almal Buise - en ook Johannes Joseph, Elizabeth Buis en Cornelius Joors.[374] In 'n memorandum wat in 1992 deur Henk Smith van die Regswetlike Bronne opgestel is, word genoem dat Buisplaas net formeel in tien persone se name geregistreer is en dat die meerderheid van inwoners van Buisplaas nie titelaktes van hulle grond het nie. Hy het ook as rede daarvoor aangevoer dat die ouers oor die geslagte heen nie die grond wettig aan hul kinders oorgedra het nie. Die tien persone wie se name as eienaars geregistreer was, is Elias Moses Lodewyk (1/18 van die grond), Nicolaas Lodewyk (1/18), Petrus Janse (1/72), Maria Buis (1/72), Cornelius Joors (1/36) Piet Buis (1/6), Hendrik Buis (1/6), Johannes Joseph(1/6), Paulus Buis (1/6) en Elias Buis (1/6).

Smith het die gebrek van oordrag van hul eiendom toegeskryf aan die hoë oordragkoste van aktes, onkunde van die ouers, die getalm van die prokureurs wat deur die begunstigdes aangestel is en die onsekerheid wat die Groepsgebiede Wet (1950) geskep het oor grondeienaarskap en besittingsreg van 'nie-blankes'.[375] Hy het ook voorsien dat die probleem van besitreg en om dit te kan bewys, sou vererger, omdat meer nasate sonder titelaktes heel moontlik op Buisplaas sou kom woon. Baie van die begunstiges van die testament was nie meer op Buisplaas woonagtig nie en Smith het vermoed dat hulle hul grond aan vreemdes sou kon verkoop. Volgens die inwoners van Buisplaas word hulle deur Maria (Tarentaal) Buis se testament verhoed om dit te doen, maar daar kon nie in haar testament bevestiging daarvan gekry word nie.

Daar is wel 'n sterk aanduiding in die testament dat die besitreg van die kinders jaloers dopgehou moet word, veral indien een van die ouers met iemand van buite Buisplaas sou trou.[376]

Die volgende aanhaling in die *Buisplaas Submission* uit Maria se sogenaamde testament, verskyn ook nie in die testament wat uit die Kaapse Argief gekry is nie:

> *Verder bepaal ik dat geen van myne kinderen zal het rest hebben hun aandeel van grond aan eenen vreemden te verkoopen of te verhuuren dan alleenlyk aan hunne eigene wetige broders en zesters voor de gewaardeerden prys.*[377]

Die inwoners van Buisplaas het hierdie feit egter geglo en niemand het daaraan gedink om hulle grond aan buitestaanders te verkoop nie en is in 2018 steeds vasbeslote om Buisplaas in hulle besit te hou. As gevolg van die afgeleë ligging en dat daar nie werklik goeie

[374] Ongepubliseerde dokument, Brief van A Joseph, 12.11.1990.
[375] Ongepubliseerde dokument, *Memo prepared for the Buisplaas Committee and the Southern Cape Land Committee,* Henk Smith, 10.08.1992, p.1.
[376] MOOC, 93/23, Testament van Sem Buÿst en Maria Tarentaal, 07.12.1889.
[377] CA MOOC Wills No. 512 June 1889, 7/1/634. Uit die *Buisplaas Submission*, p. 8.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

vooruitsigte vir landbou- of ander ontwikkelings was en is nie, was daar tot op hede nie veel belangstelling van buitestaanders om op Buisplaas te kom woon nie. Die enigste buitestaanders wat daar wou kom bly om 'n winkel oop te maak, was drie Nigeriërs rondom 2014, maar die Buisplasers het vinnig opgetree en hulle toegang tot die dorp geweier.[378]

Al die huidige inwoners is óf 'n Buis (grondbesitter) óf nou verwant aan 'n Buis-afstammeling. In 1992, toe Smith die wetlike probleem ondersoek het, was daar ook nog nie lopende water, elektrisiteit en veral nie werksgeleenthede op Buisplaas nie,[379] alles aspekte wat Buisplaas onaantreklik vir buitestaanders en moontlike voornemende kopers gemaak het.

Smith het voortgegaan om die vier wetlike opsies te bespreek wat die inwoners van Buisplaas kon neem en wat vir elkeen moontlike voordeel sou inhou.

a) *Land Titles Adjustment Act 68 of 1979.* Die doel van hierdie wet was om gemeenskappe wat nie in besit van wettige titelaktes was nie, te help om die stuk grond/eiendom te kon onderverdeel. 'n Komitee van drie persone, waarvan een 'n regter of magistraat was, kon die aansoeke van persone in die gebied onder dispuut aanvaar. Hulle moes die aansoeke deeglik deurwerk en dan 'n antwoord op elke individuele aansoek verskaf. Die staat sou vir die meeste van die koste van die komitee en hul werksaamhede verantwoordelik wees en hierdie wet is ingestel om 'n goedkoper alternatief daar te stel as die individuele aansoeke vir titelaktes. Henk Smith het daarna op Buisplaas gekonsentreer en het die nadele van hierdie opsie uitgewys. Hy het gemeen dat ontwikkeling in daardie stadium van kardinale belang vir Buisplaas was, en dat die wet niks daarvan sê nie. Daarby moes alle erfgename en moontlike erfgename opgespoor word voordat die proses enigsins kon begin.

b) *The Rural Areas (House of Representatives) Act of 1987.* Hierdie wet is ingestel toe die Driekamerparlement deel van die NP se beleid was en is deur die Huis van Verteenwoordigers, wat slegs vir bruinmense ingestel was, gebruik om landelike bruin gemeenskappe te help. Die doel was om landelike areas te gebruik vir behuising en landbou. Die wet het voorsiening gemaak vir die verdeling van 'n landelike gebied in 'n residensiële gebied, met stukke grond vir landbou en dan 'n gesamentlike weidingsgebied vir die gemeenskap se vee. So 'n woongebied sou deur 'n '*management board*' bestuur word wat aan die

[378] Onderhoud, 13.10.2016.
[379] *Buisplaas Submission*, p.2.

www.manaraa.com

Departement van Plaaslike Regering, Behuising en Landbou verslag moes doen en die grond sou in trust gehou word deur die Minister van hierdie departement. Die historiese sendingstasies soos Haarlem, Friemersheim, Slangrivier en Suurbraak het onder hierdie wet geval. Buisplaas wou beslis nie onder so 'n bedeling val nie. Smith het ook verklaar dat dit 'n ongewilde '*own affairs'* wet was.

c) *Less Formal Township Establisment Act of 1991.* Voorheen het die skep van informele woonbuurtes onder die onderskeie provinsies se jurisdiksie geval, maar dit was 'n langsame en duur proses. Hierdie nuwe wet het die skep van nuwe informele woonbuurtes 'n makliker proses gemaak deur grond daarvoor beskikbaar te stel. Dit het ook die uitleg van so 'n woonbuurt beplan en met dienslewering aan die woonbuurt gehelp. Die uitkoms moes wees dat die eienaars van huise in so 'n woonbuurt later die titelaktes vir hul eiendom kon bekom. Wat Buisplaas aanbetref, het hierdie wet nie hulle probleem met die verkryging van titelaktes aangespreek nie, want hulle was nie 'n 'township' of informele woonbuurt nie.

d) *Advisory Commission on Land Allocation.* Die *Abolition of Racially Based Land Measures Act of 1991* het daarvoor gesorg dat dit wette soos die Groepsgebiede Wet (1950), die *Land Act* (1913) en die *Land Act* (1936) vervang. Die *Advisory Commission on Land Allocation* kon aanbevelings aan die Staatspresident maak, sodat agtergeblewe gemeenskappe grond kon bekom en dit ontwikkel, veral diegene wat deur die apartheidswette benadeel is. Die idee was dat benadeeldes nou grond sou kry om op te woon en ook om op te boer. Indien Buisplaas kon bewys dat hulle gebrekkige ontwikkeling die skuld van bogenoemde twee apartheidswette was, sou hulle kon voordeel trek uit hierdie kommissie se werk. Die kommissie was ook nie effektief om met grondeise en die toekenning van grond aan benadeeldes te help nie, aangesien dit beperkte bevoegdheid en gesag gehad het.[380]

Smith se aanbeveling was dat Buisplaas die *Advisory Commission on Land Allocation* kon vra vir hulp met die beplanning van hul behuisingskwessie en verdeling van landbougrond. Hulle sou egter aan die komitee bewys moes lewer oor die mate waarin hulle deur die twee *Land Acts* en die Groepsgebiede Wet benadeel is. Hulle sou ook bewys moes lewer dat die ontwikkeling van Buisplaas lewensnoodsaaklik was.

---

[380] Ibid., pp.4 -10.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Hulle kon ook die *Land Titles Adjustment Act (1993, No.111 of 1993)* gebruik om die titelaktes van die verskillende erfgename te kry en indien hulle al die erfgename in die hande gekry het, kon hulle 'n gemeenskaplike trust laat opstel wat ook namens die hele Buisplaas beslissings kon neem. 'n Inter vivos trust sou vir Buisplaas die beste wees as 'n '*land holding vehicle'.* Smith het ook voorgestel dat 'n aparte '*body corporate'* verantwoordelik gemaak word vir die ontwikkeling van die residensiële en landbou- gebiede in Buisplaas. Smith het aan die SCLC en Buisplaas se BBV elk 'n kopie gestuur van hoe 'n moontlike aansoek vir hierdie hulp moes lyk.[381] Aangesien Joanne Thesen toe alreeds haar omvattende verslag oor Buisplaas geskryf het[382], kon die BBV baie inligting daaruit gebruik om te beklemtoon dat geen instansie hulle nog daadwerklik gehelp het nie. 'n Volledige historiese oorsig, die wetlike aspekte en hul beplanning vir ontwikkeling in die toekoms, moes ook deel vorm van so 'n versoek. Die inwoners se gehegtheid aan hulle geboortegrond moes beklemtoon word, maar Smith het gesê dat die belangrikste deel van so 'n voorlegging 'n goeie toekomsbeplanning moes wees. Hulle moes hulle betrokkenheid by elke proses van die ontwikkeling onderskryf asook dat vooruitgang lewensnoodsaaklik vir die gemeenskap van Buisplaas is. [383] In die BBV se voorlegging aan die onderskeie instansies het hulle Smith se raad gevolg.

Die suksesvolle oordragaktes wat in die verlede reeds suksesvol afgehandel is, was soos volg [384]:

- In 1863 het Johannes de Buys gedeelte 1 van die plaas, Buffelsdrift 161, in die name van Sem (Simson) en Saul Buys oorgedra. Volgens Jean Blanckenberg, 'n Kaapse genealoog, het Frederick Petrus du Buis sonder 'n testament op die ouderdom van 73 jaar aan die huis van sy skoonseun, Jacobus Pieterse in 1838 in die omgewing van die Gouritzrivier, gesterf.[385]
- 'n Ander skoonseun, Christoffel van Zyl het wel 'n inventaris van sy besittings opgestel en het genoem dat Frederick se vrou en kinders dit kry.[386] Die Aktekantoor is in besit van die aktes waarin gedeeltes van sy grond na sy dood aan sy seun Johannes oorgedra is. Daar was ook twee belangrike oordragte voor bogenoemde 1863. Op 11 Februarie 1851 is 2578 morge grond van Jacobus

[381]Ibid., pp. 10,11.
[382]*Buisplaas Submission,* Bylaag 6.1.
[383]Ibid., pp.12,13.
[384] Die spelling van die name en vanne in die volgende gedeelte is net so oorgeneem uit die oorspronklike teks en kan dus verskil van die spelling wat elders in hierdie studie gebruik word.
[385]*Buisplaas Submission*, Bylaag, 1.
[386]Ibid., Bylaag, 2.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Hendricus Pieterse, die skoonseun, aan Hendrik Heymans en Simson oorgedra (T47). En op 2 Desember 1856 het Hendrik Heymans 'n gedeelte van die grond aan Saul Buis oorgedra (T73). Hieruit kan ons aflei dat daar 'n goeie verhouding tussen die broer, Johannes en ook die susters se mans met die twee half-broers, Saul en Simson was.[387]

- Die boedel van S Buys[388] (waarskynlik Saul Buys) is in 1884 oorgedra na Sim Buys. Soos vroeër reeds vermeld is die rede vir hierdie oordrag onbekend.
- Die boedel van S Buys (waarskynlik Simson Buys) is oorgedra na die boedel van die ontslape Maria Buys (gebore Tarentaal) in 1899.
- In 1899 het die Berlynse Sendinggenootskap 'n klein deeltjie van die grond gekry vir die oprig van die Lutherse kerk. Die gedeelte is bekend as gedeelte 6 van plaas 191.
- Die plaas is in 1910 in gelyke dele uit die boedel van Maria Buys na die volgende persone oorgedra: Elias Buis, Paulus Buis, Johannes Josephs, Hendrik Buis, Piet Buis en Dinah Lodewyk (neé Buis).
- Slegs die 1/6- aandeel van Dinah Lodewyk is in 1920 na die volgende vier persone oorgedra in die volgende gedeeltes:
  1/18 aan Moos Lodewyk; 1/18 aan Nicodemus Lodewyk; 1/36 aan Dinah Joors; 1/36 aan Cornelis Joors.
- Dinah Joors het haar 1/36 aandeel in 1968 aan Maria Buis en Petrus Buis oorgedra, wat beteken het dat elk 'n 1/72 aandeel gekry het.
- In 1974 het Nicodemus Lodewyk sy 1/18 aandeel aan Nicollas Lodewyk oorgedra.
- In 1977 het die boedel van die ontslape Moos Lodewyk sy 1/18 aandeel aan die boedel van die ontslape Spasina Lodewyk oorgedra.
- Die boedel van Spasina Lodewyk het haar 1/18 aandeel aan Elias Lodewyk oorgedra. [389]

Die verslag het nog 'n lys name van erfgename in 'n anneks bygevoeg, maar ook daarop gewys dat die meeste van die erfgename nie meer op Buisplaas woon nie en dat die meerderheid van die inwoners in daardie stadium nie geregistreerde titelaktes van hul eiendom besit het nie. As redes vir die ongeregistreerde titelaktes word die volgende aangegee:

387 Ongepubliseerde dokument, *The Legal Problem,* inligting van Jean Blankenberg, Kaapse genealoog, p. 90.
388 Op die dokumente is die van, Buis as Buys gespel.
389 *Submission to Advisory Commission on Land Allocation*, pp. 4- 5.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

1. Onkunde oor die wet en vertroue in die oudste erfgenaam om te sorg dat reg sal geskied aan al sy mede-erfgename.
2. Goeie maniere, 'n wedersydse vertroue onder die inwoners van Buisplaas en 'n wedersydse afhanklikheid van mekaar, het dit nie vir hulle nodig gemaak om die formele registrasie van titelaktes as prioriteit te sien nie.
3. Baie erfgename het Buisplaas permanent of tydelik verlaat en het nie belanggestel in hulle moontlike klein deeltjie van die erflating nie, of moeite gedoen om hulle erfporsie in hul boedels te beskryf nie.
4. Buisplaas was nooit as 'n formele woonbuurt ontwikkel nie en het tot in die jaar waarin die verslag opgestel is, geen formele dienslewering gehad nie. Geen owerheid of instansie het ook tot in daardie stadium belanggestel om basiese dienste aan Buisplaas te lewer nie.
5. Buisplaas was 'n 'Kleurling-eiland' omring deur blanke plase. Die behoeftes van plattelandse klein bruingemeenskappe was laag op die prioriteitslys van die apartheidsregering.
6. Na die implementering van die Groepsgebiede Wet van 1950 was daar baie onsekerheid onder onafhanklike bruin gemeenskappe en dit het Buisplaas gepas om geen aandag op hulle te vestig nie. Hulle wou dus niks eis of hulle eienaarskap formaliseer nie. Die oorlewing van die gemeenskap was hulle selfonderhoudendheid en dat hulle nie hulp van buite-instansies gekry het nie.

> *The racially based Mission Stations And Communal Reserves Act 29 of 1909 and the Coloured Rural Areas Act 24 of 1963 provided a statutory framework for Coloured rural settlements such as Buisplaas, but the Buisplaas community resisted the control measures which accompanied the aforesaid legislation.* [390]

Die probleem van die ongeregistreerde titelaktes was nie uniek aan Buisplaas nie. Baie arm gemeenskappe in die omgewing van Oudtshoorn, Knysna en George het dieselfde probleme ondervind. In die geval van arm wit gemeenskappe het die regering hulle gehelp om die titelaktes te ontvang deur middel van wetgewing in 1972 en 1973.

Die eiendomsregkwessie sou vorentoe net nog moeiliker word en die koste verbonde aan die verkryging van die titelaktes sou uit verhouding wees met die stukkies grond wat die eienaar dan wettig sou besit. Dit sou ook nie lewensvatbaar wees om Buisplaas in 200 tot 400 klein erfies te verdeel nie. In die verslag is dus gevra dat die grond in trust gehou word

[390] Ibid., pp.6 – 7.

www.manaraa.com

sodat 'n regspersoon (*body corporate*) oor die verdeling van grond die wag kon hou.[391] Smith het 'n konsep trustdokument opgestel wat aan die SCLC voorgelê is en wat met die gemeenskap van Buisplaas bespreek sou word en word in 'n notule van die Buisplaas-ontwikkelingskomitee genotuleer. [392]

Die persoon wat na vore getree het om die titelaktes-kwessie te probeer oplos, was dr HM van Rensburg. Hy was die destydse Lid van die Volksraad (LV) van Mosselbaai en was woonagtig in Riversdale en na 1994 was hy 'n LP (Lid van die Parlement), soos 'n LV toe genoem is. By die volgende BBV–vergadering is aan die lede verduidelik dat Van Rensburg reeds sedert 1960 by Buisplaas betrokke was en dat hy objektief na oplossings vir hulle probleem soek. Van Rensburg het self hierdie vergadering toegespreek en hulle verseker dat alle grond in Suid-Afrika 'n kaart en transport moet hê en dat dit by die Aktekantoor beskikbaar is. Om vyf geslagte terug te gaan, gaan die koste verhoog, maar daar is 'n wet wat voorsiening maak dat grond direk aan aanspraakmakers (die huidige geslag) oorgedra kan word. Hy het die rol van kommissaris wat sake volgens die reëls sal aanpak, vervul. Die regte prosedure sou gevolg word en lede kon hulle vrae en bekommernisse aan hom voorlê. Aansoeke vir titelaktes moes skriftelik ingedien word en diegene wat reeds hulle titelaktes het, sou nie geraak word nie. Daar sou deurgaans gepoog word om die prokureurs- en landmeterkoste laag te hou en die geld sou in 'n trustrekening gehou word. Van Rensburg het aan hierdie vergadering gevra om geduldig te wees aangesien die proses ongeveer 'n jaar sou duur.[393] Hy het weer 'n vergunningstog na Buisplaas onderneem om die Ontwikkelingsvergadering toe te spreek en die prosedure te verduidelik. Daar moes teruggegaan word na die datum van die oorspronklike titelaktes in 1865 en 'n landmeter is aangestel om die werklike grootte van Buisplaas te bepaal. Aangesien dit toe aan die einde van 1994 was, het hy voorsien dat hy weer in Januarie 1995 'n formele vergadering met die inwoners sou hou.[394]

In die staatskoerant van 23 September 1994 het die adjunkminister van Grondsake 'n amptelike verklaring uitgereik wat soos volg gelui het:

*Ek, Anthon Tobias Meyer, Adjunkminister van Grondsake*

*a) wys hierby, kragtens artikel 2 (1) van die Wet op Reëling van Grondtitels, 1993 ( Wet no.111 van 1993), Gedeelte 1 van die plaas Buffelsdrift 191, distrik Mosselbaai, aan as*

---

[391]*Submission to Advisory Commission on Land Allocation*, pp. 8-9.
[392]Ongepubliseerde dokument, Notule van Buisplaas-ontwikkelingsvereniging, 18.11.1994, p. 2.
[393] Ongepubliseerde dokument, notule van BBV-vergadering, 12.11.1994.
[394]Ongepubliseerde dokument, Notule van Buisplaas-ontwikkelingsvereniging, 18.11.1994, p.3.

www.manaraa.com

*grond waarmee ooreenkomstig die bepalings van genoemde Wet gehandel kan word; en*

*b) gelas hierby, kragtens artikels 5 (7) van bedoelde Wet, in geheel betaal word uit die geld vir dié doel deur die Parlement bewillig.*[395]

Dit het veel langer geneem om hierdie groot taak af te handel soos gesien kan word uit Van Rensburg se bywoning van 'n BBV-vergadering in April 1995. Daarin verduidelik hy dat hy slegs 80 aansoeke vir titelaktes ontvang het en dat sommige aansoeke onvolledig ingevul was, maar die uitstel het aan almal nog kans gegee om aansoek te doen. Wat wel voltooi is, is die uiteensetting van die stamregister en daarvolgens kon ongeveer 400 mense regsgeldig aanspraak maak op grond in Buisplaas. 'n Ene mnr Linde (sy amp word nie aangedui nie) na wie Van Rensburg ook was met hierdie kwessie, was baie tevrede met die werk wat dr Van Rensburg reeds verrig het. Linde het ook gesê dat Buisplaas vorentoe as 'n rolmodel van baanbrekerswerk op die gebied van die verkryging van nagelate titelaksies kon dien.[396]

In Maart 1997 word weer na Wet no.111 van 1993 (*Land Titles Adjustment Act*) deur Van Rensburg verwys, toe hy aan die SCLC verslag gedoen het van sy vordering. Die toekenning van onverdeelde aandele in die eiendom bekend as Buisplaas in die distrik Mosselbaai, word toegestaan. Die onverdeelde aandele is aan 101 mede-eienaars toegeken, met vermelding van die aandele wat aan elkeen toegeken is en dit was toe reeds by die kantoor van die SDR (toe genoem die Distriksraad) op Riversdale ter insae. Van Rensburg moes die korrektheid van die spelling van voorname en vanne, geboortedatums, identiteitsnommers en adresse met behulp van die Departement van Binnelandse Sake en met verwysing na die Bevolkingsregister nagaan en laat nagaan, sodat hy die korrekte besonderhede aan die prokureurs kon verstrek. Hierdie prokureurs het na die registrasie van transport in die Aktekantoor in Kaapstad van die toegekende onverdeelde aandele in naam van die 101 mede-eienaars omgesien. Hy het vermoed dat die registrasie van transport nog 'n ruk sou neem om te finaliseer.[397] Op 'n BBV-vergadering in 1997 het Attie Joseph met dankbaarheid na die titelaktes verwys wat in hul finale stadium was en gemeld dat dit werklik 'n spanpoging deur almal se samewerking was. Die visie wat hulle in 1986 gehad het met die stigting van die BBV om die titelakte-kwessie op te los, was besig om 'n werklikheid te word.[398]

Barry Levingrad van die *National Land Committee* (NLC) het 'n vergadering van die Buisplaas Ontwikkelingskomitee bygewoon en het saam met Attie Joseph verslag gedoen

[395] Staatskoerant, No. 15978, 24.09.1994.
[396] Notule van BBV-vergadering, 29.04.1995.
[397] Ongepubliseerde dokument, brief van dr HM van Rensburg, 20.03.1997.
[398] Ongepubliseerde dokument, Verslag van BBV, 26.09.1997.

www.manaraa.com

oor die stand van sake in verband met die titelaktes. Alle mense wat in daardie stadium op Buisplaas woonagtig was, 83 altesaam, was nou geregistreer as eienaars. Maar hulle het geen titelaktes besit nie. Daar is op 14 Maart 1998 'n vergadering in Kaapstad met die titelhouers gehou. Die BBV is deur hierdie titelhouers 'n mandaat gegee om namens hulle besluite op die vergadering te neem. Levingrad het verduidelik dat die volgende stap was dat 'n besigheidsplan aan die NLC gestuur moes word sodat dit vir goedkeuring aan die minister gestuur kon word. Dit sou as aansoek dien vir die beskikbare R15 000 wat daar per huisgesin toegestaan is. Skynbaar kon net 20 huisgesinne hierdie bedrag ontvang, maar eers as die titelaktes afgehandel is. Van die begunstigdes wat in Kaapstad woonagtig was, was bereid om van hulle titelaktes afstand te doen sodat diegene wat op Buisplaas woonagtig was, vir die bedrag in aanmerking kon kom. Die Departement van Grondsake moes verwittig word oor hoeveel mense gebaat het gedurende die opgraderingsproses. Die opdateringsproses en die bedrag wat reeds betaal is, sou die bedrag van die toelaag beïnvloed.

Levingrad het die vergadering ingelig dat, indien al die mense op Buisplaas insae het in die Buisplaas Trust, dit nie nodig was om 'n aparte regsentiteit te vorm nie. Die regsliggaam, wat in hierdie geval die Trust is, het as eienaar gedien, aangesien nie almal op Buisplaas kaart en transport van hulle erwe ontvang het nie. Hulle moes net onthou dat 'n Trust nie aandeelhouers het nie, maar dat mense benoem word tot die Trust en daar dus begunstigdes en ander lede sou wees. Hy het voorgestel dat die BBV regsadvies vir die opstel van die Trust inwin. Charl Liebenberg van Liebenberg & Stander, wat soveel gedoen het om te verseker dat Buisplaas skoon drinkwater gekry het vanaf Lodewykstenk, was ook teenwoordig op die vergadering en hy het voorgestel dat die BBV omskryf word as 'n eiendomsvereniging. Daar moes ook, volgens hom, 'n waardasie van Buisplaas gedoen word.[399]

Op 'n vergadering van die Buisplaas Ontwikkelingskomitee word die volgende genoem in 'n voorlopige verslag:

- die titelaktes is afgehandel en word by die prokureurs Hofmeyer en Seuns op Riversdale gehou;
- die grootte van die titel was bereken volgens die 94.411 hektaar en die titelhouers besit 'n onverdeelde aandeel;
- grond het gegaan na die ontwikkelingsprojekte soos die kliniek en sportgronde en was dus nie vir behuising beskikbaar nie;

[399] Ongepubliseerde dokument, Notule, 26.03.1998.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

- slegs 30% van die titelhouers woon op Buisplaas en van hulle weet nie wat 'n titelakte is nie;
- titelhouers wat vervreem is of wat wil verkoop, moet hulle reg kan uitoefen en 'n prys moet aan hulle opsie gekoppel word.[400]

## 6.3 SAMEVATTING

Daar is 101 wettige eienaars van die grond in Buisplaas, maar nie een van hulle kan summier kom en besit neem van 'n spesifieke erf of stukkie grond nie. Almal wat gemoeid was met die lang en ingewikkelde saak, het besef dat dit nie raadsaam sou wees om die grond te versnipper nie. Daar is ook nie 'n trust vir die grond geskep nie. Die meeste van hierdie 101 wettige eienaars en hulle afstammelinge woon nie tans op Buisplaas nie. Daar is nog leë erwe op Buisplaas en enige Buis-nasaat kan daar vir hom/haar 'n huis kom bou, maar niemand kan die titelakte van daardie erf of stukkie grond kry nie. Daarom kan niemand steeds van staathuissubsidies gebruik maak nie, omdat niemand wettig kan bewys dat 'n spesifieke stuk grond aan hulle behoort nie.

Die inwoners van Buisplaas het dit so aanvaar en aangesien die grond nie veel kommersiële waarde het nie, stel die meeste van die wettige erfgename nie belang om die saak verder te voer nie. Die vrees wat die meeste van die ouer inwoners gehad het dat ontwikkeling en dienslewering vreemde mense hierheen sou lok, het ook nie 'n werklikheid geword nie. In die moderne ekonomie wil mense eienaarskap en die bewys van hul eienaarskap hê om sodoende 'n verkoopswaarde aan 'n eiendom te kan koppel. Die mense van Buisplaas wil meestal net kan sê: Buisplaas is ons s'n en ons het die grond geërf en dis ons hartplek waar daar vrede heers.[401] In 1991 was daar wel twee Lodewyk-nasate wat gesê het dat hulle hul erfdeel sou wou verkoop. Een van hierdie twee was Nicholas Lodewyk wat 'n agtiende deel van sy pa se gedeelte van die plaas geërf het. Sy suster, Dinah Jansen was baie bitter omdat sy as vrou niks geërf het nie. Dit was 'n ongeskrewe reël onder die Buisplasers dat hulle hul stukkie grond slegs aan seuns nagelaat het. Nicholas se woorde was: *The lawyer said I can't get a landsurveyor to cut it off from the rest of the farm, I can't sell it. We are bound together. But I've got an 18 $^{th}$, so if the place goes to rack and ruin I can come for my money.*[402] Hy het dus besef dat die mense van Buisplaas vir ewig saamgebind is en dat die erfgename dit so moet aanvaar.

---

[400]Ongepubliseerde dokument, Buisplaas Ontwikkelingskomiteevergadering, Sake uit voorlopige verslag, 20.08.2001.

[401] Buisplaas Submission, Bylaag 6.1, p. 6.

[402]Ibid., Bylaag 6.1, p.5.

المنارة للاستشارات

www.manaraa.com

Diegene wat nie so 'n sentiment deel nie, maar waarde aan hul erfporsie heg, is ook meestal lankal deel van die gewone ekonomiese opset in dorpe en stede oral in Suid-Afrika en selfs in die buiteland. Daar is in 2018 277 mense wat op Buisplaas in 84 huise bly, maar daar is genoeg ruimte vir nog huise want die huise is nie teenmekaar gebou soos in stede nie.[403] Mosselbaai se munisipaliteit moet egter nog van die landbougrond na residensiële gebied hersoneer, voordat die huise wettig gebou kan word. Maar volgens Attie Joseph bou mense maar solank huise omdat die munisipaliteit sloer met die hersonering.

Heelwat ander inwoners waarmee onderhoude gevoer is, was dit eens dat die bietjie geld wat hulle dalk vir hul stukkie grond sou kon kry, nie eens vir hulle, in 'n groot dorp soos Mosselbaai, 'n erf sou kon koop nie. Geld het nie vir hulle enige betekenis in hierdie opset nie. Die wete dat Buisplaas hulle plek is, hulle erfgrond en dat niemand dit van hulle kan wegneem nie, beteken vir hulle veel meer as 'n vae moontlikheid van 'n verkoopbedrag. Na al die moeite wat hier bo genoem word om die titelaktes van hulle grond in die hande te kry, was Buisplaas se onafhanklikheid vir die inwoners belangriker as 'n stuk papier wat aan hulle 'n klein stukkie grond toeken.

> *The general marks of a community seem to be the conscious sharing, not of particular interests, as in associations, but of the basic conditions of a communal life, within a definite territorial area.* [404]

Op hierdie gemeenskaplike stuk grond woon 'n familiegroep wat lief en leed deel en met dieselfde probleme en geleenthede vir hulle oorlewing te doen het en dis wat die Buise vir so lank op Buisplaas laat oorleef het.

[403] Statistiek uit opname deur voorsitter van BBV, Ralie Philander.
[404] Patterson, S, *Colour and Culture in South Africa,* Routledge and Kegan Paul Ltd., London, 1953, p.167

www.manaraa.com

# HOOFSTUK 7

# KERKGESKIEDENIS

## 7.1 INLEIDING

Religie het 'n belangrike rol gespeel in die ontstaan van gemeenskappe en dorpe in Suid-Afrika. Immigrante-groepe uit Europa het met hulle onderskeie gelowe en godsdienste na hul nuwe woonplek, die Kaap, gekom. Toe Jan van Riebeeck in 1652 in die Kaap aan wal gestap het, het die Calvinistiese Gereformeerde Kerk (wat later as die Nederduitse Gereformeerde Kerk bekend sou staan, die NGK) die eerste formele godsdiens vir die nuwe nedersetting geword. Daar is ook Anglikaanse dienste vir die Engelse matrose en soldate van skepe aan die Kaap gehou. Die soldate en matrose was van die skepe wat oppad na Indië vir vars proviand by die die Kaap aangedoen het. Die Hollandse goewerneur het in 1749 ook toegelaat dat 'n Britse kapelaan 'n Anglikaanse diens in die Hollandse kerk (die NGK) hou. Hierdie dienste het egter net plaasgevind as besoekende kapelane saam met die skepe in die Kaap aangekom het.[405] Dus was daar geestelike versorging vir sowel die Hollandse as Engelse nuwelinge aan die Kaap indien hulle dit sou benodig.

Tydens die eerste Britse besetting van die Kaap, 1795 – 1803, is die NGK-lidmate toegelaat om voort te gaan met die beoefening van hulle godsdiens alhoewel dit 'n kerk van Nederlandse oorsprong was en is. Anglikaanse dienste is tydens hierdie tydperk vir die lidmate van die *Church of England* deur vloot- en militêre kapelane gehou, maar daar is geen Anglikaanse kerk gebou nie. Ook het hulle nie sendingwerk gedoen nie. Tydens die periode van die Bataafse Republiek, 1803 – 1806, was daar twee amptelike kerke: die NGK en die Lutherse kerk. Die administrateur, J A De Mist, het daaraan geglo dat die bewind positief teenoor die godsdienste van die bevolking moet wees en het godsdiensvryheid voorgestaan. Al die Christelike kerke en ook die Moslems was dus vry om dienste te hou soos hulle dit goedgevind het.[406]

Vreemd genoeg was dit weer die Anglikaanse kerk wat tydens die tweede Britse besetting van die Kaap, 1806 – 1814 beperk was en net toegelaat was om dienste vir die weermag en lede van die administrasie te hou, terwyl die NGK nie aan bande gelê is nie. Na 1814 kon die Anglikaanse kerk met meer vryheid die sakramente soos die doop en huwelikbevestigings aan hulle lidmate bedien.

---

[405] Suberg, OM, *The Anglican Tradition in South Africa,* Unisa, Pretoria, 1999, p. 10.
[406] Ibid., pp. 11,12.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

In hulle aanraking met die inheemse mense van Suid-Afrika was die immigrante se eerste reaksie dat die Khoekhoen en Boesmans heidens was omdat hulle geen geskrewe dokumentasie van, of vir, hul godsdienste gehad het nie. As rondtrekkende gemeenskappe het hulle ook geen geboude 'kerk' soos in die Europese tradisie gehad nie en die inkomelinge sou eers veel later uitvind wat die inheemse mense op spirituele vlak geglo het. Hulle het die inheemse bevolking as 'heidene' beskou omdat hul tradisies en gebruike vir die Europeërs vreemd was. En alle religieë waaraan hulle nie gewoond was of geken het nie, was volgens hulle, onaanvaarbaar en heidens.

Sommige van die slawe wat in die Kaap geland het, was aanhangers van die Moslem-geloof en dit was nie vir die Christen-koloniste 'n probleem nie, aangesien hulle nie wou hê dat slawekinders in die Christelike kerke gedoop word nie. As dit sou gebeur, sou Christen-slawe 'vry' wees om in 'n hof te getuig omdat hulle woord dan teen hulle eienaars in 'n hof gebruik kon word en dit wou die slawe-eienaars nie gehad het nie. Solank die slaaf as heiden geklassifiseer is, was die woord van die Christen as waarheid erken, maar die sogenaamde heiden s'n nie. Talle slawe het dus aan die Kaap Moslems geword omdat hulle tog 'n geestelike heenkome gesoek het en nie tuis gevoel het nie in die Christelike kerke wat hulle net voorwaardelik verwelkom het nie.  Met die koms van die sendelinge van onder andere die Londense Sendinggenootskap en Berlynse Sendinggenootskap en nog vele ander, was daar dus 'n vyandige houding teenoor hulle. Die boere was bevrees dat hulle nie meer werkers op hul plase sou gehad het, sou die inheemse bevolking gekersten word. Met dieselfde godsdiens sou die slaaf/werker op 'n meer gelyke voet met sy eienaar/werkgewer wees. Die gebrek aan voldoende arbeiders was 'n groot probleem by die landbouers aan die Kaap en ook toe die boere later al verder van Kaapstad begin uitwyk het.

Studies wat in die VSA gedoen is, het getoon dat verskillende godsdiensgroeperinge van al die immigrante wat die land ingestroom het, bymekaar gebly en gewoon het. Ierse Katolieke het byvoorbeeld met Ierse Katolieke getrou en Ierse Protestante met Ierse Protestante. Later was etnisiteit nie meer bepalend nie, maar die geloof wel.[407] Hermann Giliomee meen in sy boek *The Afrikaners* dat Christenskap in Suid-Afrika tydens die sewentiende en agtiende eeu baie meer beteken het as bloot 'n godsdiensbeoefening. Om 'n Christen te wees het beteken dat jy beskaafd en nie een van die heidense nasies was nie. Die nuwe aankomelinge aan die Kaap het van verskeie Europese lande soos Holland, Duitsland, Engeland en Frankryk gekom en het hulle meer tuis gevoel tussen mense met dieselfde geloof en kerkverband. Hulle etniese verband het gou minder belangrik geraak,

[407] Healey, J F, *Diversity and Society,* Pine Forge Press, USA, 2007, p. 33.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

maar hulle gesamentlike aanbidding was wel vir hulle belangrik.[408] Saam met die Christenskap het ook 'n verhewenheid gekom omdat hulle gedink het dat hulle beter was as die ongeletterde heidene wat hulle in Suid-Afrika aangetref het. Vir die immigrante wat Suid-Afrika binnegekom het, was die ongeletterdheid van die inheemse bevolking ondenkbaar. Daarom het baie sendelinge dadelik met skole en opleiding begin omdat die 'heiden' nie die Bybel sou kon lees nie.

> *Governor Janssens of the Batavian administration, after a visit to the interior, reported that the burghers called themselves ' men and Christians, and the Kafirs and Hottentots heathens, and on the strength of this they considered themselves entitled to anything.'*[409]

Die taalkwessie in Suid-Afrika het ook 'n belangrike rol in die kerke gespeel. Lidmate van kerke wou in hul moedertaal aanbid en dit moes die taal in hul kerke wees. In die Kaapkolonie was die heersende taal die taal van die regering aan bewind. Met die koms van Jan van Riebeeck in 1652 was daar meestal Hollands gepraat, maar toe die Engelse aan bewind gekom het, is immigrante versoek om Engels te leer, maar hul verskillende gelowe kon hulle behou. As daar genoeg van 'n taalgroep was, soos in die geval van die Hollanders, het hulle taal behoue gebly. Maar die Franse Hugenote moes, as gevolg van hulle kleiner getalle, maar swig voor die oorheersende Hollands, en later Engels, aan die Kaap en het hulle taal, Frans later verwaarloos.[410]

> *British conquest (in 1795 and again in 1806) exposed South Africa, not only to a dynamic global economy, but also to an explosive proliferation of Protestant movements. South Africa was soon awash in newly imported churches – Anglican, Congregational, Baptist, Presbyterian, Methodist – and new missions from Britain, Germany, France, Switzerland and Scandinavia.'*[411]

Aan die Kaap was die situasie in sekere opsigte dieselfde as in die pionierstydperk in Amerika (soos vroeër genoem) maar die getalle immigrante was aanvanklik so klein dat hulle meer dikwels oor godsdiens- en taalgrense heen moes trou as wat die geval in Amerika was. Daar was min vroue en sodoende het baie mans met vrouens van die inheemse groepe getrou of seksuele verhoudings gehad wat gelei het tot die totstandkoming van die gemengde groep, na wie later as 'Kleurlinge' of 'sogenaamde Kleurlinge' of bruinmense verwys is.[412]

---

[408] Giliomee, H, *The Afrikaners,* Tafelberg, Kaapstad, 2003, p. 41.
[409] Ibid, p.41.
[410] Ibid., p. 34.
[411] Elphick, R, & Davenport, R, (ed.) *Christianity in South Africa,* James Curry, Oxford, 1997, p. 3.
[412] Reeds in hoofstuk 1 verduidelik watter terme sal gebruik word.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Die voorouers van Frederick du Buis was Frans, maar die taal is gou in die agtergrond geskuif toe die Kaap eers Hollands en later Engels geword het. Uit die gesamentlike inheemse tale, Portugees (van die slawe wat uit Portugese kolonies in Afrika afkomstig was), sommige woorde uit die slawe-herkoms uit ander dele van die wêreld en Hollands, het die 'kombuistaal' Afrikaans ontstaan wat veral op die verafgeleë plase gepraat is.

'n Gemeenskaplike taal moes ook deur die sendelinge gebruik word omdat min van hulle die moeilike inheemse tale van die Boesmans, Khoekhoen en later die amaXhosa en ander swart stamme kon baasraak en aanleer. Soos die burgers aan die Kaap stadig maar seker uitgewyk het na gebiede verder weg uit die nabye omgewing van die Kaap, het hulle algaande meer in aanraking gekom met die inheemse bewoners. Ook die kerke het bewus geword van 'n groot getal ongekerstende mense en so het die sendingaksie uitgebrei. Dit het gebeur ondanks die teenkanting van sommige van die trekboere.

> *By the early nineteenth century South Africa had become one of the most intensively 'occupied' fields of Christian mission in the world. The story began among the Khoikhoi, then called 'Hottentots'. Subsequently Christianity penetrated beyond the Cape Colony to theXhosa, the Zulu and Swazi, the Sotho and Tswana, and to Africans and whites in Republics by Dutch settlers beyond the Orange river in the 1830s. For the most part missions were directed at Africans, but, as on the American frontier, missionaries also sought to Christianize white settlers, some of whom were only nominally Christian.* [413]

Die Protestante kerke het in die laat agtiende en in die negentiende eeu die opdrag van Jesus om uit te gaan en alle mense dissipels van Hom te maak, baie ernstig opgeneem. Sendingwerk is toe gesien as 'n opdrag aan Europeërs om na die ongekerstende heidene in verafgeleë lande te gaan. Hulle het egter nie net hul godsdiens aan die 'heidene' bekendgestel nie, maar ook hulle taal, kleredrag, tradisies en vooroordele.

Die tradisionele Engelse kerke soos die Anglikaanse kerk het tussen die hoë lui aan die Kaap Engels in hul kerke gebruik, maar op die platteland in dorpies soos Herbertsdale en Buisplaas, is ook in die Anglikaanse kerk dikwels in Hollands en later in Afrikaans gepreek.[414] In Buisplaas word die Anglikaanse dienste steeds in Afrikaans gehou, volgens Ralie Philander en die Anglikaanse lidmate. In albei die kerke op Buisplaas, Luthers en Anglikaans, word die kerkdienste steeds in Afrikaans gehou.

[413] Ibid., p.3.
[414] Hinchcliff, P, *The Anglican Church in South Africa,* Darton, Longman &Todd, London, 1963, p. 138.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Die Metodiste-kerk het tog gevind dat talle van die nuwer immigrante wel Hollands of Engels kon verstaan, maar die ' Afrikaans' wat die plattelandse mense gepraat het, was vir hulle onverstaanbaar of onvanpas vir 'n kerktaal. Alhoewel daar geen skeiding tussen die bevolkingsgroepe in die land en in die kerke was voor veel later met die formele instelling van byvoorbeeld die Groepsgebiede Wet van 1950 nie, het taal wel 'n skeiding gebring in veral sommige kerke. Blanke Metodiste het sonder voorbehoud die goeie sendelinge, soos Barnabas Shaw, se Engelse kerkdienste saam met die bruinmense bygewoon in kerke wat deur die sendelinge vir die bruinmense gebou is. Die groepe se kinders het die Sondagskool saam bygewoon.[415]

Die Anglikaanse kerke het ook meestal afsonderlike dienste vir blanke- en swartmense gehou, maar in die sinode was daar geen skeiding nie. Die strukturele eenheid wat dus van bo in die Anglikaanse kerke toegepas is, het streng segregrasie verhoed en het daartoe gelei dat die kerk in 1900 die Ethiopiese kerk onder sy vlerk kon neem. Die Ethiopiese kerk is gestig deur ontevrede swart Christene wat gefrustreerd was dat hulle nie kerkleiers kon wees nie en hulle was moeg vir die sendelinge en koloniste se kleurvooroordeel.[416]

> *Cultural incongruity, linguistic differences, and residential separation contributed to the general practice of segregated worship.* [417]

Die Anglikaanse kerk het die moontlikheid van samewerking met die NG Kerk in 1870 oorweeg, maar het apart van die ander Engelse kerke gebly. Eers in 1960 het hulle met die Metodiste- en Presbiteriaanse kerke samesprekings gevoer oor moontlike kerkeenheid.[418]

Aangesien die kerkgenootskappe en veral sendingstasies besef het dat hulle aandag aan die opvoeding/ skoling van hulle gemeentelede moes gee, was hulle verantwoordelik vir die oprig van skole. Op Buisplaas was die Lutherse kerk ook verantwoordelik vir die oprigting van die skool, alhoewel Buisplaas nie 'n sendingstasie was nie.

> *In South Africa, as in many parts of the world, religion and secular education went hand in hand. Indeed, the church took the lead in recognising the need for and the value of education, and then set about providing school education, which was first of a religious nature, and then had more secular elements.* [419]

---

[415] Mears, WG, *Methodism in the Cape: An Outline,* Methodist Publishing House, Cape Town,1973, p. 2.
[416] Die kerk het die naam Ethiopië gekies n.a.v. Ps. 68:31(slegs in die Engelse Bybel) maar het 'n mistieke konnotasie gekry en het later na die hele swart Afrika verwys. Elphick, R, *Christianity in South Africa,* pp.213, 214.
[417] Elphick, R &Davenport, R, *Christianity in South Africa,* James Curry, Oxford, 1997,p. 65.
[418]Ibid., p. 159.
[419] Van der Ross, R E, *Up from Slavery,* Ampersand, Cape Town, 2005, p. 111.

www.manaraa.com

Die ontvangers van die nuwe boodskap van die Christendom moes kon lees en skryf sodat hulle self die Bybel kon lees. Ook in die skole het taal 'n belangrike rol gespeel. In 1822 het Engels die amptelike taal in die Kaapkolonie geword. Selfs in die NGK is daar dikwels in Engels gepreek en die lidmate het dit so aanvaar. Die Skotse predikante wat in 1814 na die Kaap gekom het, was uiteraard net Engels magtig, maar was sulke goeie predikers dat die NGK-lidmate nie omgegee het om hulle preke in Engels te hoor nie, mits hulle natuurlik onderleg was in Engels. Na 1875 was daar 'n beweging om Hollands nie te verwaarloos nie en daar is teruggekeer na preke in Hollands en uiteindelik Afrikaans. Met die Engelse aan bewind in die Kaap het die regering besef dat hulle die kerke moes help subsidieer aan die oprigting en instandhouding van skole, sodat die bevolking vinniger kon verengels. Daar is in 1839 'n departement van onderwys geskep en staatskole het die kerkskole aangevul, maar die Hollandsprekende kinders is nie na hierdie staatskole gestuur nie. Hoewel die regering die NGK met fondse vir hulle Hollandse skole gehelp het, is Hollands eers in 1882 as wettige taal naas Engels erken.

Die filosofie van Christelike Nasionale Onderwys het in 1860 in Holland baie sterk posgevat en dit het oorgespoel na Suid-Afrika. Ds S J du Toit het hierdie konsep in sy boek: *De Christelike School in hare Verhouding tot Kerk en Staat* uiteengesit en ds GWA van der Lingen het dit in die skool, Paarl Gimnasium toegepas. Die Christelike waardes en godsdiens wat 'n kind by sy ouers geleer het, moes deur die skool versterk en uitgebrei word. In die middel van die twintigste eeu het hierdie filosofie 'n groot rol in die uitbou van Afrikaner-Nasionalisme gespeel.[420]

Saam met die Christelike geloof is die inheemse bevolkingsgroepe vir die eerste keer aan die konsep van 'n ses-dae-werksweek bekendgestel. Jy moet vir ses dae lank hard werk en dan kry jy 'n rusdag. Die rusdag is ook die kerkdag. Vir die Europeër was dit vreemd dat die inheemse gemeenskappe nie van so 'n indeling bewus was nie. Ook die Kersfeesvakansie is aan hulle bekend gestel.[421]

Die Lutherse kerk, wat later 'n groot rol in die lewens van die inwoners van Buisplaas gespeel het, het ook 'n stryd met die taal waarin die dienste gehou is, gehad. Daar was al in 1665 Lutherse Duitsers aan die Kaap, maar die NG Kerk het aanvanklik vereis dat hierdie Duitsers die dienste van die NG Kerk moes bywoon. Van 1741 het die Lutherse kerk aanhoudend by die owerhede aansoek gedoen om hulle eie gemeente te stig en hul eie kerk

[420] Elphick, R, & Davenport, R, (ed.) *Christianity in South Africa,* James Curry, Oxford, 1997, p. 61.
[421] Wilson, M & Thompson, L (ed) ,*The Oxford History of South Africa II 1870- 1966,* Clarendon Press, Oxford, 1975, p. 73.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

te bou. In 1774 is die kerk in Strandstraat in Kaapstad gebou en sedert 1779 het hulle hul eie dienste gehou. Die NG Kerk het allerhande voorskrifte gehad en vereis dat die dienste in Hollands gehou moes word maar dat hulle in Duits kon sing. Die koms van 40 000 Duitsers na die Kaap in die negentiende eeu het die taalkwessie weer na vore laat kom en 'n nuwe gemeente, St Martini, is gestig, waar Duits wel die preektaal was.

'n Interdenominasionele groep sendelinge uit Duitsland, die Morawiese sendelinge, was die eerste Duitse kerkgroep wat in Suid-Afrika begin werk het en hulle was verantwoordelik vir die oprigting en vestiging van die sendingstasies wat later as Genadendal, Mamre en Elim bekend was. Gedurende die negentiende eeu het nege Lutherse sendingverenigings in die Kaap begin werk. In die Kaapkolonie het veral die Rynse Sendinggenootskap goed saamgewerk met die NG Kerk se sendingaksie, die Suid-Afrikaansche Zendinggenootschap. Die Berlynse Sendinggenootskap, wat in 1824 in Berlyn gestig is en ook in Suid-Afrika kom werk het, het hulself as Luthers beskou. Hulle was ook die grootste van die Lutherse sendinggenootskapppe in Suid-Afrika en het dwarsoor die land gewerk. Die Berlynse sendelinge het ook dikwels vir die blanke gemeentes gepreek sowel as op hul eie sendingstasies.

Alhoewel die onderstaande tabel nie 100% korrek is nie omdat inligting nie altyd betroubaar en ook nie volledig was nie, gee dit tog 'n aanduiding van die stand van die kerke en lidmaatgetalle in 1898.

**TABEL 3: Kerke in die Kaapkolonie in 1898**[422]

| KERKVERBAND | Naam Christene | Belydende lidmate | Gemiddelde by-wonersvan kerk-dienste |
|---|---|---|---|
| **NGK** | 225,517 | 73,826 | 44,721 |
| **METODISTE-KERK** | 203,067 | 35,048 | 78,954 |
| **ANGLIKAANSE KERK** | 89,650 | 24,152 | 33,202 |
| **PRESBITERIAANS** | 30,679 | 12,231 | 16,351 |
| **LMS/ INDEPENDENTE** | 41,409 | 14,153 | 24,111 |
| **LUTHERSE KERK** | 44,111 | 17,031 | 22,733 |
| **ROOMSKATOLIEK** | 17,508 | 6,761 | 7,071 |
| **BAPTISTEKERK(DUITS EN ENGELS)** | 6,777 | 2,491 | 4,435 |

[422] Elphick, R, & Davenport, R, ( ed.) *Christianity in South Africa,* James Curry, Oxford, 1997, p. 55.

المنارة للاستشارات

www.manaraa.com

**TABEL 4: 'n Etniese ontleding van die kerke in 1898** [423]

| **KERKVERBAND** | WIT | NIE-BLANK | HOOFSTASIES | BUITE STASIES |
|---|---|---|---|---|
| **NGK** | 145,831 | 23,662 | 159 | 211 |
| **METODISTE** | 23,189 | 179,878 | 118 | 2,179 |
| **ANGLIKAANS** | 34,416 | 41,739 | 172 | 303 |
| **PRESBITERIAANS** | 9,055 | 13,526 | 42 | 149 |
| **LMS/INDEPENDENTE** | 3,749 | 38,539 | 67 | 161 |
| **LUTHERS** | 5,108 | 40,428 | 61 | 90 |
| **ROOMSKATOLIEK** | 14,965 | 2,543 | 46 | 64 |
| **BAPTISTE** | 5,237 | 390 | 29 | 18 |

'n Duitse navorser, Birgit Pickel, het in 1997 onder die bruingemeenskappe van Piketberg, Paarl en Mitchell's Plain navorsing gedoen en sy het gevind dat godsdiens besonder belangrik vir hierdie gemeenskappe is. Van 96 tot 99% van die respondente het verklaar dat godsdiens en kerkbywoning vir hulle baie belangrik is. Sy haal 'n statistiek uit die 1991 '*World Social Value Study'* aan wat skynbaar meer verteenwoordigend van 'n groter groep bruinmense is en wat die diep-gesetelde godsdienstigheid op 69,5% van die ondervraagdes te staan bring. In hierdie studie verklaar 94% bruinmense dat hulle in 'n godsdiens–milieu grootgeword en onderrig is. Die keuse van die kerke wat deur bruinmense bygewoon word, volg ook die patroon van die blankes se kerkbywoning.

**TABEL 5: Kerklike affiliasie (gegee as %) 1997**[424]

| **Kerkverband** | **Blank** | **Bruinmense** | **Swartmense** |
|---|---|---|---|
| **Anglikaans** | 6.6 | 7.6 | 3.1 |
| **Katoliek** | 7.1 | 7.7 | 8.5 |
| **N G Kerk** | 36.5 | 18.4 | 5 |
| **Islam/ Moslem** | 0.1 | 5.2 | 0.1 |
| **'*African Independent Churches'*** | 0.2 | 1.5 | 25.5 |
| **Metodiste** | 7.6 | 3.1 | 6.6 |
| **Zion Christelike Kerk** | --- | 1 | 7.2 |
| **Apostoliese Kerk** | 8.5 | 10.1 | 1.4 |
| **Ander Christelike Kerke** | 5.5 | 12.8 | 7.8 |

Aangesien die kerke ook skole begin het, het dit ook onmin veroorsaak en sommige plattelandse ouers wou nie dat hulle kinders na Engelse skole moes gaan nie en het dan die Lutherse kerk verkies. Op Buisplaas het net die Lutherse kerk met die stig van 'n skool gehelp, maar op ander dorpe het die Anglikaanse en ander Engelse kerke ook skole begin. Die Anglo-Boereoorlog en 'n groot droogte in 1900 – 1901 het ook 'n invloed op die mense

[423]Ibid., p.55.
[424]Pickel, B, *Coloured Ethnicity and Identity,* Institute für Politische Wissenschalft, Universiteit van Hamburg, Duitsland, 1997, pp. 76,77.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

in die Suid-Kaap gehad. Die armoede het baie mans genoodsaak om in groter dorpe te gaan werk soek en die nie-blanke mans het nog minder werk gekry, aangesien die blanke mans selfs skaapwagters by meer welvarende boere geword het.

## 7.2 KERK-EN SKOOLGESKIEDENIS VAN BUISPLAAS

Die moeilike geldelike omstandighede waaronder die sendelinge gewerk het en hoe afhanklik hulle van skenkings uit die buiteland was, verduidelik ook hoekom van die predikante dikwels vanaf Mosselbaai met 'n fiets na Buisplaas of Herbertsdale gery het om te preek. Die streng kerklike tug van die Lutherse kerk het baie lidmate na die Engelse kerke gedryf en alhoewel die huidige inwoners van Buisplaas vertel dat die Anglikaanse en Lutherse kerke se onderskeie lidmate goed oor die weg kom, was dit nie so in die beginjare van die kerke in die kleiner dorpe en gemeenskappe nie.

Reggie Buis skryf in 2016 dat twee ouer inwoners van Buisplaas, oom Jim en Oubroer Basie die Anglikaanse Liturgie so by hom in sy jong dae ingeskerp het dat hy maklik by die dorpsgemeentes in sy later lewe ingepas het. Van die aand-en oggenddienste tot by die Heilige Kommunie (sic) het hulle hom vertroud gemaak met al die prosedures van die Anglikaanse kerk en daarvoor is hy hulle altyd dankbaar. Hy bedank ook die skool en die Lutherse kerk se aandeel in sy opvoeding. Aansluitend hierby skryf Lee Buis Hector dat sy in die Anglikaanse kerk op Buisplaas gedoop en bevestig is. Haar oudste dogter is ook daar gedoop en die lekkerste en opwindendste tye was gedurende die Kersseisoen toe sy as Sondagskoolkind by die Kersfeesboom opgetree het. Die jeug se sang by sulke geleenthede bly haar steeds by. Haar droom om op Buisplaas in sy kerk te trou is nie verwesenlik nie en steeds mis sy die gelui van die kerkklok op Buisplaas. Waar sy haar nou bevind, hoor sy nie meer die kerkklok op 'n Sondag lui nie. Zenia Henry skryf dat haar ouma, Ousie, altyd self die Dinsdae-bidure en saans huisgodsdiens gehou het. Sondae was die kinders in die kerk en Sondagskool en dus was hulle godsdienstig grootgemaak. Sy vertel ook van die goeie herinneringe aan die Kerstyd en hoedat die twee kerke op Buisplaas Kersfeesopvoerings gehou het wat deur almal bygewoon was. Daar was nog die regte gesindheid teenoor Kersfees wat sy tans selde op ander plekke aantref.[425]

Hierdie persoonlike getuienis sluit aan by Joanne Thesen se bevinding in 1991 dat die kerklewe altyd sentraal in die lewe van Buisplasers was en tydens besoeke aan Buisplaas kan die rol van die twee kerke nogsteeds gesien word.[426] Die twee kerke in Buisplaas, die

[425] Lede van die Buisplaas-Facebookbladsy se eie opinies.
[426] *Buisplaas Submission, Religion and Education,* p. 1.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Lutherse en die Anglikaanse kerke, het deur die jare saamgewerk om na die gemeenskap se geestelike behoeftes om te sien. Die Lutherse kerk het ook gedien as 'geboorteplek'[427] van Jan Nicholas Joseph wat 'n agterkleinkind van Frederick du Buis is. Sy ouers was Maria (die dogter van Elizabeth Buis) en Johannes Joseph. Met die afsterwe van hulle oudste seun, Nicholas Sampson Joseph, word die volgende oor hom geskryf:

> *Hierdie gebou was dan die hoeksteen van Nicholas Sampson se hele mens wees (sic). Hier het hy die ABC geleer skryf. Hier het hy die Bybel in diepte leer ken. Hier het hy geleer om sy medemens te respekteer. Alles wat God van sy kinders verwag het, het hy hier geleer. Op hierdie altar(sic) het hy konserte en kerktonele opgevoer.*[428]

Maar die behoefte aan geestelike versorging het veel vroeër begin en die Berlynse Sendinggenootskap het sedert 1890 begin om dienste in Buffelsdrift, soos Buisplaas toe nog bekend was, te hou. Volgens Attie Joseph is die eerste dienste aan huis van Elizabeth Joseph gehou. Haar huis, wat van klei en hout gebou was, was die grootste in die destydse Buffelsdrift. Baie kinders was ook in haar huis gedoop. Die grond waarop haar huis gestaan het, is in 1899 aan die Berlynse Sendinggenootskap geskenk – 'n area van 318 vk meter. Hulle het die transportakte (191/10) ontvang van die inwoners van Buisplaas. Die kerkgebou wat vandag nog daar staan, is deur die gemeenskap self (met die hulp van eerwaarde Scheffler) met leiklip uit die omgewing gebou. Gedurende die week het die gebou ook as skool gedien. Dinah Uithaler, wat in 1991 92 jaar oud was, kon nog onthou hoedat sy en haar niggie die vloere met vars beesmis gesmeer het.[429]



**Foto 11: Lutherse kerk op Buisplaas [430]**

[427] Al was hy nie werklik in die kerk gebore nie, is dit hoe hulle dit uitdruk in die begrafnisbrief m.a.w. dit was sy geestelike geboorteplek.
[428] Ongepubliseerde huldeblyk aan Nicholas Joseph.
[429] *Buisplaas Submission*, Hoofstuk: Religion and Education, ongepubliseerde dokument, p.2.
[430] Foto geneem deur A le Roux.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Eerwaarde Johann David Michael Kikillus (1849 – 1907) wat in 1882 in Herbertsdale as sendeling van die Berlynse Sendinggenootskap begin werk het, het ook na Buffelsdrift (Buisplaas)[431] gereis. Hy was baie gewild onder die inwoners van Buisplaas, soveel so dat hulle sy opvolger, Eerwaarde Friedrich Scheffler (1874 – 1966) moeilik aanvaar het. Laasgenoemde het op die 2e September 1906 sy eerste besoek aan hierdie buitestasie gebring. 'n Diaken van Buisplaas het vooruitgekom om hom te ontmoet en hom te waarsku dat die gemeente hom nie wil hê nie. Eerwaarde Scheffler het hom verseker dat hy net die Woord wil kom predik en niks teen eerw.Kikilus het nie. Daar was singende gemeentelede langs die pad om hom te verwelkom en hy het vir hulle in die Lutherse kerk gepreek en hy het aangeneem dat die Buisplasers hom aanvaar het. Maar toe hy in November weer daar aangekom het, het niemand opgedaag nie en die diaken het eers na 'n uur opgedaag. Aan die einde van Desember het eerw. Scheffler weer na Buisplaas gegaan en weer het niemand vir die diens opgedaag nie. In 'n brief (gedateer 15 April 1907) aan die gemeente op Buisplaas het eerw. Kikilus hulle vertel dat hulle van hom moet afsien aangesien hy ernstig siek is. Na sy afsterwe en begrafnis het die gemeente van Buisplaas stadigaan hulle houding teenoor eerw. Scheffler verander toe Elias Buis, een van die invloedrykste persone daar, na sy dienste begin gaan het.[432] Ook het 'n bejaarde man, Hendrik Buis, hom tot die Here bekeer en met sy afsterwe het eerw. Scheffler so 'n goeie begrafnisdiens gehou dat die mense van Buisplaas meer toegeneentheid teenoor hom ontwikkel het. Hy het ook 'n matigheidsvereniging teen oormatige drankgebruik ('Temperance Society') op hulle versoek gestig, wat sy geestelike bearbeiding gehelp het.[433]

Die kerk se rol in die opvoeding en opleiding van die kinders van Buisplaas kan nie onderskat word nie. Vanaf 1910 het die predikant van die Lutherse kerk informele onderrig aan sommige leerlinge gegee. Meer formele onderrig was vanaf 1914 gegee met die kerk as skoolgebou.[434] Die kerk is ook gebruik vir konserte of Kersfeesopvoerings. Eerwaarde Scheffler het in 1952 self gehelp om saam met van die vaardige inwoners van Buisplaas aan die agterkant van die kerk twee klaskamers te bou vir die groterwordende skool. Vanaf 1974 het die kerk nie meer gedien as skool nie, want nog twee vertrekke is gebou. Jan Buis en Jacob Prins was die hoofbouers en die Lutherse kerk het betaal vir die bou van hierdie nuwe skool. EPC Buis, die latere politikus, was toe die skoolhoof van die skool. Sy suster was eers die skoolhoof tot in 1952 en hy was van 1952 tot 1982 skoolhoof, waarna Attie Joseph by

[431]Die Lutherse kerk het die naam van Buffelsdrift na Buisplaas verander omdat daar so baie Buise gewoon het. Dit was in 1898 toe Buisplaas die erf vir die kerk aan die Lutherse kerk geskenk het.
[432]Scheffler , F K, Onbepubliseerde dokument: Kroniek van die Sendingstasie Herbertsdale, pp. 5-6, 7-8.
[433]Ibid., pp. 15-16.
[434] Aantekeninge van Attie Joseph, vorige skoolhoof van Buisplaas se Laerskool.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

hom oorgeneem het. Attie en sy gesin het op Buisplaas gebly tot in 1986 waarna hulle na Mosselbaai verhuis het. Hy was egter nog tot in 1996 die skoolhoof op Buisplaas en die krag agter die stigting van die Buisplaas Bewonersvereniging (BBV) in 1985/6. Daarna het die skool gesluit en moes die laerskoolleerders na Herbertsdale se skool toe gaan. Die aantal leerders het te min geword om die bestaan van 'n skool te regverdig. Talle kleiner plaasskole is sedert die aanvang van die nuwe demokratiese regering in 1994 deur die regering gesluit.

Die Lutherse kerk se pastore het later nie meer so 'n belangrike rol in die lewe van die Buisplasers gespeel nie. Hulle het wel een keer per maand, of soms meer dikwels, daar kom preek. Uit 'n notule van 'n BBV-vergadering kan agtergekom word dat die gemeenskap erg teleurgesteld was dat die pastoor dit nie nodig geag het om die vergadering by te woon nie. Daar is aan hom geskryf en hy is versoek om die vergadering by te woon aangesien hulle kwessies soos opheffende aksies, onderwys en die eiendom van die Lutherse kerk met hom wou bespreek. Daar was ook 'n reël dat die onderwysers wat in die skool op Buisplaas aangestel word, Luthers moes wees. Of soos hulle dit stel, 'n Lutheraan. Daar word gepraat van 'n bestuurder wat die Lutherse Kerk gehad het en hierdie bestuurder en die pastoor is dikwels vervang en dan het daar weer nuwe reëls gekom wat die Lutherse gemeentelede taamlik verwar het. Die bestuurder se plig was om die skool te kom open aan die begin van 'n kwartaal en ook weer die sluitingsrede aan die einde van 'n kwartaal te lewer. Die vergadering het gevoel dat die onderwysers op hulle kwalifikasies aangestel moes word en nie net omdat hulle Luthers was nie. Nicholas Joseph het daarop gewys dat almal vroeër die Lutherse onderwyser aanvaar het, al was twee-derdes van die leerders Anglikaans. Hulle kinders en hul opvoeding is vir die mense van Buisplaas van groot belang en hulle het hul misnoeë te kenne gegee dat sake rakende hulle kinders nie vir die pastoor belangrik genoeg was om hierdie vergadering by te woon nie.[435]

Die kerkklok het ook 'n belangrike funksie verrig. Dit is langsaan die kerk in 'n aparte struktuur. As daar 'n sterfte in Buisplaas was, het die klok gelui sodat almal kon weet dat daar iets belangriks gebeur het. Ook die gewone en meer tradisionele funksie van die lui van die klok was die aankondiging van 'n erediens wat gehou gaan word of dat die skooldag sou begin.[436] Dit is ook na hierdie gelui van die kerkklok waarna uitgeweke Buisplasers steeds verlang, soos gesien kan word aan Lee Buis Hector se skrywe aan die begin van hierdie gedeelte.

---

[435]Ongepubliseerde dokument, Notule van BBV-vergadering, 04.04.1992.
[436] Ibid.

www.manaraa.com



**Foto 12: Die binnekant van die Lutherse kerk**[437]

Elizabeth Joseph was blykbaar nie so tevrede met die feit dat haar huis aan die Lutherse kerk gegee is nie, het haar agterkleinseun, Nicholas Joseph, gesê. Haar broer het nie sy belofte om vir haar 'n ander soortgelyke huis te bou nagekom nie en sy het later na die onderste deel van Buisplaas getrek en moes maar met 'n houthuis tevrede wees. Haar bynaam was 'Ouma Stadt' [438] en so het dit gekom dat Buisplaas in twee verdeel is en tot vandag toe nog uit Bostadt en Onderstadt bestaan. Sommige bronne verwys ook na 'n Middelstadt, maar meestal word net van Bo- en Onderstadt gepraat. Aangesien Elizabeth ontevrede was met haar broer wat haar huis aan die Sendinggenootskap gegee het, het sy besluit om na 'n ander kerk te gaan vir haar geestelike voeding. Sy en haar familie het toe Sondae die 22 kilometers na die Anglikaanse kerk op Herbertsdale gestap om die dienste daar by te woon. Die aantal Anglikaanse lidmate het aangegroei in getalle en later het 'n priester na Buisplaas gekom om daar dienste te hou, alhoewel nog nie op 'n gereelde basis nie. Van die eerste Anglikaanse dienste is op die dorsvloer gehou.

In 1936 is 'n erf uitgesit vir die bou van die Anglikaanse kerk, *The Church of St John the Baptist,* maar die grond is nooit wettig aan die Anglikaanse kerk oorgedra nie. Die kerk is met sinkplate, 'n geskenk van 'n vriendin van Nicholas Joseph se ma van Mosselbaai, gebou. 'n Britse weldoener, Lady Gwyre het blou gordyne geskenk waarmee die sinkplate aan die binnekant van die kerk toegemaak is. Lady Gwyre het aan die vrouevereniging van die Anglikaanse kerk, *The Mother's Union* behoort en het saam met die Anglikaanse predikant besoeke aan die buite-gemeentes gebring en sodoende by Buisplaas betrokke

[437] Foto geneem deur A le Roux.

[438] Die Stadt het verwys na 'n stat, die swart naam vir 'n versameling huise. Hoekom sy die bynaam gekry het, is nie bekend nie. Die Duitse invloed het waarskynlik vir die spelling 'stadt' gesorg.

www.manaraa.com

geraak.Toe die steengeboude kerk in 1944 in die ou een se plek gebou is, het hulle gebedskussings van Lady Gwyre se blou materiaal gemaak en voor die altaar geplaas. Tot voor die bou van hierdie kerk is die Anglikaanse lidmate van Buisplaas se kinders na Herbertsdale geneem om gedoop te word of om te trou. Vir die steengeboude kerk is stene wat deur ’n Buisplaser, Willem Taute gemaak was, gebruik. Die rooigrond waarvan die stene gemaak is, is in sakke vanaf Rooihoogte (Mimosagrove)[439] vervoer. Die stene is dan in ‘n steenoond gepak en gebrand met droë alwynstompe en renosterbosse. Die bouers was Andries Taute en die steenmaker was Nicolas Buis (oom Pik). Die dakplate was deur David Hunter en Karel Abrahams van Mosselbaai geskenk.[440] Die plate was aangekoop by Wassing se stoor op Mosselbaai en is vandaar per bus na Mimosagrove vervoer. Daar moes die inwoners van Buisplaas dit met donkiekarre gaan haal.

In 1965 is die oorspronklike struktuur verbeter en die ingang van die kerk is ook verskuif. Die nagmaal is op Saterdae bedien, omdat die predikant nie altyd op ‘n Sondag beskikbaar was nie. Die kerkraad het uit ‘n kapelvoog, sy hulp en ‘n aantal diakens bestaan. Die diakens was ook as “sidesmen” bekend. Die kerkraad het gesorg dat daar twee dienste op ‘n Sondag gehou is en huisgodsdiens was soggens en saans verpligtend. Gesange is deur ‘n harp begelei. Die Anglikaanse biskop het die 50ste herdenking van die ontstaan van die kerk in 1987 self kom lei. Die grense van *St John the Baptist* was Rooihoogte, Elandsdrif, Onverwacht, Valsrivier, Ouvloer en Alwynkraal.[441]

Al was die inwoners van Buisplaas hoe moeg na ‘n harde week se werk, het hulle Sondae hul beste klere aangetrek en kerk toe gegaan. Soos uit talle onderhoude met inwoners blyk, het die meeste van, veral die mans, weekliks op ander plekke gewerk en het hulle slegs naweke teruggekom na hul gesinne op Buisplaas. Jan Hoogbaard het in 1991 vertel dat hulle vroeër jare eers na ‘n gebedsbyeenkoms op ‘n Sondagoggend gegaan het en daarna na die kerkdiens, dan Sondagskool vir die kinders en later nog ‘n kerkdiens. Volgens hom het dit hom afgesit van kerktoegaan omdat dit oordoen was. Daar is ook dikwels in die week bidure gehou.[442] Vroue is ook later in die Anglikaanse kerk toegelaat om op die kerkraad te dien. In 2018 is daar ses vrouens en een man wat dien in die kerkraad van die Anglikaanse kerk.[443]

---

[439] ’n Plaas wat geleë is op die pad vanaf Mosselbaai na Buisplaas.
[440]Twee lidmate van die Anglikaanse kerk op Mosselbaai.
[441]Aantekeninge deur Attie Joseph, pp. 1- 7. Die name van gebiede, plaasdistrikte rondom Buisplaas.
[442]Buisplaas verslag, p.1.
[443] Onderhoud: Ralie Philander.

www.manaraa.com

Al die gemeentelede van die Anglikaanse kerk word gesien as werkers vir hulle kerk en almal moes hulle deel bydra. Die kerkgebou moes in stand gehou word en dit was veral die taak van die "sidesmen". 'n Baie belangrike taak was om die pad na die dorp en kerk in stand te hou aangesien die Afdelingsraad eers na 1981 die pad in stand gehou het. Voor Saterdae se nagmaal moes die pad reggemaak word. Die vrouebedienaars moes na die binnekant van die kerk omsien en sorg dat die vloer een keer per week met mis gesmeer word.

Die eerste Sondagskool is in 1954 gestig, aangesien daar 'n behoefte was om die Anglikaanse etos by die kinders aan te leer en in te skerp. Rosina Oktober was die eerste Sondagskoolonderwyseres. Die kerkraad was gesteld op die sedelike waardes van die gemeente en vir die volgende oortredings moes jy voor die predikant verskyn: toordery, ontug, dronkenskap, buite-egtelike verhoudings, huismoles of huisdanse. Die predikant het aan die oortreder 'n gepaste straf gegee en die kerkraad moes 'n aandklas aanbied wat die oortreder moes bywoon. Verder kon die oortreder alleenlik in die agterste bank in die kerk sit tydens sy strafperiode en daarna kon hy of sy weer in die gemeente opgeneem word as 'n volwaardige lidmaat.[444]

Tog was daar twee hoogtepunte wat vir albei kerke belangrik was en dit was Paasfees en ook die jaarlikse kerkbasaar. Tydens Paasfees is die grafte van hul voorgeslagte besoek en blomme op die grafte aangebring. 'n Ou gebruik was ook om 'n Opstandingsdiens op Paassondag te hou. In 2018 het die 85-jarige Cornelius Buis (noemnaam, Nop) teruggekeer na Buisplaas om weer hierdie diens by die begraafplaas te hou. 'n Lank vergete tradisie het weer herleef. Die jong Shaun Prins het daaroor in die *Mossel Bay Advertiser* berig.[445] Die kerkbasaar was vir albei kerke 'n tyd waarin die arm gemeenskap alles in hul vermoë gedoen het om geld vir die kerke se verbeteringe in te samel. Kerrievis is voorberei, koeke is gebak, gemmerbier is gebrou en 'n skaap is geslag sodat die boude en blaaie opgeveil kon word. Die windbuksskietkompetisie se pryse was koeke en terte en later is die wenners deur domino's bepaal. Daar was sterk kompetisie onder die gemeentelede om te kyk wie die meeste geld kon insamel. Die predikante het gebly tot na die basaar om die geld te tel en die volgende dag is daar dan in die kerk verslag gedoen oor wie die meeste geld ingesamel het.[446] 'n Anglikaanse priester het in 1991 verslag gedoen dat daar in totaal R670 in 1989 en R556 in 1990 ingesamel is uit die lidmate se tiendes, maar die basaar se

[444] Aantekeninge deur Attie Joseph, p. 9.
[445] *Mossel Bay Advertiser*, 12.04.2018.
[446] Aantekeninge deur Attie Joseph, p. 8.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

opbrengs was R4 189.00. Daarvan is R3 000 gespaar vir die verbetering van die Anglikaanse kerk.[447]

Uit onderhoude in 2018 is dit duidelik dat die kerk nog die spil is waarom die gemeenskap draai, alhoewel die rugbywedstryde op die sportveld teen besoekende spanne nou ook 'n groot geleentheid is. Daar is nie wedywering tussen die gemeentelede van die twee kerke nie. Almal aanvaar dat, as jou ouers jou in die Anglikaanse kerk gedoop en laat aanneem het, bly jy in die Anglikaanse kerk tot jou dood.[448] In ander klein gemeenskappe soos Tesselaarsdal in die Overberg (wat 'n oorstemmende ontstaansgeskiedenis as Buisplaas het) is hierdie tradisie verbreek en het talle kerklike splintergroepe die gemeenskap verdeel.[449]

Daar is enkele Buisplaasinwoners wat aan die NG Kerk behoort. Dit is meestal omdat hulle op ander plekke gaan woon en werk het en hul kerkverbintenis met die NGK behou het nadat hulle teruggekeer het na Buisplaas. Hulle woon die dienste van die VGK (Verenigde Gereformeerde Kerk) op Albertinia by.

'n Vroeëre ondersoek deur 'n antropoloog, Martinus Stander, het gevind dat daar wel 'n duidelike afbakening tussen die Lutherse en Anglikaanse kerkgroepe was wat in 1980 skeiding veroorsaak het, maar dat hierdie skeiding deur die jare vervaag het.[450] Sedert 1988 is die Paasdienste van albei kerke gekoördineer en in 1990 het die ouderlinge en kerkraadslede van albei kerke in Februarie saam vergader om die kerkaktiwiteite vir die jaar te koördineer. Hulle het ook gesorg dat die twee kerke se dienste op verskillende tye gehou word omdat daar soms mense was wat albei dienste bygewoon het.

Steeds word daar elke Sondag in albei kerke dienste gehou. Plaaslike kerkraadslede hou die dienste en een maal per maand kom daar 'n prediker van Mosselbaai om die diens te hou. Die Anglikaanse kerk is nou deel van die Nativity Anglikaanse gemeente in Mosselbaai nadat hulle van die All Saints afgestig het. Buisplaas word as 'n buitewyk van die onderskeie kerke beskou. Daar word in albei kerke in sowel Engels as Afrikaans gepreek.[451]

In die verlede het die kerk 'n sterk invloed op die moraliteit van die gemeentelede gehad, want die kerkrade was ook tegelykertyd die polisie, aanklaers en regters. Daar is geen polisiekantoor op Buisplaas nie.Teen 1990 het 'n gesamentlike vergadering tussen die Lutherse en Anglikaanse kerkrade die agteruitgang van die moraliteit van die jongmense

---

[447] *Buisplaas Submission*, p. 1. ( Religion and Education).
[448] Onderhoude met o.a. Ralie Philander, Paul Buis, Gert Buis, ens. 9 Maart 2016.
[449] Persoonlike onderhoude met Joy Paulsen, Patricia Basson, George Paulsen, 8 Maart 2015.
[450] *Buisplaas Submission*, p.3.
[451] Persoonlike onderhoud: Ralie Philander, 9 Maart 2016.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

bespreek. Daar is gevind dat 80% van die laerskoolkinders wat in die Buisplaas Laerskool was, enkelouers gehad het of uit gebroke huise gekom het. Die kerkrade het egter nie meer die houvas op die gemeentelede gehad soos vroeër nie. Hulle het ook gevoel dat die onderskeie predikers nie die probleme in die gemeente verstaan het nie, omdat hulle slegs een keer per maand 'n diens kom hou het. Soos Nicholas Joseph dit gestel het, het die priester net belanggestel om die diens te hou, die kollektegeld in te samel en dit saam te neem en dan te vertrek.[452]

Daar is ook nooit huisbesoeke deur die priesters gedoen nie, wat vir die Buisplaasinwoners 'n leemte was. Die kerke in Mosselbaai se verweer was dat daar nie genoeg priesters was vir huisbesoeke nie. Die ongelukkigheid met die kerke se onbetrokkenheid en die gevoel dat die kerke net in geld belanggestel het, het ook die bywoning van dienste negatief beïnvloed. Tog was die inwoners dankbaar dat daar, benewens die Lutherse kerkgebou vir gebruik as skool, ook bykomende klaskamers deur die kerk gebou is. Albei kerke het ook vroeër beurse beskikbaar gestel vir behoeftige leerders. Hierdie gebruik het volgens die inwoners teen 2018 heeltemal verdwyn.[453]

> *Thus the Rev.D P Botha writes in 1960: 'It would certainly not be presumptuous to say that, without the church organisations, the coloured community would by no means have attained its present level of development.'* [454]

Die kerke het oor die jare heen ook beslis bygedra tot die ontwikkeling van die mense op Buisplaas aangesien die skool en opleiding van die onderwysers deur die Lutherse kerk begin en onderhou is.

In die jare toe die bruinmense nog gekwalifiseerde stemreg in die regering gehad het, het die Lutherse kerk sy eiendom as stemlokaal vir al sy lidmate beskikbaar gestel sodat hulle kon stem.[455]

---

[452] *Buisplaas Submission*, p.4.
[453] Onderhoud, 30.01.2018.
[454] Van der Ross, R E, *Up from Slavery,* Ampersand, Cape Town, 2005, p. 109.
[455] Persoonlike onderhoud: Freek Muller, 5 Februarie 2015.

www.manaraa.com

## 7.3 KERKGESKIEDENIS VAN HERBERTSDALE



**Foto 13:Herbertsdale se Lutherse kerk: buite en binne**[456]

Die kerkgeskiedenis van Herbertsdale is belangrik omdat hierdie dorpie ook nie as 'n sendingstasie ontstaan het nie, maar omdat die predikante van Herbertsdale as naaste dorp aan Buisplaas, ook vir Buisplaas bedien het en so is die dorpe se kerkgeskiedenis en algemene geskiedenis met mekaar verweef. En soos reeds berig is, het die verbintenis met die Anglikaanse kerk ontstaan deurdat Buisplaas-inwoners na Herbertsdale gestap het om die dienste daar by te woon.

Die Lutherse gemeente op Herbertsdale het ontstaan as gevolg van 'n vol rivier wat vir Eerwaarde Daniël Heese daar vasgekeer het. Hy het in Riversdale as sendingleraar gewoon en gewerk maar was in die vroeë 1870s oppad na die Klein Karoo om gemeentes soos Ladismith, Amalienstein, Van Wyksdorp en Calitzdorp te besoek. Die riviere was vol en hy het probeer om deur Herbertsdale na die Klein Karoo te reis maar die Gouritzrivier was ook in vloed en hy moes terugkeer na Herbertsdale. Hy het die nag by ene mnr. Benton Herbert oornag en gedurende daardie naweek het Herbert hom gevra om daar te bly en die Lutherse kerk te vestig. Die meeste van die grond van Herbertsdale het aan Benton Herbert

[456]Foto's geneem deur A le Roux, 2016.

المنارة للاستشارات

www.manaraa.com

behoort en het hy ook die grond vir die bou van die Lutherse kerk gegee. Die Lutherse gemeente se amptelike stigtingsdatum is 18 Junie 1872 maar die dorp is reeds vroeër gestig en Herbertsdale het dus nie as sendingstasie ontstaan nie.

Die plaas Hemelrood is op 20 Junie 1816 aan Gerrit Huwes toegeken. In 1860 was een-agtste van die oorspronklike plaas in die besit van Benton Herbert.[457] Hierop het die landmeter Lewis A Vincent in November 1863 'n dorp aangelê wat die naam Herbertsdale, genoem na die eienaar van die plaas, gekry het. Die eerste erwe is op 14 Julie 1865 getransporteer en dit kan as die stigtingsdatum van die dorp beskou word. Alhoewel een van hierdie erwe aan die NG Kerk van Mosselbaai getransporteer is, het die kerkraad van die NG Kerk van Mosselbaai reeds in 1862 grond van Herbert gekoop waarop 'n klein kerkie opgerig is. Hierdie kerkie het ook as die eerste skool op die dorp gedien. Tog is die onafhanklike NG Kerk-gemeente van Herbertsdale eers amptelik op 10 Desember 1913 gestig en was dit nie net meer 'n buitewyk van Mosselbaai se NG Kerk nie.

Die Berlynse Sendinggenootskap het in 1872, nadat eerw. Heese die Lutherse sendinggemeente gestig het, grond van Herbert ontvang waarop die kerkie en sendingpastorie gebou is. Die kerkie staan vandag nog in die middel van Herbertsdale en die dorp roem daarop dat hulle nooit die Groepsgebiedewet van 1950 toegepas het nie, aangesien die bruin lidmate van die Lutherse gemeente deurgaans hierdie kerkie kon gebruik wat tegnies in die blanke woonbuurt staan. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het Duitse sendingstasies swaar gekry omdat die oorlog Duitsland soveel geld gekos het en die hoofde van die Lutherse Sending in Suid-Afrika was verplig om van hul vaste eiendom te verkoop. Die sendingpastorie is aan die NG Kerk verkoop en ook 53 woonerwe. Alhoewel die Groepsgebiedewet nie stiptelik nagekom is nie, het daar tog 'n bruin woonbuurt aan die ooste van die dorp ontwikkel en ook in sy naam word die stigter van die dorp nie vergeet nie. Die woonbuurt heet Benton Hill.

Van die sendelinge wat die grootste invloed op Herbertsdale Lutherse Gemeente gehad het, was Eerwaarde Friedrich Scheffler (1874 – 1966). Volgens oorlewering het hy aan die begin van die 1900s in Herbertsdale begin werk. Hy het oral in die Suid-Kaap en Klein-Karoo kerkgeboue, woonhuise vir onderwysers, heinings, ens. opgerig of laat oprig. Hy was nie net predikant nie, maar ook geneesheer, tandarts en bouer. Hy het ook die sang in die kerk met sy viool begelei en baie studente finansieël gehelp om onderwysers te word.[458]

[457] Korrespondensie tussen die Registrateur van Aktes en die dorpsbestuur van Herbertsdale, 1963.
[458] Aantekeninge oor die Geskiedenis van Herbertsdale se Lutherse gemeente deur John Gareth Scholtz, wat ook deur Eerw. Scheffler se toedoen en hulp onderwyser geword het, 2.12.2011.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Nadat eerw.Scheffler gehelp het om Riversdale se kerkskuld te delg, het 'n prokureursvriend van hom vir hom £300 voorgeskiet. Hy het die geld gebruik om erwe in Herbertsdale te koop en daar 'n skool op te rig. Van 1872 het 'n bruinman, Jacobus Prinsloo, onder Eerwaarde se leiding daar begin skoolgee. Die bou van die kerk 'n paar jaar later, het vir Eerwaarde hoofbrekens gegee sodat hy self met 'n troffel ingespring het om die kerk te help bou. Na al die probleme is die kerk op 28 Maart 1878 ingewy en op die 26e Mei van dieselfde jaar is 'n kerkklok uit Pyritz uit die destydse Pomerania (in die Pruisiese deel van Duitsland) vanwaar Eerwaarde gekom het, geïnstalleer.

Die eerste permanente sendeling van die onafhanklike Lutherse gemeente was eerw. Kikillus in 1882 en eerw.Heese kon dus aanbeweeg en ook 'n Lutherse gemeente in Mosselbaai stig. Binne die bestek van 13 jaar het hy drie Lutherse gemeentes gestig, nl. in Riversdale, Herbertsdale en Mosselbaai.[459] Die tagtigjarige Freek Muller het ook in 'n onderhoud vertel dat sy pa die sendeling eerwaarde Scheffler van die Lutherse kerk met sy motor na Buisplaas vervoer het om daar dienste te gaan hou. Eerwaarde Scheffler het per fiets die afstand van Mosselbaai, waar hy woonagtig was, na Herbertsdale afgelê en is dan deur Freek se vader na Buisplaas geneem.[460] Talle blankes, veral uit die boerderygemeenskap wat bevrees was dat hulle plaasarbeiders sou verloor, was gekant teen die sendelinge. Maar eerwaarde Scheffler was onder al die bevolkingsgroepe gewild. En soos die volgende gedig wat in 1902 in die *Mossel Bay Advertiser* verskyn het, bevestig, was hulle jaloers op die goeie bediening wat die bruinmense in die Lutherse kerk gekry het:

*T'is the Sabbath, on my stoep I sit, and the fragrant weed inhale*
*As I listen to the sweet church bells re-echoing o'er the dale,*
*Alas! they call not me and mine to sing the creator's praise,*
*But summon to the house of prayer the envied coloured race,*
*Who thrice on every Sabbath find their pastor in his place,*
*Exhorting and inviting them to approach the throne of grace.*
*Our own church bell hangs sadly mute, its sounds my ears ne'er greet,*
*In vain I listen for its call in prayer our race to meet.*

*The hinges of our temple door are growing red with rust*
*While on its pulpit, seats and floor lies half an inch of dust,*

*For in it no parson comes to preach of the God in whom we trust,*
*Save only at long intervals, when duty says he must.*
*Oh happy, envied "heathen"! so much better served than we,*
*Whose piety is fostered by strangers o'er the sea,*

*For every Sabbath day you're taught the proper course to steer*
*By Berlin parsons – "passing rich on a hundred pounds a year."*
*While shepherds such as serve our need are twice three times as dear,*
*So half starved flock without a herd we needs must aye appear.*

*Berlin will p'raps be moved some day by our destitute condition,*
*And, with pity for our wretched fate, include Us in its mission,*
*When, seeing we can't afford a priest of the Stellenbosch production,*
*We get one "made in Germany" for our spiritual instruction" (MBA 13.5.1902).*

461

---

[459]Heese, J A, *Grossvater und Grossmutter Heese,* Paarlse Drukpers, Paarl, 1959, pp. 48-49.
[460]Onderhoud, 2015.
[461]*Mossel Bay Advertiser,* 13.05.1902.

المنارة للاستشارات

www.manaraa.com

Daar is min gegewens van die Engelse kerke op Herbertsdale behalwe in die dorpsbestuurnotules van onder andere 1945. Daar was 'n versoek van 'n Roomse Vader vir 'n stukkie grond vir 'n Roomse kerkhof op die 27ste Julie en 31ste Augustus 1945 en die notule stel dit so dat daar eers gekyk moet word of die Rooms-Katolieke 'n kerk gaan stig. In 'n vergadering word daar net van 'n Engelse kerk gepraat. Daar word nie aangedui of dit die Anglikaanse of Rooms- Katolieke kerk is nie. Die dorpsbestuur, die Administrateur en die plaaslike blanke gemeenskap het toestemming gegee dat daar 'n Engelse kerk op 'n spesifieke plek gebou mag word, maar dat die huidige een afgebreek en die puin verwyder moet word.[462] Tog is daar vandag 'n Anglikaanse kerk ongeveer in die middel van die dorp en nie in die bruin woonbuurt nie en dit is reeds genoem dat mense van Buisplaas die kerkdienste van die Anglikaanse in Herbertsdale bygewoon het. Dit mag ook wees dat die dorpsbestuur die Anglikaanse kerk as Rooms beskou het omdat soveel gebruike in hierdie twee denominasies taamlik dieselfde is. Die *High Church of England* soos die Anglikaanse kerk ook bekend was, was dalk vir die gewone Afrikaanse plattelandse persoon net so volksvreemd soos die Rooms-Katolieke Kerk. Die bywoning van die Engelse kerke in so 'n klein Afrikaanse gemeenskap het dikwels uit 'n ontevredenheid met die huidige NG Kerk of 'n predikant gespruit. Daar is reeds genoem dat die inwoners van Buisplaas na die Anglikaanse kerk gestap het, bloot omdat iemand (in hierdie geval Ouma 'Stadt') vies was omdat die Lutherse kerk op haar erf gebou is. Ook is reeds genoem dat daar dan meestal in Afrikaans in so 'n kerk gepreek is, want anders sou die gemeente nie die diens kon volg nie.

Eerwaarde Johann Kikillus (1849 – 1907) wat in 1882 in Herbertsdale as sendeling begin werk het, was baie ongewild onder die blanke boere omdat sy simpatie by die bywoners en bruin gemeenskap gelê het. Die boere het sover gegaan om 'n petisie teen hom op te trek en dit aan die Morawiese/ Berlynse Sendinggenootskap te stuur. Daarom het die Morawiese/ Berlynse Sendinggenootskap sy betrekking opgeskort. Hy word egter deur die Britse regering na die Anglo-Boereoorlog as veldkornet oor die hele Herbertsdale aangestel, maar hy sterf in 1907. Die bruin gemeenskap het hom geëer vir wat hy vir hulle beteken het, op Herbertsdale en ook op Buisplaas. Sy graf kan op Herbertsdale gesien word, al is dit nie meer in 'n goeie toestand nie.

[462] Dorpsbestuur Notules, Herbertsdale, 27 en 30 Julie 1945, 31 Augustus 1945.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

## 7.4 SAMEVATTING

In 1953 word die volgende geskryf en dit is vandag nog in 'n groot mate van toepassing op die ouer inwoners van Buisplaas:

> *Christianity has played a great part in the evolution of the Coloured community, and still has a great hold over the majority of its members.*[463]

In die begrafnisbrief van een van die gesiene en invloedryke inwoners van Buisplaas, Nicholas Joseph, word daar genoem dat hy in die kerk gebore is. Dit is bloot beeldspraak deur die skrywer van die brief om te wys hoe ver en diep die kerk deel van die lewens van die mense van Buisplaas was en is. Die twee kerke op Buisplaas het 'n vername rol in die bestaan van die mense se lewens gespeel en is vandag nog die spil waarom hulle aktiwiteite wentel.

Elke kerk kry 'n spesifieke datum vir hul onderskeie gemeentefondsinsamelings sodat dit nie met mekaar oorvleuel nie. Die gemeentelede ondersteun nie net hulle eie kerk se 'kerkbasaar' nie, maar ook die ander kerk s'n. Daar is in 2018 ook 'n klompie Buisplasers wat aan die Apostoliese Geloofsending en Pinkster-Kerk behoort, maar elkeen word die reg gegun om hul geloofsoortuiging uit te leef. As daar nie kerk gehou word deur die ander denominasies nie, gaan die lede dikwels na die twee bestaande kerke se eredienste.[464]

Die Lutherse kerk het ook 'n groot rol gespeel in die opvoeding van die jeug van Buisplaas deurdat hulle gesorg het vir die eerste skool en hulle kerkgebou daarvoor beskikbaar gestel het. Behalwe vir die sportwedstryde wat op 'n Saterdag gespeel word, is die kerkdienste op Buisplaas van die min samekomsgeleenthede vir die mense. Die Anglikaanse kerk sorg dat hulle die kerkgebou op Buisplaas onderhou as die gemeentelede daarvoor vra. Aangesien die gebou so oud is, het die plankvloere al ingegee en is daar vir hulle teëlvloere ingesit. Die Anglikaanse predikant spreek ook huidige probleme aan soos die gevaar van mense wat van buite op Buisplaas wil kom handel dryf, soos die Nigeriërs waarvan Ralie Philander melding gemaak het.

Die algemene probleem van jonger mense wat nie meer so kerkvas is nie, word ook op Buisplaas ondervind, maar daar is 'n gesonde verstandhouding tussen die ouer en jonger geslag Buisplaasafstammelinge. Tradisie en die behoud van waardes word deur die jonger geslag raakgesien en gerespekteer. Maar as deel van die geskiedenis van Buisplaas staan die kerkgeskiedenis, van die totstandkoming van die kerke, eers op Herbertsdale en toe op Buisplaas, sentraal in die lewe van elke inwoner van Buisplaas.

---

[463] Patterson, S, *Colour and Culture in South Africa,* Routledge and Kegan Paul Ltd., London, 1953, p. 158.
[464] Onderhoude, 13.10.2016.

www.manaraa.com

Buisplaas was en is so ’n klein plekkie en deur min mense geag en daarom moes die inwoners noodgedwonge na Herbertsdale stap om aanvanklik kerkdienste daar by te woon. Herbertsdale is ook die naaste dorpie aan Buisplaas en die verhouding tussen die twee plekke is belangrik. Dit kan gesien word deur die gesamentlike byeenkomste wat tot in 2018 nog tussen die ouer persone van die twee dorpe gehou word en ook die feit dat die jonger kinders van Buislplaas daar skoolgaan. Die twee dorpe se kerkgeskiedenis is vir al die inwoners belangrik en nou verweef met mekaar.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

# HOOFSTUK 8

# PERSPEKTIEF VAN DIE BREËR GEMEENSKAP WAARIN BUISPLAAS GELEË IS EN GEMEENSKAPPE SOORTGELYK AAN BUISPLAAS

## 8.1 INLEIDING

Die geval van Buisplaas se inwoners wat as ‘n familie ‘n plaas geërf het, is nie uniek nie, maar gesien teen die agtergrond van Suid-Afrika se politieke verlede, is die voorbeelde van ‘n bruin gemeenskap wat vir ongeveer 155 jaar in besit van hul eie grond is te midde van ‘n oorwegende blanke gemeenskap, tog in die minderheid en uitsonderlik. Daar is egter nog sulke voorbeelde en in hierdie hoofstuk word ook ander bruin gemeenskappe in die Wes-Kaap, wat hulle grond deur nalatenskap verkry het d.w.s. grond wat aan hulle toegewys is of deur middel van ‘n testament aan hulle bemaak is, ondersoek. Die gemeenskappe op hierdie gronde het stelselmatig in ’n hegte eenheid ontwikkel soos nasate hulle ook daar kom vestig het. Vir baie lede van hierdie gemeenskappe is daar ‘n dieper geneentheid teenoor hulle grond en hul eiendomsreg omdat dit hulle onderskei van gebiede wat later deur regeringsinstansies aan bruin gemeenskappe gegee is as gevolg van politieke druk. En soos gesien kan word uit die historiese agtergrond van Suid-Afrika was die bruin- en swart mense meestal tot arbeiders gereduseer en is hulle grond stelselmatig van hulle weggeneem en tot en met 1994 was min van hulle grondeienaars.

As daar na die titel van Catherine Willemse se boek *Met ‘n diepe verlange* oor hul lewe in Raithby, naby Somerset-Wes, gekyk word, kan waargeneem word wat die sentiment rondom ‘n eie plek vir bruinmense was en is, ‘n plek wat meer as ‘n blote blyplek word omdat die ruimte met ‘n eie waarde gevul word. Ook is daar ‘n waardigheid en trots onder die inwoners van plekke soos Buisplaas, Buysdorp, Raithby, Slangrivier en Tesselaarsdal omdat hierdie eie grondgebied aan hulle ‘n menswaardigheid, ‘n gevoel van gebondenheid en gemoedsrus gee. Menige bruinmense was deur die Groepsgebiede Wet (*The Group Areas Act of 1950*) van hul geboortegrond en woongebiede verskuif. ’n Voorbeeld is Distrik Ses, waar ’n goedgevestigde bruin gemeenskap onder dwang na die Kaapse Vlakte verskuif is en in die proses van hul kultuur en familiebande verloor het. Al het die inwoners van Buisplaas nog nie almal titelaktes van hul eie stukkie grond nie, is daar ‘n oorkoepelende besitreg wat hulle met trots vul en wat van geslag tot geslag oorgedra word. In ‘n Suid-Afrika waar die regte van bruinmense deur die dekades heen vertrap is en eiendomsreg vir baie min beskore was, is hierdie gemeenskappe bewus van hul bevoorregte posisie. Selfs na die demokratisering van Suid-Afrika in 1994 het bruin gemeenskappe steeds nie altyd toeganklikheid tot eie grond nie en bly sulke gemeenskappe yl gesaai in die Wes-Kaap.

www.manaraa.com

Alhoewel die inwoners van Tesselaarsdal bv.hulle erwe in hul dorpie aan enige persoon mag verkoop en daar reeds blankes ook woon, word die trots op hul grondgebied en die mag van eie besluitneming oor die verhandelbaarheid van hul eiendom, steeds waargeneem onder die inwoners. Peter Clarke, 'n bekende skilder wat op Tesselaarsdal kom woon en skilder het, noem dit: *die plek van my hart.* [465]

Helgard Muller skryf in 1965 in sy boek oor die rol van die bruinmense, dat die grondgebiede wat nie onder die Departement van Kleurlingsake geval het nie, in twee groepe verdeel kon word. Daar was kerkeiendom wat aan bruin gemeenskappe verblyfreg op en om die sendingstasies gegee het. Dan was daar ook Privaat Gemeenskaplike Plase (*private communal farms)* en hierdie gemeenskappe was vir hul algemene aktiwiteite nie onderworpe aan die *Rural Coloured Areas Act* nr. 24 van 1963[466] nie.

Volgens hom het die volgende plekke onder hierdie groepering geval:

Slangrivier in die Heidelberg-distrik, Wes-Kaap.
Tesselaarsdal in die Caledon-distrik, Wes-Kaap.
Friemersheim in die Mosselbaai-distrik, Wes-Kaap.
Kruisfontein in Humansdorp-distrik, Oos-Kaap.
Dysselsdorp in die Oudtshoorn-distrik, Wes-Kaap.
Buysdorp in die Limpopo-provinsie [467] in die Louis Trichardt/Makhado munisipale gebied of die Vhembe-distrik[468]

Muller was kennelik nie vertroud met Buisplaas in die Mosselbaaise distrik nie of het hulle as minder belangrik geag.

In hierdie hoofstuk gaan ook die streek waarin Buisplaas geleë is, as geheel oor verslag gedoen. Al is Buisplaas redelik afgesonder vanweë sy ligging, speel die wyer omgewing 'n rol in die lewens van die mense van Buisplaas. Behalwe groentetuine en vrugtebome vir eie gebruik, 'n paar stuks vee en aalwyne om te tap, het die inwoners nie ekonomiese geleenthede op Buisplaas nie. Soos reeds genoem, moet die meerderheid van

[465] *Peter Clarke se wêreld*, Internet, 14 Julie 2014, pp.5-7.
[466] Hierdie wet het die *Mission Stations and Communal Reserves Act van 1909,* die *Coloured Mission Stations and Reserves Amendment Act* van 1955 en 1959 en die *Preservation of Coloured Areas Act* van 1961 vervang. Hierdie wet het die herbeplanning van '*Coloured Reserves'* ten doel gehad. Geregistreerde eienaars kon landboupersele aankoop en weidingsregte huur.Horrell, M,( compiled by) *Laws affecting race relations in South Africa,* Johannesburg, South African Institute of Race Relations, 1978, pp.159-160.
(*The Coloured Persons Communal Reserves Act, 1961 and the Rural Coloured Areas Act, 1963 established "reserve" areas for coloured people in rural areas.)*internet
[467] Muller, H, *The Role of the Coloured People,* Citadel Press, Kaapstad, 1965,p. 34-35.
[468] De Jongh,M, onderhoud.

www.manaraa.com

die inwoners noodgedwonge werk soek op naburige plase of dorpe. Die omliggende dorpe se geskiedenis gee ’n beeld van die veranderings wat oor die jare plaasgevind het en hoe hierdie veranderings die inwoners van Buisplaas gehelp het. Die Lodewykstenk wat naby Albertinia vir water vir die stoomtreine gebou is, was later die bron van water vir Buisplaas toe die dorpie ontwikkel en verbeter is. Mossgas /PetroSA wat by Mosselbaai gebou is, het tydelik werk aan talle Buisplasers gegee. Die ontwikkeling van die volstruisbedryf in die Mosselbaai-omgewing en daarmee saam die oprigting van Mosstrich, waar volstruise geslag en verwerk word, gee tans steeds werk aan mense van Buisplaas.

Die ongerepte veld vol wilde diere van die Suid-Kaap is deur verskeie Westerse baanbrekers aan die wêreld bekend gestel deur hul beskrywings van die plekke waardeur hulle gereis het. Hulle ontmoetings met die plaaslike Khoekhoen-gemeenskappe was ekonomies voordelig vir die ruiltransaksies waarvoor hulle deur die hoër gesag in die Kaap gestuur is, maar nadelig vir die eienaars van die vee. Die Khoekhoen se rykdom, hulle vee het verminder en in die ruilproses is baie eienaars stelselmatig aan drank en tabak verslaaf gemaak. In die joernale, briewe, dagboeke en verslae van die reisigers is die inheemse Khoekhoen-gemeenskappe dikwels negatief en uit ’n Europese oogpunt beskryf. Alles omtrent hierdie gemeenskappe was vir die reisigers ongewoond: hulle taal, manier van aantrek, hulle leefwyse, ens.

## 8.2 AGTERGRONDGESKIEDENIS VAN DIE NABURIGE DORPE

### MOSSELBAAI

Mosselbaai is voor Tafelbaai deur buitelanders betree en wel in 1488 toe Bartolomeu Dias daar geland het. Hy het aan hierdie baai die naam ‘Angra dos Vaqueiros’ (*bay of cowherds*) gegee maar Vasco da Gama wat in 1497 daar aangedoen het, het daarna verwys as ‘Angra de São Bras’ (*Bay of St Bras*). Volgens ’n ander bron het Dias op 3 Februarie 1488 geland, wat ook die herdenkingsdag van die heilige, St Blaise (Sint Blaise was die beskermheilige van beeste) was en daarom het hy dit die naam Aguada de São Bras (*Watering place of St Blaise*) gegee. Dit was om aan St Blaise die eer te gee en ook om die vars water van die fontein in Mosselbaai te beklemtoon. Vir alle seevaarders was vars water uiters kosbaar na die lang seereis vanaf Portugal. Die vuurtoring in Mosselbaai heet steeds Cape St Blaise.[469]

[469]Nell, L, *The Garden Route and the Little Karoo,* Struik, Kaapstad, 2003, p. 21.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com





**Foto 14: Geskiedenis van Mosselbaai**[470]

Da Gama het die eerste ruiltransaksie op Suid-Afrikaanse bodem uitgevoer toe hy 'n bul by die Khoekhoen geruil het vir drie armbande. Hierdie Khoekhoen was heel waarskynlik die Gouriqua-gemeenskap wat hul naam aan die Gouritzrivier ontleen het. Die naam beteken 'mense van die beeste'. Al die groepe Khoekhoen wat in hierdie omgewing (oos en wes van die huidige Mosselbaai) aangetref is, was bekend vir hulle groot troppe beeste. Toe Jan van Riebeeck in 1662 die Kaap verlaat het, was die volgende groepe, oos van die Kaap, se name in sy dagboek : Hessequa, Hankumqua, Chamaqua, Omaqua, Atiqua ( Attaqua), Houtunqua (Outeniqua), Chauqua en Chobona.[471] Dit bevestig dat Van Riebeeck se verspieders nie net na die noorde nie, maar ook in die ooste na vee gaan soek het om die klein ontwikkelende Kaapse kolonie van vleis te voorsien en so ook aan die verbygaande skepe. Die kuddes nader aan die Kaap het uitgedun geraak. Alhoewel hierdie groepe hulle name aan hul plek van herkoms gegee het, het hulle nie altyd op vaste woonplekke gebly nie, omdat die soeke na weiveld in tye van droogte hulle laat rondtrek het.[472]

Toe goewerneur Cornelius van Qualberg in 1666 na die Kaap gekom het, was die oorlog tussen Holland en Engeland aan die gang. Frankryk was ook in 'n oorlog met Engeland gewikkel alhoewel nie as 'n bondgenoot van Holland nie. Met die beperkte kommunikasiemiddele van daardie jare het die goewerneur nie geweet dat 'n gehawende

---

[470]Hierdie inligting is ingemessel in 'n muur naby Die Punt in Mosselbaai.
[471]De Jongh, M, *A Forgotten First People: The Southern Cape Hessequa,* The Watermark Press, Durban, 2016, p. 5.
[472]Ibid., p.6.

www.manaraa.com

Franse vloot in 1667 'n bedreiging vir die Hollandse seeroete na die Ooste inhou nie en hy het hulle goed ontvang. Lodewyk XIV het toe pas die Frans- Oos-Indiese Kompanjie weer ingestel wat mededingers kon word vir die Hollanders. Dus word die gehawende vloot van die Franse opgeknap en die skepe word voorsien van genoeg vars vleis en voorrade. Te laat kom die goewerneur agter dat hy toe nie genoeg vleis vir eie gebruik in die Kaap het nie. Sersant Pieter Cruijthoff word gestuur om dadelik vee te gaan ruil en die ekspedisie vorder tot by die Hessekwa-groep aan die oewer van die Breërivier. Ná Cruijthoff het Hieronymous Crüse verder tot by die Gouriqua-groep by die Gouritzrivier gegaan en later tot by die baai wat Paulus van Caerden 65 jaar tevore al Mosselbaai gedoop het.[473] Crüse het in die Kaap aangekom met 170 beeste en 310 skape wat hy by die gemeenskappe geruil het. Hy het gou planne gemaak om weer na hierdie gebied te gaan omdat hy gesien het dat daar baie vee by hierdie gemeenskappe was en dat hulle gewillig was om handel te dryf. So het hy ook die Attaqua/Attakwa- groep teëgekom en ook by hulle vee geruil. Izak Schrijver het ook besoek afgelê by die Hessequa/Hessekwa-hoofman, Goukou, wat hy reeds twee keer in die Kaap ontmoet het. Schrijver het hom met respek behandel en hom as 'De Oude Heer" aangespreek. Hy het nog verder getrek tot waar die huidige Aberdeen vandag geleë is, voordat hy omgedraai het. Stadig maar seker het meer en meer trekboere na die gebied anderkant die HottentotsHollandberge beweeg. Hulle het in 1717 die Breederivier (Breërivier) bereik en leningsplase is aan meer en meer boere gegee in die huidige Riversdale–omgewing en later ook meer na Mosselbaai se omgewing.[474]

In 1795 toe Swellendam 'n republiek was, vertel 'n kaptein Muller dat hulle baie trots op hulle dorp is en dat daar al twaalf huise gebou is, maar dat hulle volgende mikpunt Mosselbaai is. Hulle wou Mosselbaai ook 'n volwaardige dorp met 'n skool en 'n kerk maak. Alhoewel daar nog inhamme, riviermondings en baaie aan die kuslyn in die omgewing tussen Swellendam en Mosselbaai was, het vreemde skippers Mosselbaai bo die Kaap verkies. Dit was nie nodig om 'n hawefooi in Mosselbaai te betaal nie en veral Amerikaanse skepe, wat walvisse gejag het, en handelaars het daar aangedoen. Hulle het wapens, kruit, katoen, potte, panne, perdetuie, saals en alle boerderybenodigdhede met die plaaslike inwoners geruil vir vars water, brandhout, vleis,boerpampoene en boermeel.[475] Al die boere in die omgewing van Mosselbaai en langs die Gouritzrivier, asook die plaaslike Khoekhoen-stamme het gebaat by hierdie handel met die skepe.

[473]Van Wyk, F, *Riversdal, 1838-1988,* Nasionale Boekdrukkery, Kaapstad, 1988, p. 1.
[474]Ibid., pp. 1-3.
[475]Sleigh, D, *1795,* Tafelberg, Kaapstad, 2016, p. 208.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Die dorp Mosselbaai is egter eers in 1848 amptelik gestig en was aanvanklik as Aliwal-Suid bekend. Sir Harry Smith het 'n groot oorwinning in Aliwal in Indië behaal en daarom is die naam gekies, maar die naam was ongewild en daar is besluit om eerder die naam Mosselbaai, wat die Hollander, Paulus van Caerden in 1601 aan die plek gegee het, te behou. Daar is wel 'n dorp, Aliwal-Noord in die Oos-Kaap in Suid-Afrika wat sy naam behou het. Mosselbaai se naam kom van die groot aantal mossels wat in die baai voorgekom het.[476] ['n Interessante waarneming is dat die eerste deel van die dorp se naam nooit verengels het nie en dat die dorp as Mossel Bay in Engels bekend staan.]

Alhoewel daar in die vroeë jare nie 'n geboude hawe op Mosselbaai was nie, het skepe tog die baai binnegekom en is vrag en passasiers per mandjie uit die groot bote na kleiner bootjies gelaai om aanland te gaan. Die voorspoed wat die volstruisveer-'boom' meegebring het, het die bou van 'n breekwater en 'n hawehoof ( *jetty*) genoodsaak. Dit is in 1912 voltooi en 'n spoorlyn van die Kaap na Mosselbaai is al in 1905 voltooi.[477] Oudtshoorn, wat slegs 70 km vanaf Mosselbaai geleë is, het gedurende die laat 1800s tot en met 1914 groot vooruitgang gemaak met sy volstruisboerdery. Net die volstruisvere was in daardie stadium gebruik en die modeneigings oral in die wêreld het 'n groot aanvraag na hierdie luukse item veroorsaak. Die ongekende hoë bedrae wat volstruisvere op die internasionale markte behaal het, het Mosselbaai as die naaste hawe gebaat omdat die vere vandaar uitgevoer is. Ook in die Albertinia–distrik was daar 'n klompie vooruitstrewende volstruisboere.[478] Nie alleenlik moes die vere uitgevoer word nie, maar die nuutgevonde rykdom van die eienaars van die volstruise het veroorsaak dat hulle luukse goedere en boumateriaal van Engeland en Europa ingevoer het via Mosselbaai. Van daar is dit met waens met lang ossespanne van o.a. Prince Vincent, die winkelgroep, na Oudtshoorn vervoer.[479]

Oor die jare het 'n hele paar kerklike genootskappe in Mosselbaai kerke gebou en is gemeentes gevestig en vanuit hierdie kerke is baie van die kleiner gemeenskappe ook bedien. So het eerwaarde Scheffler later in Mosselbaai gewoon, toe hy ook op Buisplaas dienste gehou het. Hy was 'n leraar in die Lutherse kerk.

Die Berlynse Sendinggenootskap het 'n lang verbintenis met Mosselbaai en die eerste sendingstasie is al op 4 Oktober 1879 daar gestig. Die veronderstelling was dat die

[476]Burman, J, *The Garden Route,* Human& Rousseau, Kaapstad, 1964, pp. 26 – 27.
[477]Ibid., pp. 26- 29.
[478]Briel,R, *Albertinia, Honderd Jaar 1902 – 2002,* Lourette vir die Munisipaliteit Langeberg, Kaapstad, 2002, p. 97.
[479]Inligting verkry by die 100- jarige herdenking van Prince Vincent, Oudtshoorn in 2014.

www.manaraa.com

sendeling wat die sendingstasie op Haarlem in die Langkloof gestig het, al twee dekades vroeër dit op Mosselbaai moes gedoen het. Van die lidmate van die omliggende Lutherse gemeentes soos Buisplaas en Herbertsdale, het op Mosselbaai gewerk en daar het eerw. Daniel Friedrich Heese van die sendingstasie op Riversdale na hulle omgesien.[480]

Buisplaas se Anglikaanse kerk is in 2018 steeds nou verbonde aan die Mosselbaaise Anglikaanse kerk. Hierdie verbintenis word in hoofstuk 7 breedvoerig bespreek. In Scheffler se tesis oor Mosselbaai word net genoem dat daar 'n kapel op Herbertsdale gebou is deur die Anglikaanse kerk van Mosselbaai.[481] Dit is hierdie kapel wat deur die Buisplasers besoek is voordat hulle hul eie kerk op Buisplaas gekry het.

**ALBERTINIA**

Albertinia was eers as Fonteinvlei bekend, as gevolg van die baie fonteine wat daar in die distrik voorkom. Die dorp is in 1900 op die plaas Grootfontein gestig en is vernoem na ds. J. R. Albertyn, die eerste NG–predikant van die gemeente op Riversdale.

Lank voordat daar 'n dorp gestig is, het die Kaapse boere al hoe meer weidingsgrond gesoek om hulle groterwordende veekuddes. In 1700 het veeruil met die Khoekhoen 'n belangrike deel van die boerdery in die Kaap geword. Die eerste inwoners van die gebied, wat tans as die distrik Albertinia bekend staan, was die Khoekhoen en die Boesmans. Die Gourikwa-stam (Gauriqua) se tuiste was aan die walle van die Gouritzrivier en hul enigste bedryf was veeteelt. Die vroue het egter ook kos in die veld gesoek en daar is visgevang en soms gejag. Melk en vleis van hul veetroppe was hul stapelvoedsel en die beesvelle is gebrei vir velkarosse wat as kleding en beskerming gedien het. Die verhouding tussen die Boesmans en die Gourikwas (Gauriquas) en ook die ander Khoekhoen-groepe was nie baie goed nie, omdat die vee van die Khoekhoen-gemeenskappe maklike prooi vir die Boesmans was. Daarom het die Khoekhoen-gemeenskappe die naam *Obikwas,* wat *moordenaars* beteken, aan die Boesmans gegee.

Die verversingspos aan die Kaap het kos aan die verbygaande skepe verskaf en die vraag na vleis het toegeneem. Die Kaapse regering het gevolglik vanaf 1703 weilisensies aan boere begin uitreik en die uitbreiding van weiplase was veral in 'n oostelike rigting. Die boere het ook meestal suid van die Langeberge gebly en hulle bereik die Breërivier in 1727, die Gouritzrivier in 1729 en die Grootbrakrivier in 1730. Hierdie weilisensies is later verander in die leenplaasstelsel. Die ontwikkeling van die weilisensies na die leenplaasstelsel was so

[480] Scheffler,H M, *Die Laat-Victoriaanse Mosselbaai 1870-1902*, doktorale tesis, US, 1990, p. 367.
[481] Ibid., p. 363.

www.manaraa.com

geleidelik en het so onopgemerk plaasgevind, dat dit moeilik is om met sekerheid te sê wanneer die leenplaasstelsel permanent ingestel is. Met hierdie stelsels het meer en meer boere hulle permanent in die suidelike deel van die destydse Kaapprovinsie gevestig en is die Khoekhoen van hul grond beroof of net vervreem. Vir oorlewing moes meeste van die mans dus arbeiders op die plase word. Die ruilhandel met die blankes het hulle veekuddes sodanig verminder dat hulle nie op hul eie ’n bestaan kon maak nie en daarom in die ekonomiese stelsel van die blankes opgeneem is. Van die eerste weilisensies is ook aan Jan Buys (sr) vir die plaas Bergfontein gegee (23 September 1741). [482] Baie name is verhollands en dit kan seker aangeneem word dat hierdie Jan Buys eintlik Jean du Buis, die oupa van Coenraad en Frederik du Buis, was. Frederick du Buis was die stamvader van die Buisfamilie van Buisplaas. In die argief is ook die dokument gevind wat aan hierdie Jan de Buis (sic) weiregte op die plaas, Grootte Bos, aan die Gouritzrivier gegee het.

Toe die Kaap in 1806 ’n Britse kolonie geword het, is die leenplase in 1813 afgeskaf en dit is deur die erfpagstelsel vervang deur Sir John Cradock. Erfpag het aan die eienaars en hul opvolgers die reg van gebruik van ’n plaas vir altyd (*Ewigdurende Erfpag*) of vir ’n groot aantal jare teen ’n jaarlikse vergoeding verleen. Ook is die manier waarop die grootte van ’n plaas afgemeet is, verander. Waar ’n boer onder die leenplaasstelsel sy plaas se grense bepaal het deur ’n halfuur in al die rigtings van sy opstal te stap, het die Kaapse regering nou die plase opgemeet en is permanente grense vasgestel. Dit het die landmeters van die regering ’n lang tyd geneem om in hierdie distrik die plase te kom uitmeet, en daarom is die plaas *Groote Fontein of Magerskraal R461* eers op 15 Augustus 1837 aan Johannes, ’n half-broer van Sim en Saul du Buis en die seun van Frederick, toegeken. Sy naam word op die dokument as *Johannes de Buys* aangegee.

> *Gedurende 1843 en 1844 is daar bepaal dat Erfpag (Quitrent) omskep kan word in Vrypag (Freehold) teen betaling van ’n vasgestelde bedrag. By die betaling van die genoemde bedrag, was die betrokke titelaktes geëndosseer om aan te dui dat dit vrygekoopte erfpaggrond is (Redeemed Quitrent). Eers met Wet nr. 54 van 1934 is erfpag ten opsigte van landelike eiendom afgeskaf en later kragtens Wet 33 van 1937 ook dié van stedelike eiendom. Hierdie eiendomsreg sou voortaan bekend staan as ‘Afgeskafte Erfreg’ (Abolished Quitrent).*[483]

In die omgewing van die dorp word die bekende Aloe Ferox-aalwyn aangetref en Albertinia word steeds gereken as die middelpunt van die aalwynbedryf wat ook so ’n groot rol in die lewens van die mense van Buisplaas gespeel het.

[482] Kantoor van die Landmeter-generaal 2001, H Phyfer, pp.1-3.
[483] Ibid., pp.4-5.

www.manaraa.com

Aalwynprodukte word al sedert die Romeinse tye vir medisinale doeleindes gebruik, maar die afgelope paar dekades word die gedroogde sap in poeiervorm na Europa uitgevoer vir die maak van kosmetiese produkte. Die genesingskrag wat die jel van die aalwyn, besit, is volgens wetenskaplikes besonder heilsaam. Dit is ryk aan aminosure, vitamiene, minerale en hormone en veroorsaak ook geen allergieë nie. Dit bevorder die hergroei van beskadigde weefselselle en bied beskerming teen die ultra-violetstrale van die son.[484] Die afsny van die aalwynblare, die tap van die sap uit die blare en die kook van die sap, word steeds deur die bruinmense van die omgewing gedoen en verskaf werk aan die mense van Buisplaas. Reeds in 1964 skryf Burman dat daar sonder sukses probeer is om deur meganisasie die proses van aalwyntap te moderniseer.[485] Sover terug as 1773 het die Sweedse plantkundige, Carl Thunberg, met sy tweede besoek aan die Kaap reeds 'n beskrywing van die aalwyntapproses gegee soos hy dit op 'n plaas in die Albertinia-distrik gesien het.[486] Besoekers aan die twee prominente aalwyn-fabrieke in Albertinia word nogsteeds gewys hoe die blare in 'n sirkel om 'n gat in die grond gepak word, sodat die sap na die middel stadig kan uitloop. Danksy die toenemende vraag na alwynprodukte en die behoud van hierdie ou metode van aalwyntap, kan baie van die mense van Buisplaas steeds 'n inkomste verdien uit die sny en verwerking van die aalwyne in hulle omgewing.[487]

Behalwe die gewone kerke op Albertinia soos die NG kerk, die Anglikaanse kerk en die VGK, was daar ook 'n Lutherse gemeente. Eerwaarde Daniël Heese het vanuit Riversdale ook talle plase in die Albertinia-distrik besoek as deel van sy sendingaksie. Met die Berlynse sendinggenootskap het dit nie altyd so goed gegaan nie. Die Duitse sendelinge se simpatie het, tydens die Anglo-Boereoorlog, by die Boererepublieke gelê, wat natuurlik nie vir die Kaapkolonie onder Britse heerskappy aanvaarbaar was nie. Na die beëindiging van die oorlog in 1902 het dit tydelik beter gegaan totdat die Eerste Wêreldoorlog in 1914 uitgebreek het. Die Berlynse Sendinggenootskap, die Rynse Sendinggenootskap en ander Morawiese kerkgenootskappe het toe besluit om saam te smelt en een onafhanklike Lutherse Kerk te vorm. Die Lutherse kerk op Albertinia se hoeksteen is al op 30 Julie 1914 gelê, maar as gevolg van die uitbreek van die oorlog, is die kerk eers later voltooi en is dit in 1925 plegtig ingewy. Meer as 400 mense het met spesiale treine vanaf Mosselbaai en

[484] Ibid.,, p.101.
[485] Burman, J, *The Garden Route,* Human& Rousseau, Kaapstad, 1964, pp. 22- 26.
[486] Briel, R, *Albertinia, Honderd Jaar 1902 – 2002,* p.99.
[487] Onderhoude met verskeie inwoners van Buisplaas, 2017.

www.manaraa.com

Riversdale gereis, terwyl baie mense van omliggende landelike gebiede soos Buisplaas gekom het.[488]

Daar word ook geelklei in die omgewing van Albertinia gemyn, wat al in 1797 deur sir John Barrow raakgesien is. Aangesien Albertinia in 'n graanstreek lê, is die meeste boere tans graan- en Kanolaboere.[489]

Die diep ravyn wat die Gouritzrivier tussen Albertinia en Mosselbaai gevorm het, was vroeër jare 'n struikelblok vir die boere om hul produkte na die hawe van Mosselbaai te vervoer. In 1892 is 'n brug gebou wat die probleem uitgeskakel het en met die toevoeging van 'n treinbrug langs die padbrug was die ravyn nie meer 'n hindernis nie.[490] 'n Privaat Londense maatskappy het begin met die spoorlyn vanaf die Kaap na die Suid-Westelike distrikte, maar die werk is later deur 'n plaaslike groep oorgeneem wat die spoorlyn tot op Mosselbaai gebou het. Benjamin Baker se padbrug oor die Gouritzrivier was aanvanklik in staat om die treinverkeer te dra, maar later het die treine swaarder geword en het die padverkeer ook toegeneem. Op 1 Augustus 1931 is die aparte treinbrug geopen.[491] Hierdie spoorlyn het ook baie vir die mense van Buisplaas beteken, want hulle kon nou makliker by hul onderskeie werke uitkom. Hulle het met donkiekarre tot by Cooper-spoorweghalte (*Siding*) gery, vanwaar hulle dan met die trein verder kon ry.

**RIVERSDALE**

Hierdie dorp is op 30 Augustus 1838 gestig en is genoem na die magistraat van Swellendam, wat ook later tesourier-generaal van die Kaapprovinsie was, Sir Harry Rivers.[492] Rivers het gehelp dat die plaas, Doornkraal, as kerkplaas aangekoop word, sodat daar 'n NG-kerk vir die bewoners van die Vetrivier en omstreke gebou kon word. Aanvanklik is die oorspronklike woonhuis op Doornkraal as kerkgebou gebruik. Erwe is verkoop en so het 'n dorp tot stand gekom.[493] Albertinia was die vierde dogtersgemeente wat uit Riversdale afgestig is.[494]

Daar was ook 'n aantal Engelssprekendes op die nuwe dorp en deur 'n skenking van die NG-kerk kon daar ook 'n Anglikaanse kerk op die dorp gebou word. Die NG-kerk het die grond geskenk, maar 'n groep entoesiastiese inwoners het geld ingesamel vir die gebou. Die kerk word in 1856 ingewy en 'n latere predikant, eerwaarde Taylor, het hierheen gekom na

[488]Ibid., pp. 67 – 68.
[489]Burman, J, *The Garden Route,* Human& Rousseau, Kaapstad, 1964, pp. 22- 26.
[490]Ibid., p.23.
[491]Briel, R, *Albertinia, Honderd Jaar 1902 – 2002,* pp. 75 – 78.
[492]Ibid., p.22.
[493]Van Wyk, F, *Riversdal 1838-1988,* Nasionale Boekdrukkery, Kaapstad, 1988, pp.7- 9.
[494]Ibid., p. 21.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

'n termyn van vyf jaar op die eiland Tristan da Cunha. Sowat 45 inwoners van die eiland het hom gevolg en hulle op Riversdale en Mosselbaai gevestig. Die leraars van die Anglikaanse kerk het 'n Riverdalse Sendingskool begin en ook is daar op buiteposte en naburige dorpe skole vir die bruin gemeenskap opgerig. Hulle was aktief in die verkondiging van die Bybel aan alle gemeenskappe.[495]

Die Berlynse Lutherse Sending op Riversdale is deur die bekende en ywerige Daniël Heese gestig en hy het 'n groot rol in die ontwikkeling van die Lutherse gemeentes in die omliggende streke gespeel. Hy het dus ook indirek meegehelp dat daar 'n Lutherse kerk op Buisplaas totstand gekom het en dat die Lutherse gemeente in 2018 'n belangrike rol in die lewens van die mense van Buisplaas speel. Hy was ook intens betrokke by die oprigting van skole en die onderwys van blank en bruin. Eerwaarde Scheffler wat ook hier in Riversdale diens gedoen het, het ook in Herbertsdale en Mosselbaai gewerk en ook in Buisplaas se Lutherse gemeente met die bou van klaskamers gehelp.[496]

Nog 'n gebore Riversdaler was H M J van Rensburg wat later as LV van die streek 'n belangrike rol gespeel het om die probleem met die verkryging van titelaksies vir hulle grond op Buisplaas vir die erfgename te probeer oplos (Hoofstuk 6). Hy het verskeie portefeuljes in die stadsraad van Riversdale beklee voordat hy LV geword het.[497] 'n Ander Van Rensburg, H M, was so lank burgemeester van Riversdale (35 jaar) dat hy die bynaam Helgaard Burgemeester gekry het.[498]

## 8.3 'N BREËR PERSPEKTIEF OP WES-KAAPSE BRUIN GRONDEIENAARS WAT DEUR NALATENSKAP OF TOEWYSING HULLE GROND BEKOM

### RAITHBY

Raithby is geleë aan die voet van die Helderberg tussen Stellenbosch en Somerset-Wes. Die gebied het eers bekend gestaan as Moddergat, 'n naam wat voortgespruit het uit die Moddergatspruit wat in die omgewing vloei.

Barnabas Shaw was 'n Wesleyaanse sendeling aan die Kaap wat met liefdadigheidsgeld wat hy van Engeland ontvang het, in 1844 kerkgronde in Keukenvallei naby Stellenbosch gekoop het vir £337. Shaw het die nuwe sendingdorpie vernoem na Raithby Hall in Lincolnshire, Engeland, waar sy weldoener Sarah Brackenbury, gebly het.[499]

---

[495] Ibid., pp. 27- 29.
[496] Ibid.,pp. 30 – 33.
[497] Ibid., p. 101.
[498] Ibid., p.129.
[499] Willemse, C, *Met 'n diepe verlange,* Human& Rousseau, Kaapstad, 2000, pp.9-10.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Hy het ook ’n gebied dieper in die Hottentots-Hollandgebied aangeskaf, wat hy na haar vernoem het, nl. Brackenbury.[500] [501]

Voor die aankoop van die grond, het Shaw al kerkdienste in die gebied en ook op Stellenbosch gehou. Die eienaar van die grond, ene mnr. Roux, het gehoor dat Shaw belangstel in die grond en hulle het die kooptransaksie op 15 Oktober 1844 beklink. Shaw het sy redes vir die aankoop van die grond soos volg verduidelik:

> *My object in doing this has been if I can judge a right of myself :The glory of God in assisting to spread the gospel. The good of the Wesleyan Mission. The place is central, for all parts of the Circuit. And may be of use in a variety of ways. To help some of the people of colour who are willing to labour (with erfs) as we have no more at Somerset. As a refuge for any of my own children in case of need, affliction, or of choice, as a resident. My house in England being sold, I think it requisite to make some kind of provision in this country.*
> *May the plan be pleasing to God, and have His smile and approbation. Amen.*[502]

Sy doel was om vrygemaakte slawe op die grond te vestig. Hy het hom daarop toegelê om vrygemaakte slawe te kersten en ná sy werk in die Kaap en in die Somerset-Wes omgewing, het hy ook waardevolle sendingwerk in Namakwaland gedoen. Die slawe van verskillende plekke het gekom en ‘n tuiste gevind op hierdie gebied se kerkgronde. Hierdie vrygemaakte slawe was meestal sonder geld en grond of ’n heenkome. Die gebruik was dat die slawe na hulle vrylating nog vir vier jaar by hul vorige eienaars moes werk, maar nou vir ’n loon (wat nie in alle gevalle gebeur het nie). Die rede hiervoor was dat die slaaf sy houding teenoor werk moes verander. Eers was dit gedwonge arbeid en was vrees die motivering vir sy/haar harde werk. Die motivering vir arbeid moes nou verander na profyt vir hulself sodat hulle vir hulself en hul families kon sorg.[503] Keukenvallei was in groot erwe onderverdeel en elke gesin het ’n erf ontvang waarop hulle ’n huis kon bou en die erf kon bewerk. Die meeste mans het hulself verhuur as stukwerkers op die nabygeleë plase om ‘n inkomste te verseker.

> *The history of the social, cultural, educational, economic and even political development of the Coloured population of South Africa is very interwoven with the church and missionary activities in the country. The various Christian churches and missionary bodies active in South Africa especially since the eighteenth century have played an important and often decisive role in the determination of the destiny of this population group. … The mere fact that even at present [1963] more than two-thirds of all Coloured schoolchildren in the*

[500] Mears, G W, *Methodism in the Cape,* Methodist Publishing House, Cape Town, 1973, p. 128.
[501] *This village played an important role in the spread of Methodism in Lincolnshire. After visiting Raithby in 1788, John Wesley, the founder of Methodism, declared it ‘an earthly paradise’. Raithby contains one of the oldest Methodist chapels in England, and one of the few surviving chapels opened by Wesley himself.* History of Raithby.Internet.http://www.rurugby.yolasite.com/raithby-village.php
[502] Ibid.,p. 128.
[503] Van der Ross, R E, *Up from Slavery,* Ampersand, Cape Town, 2005, p. 115.

www.manaraa.com

> *Cape Province are enrolled in church or mission schools, is indicative of the role of church and mission bodies*.[504]

Die kerk en skool was sedert die stigting van Raithby die spil waarom Raithby se gemeenskapslewe gewentel het. Tog was Raithby nie 'n tradisionele sendingstasie nie, al het dit sy ontstaan gehad uit die skenking van 'n kerkman. Barnabas Shaw het veral aan die kinders van hierdie slawe gedink en daarom is die skool in 1845 in 'n ou perdestal begin. Die kerk is daarna op 5 November 1849 geopen.[505] Volgens 'n ander bron is die 'chapel' reeds op 6 November 1845 geopen.[506] In 2018 is die laerskool in Raithby steeds die middelpunt van die gemeenskap en tydens 'n besoek in 2016 is met die kinders van die skool gepraat. Die straatname weerspieël ook die geskiedenis van die dorpsgebied.

Langs Raithby het twee families op privaat grond geboer. Hulle was van Hollandse afkoms en het op die plase Nuweland en Oaks gewoon. Hierdie families het met van die inwoners van Raithby ondertrou en die meeste inwoners van Raithby was van gemengde bloed. Nie al die blankes op naburige plase was ingenome met die ontstaan van Raithby nie, omdat hulle ongemaklik met 'n geleerde werkersklas was.[507] Behalwe vir die Hollandse bloed was daar ook Joodse, Engelse en Khoekhoen bloed in die are van die inwoners.[508] Catherine Willemse het in haar boek die ouer geslag blameer dat hulle nie meer inligting oor hulle herkoms aan hul kinders gegee het nie.

> *Die agtergrond tot jou menswees is belangrik, want dit maak saak wie jy is, waar jy vandaan kom en waarom jy sekere trekke het wat jou van ander mense onderskei. Wanneer jy weet wie jy is, bring dit in 'n mate berusting, omdat jy 'n geborgene is, iemand met 'n identiteit.*[509]

Hierdie aanhaling het ook betrekking op die mense van Buisplaas omdat hulle as grondeienaars en met hulle gebondenheid aan mekaar weet dat hulle hul eie identiteit het.

---

[504] Cilliers, S.J, *The Coloureds of South Africa,* Banier Publishers ( Pty.)Ltd., Cape Town, 1963, p.57.
[505] Willemse, C, *Met 'n diepe verlange*, p. 10.
[506] Mears, G W, Methodism in the Cape,p.129.
[507] Ibid., p. 129.
[508] Willemse, C, *Met 'n diepe verlange*, p. 47.
[509] Ibid., p.11.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Willemse skryf die volgende gediggie in haar boek:

Die mense sê:

*Jy lyk soos jou ma.*
*Die mense sê: Nee,*
*sy lyk soos haar ouma.*
*Die mense sê:*
*Die pa was Joods,*
*die ma was Khoi-Khoi,*
*die pa was slaaf.*
*Die ma, die boer se kind.*
*Die mense sê.*

Sy vertel verder dat sommige jongmense later na Europa gereis het op soek na die oorsprong van hulle stamouers. Of hulle suksesvol was, word nie genoem nie.[510]

Raithby was bekend vir hul vooruitstrewende aarbeiboerdery. Vir jare was daar suksesvol met aarbeie geboer en die aarbeie was op verskeie plekke in die Kaapse Skiereiland verkoop. Teen 1973 het Raithby oor moderne geriewe soos elektrisiteit, telefone, goeie paaie, 'n klein kliniek en goeie watervoorsiening beskik en ongeveer 300 inwoners het 'n rustige plattelandse bestaan gevoer.[511]

So het hierdie gemeenskap met sy Metodiste-tradisie ontstaan, onafhanklik geword en suksesvolle burgers vir die land gelewer. Baie van die jongmense het weggegaan om te trou of om nuwe betrekkings te aanvaar. Niemand was daartoe verbind om nie hulle grond te verkoop nie en dus is van die erfgrond aan vreemdes verkoop. Teen die jaar 2000 het die woonbuurt baie verander, aangesien daar toe mense in Raithby gewoon het wat nie die ou gewoontes van die voorouers van Raithby geken het nie, aangesien hulle nie verwant aan die geslagte van vroeër was nie. Die bakens van die plaas is ook in die loop van die jare verskuif om die oorspronklike grondgebied te verklein. Die Raad van Raithby het probeer om hulle grond terug te kry, maar ter wille van hul goeie betrekkinge met hul blanke bure, het hulle die geskille daargelaat. Met 'n besoek aan Raithby tref jy nou net 'n gewone dorpsgebied aan, want die groot vrugbare erwe bestaan nie meer nie en ook nie die kerk- en kommunale grond nie.[512] Die kerkgebou staan wel nog daar. As daar op die internet na Raithby gesoek word, kan baie advertensies van gesofistikeerde nuwe sekuriteitskomplekse in hierdie gebied gevind word.

[510]Ibid.,p.47.
[511]Mears, G W, *Methodism in the Cape*,p.129.
[512]Ibid.,pp.47-49.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

*A true hidden treasure, nestled on the edge of the historical Mission Village called Raithby, in between Stellenbosch and Somerset West just of the R44.*

*Raithby Vines located in the old country village of Raithby, close to Somerset West and Stellenbosch is situated between vineyards with stunning views of the Helderberg and Hottentots Holland mountain range.*[513]

Raithby het vandag ongeveer 600 inwoners en baie van die inwoners werk op die plase rondom die woonbuurt. Hulle is, net soos Buisplasers, veral trots op hulle rugbyklub wat al in 1902 gestig is. Die verknogtheid aan hul rugby spruit uit die eeu-oue bestaan van hul rugbyklub.[514]

Buisplaas verskil baie van Raithby aangesien die uitleg van Buisplaas steeds in 'n groot mate dieselfde is as toe die eerste inwoners daar kom bly het. Buisplaas bestaan steeds uit die drie dele, naamlik die Bostadt, die Middelstadt en die Onderstadt. Die huise in Buisplaas het verander en is verbeter en daar word steeds nuwe huise gebou, maar die basiese uitleg is dieselfde as vroeër. Raithby lê in 'n stadsgebied tussen Somerset-Wes in die rigting van Stellenbosch wat steeds aan die uitbrei is en die hele atmosfeer van 'n afgeslote landelike gemeenskap het totaal verander oor die jare. Die sentiment van die ouer geslag oor hul grondgebied het verlore gegaan in die moderne stedelike uitbreiding van die hele omgewing. Groot erwe is nie meer bekostigbaar nie, en moes plek maak vir kleiner erwe sodat meer mense daarop gevestig kon word. Buisplaas se afgeslotenheid het bygedra tot sy behoud in sy oorspronklike vorm. Aangesien daar geen dorpsgebied of nywerhede naby Buisplaas is nie, is daar ook nie 'n bedreiging van moontlike inkomelinge van buite die gemeenskap nie.

**TESSELAARSDAL**

Tesselaarsdal is al in 1810 aan die nageslag van Johannes Jacobus Tesselaar bemaak. Aanvanklik was die naam van die nagelate grondgebied, Hartebeestrivier of Plaas 811 wat deur Tesselaar in 1781 op bruikleen gekry is. Hy was 'n luitenant in die Kaapse kavallerie en het hierdie plaas en ook Steenboksrivier (nou Dunghye Park) in 1783 van die Kompanjie verkry. Daar het veertien manlike en vier vroulike slawe vir hom gewerk en hom gehelp om met vee en perde te boer. Johannes Jacobus Tesselaar, seun van 'n Duitse immigrant en sieketrooster aan die Kaap, was na Willem Adriaan van der Stel die eerste grondbaron in die Overberg. Voor Tesselaar het Goewerneur Willem Adriaan van der Stel die hele Overberg as sy eie beskou. Van der Stel het Jan Hartogh, sy plantkundige en

---

[513] Internet: Property 24.

[514] http://www.rurugby.yolasite.com/raithby-village.php

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

bestuurder van sy plaas in die Helderberg, Vergelegen, in 1707 gestuur om na sy agtien '*cattle stations*' in die Overberg te gaan. Hartogh moes met die plaaslike Khoekhoen vir die ruil van vee onderhandel. Van der Stel het die name van sy plase in 1711 onder die bestuur van sy onderdane gelaat en een van hierdie plase was *Hartebeesten Rivier*. Dit was eers nadat Van der Stel deur die Vryburgers van kullery beskuldig is dat persone soos Tesselaar die plase in die Overberg vir bruikleen in die hande gekry het.[515]

Tesselaar het verskillende plase suid van Caledon besit. Hy het egter nog plase bekom vir sy groot veestapel en perdeboerdery.[516] Hy was 'n vooruitstrewende boer en het in 1797 reeds talle slawe, baie perde, beeste en skape asook 'n wamaker in sy diens gehad op sy vyf plase.

> *At the end of the seventeenth century the limits of European habitation were only 80 km from Cape Town. During the eighteenth century the line moved more than 800 km further as hunters, traders, raiders and finally, cattle farmers pushed eastward into the interior.* [517]

> *The number of male slaves in arable farming increased from 1,500 in 1716 to 2,800 in 1770; the number of cultivators who owned one or two slaves declined, but an increasing number of farmers owned ten or more*.[518]

Hy en sy vrou, Alida (Aaltje) van der Heyde(Heijden) was kinderloos maar hy het vier dogters by Maria Heizenberg gehad. Sy het ook twee seuns, 'n tweeling genaamd Barend en Jan Frederik Bredenkamp by Jan Frederik Bredenkamp gehad. Volgens die Geslagsregister van Ou Kaapse Families (De Villiers en Pama) was Maria van gemengde bloed en die erfgename van Tesselaar dus ook almal van gemengde herkoms.

Tesselaar se testament wat op 6 Maart 1809 op die plaas Steenboksrivier onderteken is, het Hartebeestrivier aan die vier dogters, Elizabeth, Alida, Aletta en Christina Heizenberg bemaak asook aan die tweelingseuns, Barend en Jan Frederik Bredenkamp.[519] Na ses maande het Tesselaar die name van Joggom Koert, Gert en Jan Gertse as begunstigdes bygevoeg. Hy is in 1810 oorlede maar Aaltje het nog tot in 1832 met haar dood die plaas bestuur. Haar testament verklaar alle vorige testamente ongeldig en lui soos volg:

> *Aan Elizabeth, Alida, Aletta en Christina Heuzenberg, Barend en Jan Frederik Bredenkamp, Joachin Corvet alias Joggom Koert, Gert Gertze en Jan Gertze, allen gezamentlyk, de opstal der Leningsplaats genaamd Hartebeestrivier, met al*

---

[515]Tydskrifartikel, Wessels, H en Streicher, S,*In the footsteps of Jan Hartogh,* Village Life, June/July 2005, p.22.
[516] Du Toit, S J, *Spore oor die Overberg,* ABC Drukkers, Hermanus,p.252.
[517]Elphick and Giliomee, *The Shaping of South African Society, 1652 – 1820,* Longman Penguin South Africa, Cape Town, 1979, p.291.
[518]Ibid., p.58.
[519]MOOC, 7/1/61-2.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

> *het geen daarop aan en nagetrast, geleengen onder het Smaldeel Caledon in het Distruct Swellendam.* [520]

Sy beklemtoon ook in haar testament dat alle slawe vrygelaat moes word na haar dood en ook dat daar aan alle slawekinders onder 15 jaar 1000 Indiese gulden uit die boedel betaal moes word. Die eksekuteur moes sorg dat die geld vir hul opvoeding en verpleging gebruik word. Die res van die plaas is aan twee broerskinders van Tesselaar bemaak.

Van die nege erfgename van die plaas wat later as Tesselaarsdal herdoop sou word, het net die twee Bredenkamp-broers hul toegekende grond wettig vir verdeling aan hul nageslag deurgegee. Joggom Koert het met Alida Heizenberg getrou en een van hulle dogters, Louisa het in die Carelse-familie ingetrou, wat teen 2014 nog 'n gedeelte van die plaas besit het.

In die twintigste eeu het twee kerkgenootskappe kerke in die dorpie gevestig, nl. die NG Sendingkerk ( tans die VGK) en die Anglikaanse kerk. Inwoners het in 2015 bevestig dat die twee kerke steeds op Tesselaarsdal werksaam is, maar dat verskeie inwoners ook nou aan ander kleiner kerke behoort. 'n Laerskool is ook gebou en in 1930 die poskantoor. Aangesien daar reeds 'n Hartebeesrivier-poskantoor was, is die naam na Tesselaarsdal herdoop om verwarring uit te skakel. In die volksmond staan die plek as Teslaarsdal bekend. Die poskantoor is in die 1960s gesluit en die inwoners wil die murasie herbou en as 'n museum gebruik.

Die kunstenaar Peter Clarke wat vir lang periodes van sy lewe op Tesselaarsdal gewoon en geskilder het, het daar rus gevind om sy kreatiewe werk te kon doen. Vir hom was dit een van die min plekke waar wit en bruin reeds vir 200 jaar vreedsaam naas mekaar gewoon het en waar die Groepsgebiede Wet nie 'n invloed gehad het nie. Die Caledonse Afdelingsraad het probeer om die dorpie in 1971 te verdeel in wit en bruin gebiede, maar regter Helm van Zijl het gesê dat die status quo behou moes word en dat die eienaars die reg het om hul eiendom *'in onverdeelde aandele te besit'*. In wese en in die praktyk het dit beteken dat die 128 mense ( 87 bruin en 41 wit) in hierdie gemengde gebied kon bly.[521]

In 1982 is die *Land Organising Committee* op Tesselaarsdal gestig om die titelaktes uit te klaar, sodat die mense nou wettige eienaars van hul erwe is. Daar was planne om 'n blanke behuisingskompleks op Tesselaarsdal te bou, maar die bruin inwoners het heftig beswaar aangeteken en het daarin geslaag om die bou van so 'n kompleks te verhoed. Hulle het gevrees dat 'n meerderheid blankes die regering die reg sou gee om die gebied as 'n

[520] MOOC, 7/1/117, VERWYSING 105.
[521] *Peter Clarke se wêreld*, Internet, 14 Julie 2014, pp.5-7.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

blanke dorp te klassifiseer en hulle dan te verjaag. Dit het 10 jaar geduur om die wetlike eienaarskap van die inwoners te bewys, maar die *Land Organising Committee* het dit reggekry. Na 1992 en die afhandeling van die titelaktes, is lopende water vir die dorpsbewoners aangelê en hulle het ook elektrisiteit gekry.[522] Tesselaarsdal se ontwikkeling het dus in dieselfde tyd as Buisplaas s'n gebeur. Aangesien hulle nader aan die gewilde strandoorde soos Hermanus en Kleinmond geleë is en ook binne bereik van Kaapstad en sy omliggende dorpe, was daar wel belangstelling van buitestaanders om plekke op Tesselaarsdal te koop. Daar is niks wat die inwoners van Tesselaarsdal verhoed om hul eiendom te verkoop nie.[523] Waar Buisplaas ver van groot dorpe geleë is, min inwoners wettige titelaktes besit en deur hul oortuiging dat Maria Tarentaal in haar testament hulle belet het om hulle grond te verkoop, is daar op Buisplaas nog geen eiendom aan buitestaanders verkoop nie.

Tesselaarsdal en Buisplaas bied min of geen werksgeleenthede vir sy inwoners en daar werk baie van die inwoners op nabygeleë dorpe. Dit is veral die jongmense van hierdie gemeenskappe wat gaan studeer het of wat die beter werksmoontlikhede in stede benut het. Dit is dus meestal die ouer geslag of afgetredenes wat steeds in hierdie dorpe woon. Baie van die jonger mense het wel 'n sentimentele verbintenis met hul geboortedorpe en sal daar besoek aflê, maar hulle besef dat hulle weens ekonomiese redes nie meer daar kan woon nie. As hulle ouers steeds in die dorpe woon, sal hulle gereeld daar besoek aflê, maar hulle word selde permanente inwoners voordat hulle nie self aftree-ouderdom bereik nie. Op Buisplaas kom ouer oud-inwoners dikwels uit groot stede soos Kaapstad kuier, omdat hulle na die rustigheid maar ook na die familiebande verlang. Wat Tesselaarsdal gesog maak, is dat dit 'n mooi dorpie is met goeie ligging in die voetheuwels van 'n hoër bergreeks en soos reeds genoem, binne bereik van groter sentra.

Om dan weer na die omstandighede in Buisplaas te kyk, kan die verskille tussen Buisplaas en Tesselaarsdal duidelik gesien word. Tydens 'n inligtingsvergadering in Desember 2016 word inwoners van Buisplaas versoek om huurgeld van familielede wat hul huise huur te vra, omdat almal van die dienste gebruik maak. Elke inwoner moet R120 per jaar betaal vir die dienste wat aan hulle gelewer word en baie doen dit nie. Dit word ook

[522] Internetartikel, *A brief summary of the history,* 12 Julie 2014.
[523] As die woord Tesselaarsdal op die internet ingetik word, kry die soeker talle advertensies van eiendomsagente wat eiendom adverteer.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

onomwonde gestel dat huise nie aan vreemdelinge verhuur mag word nie, wat verskil van Tesselaarsdal.[524]




**Foto 15: Een van die huise in Tesselaarsdal[525]**

Joy Paulse het my na haar huis op Tesselaarsdal geneem om haar man te ontmoet maar tydens ons staptog deur die dorpie kon sy al die huise en hul eienaars aan my uitwys. Ook die netjies laerskool. Sy moet egter elke dag met 'n taxi na Caledon reis waar sy werk. Buisplaas se werkende mense het in 2018 ook 'n taxi-diens wat hulle na hul werk vervoer. Daar is ook die trots by Joy aanwesig van iemand wat grond besit en trots is op die hele gemeenskap, al het dit oor die jare verander en al het daar buitestaanders hul intrek in hul dorpie kom neem.

Tydens gesprekke met kafee- en winkeleienaars op Tesselaarsdal is dieselfde patroon in die lewens van hierdie mense gevind as in die lewens van die Buisplasers. Mense

[524]Inligtingsvergadering, 17 Desember 2016.
[525]Foto geneem deur A le Roux.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

beweeg weg van hul geboorteplek tydens hul loopbaangerigte tydperke maar kom terug om af te tree in hul heimat.[526]

**SLANGRIVIER**

Slangrivier, of soos dit voorheen bekend was, Hottentotskraal, is in die suidoostelike deel van die Wes-Kaap geleë, 14 kilometers vanaf Heidelberg op pad na Swellendam. Hierdie woongebied is in ooreenstemming met Ordinansie 50 van 1828 aan 'n groep van twintig Khoekhoen gegee nadat hulle deelgeneem het aan die militêre operasies van die Britse regering gedurende die grensoorloë teen die Xhosa. Aangesien daar min wettige grondeienaars onder die Khoekhoe-bevolking was, is die bestaan van Slangrivier ook 'n uitsonderlike geval, aangesien die nasate van hierdie groep in 2018 nog steeds hierdie grondgebied besit. Meestal was dit net op sendingstasies en op die grondgebied/eiendom van kerke waar die Khoekhoen 'n heenkome gevind het nadat hulle deur die Europese besetters van hul grond ontneem is. Tradisioneel het die Khoekhoen oor die hele Kaapprovinsie of waar hulle ook al wou, rondgetrek. Aangesien hulle vee besit het, het hulle wel lank op sekere plekke gebly, maar hulle was ook vry om te trek na beter weivelde indien dit vereis was a.g.v. droogtes. Baie van die grondgebiede waarop die Khoekhoen om sendingstasies gebly het, is na 1900 deur die regering van hulle af weggeneem en die beheer oor sulke gebiede is deur die regering oorgeneem.[527]

Hierdie twintig grondeienaars van Slangrivier het wettige grondeienaars geword deur 'n proklamasie wat goewerneur George Napier in die naam van koningin Victoria uitgevaardig het. Soos in die geval van Buisplaas het die oorspronklike grootte van die skenking ook met die jare gekrimp.[528] In Buisplaas se geval ontken al die bure dit maar sommige inwoners bly dit glo. In Slangrivier kan hierdie feit bevestig word terwyl die bure van Buisplaas enige grondvergrype ontken.

Volgens Dirk Fielies, wat nou die opsigter by die plaaslike skool op Slangrivier is en reeds jare lank daar bly, het twee sendelinge van Genadendal in 1794 na hierdie deel gekom en daar vir die groep Khoekhoen begin preek en so het daar 'n gemeente ontstaan.[529] Die kerk wat steeds gebruik en in standgehou word, is in 1838 deur die *Congregational Church* of soos dit in die volksmond bekend is, die Kon-kerk, gebou. Volgens Fielies het hulle titelaktes van hulle erwe waarop hul huise staan, maar tog beskou die meeste inwoners van Slangrivier dit as gesamentlike eiendom. Op Buisplaas is die titelaktes nog 'n netelige

[526] Onderhoud: 08.03.2015.
[527] De Jongh, M, *A Forgotten First People,* The Watermark Press, Durban, 2016, p.38.
[528] Ibid., p.39.
[529] Persoonlike onderhoud, 09:11:2016.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

kwessie. Die eerste inwoners van Slangrivier kon net waar hulle wou vir hulle huise binne die grense van die geskenkte grond bou, met ’n groot genoeg erf óm die huis vir groenteverbouing of ander gebruike. Hulle het ook vee aanhou wat op ’n gemeenskaplike gebied gewei het.[530]

Slangrivier het in 1876 die naam van hierdie gemeenskap geword en dit heet steeds so. Behalwe die naam Hottentotskraal was die plek ook as Olieboomkraal bekend.[531] Volgens die statististiese opname van 2011 beslaan die eiendom 840 hektare en woon daar 3011 mense op Slangrivier. 96,01% van die inwoners is bruinmense en 96,02% van die inwoners se gebruikstaal is Afrikaans.[532]

Buisplaas is veel kleiner en meer onbekend as Slangrivier maar die inwoners van beide hierdie gebiede is grondeienaars en trots op hulle eiendom. Die kerke is vir beide hierdie gemeenskappe belangrik. Albei gemeenskappe is vêr van werksgeleenthede en moet wegtrek of in Slangrivier se geval, moet hulle inwoners deur middel van duur vervoer na die twee dorpe waartussen Slangrivier lê, reis om te werk. Buisplaas se inwoners wat byvoorbeeld by Mosstrich werk, moet ook van taxi’s gebruik maak om werk toe te gaan.



**Foto 16:Inwoners besig met instandhoudingswerk aan die Congregational Church op Slangrivier [533]**

[530]De Jongh, M, *A Forgotten First People,* The Watermark Press, Durban, 2016, pp.39-40.
[531]Ibid., pp. 40 – 41.
[532]Internet, Slangrivier se webbladsy.
[533]Foto geneem deur A le Roux.

www.manaraa.com



**Foto 17: Die Anglikaanse kerk op Slangrivier**[534]

## 8.4 BY WYSE VAN VERGELYKING MET BUYSDORP IN LIMPOPO

Die nageslag van Frederick du Buis se broer, Coenraad, woon in 'n groot gebied van 11 000 hektaar in teenstelling met die gebied van 94,5 hektaar wat Buisplaas beslaan. Die gebied wat as Buysdorp bekend is, is geleë aan die voetheuwels van die Soutpansberge in die noorde van Suid-Afrika in die Limpopo provinsie. Die woord 'dorp' is eintlik nie vanpas nie, aangesien die grond uit vier plase, Buishoek, Buysdorp, Buisplaats en Mara bestaan en die Buyse se wonings is yl versprei oor dié gebied.[535]

In teenstelling met Frederick du Buis is daar al baie oor Coenraad in tesisse, boeke en koerantberigtegeskryf. Hy was 'n man van oor die sewe voet wat deur verskillende fases in sy lewe gegaan het waarin hy as boer, jagter, avonturier, rebel, vegter, tolk en 'n vriend van die belangrike Xhosa-opperhoof, Ngqika, opgetree het. Uit sy verhoudings met verskeie inheemse vroue het hy die voorouer van die inwoners van Buysdorp geword. Sy eerste metgesel toe hy die distrik waar sy ma en broers gewoon het, verlaat het, was 'n Khoekhoe-vrou (daar is nog nie uitsluitsel oor haar herkoms nie; verskillende bronne raai maar wat haar afkoms blyk te wees), Maria van der Horst. Hy het haar en hul kinders oral

---

[534]Foto geneem deur A le Roux.

[535]De Jongh,M,*Identity Politics and the Politics of Identity: An exclusive hybrid community negotiates ethnicity, place and contemporary South African realities, Ethnoculture (Vol.1, 2007, pp. 27 – 38.),*p.3

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

saamgeneem, ook nadat hy met Ngqika se ma 'n verhouding gehad het en later toe hy met Elizabeth, die niggie of suster van die Matabele koning, Mzilikazi getrou het.[536] Elizabeth was die moeder van die Soutpanbergse Michael, Gabriel en Doris. Ngqika het sy gesag oor die Xhosa-stamme verloor en na die Amatola-berge gevlug en dis waar sy vriendskap met De Buys tot 'n einde gekom het.

> *De Buys left the eastern frontier region and settled in the northern part of the present South Africa, where a community of mixed-blood transfrontier men, the Buys Basters, took root.*[537]

Geeneen van die ma's van sy kinders was van Europese afkoms nie. Die twee broers se voorvader, Jean du Buis, het in die Kaap met 'n mede-Franse burger, Sarah Jacob getrou, maar hulle seun het met 'n Hollandse vrou getrou. Vir meer as 40 jaar het Coenraad en Frederick se grootouers op die leenplaas Bergfontein geboer. Hulle was welvarende boere en het ook 'n ander plaas bygehuur vir weiding vir hulle veekudde. Die Hollandse invloed op die gesin het vermeerder, aangesien die Franse invloed getaan het met die trou van Hollandse vroue, en die seuns se pa is meestal Jan genoem, alhoewel hy ook as Jean in 1730 gedoop was. Uit sy huwelik met Christina Scheepers is twee dogters en drie seuns, Johannes, Coenraad en Frederick gebore.[538]

Coenraad en Frederick se ouers was baie arm en het hulle vader redelik vroeg in hul lewe verloor. Die rebelse Coenraad het sy ouerhuis gou verlaat en het al op 22-jarige ouderdom in die distrik van Willowmore gaan boer.[539] Party bronne gee die plek waarheen Coenraad gegaan het verskillend aan. Die streke was so groot en anders as tans ingedeel dat dit moeilik is om te bepaal watter bron reg is.

> *Hy was ook 'n man wat geen gesag oor hom aanvaar het nie, wat net volgens sy eie reëls gelewe het en eiehandig meer moeilikheid gemaak het as enigiemand anders in suider-Afrika in sy era.* [540]

Coenraad was 'n kleurvolle figuur in die geskiedenis van Suid-Afrika. Hy kan voorgehou word as die eerste rolmodel van 'nie-rassigheid' omdat hy verskeie vroue uit verskillende bevolkingsgroepe gehad het, behalwe uit blanke geledere.[541] Sy nageslag is later die Buysvolk genoem wat Afrikaans gepraat het. Hulle was die eerste ware Afrikanerpioniers in die ou Transvaal, want die Voortrekkers, wat in 1838 die Kaapkolonie verlaat het, het hulle

---

[536] Ibid.,p.3.
[537] Giliomee, H, *The Afrikaners,* Tafelberg, 2003, pp. 79-80.
[538] Schoeman, A E, *Coenraad De Buys,The First Transvaler,* MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria, De Bussy, J H, Pretoria, 1938, p.1.
[539] Du Preez, M, *Dwars,* Zebra Press, Kaapstad, 2009, p. 45.
[540] Ibid., pp.45-46.
[541] Ibid., p. 24.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

50 – 60 km vanaf Makhado (voorheen Louis Trichardt) aangetref.[542] Die Buysgemeenskap is saamgestel *uit elke moontlike stukkie genetika wat toe in Suid-Afrika bestaan het.*[543]

Coenraad se seun, Michael het saam met sy broers, Gabriël en Doris (Doors) die Soutpansbergse Buys-familiegroep tot stand gebring. Hierdie drie het saam met hulle families op die plase, Goedgedacht en Kranspoort, twee sendingstasies, gaan woon maar het hulle later op Mara (wat vandag Buysdorp is) in die Soutpansberg gevestig. Aangesien hierdie gebied deur swart gemeenskappe bewoon is, het die kultuur van die swartgemeenskappe die Buyse beïnvloed en die Buyse het ook met hulle ondertrou totdat 'n Skotse sendelingpaar hulle terug na die Christelike lewenswyse gebring het. Michael het die Skotse sendelingpaar, die MacKidd's genooi om by hulle te kom woon. Die hele groep het hulle as verhewe bo hulle swart bure beskou en wou nie deel van die swart gemeenskap wees nie. Hulle taal moes Hollands (en later Afrikaans) wees en hulle ligte velkleur was vir hulle baie belangrik.[544]

Dit was ook die 76-jarige Michael wat 'n afvaardiging na President Paul Kruger gelei het om grond te vra vir sy mense. Die president het die 11 000 hektaar grond aan hulle toegewys omdat die Buyse hulle aan die kant van die destydse Transvaalse Republiek in konflikte geskaar het. Dit is ook die grond wat hulle steeds besit, alhoewel hulle die gebied aanvanklik Mara genoem het. Mara, wat bitterheid beteken, het gedui op hul ontberings om uiteindelik hulle eie grond te besit. Sedertdien word die naam Buysdorp gebruik en is Mara slegs een van die vier plase waaruit die gebied bestaan.[545]

> *Hierdie Kleurlinggemeenskap, wat nog voor die Groot Trek blyplek by die Vendas gekry het, het in 1888 erkenning van die regering gekry vir hulle aanspraak op die vier plase wat hulle bewoon het.* [546]

'n Skool en 'n kerk is opgerig, maar baie van die min voorregte wat die Buyse in teenstelling met hul swart bure geniet het, is in 1871 met die Britse anneksasie van die Transvaal weer weggeneem. Hierdie optrede deur die Britte het die Buys-mans in albei die oorloë van 1880-1881 en 1899-1902 genoop om teen die Britte te draai en liewers die boere te help. Alhoewel hulle nie aktief aan die oorloë deelgeneem het nie, het hulle ander funksies verrig soos dié van wadrywers en hulp aan die kommando's. In die Anglo-Boereoorlog van 1899 –

---

[542]Ibid., p. 49.
[543]Du Preez, M, *Dwars,* p. 49.
[544]Changuion, L, *Omstrede land,* Protea Boekhuis, Pretoria, 2011, p. 30.
[545] De Jongh, M, Identity Politics and the Politics of Identity: An exclusive hybrid community negotiates ethnicity, place and contemporary South African realities, Ethnoculture (Vol.1, 2007, pp. 27 – 38.), pp.3-4.
[546]Changuion, L, *Omstrede land,* Protea Boekhuis, Pretoria, 2011, p. 107.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

1902 is daar 158 van hierdie hulpverleners in 'n konsentrasiekamp by die destydse Pietersburg (Polokwane) gesit, waar talle gesterf het.[547]

In die jare sedertdien het die gemeenskap hulle toegelê op die kweek van gewasse op hul eiendom rondom hulle huise. Hulle het ook beeste aangehou en hulle verhuur een van die plase aan 'n boer vir gereelde inkomste. Die owerhede het gehelp met die aanlê van waterkanale, die bou van kerke, 'n gemeenskapsaal, 'n poskantoor, winkels, 'n kliniek, 'n polisiekantoor, kerkhof en 'n sportterrein by die skool. Ook op hulle grond is daar 'n swart gemeenskap, die Thalane-gemeenskap, wat uit Venda en Noord-Sotho's bestaan. Hierdie groep tree as arbeiders vir die Buyse op en het dit reeds vir geslagte lank gedoen. Volgens die 2011 statistieke word 56% inwoners as bruin geklassifiseer en 43,2 % as swart. Die inwoners van Buisplaas is 100% bruin en 100% Afrikaanssprekend.[548] Ten spyte van grondeise van die Thalane en ook ander swart 'stamme', staan die Buyse vas dat die grond aan hulle behoort en hulle het die titelaktes om dit te bewys.

> *I managed to obtain copies of documents inter alia entitled Crown Grant 80/1909 which seems to affirm that the land in question had been "ceded and transferred" to Coenraad, Jeftha and Benjamin Buys, "in their capacity as representatives of the Buys Tribe" by the Deputy Governor and Minister of Lands on behalf of His Majesty Edward the Seventh. It is also indicated that they shall possess [this land] in perpetuity.*[549]

Buysdorp met die afstammelinge van Coenraad du Buis verskil dus in talle opsigte van die klein Buisplaas waar die afstammelinge van sy broer, Frederick woon. Albei gemeenskappe besit die grond waarop hulle woon, alhoewel hulle dit op heel verskillende maniere bekom het. Maar Buysdorp is veel groter en en word bestuur deur 'n Bestuurskomitee van vyf lede wat die besitreg van eiendom beheer. Die persoon wat daarop aanspraak maak om 'n huis op te rig of daar te boer of vee aan te hou, moet 'n Buys wees of 'n nasaat van 'n Buys of getroud wees met 'n Buys.[550] Hierdie vereistes is dieselfde in Buisplaas. 'n Ander ooreenkoms is dat daar, afgesien van die inwoners van hierdie twee gebiede, nog baie van hul nageslagte oor die land en selfs in die buiteland versprei is. Albei gebiede se jongmense het dieselfde klagte dat daar nie genoeg vermaak is oor die naweke wanneer talle jongmense na hul ouerhuise terugkom nie.

In 2016 word berig dat Buysdorp se bestuurskomitee (BK) een van die vier plase, Buysdorp aan 'n boer verhuur en dus het hulle 'n inkomste van buite wat help met die

---

[547]De Jongh, M, Identity Politics and the Politics of Identity: An exclusive hybrid community negotiates ethnicity, place and contemporary South African realities, Ethnoculture (Vol.1, 2007, pp. 27 – 38.), p. 4.
[548]Statistiek verkry van die voorsitter van die BBV in 2018.
[549]Ibid., p.5.
[550]Ibid., p. 5.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

onkoste van die BK het.[551] Die BBV van Buisplaas het egter geen eksterne bron van inkomste nie wat 'n groot nadeel is. Daar is volgens twee bronne ongeveer 300 permanente inwoners op Buysdorp[552] en op Buisplaas is daar tans 277. Die amptelike statistiese gegewens van 2011 gee die bevolkingsgetalle van Buysdorp as 629 aan met 275 huishoudings.Die tendens op albei plekke is dat jong volwassenes elders gaan studeer en werk, maar as hulle ouer word en veral na aftrede kom hulle terug na hul tuisdorpe en wil dan daar kom woon. Daar is nog 'n laerskool, Mara Primêre Skool op Buysdorp terwyl Buisplaas se jong kinders, na die sluiting van hulle laerskool, tans in Herbertsdale moet skoolgaan totdat hulle na Mosselbaai en Albertinia moet gaan vir hoërskoolopleiding. Die hoërskoolleerders van Buysdorp gaan na Makhado (Louis Trichardt) vir hul hoërskoolopleiding. [553] [554] Albei dorpe ondervind van tyd tot tyd onderlinge probleme en struwelinge, soos Piet Buys dit stel: *Ons baklei maar, soos enige familie...dalk selfs meer.*[555] Op albei dorpe is dit dan die taak van die onderskeie gesagstrukture om die geskille tydens openbare vergaderings op te los.

Buisplaas het minder politieke probleme, aangesien dit in die Wes-Kaap in die Mosselbaai-distrik geleë is.[556] Die nuwe burgemeester van Mosselbaai, Harry Levendal, ken die probleme van Buisplaas en kan dalk in die toekoms van hulp wees terwyl Buysdorp in Limpopo voel dat die nuwe bedeling wat sedert 1994 in bedryf is, hulle nie simpatiek gesind is nie. Daar is ook meer diversiteit in Buysdorp aangesien daar volgens die 2011 statistieke 56,8% bruin inwoners was teenoor 43,2% swart inwoners. Die Buyse sê egter dat die mense van Thalane nie 'deel is' van Buysdorp nie. Op Buisplaas is die inwoners 100% bruin en almal is Afrikaanssprekend.[557] Die taalverdeling op Buysdorp was in 2011 56,8% Afrikaanssprekendes en die grootste ander groep is Noord-Sotho- sprekers, nl. 12,3% en die res van die ander inwoners praat 'n verskeidenheid van tale. In Hoofstuk 9 kan gesien word dat die munisipaliteit van Mosselbaai reeds aandag aan Buisplaas skenk maar dat die feit dat dit privaat eiendom is ook 'n nadeel vir hulpverlening is.

## 8.5 SAMEVATTING

Die ligging en die hoeveelheid grond wat die inwoners van hierdie klein gemeenskappe het, speel 'n groot rol in hul ontwikkeling en die voortbestaan van die

[551] Steyn, P, *Op Buysdorp is almal familie,* Die Burger, 04.04.2016.
[552] Ibid.,Andries Buys in die artikel *Op Buysdorp is almal familie,* in Die Burger, 04.04.2016.
[553] Ibid., p. 5.
[554] Die Burger, 04.04.2016.
[555] Ibid.
[556] Die Wes-Kaap en Mosselbaai is tans onder DA-beheer.
[557] Volgense huidige voorsitter van die BBV, R. Philander.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

gemeenskap. Waar Buysdorp genoeg water het en ’n baie groter area beslaan, is Buisplaas in ’n gebied geleë wat onderhewig is aan periodieke droogtes. Buisplaas is ook te klein om werklik lewensvatbaar te wees en ’n groot aantal mense te onderhou. Buisplaas en Buysdorp is ook afgeleë en afgesonder en vêr van groot dorpe en werksgeleenthede. Tesselaarsdal is in ’n gebied geleë wat naby genoeg aan ’n groot metropool soos Kaapstad is en waar mense wat die afsondering soek, vir hulle ’n huis kan kom bou. Talle klein dorpies in die Wes-Kaap word uiters gewild omdat dit vir stadsbewoners mode geword het om woonplekke aan te skaf uit die gewoel van die stad. Aangesien die verskillende bevolkingsgroepe reeds jare lank saam op Tesselaarsdal woon en daar geen wettige besware teen die besit van eiendom deur enige bevolkingsgroep is nie, kan die dorpie gewild raak. As jy met die nasate van die oorspronklike inwoners praat, kom dieselfde trots op hul eienaarskap en geskiedenis na vore as wat in die ander dorpies gevind word. En nie almal is geneë met die nuwe intrekkers nie.

Op Raithby kon ek nie met oud-inwoners praat nie omdat die gebied heeltemal verstedelik is en nie meer aan enige oorspronklike eienaar se nasate behoort nie. Slegs in die straatname en die ou kerkgebou kon tekens van die verlede gevind word. As Catherine Willemse nie haar boek geskryf het nie, sou die geskiedenis en sentimentele waarde van die dorpie nie bekend gewees het nie. Tog het die oorspronklike dorpie ook aan die eienaars behoort en het hulle vir ’n belangrike gedeelte van hul bestaan die troos van eienaarskap gehad.

Slangrivier is ook ’n dorpie op sy eie wat ligging betref, ’n gemeenskap met sy kerke en ’n trots by die ouer inwoners dat dit hulle eie plek is. By die mooi Lutherse kerkie het ek mans aangetref wat besig was met die opknap en verf van die kerkie. Hulle het my aangemoedig om foto’s te neem en ook na die binnekant van die kerk te kom kyk. Hulle was ooglopend trots op hul kerk en wou dit graag deel. Dieselfde trots kry jy ook by die inwoners van die ander gemeenskappe. Tesselaarsdal se skilderagtige ligging maak dit ’n gesogte bestemming vir inkommers maar die eienaars wat die lang geskiedenis van hul voorvaders wil laat voortleef, kry dit reg deur die oorspronklike karakter van die dorpie te behou. Ongelukkig is dit ook ’n nadeel om nader aan die Kaap te wees want die Anglikaanse kerk op Tesselaarsdal is omhein met hoë doringdraad om dit te beskerm teen vandale. Buisplaas se afgeleë ligging en die feit dat net Buisnasate daar bly, keer dat ongewenste persone wat nie die belange van die gemeenskap deel nie, nie maklik daarheen kom nie. In Buysdorp woon swart mense wat nie Buyse is nie en dit word so aanvaar. Tog waak die Buyse ook teen buitestaanders wat daar wil kom bly en die dorp word streng beheer deur ’n raad. Hulle het hulle eie VGK-kerk en kerksaal gebou en is trots op hulle onafhanklikheid.

www.manaraa.com

Soos in Hoofstuk 9 uiteengesit is, is daar 'n groot groep jongmense wat hulle beywer vir die verfraaiing en opbou van Buisplaas. Hulle pogings word gekortwiek deur die gebrek aan fondse maar hulle reël uitstappies en probeer aktiwiteite skep om die jongmense mee besig te hou tydens naweke en vakansies.

Dit is met 'n gevoel van dankbaarheid wat hierdie verhale van dorpies wat aan bruin gemeenskappe gegee is, nagegaan is aangesien daar soveel negatiewe dinge in die verloop van die geskiedenis en veral die apartheidsjare in Suid-Afrika gebeur het. Soveel bruin mense het hulle grond en huise verloor as gevolg van gedwonge verskuiwings en deur hierdie navorsing word mens weer bewus van die waarde van eienaarskap en die invloed wat dit op die psige van die mens het. Ook die samehorigheid wat hierdie eienaarskap in die gemeenskappe meebring. In Buisplaas word die samehorigheid deur 'n gemeenskaplike enkele taal en behorende tot 'n enkele bevolkingsgroep, versterk.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

# HOOFSTUK 9

# BUISPLAAS IN PERSPEKTIEF

## 9.1 INLEIDING

Buisplaas het 'n plek van meestal werkloses, jong ouers met klein kindertjies en afgetrede mense geword. Die oorgrote meerderheid werkende mense van alle ouderdomme moes noodgedwonge wegtrek sodat hulle ekonomies kon oorleef. Tot in die 1950's het die lede van die gemeenskap dikwels met mekaar getrou omdat almal as 'n familie saam geleef het. Tot in daardie stadium was daar min verskil tussen die inkomstegroepe. Hulle was trots dat hulle bruinmense was en sommige het 'n vrees vir swart mense gehad. Tog is daar 'n paar gevalle waar van die vrouens tog kinders by swart mans gehad het. Met die Laingsburg–vloed in 1981 het 'n swart inwoner, Oupa Mokoena se huis weggespoel wat wys dat 'n swart man toegelaat is om daar te bly maar net omdat hy met 'n Buisnasaat getroud was. Daar was ook 'n hele paar vrouens wat kinders by wit mans gehad het. So 'n kind is voetstoots aanvaar maar is tergend na verwys as die 'amper-baas'. Daar was 'n aantal sulke kinders maar almal is aanvaar asook die kinders waarvan een ouer swart was. Van die kinders wat elders saam met swart mans bly, meen dat die bruin mense hulle eie vyande is omdat hulle nie saamstaan soos die swart bevolkingsgroep nie.[558] Tog is die familiebande baie sterk onder die gemeenskap van Buisplaas soos dikwels op vergaderings en sosiale geleenthede en ook op 'n sosiale medium soos Facebook waargeneem word.[559]

Soos in enige gemeenskap gaan alles nie altyd voor die wind as dit by menslike interaksie kom nie. In die laaste ongeveer twintig jaar het daar ook dikwels onenigheid onder die lede van die gemeenskap ontstaan en was hulle dikwels jaloers op mekaar. Soos reeds genoem, was die verskillende inkomstegroepe 'n meer onlangse fenomeen wat die samehorigheid van die gemeenskap benadeel het. Van die gemeenskapslede het ook verder gaan leer en die verskillende vlakke van geletterdheid het ook verdeeldheid gebring.

Daar is geen polisiekantoor op Buisplaas nie omdat dit privaat grond is. Die polisiekantoor op Kwanonqaba, Mosselbaai bedien ook vir Buisplaas. Uit 'n onderhoud met 'n sersant blyk dit dat daar baie min of geen geweldsmisdaad op Buisplaas is nie en dat die enigste probleem dwelms is wat mense van 18 tot 37 jaar soms gebruik. Die mees bekostigbare dwelm wat vrylik beskikbaar is, is cannabis/dagga(word ook aaptwak, koelpatats of papegaaislaai genoem) en soms ook tik. Volgens die polisie-offisier word daar

[558] *Buisplaas Submission*, Appendix 6.1, pp. 3-4.
[559] Besoeke aan Buisplaas. 'n Buisplaas-Facebook bladsy is geskep en bestaan al uit oor die 660 lede.

www.manaraa.com

soms opportunistiese ekonomiese misdade op Buisplaas gepleeg, met ander woorde kleiner items word gesteel sodat dit verkoop kan word om sodoende geld vir dwelms te kry.[560] Om die jeugleier, Shaun Prins aan te haal na die stigting van die jeuggroep in Julie 2017:

> *Hierdie jeuggroep is gevorm om te voorkom dat die jeug van Buisplaas net nog 'n statistiek word.* [561]

Die jeuggroep is tot stand gebring om van die sosiale probleme soos alkohol- en dwelmmisbruik wat die jeug kortwiek, aan te spreek.[562] Die huidige jeugleier, Hiran Tarentaal, kry al die jongmense elke Vrydagaand bymekaar. In die somermaande as dit nog laat lig is, doen hulle buite aktiwiteite maar in die wintermaande speel hulle binneshuis speletjies.[563] Shaun Prins help hom as hy tuis is tydens vakansies maar studeer tans aan die universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein. Saam met Hiran het hulle met 'n aantal nuwe inisiatiewe begin om die jeug konstruktief besig te hou en hulle reël ekstra studielesse, talentkompetisies en werk saam met die ander jongmense aan die opvul van die erosieslote tydens die vakansies. Die munisipaliteit van Mosselbaai en 'n familielid van buite Buisplaas, Trevor Boltman het gesorg dat die jongmense op 'n besigtingstoer na Mosselbaai en Robbe-eiland (in die baai van Mosselbaai) geneem word.[564]

Baie van die onenigheid tussen die verskillende nageslagte van die vyf kinders van Simson en Maria (née Tarentaal) Buis, nl. Elias, Paulus, Hendrik, Elsie en Dina [565] is as gevolg van die onduidelikheid oor hulle erfporsies en die besit van titelaktes al dan nie. Dus het daar 'n klasseverskil ontstaan as gevolg van die trou met buitestaanders, ongelyke welvaart en ongelyke opleiding. 'n Jongman, Regan McGear meen ook dat bruin mense mekaar deur onnodige kritiek afdruk in die lewe waar swart mense mekaar beter ondersteun.[566] Tydens die 1991 -opname in die *Buisplaas Submission* het die oudste inwoners gemeen dat die gemeenskap mekaar beter ondersteun het toe almal nog saam swaar gekry het. Hulle het wel onwettig op maanligaande mekaar se aalwyne gaan tap en van die armer lede van 'n familie-groep het soms as huisbediende by die 'ryker' gesinne gewerk. Maar hierdie elemente het nie 'n skeuring in die algemene gemeenskap veroorsaak nie en was nie as so belangrik geag nie.

---

[560]Onderhoud: Sersant Nompi Cupido.
[561]*Mossel Bay Advertiser,* 27.10.2017, p.22.
[562]Ibid.
[563]Onderhoud: 22.09.2018.
[564]*Mossel Bay Home Ads News,* 09.10.2018, p. 5.
[565]Hul sesde kind, Piet Buis het al op 18 jarige ouderdom weggetrek en hulle het nie weer van hom gehoor nie. Ralie Philander het wel berig dat daar van Piet se nageslag al op Buisplaas was en belangstelling getoon in hul familie.
[566]Onderhoud: 09.05.2017.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Attie Joseph was in April 1975 pasgetroud en 'n jong onderwyser toe hy deur EPC Buis gevra is om teen 1982 die leisels oor te neem sodat hy kon kyk of hy nie iets vir die gemeenskap kon doen nie. Ons het reeds in vorige hoofstukke met EPC Buis kennisgemaak as lid van die Driekamerparlement en onderwyser op Buisplaas. Joseph vertel as voorbeeld van die samewerking en houding onder die mense van Buisplaas in daardie jare was dat almal gesien het dat EPC Buis oor talente beskik het wat moes ontwikkel word. Al die families op Buisplaas het die bietjie geld wat hulle kon spaar bymekaar gesit en betaal vir sy verdere studies.

As 31-jarige het Joseph ambisieuse planne gehad maar hy moes hom stadig in die situasie 'inwurm' [567]. Hy het besef dat hy met 'n sekere ingesteldheid van die gemeenskap te doen gehad het, een van berusting by hul lot en hul armoedige omstandighede. Daar was nog goeie waardes in die gemeenskap, meen hy, en hy het dit veral onder die ouer persone waargeneem. Hierdie persone moes met respek behandel word en terselfdertyd oorreed word om hul denke te verander om ontwikkeling en verandering te aanvaar. Daar is nou baie mense soos, Ralie Philander, die jongmense en nog van die ander inwoners met wie ek onderhoude gevoer het wat meen dat die bruinmense nie meer bymekaar staan en mekaar ondersteun nie. Hulle dink dat swartmense mekaar meer ondersteun in goeie en slegte tye, soos wat die jongman, McGear ook vroeër opgemerk het.

In Lucretia van Zyl se vertelling oor haar herinneringe aan die mense van Buisplaas noem sy een persoon wat in die Tweede Wêreldoorlog diens gedoen het, maar Joseph kan nog elkeen by die naam onthou. Frans Paulsen, Elias Buis, Andries Uithaler, Hendrik Buis, Jakob Buis, Elias Hoogbaard, Jan Hoogbaard, Jan Agulhas, Jan Taute en dan die kok, Tokerie oftewel Freek Joseph, wat ook deur Lucretia onthou word. Nie almal het soos Tokerie tot in Italië gereis nie en die ander was in Kimberley in die weermagkamp. Met die besoldiging wat hulle vir hul diens aan die land verdien het, kon party vir hulle huise op Buisplaas bou of bestaande huise na die oorlog opknap. Tokerie se twee kleinkinders word tans as kokke opgelei en daarmee sit hulle hul oupa se tradisie voort. Geen van hierdie genoemde Buisplasers het in die oorlog gesterf nie.

Die vyf groepe wat in Buisplaas voorkom, voel nie altyd dieselfde oor aangeleenthede soos toe grond aan die Sauermans oorkant die rivier verkoop is nie. (Volgens 'n onderhoud met Kosie Sauerman het sy voorgeslagte geen grond van Buisplaas gekoop nie, alhoewel daar in 1991 berig is dat sommige inwoners dit wel geglo het.) Ook

[567] Sy eie woorde: handgeskrewe dokument. Ontvang 23.01.2018.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

was baie ontevrede met die waterserwituut van Badenhorst in 1966. [568] Sedert 2000 lewer die kleinseun van Abel Daniël Badenhorst wat die serwituut laat opstel het, elke Saterdag leiwater aan Buisplaas en is die watergeskil opgelos (hoofstuk 5).

## 9.2 BUISPLAAS VANDAG: DIE ALLEDAAGSE LEWE EN PROBLEME

Tydens 'n besoek aan Buisplaas op die dag van die uitbetalings van staatspensioene kon gesien word dat die meeste van die inwoners ontvangers hiervan is. Alhoewel die meeste van die manlike ontvangers wel ander werke gedoen het, het hulle oor die algemeen 'n eenmalige bedrag van hul vorige werknemers by uittrede/aftrede ontvang en kry hulle nie 'n maandelikse som nie en moet hulle staatmaak op die karige staatspensioen. Die mans wat plaaswerkers was en die vrouens wat as huishulpe gewerk het, is ook afhanklik van staatspensioene. Dikwels het die mans en vrouens ook gedurende hulle leeftyd by meer as een plek gewerk en dikwels in verskillende dorpe of stede en sodoende nie 'n pensioenfonds opgebou nie. Jan Jansen het as bestuurder/ drywer in Johannesburg tot in 1996 gewerk. Van 1997 het hy in die Mosselbaai –distrik by Transand gewerk, maar toe kon hy en sy gesin op Buisplaas kom woon het omdat hierdie werk binne bereik van Buisplaas was. Hy is nou 63 en het twee jaar gelede afgetree. Sy vrou, Elizabeth woon saam met hom hier en sy ongetroude suster, Dina woon alleen in hul ouers se huis. Alhoewel Elizabeth in Johannesburg gebore is, beskou sy haar nou as deel van die familie op Buisplaas. Sy sê dat die mense haar as een van hulle eie aangeneem het omdat sy met 'n Buis getroud is. Sy gaan gereeld by haar familie in Johannesburg kuier maar hunker nie terug na die lewe daar nie omdat sy tevrede is op Buisplaas. Oral op Buisplaas vind ons die sterk familiebande.

Daar was op die pensioenuitbetalingsdag slegs ses persone wat ongeskiktheidspensioen gekry het. Een daarvan was Arend Jansen wat op 42-jarige leeftyd by sy ma, Susan op Buisplaas inwoon terwyl sy pa op Albertinia werk. Dus is die meeste inwoners afgetredenes of enkelouers wat ouderdomspensioen of vir kindersorg die staatspensioen ontvang. Die netjies kleuterskool, wat in 2016 deur Transnet verfraai is en weer in 2017 bykomende geriewe gekry het, se klein getalle wys dat daar nie baie jong ouers is nie. Die uitgestrektheid van Buisplaas wat uit drie dele (Bostadt, Middelstadt en Die Hoekie en Onderstadt) bestaan, veroorsaak dat die inwoners gereeld taamlike ente stap om by mekaar te kuier of om kerk toe te gaan. Beide kerke is in die Bo-stadt. Die oefening, die skoon lug en gesonde klimaat help die gesondheid aan. Sommige van die mans en ook van die vrouens werk ook gereeld in hul tuine (as daar nie 'n droogte heers soos in 2016 - 2018

[568] *Buisplaas Submission*, p. 4.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

die geval is nie) omdat selfgekweekte groente 'n nuttige hulpmiddel is aangesien hulle so vêr van 'n groot dorp geleë is.

Die vrouens van Buisplaas het nog altyd 'n sterk rol in die gemeenskap gespeel. Alhoewel Attie Joseph vir amper dertig jaar die ontwikkeling van Buisplaas deur die stigting van die Buisplaas Bewonersvereniging (BBV) gedryf het, is sy gesondheid nie meer goed nie en daarby woon hy al vir etlike jare op Mosselbaai. Daarom het Ralie Philander die laaste jare die rol as voorsitter van die BBV oorgeneem. Sy is ook die bibliotekaris en gee om vir die lotgevalle van die inwoners. Ralie het ook die storie van haar lewe aan die SCLC vertel in hul publikasie *The Women Recall.*[569] Daarin het sy die rol wat haar ma in haar lewe gespeel het, beklemtoon. Die tradisie van sterk vrouens het al baie jare vroeër begin. Toe die formele skoolopleiding op Buisplaas begin het in die jare tussen 1914 en 1920 is die eerste onderwyser, Stefaans Jansen opgevolg deur nog 'n man maar daarna het Maria Evertse, met die bynaam *Ouma Skool* oorgeneem. Twee van haar oud-leerlinge wat opleiding buite die dorp ontvang het, het teruggekom en as skoolhoofde gedien. Die een was die latere politikus, EPC Buis en die ander een sy suster, Elizabeth Rosina Buis. Sy het in 1936 as skoolhoof op Buisplaas begin werk en het die pos tot in 1952 beklee. Haar bynaam was *Teacher Lizzie*. Christina Hoogbaard wat ook haar opleiding in 'n groot dorp gekry het, het ook van 1963 tot 1989 teruggekom as onderwyser. Alhoewel sy na Mosselbaai vertrek het om daar onderwys te gee, het sy steeds teen 1991 'n belangrike rol op Buisplaas gespeel en was sy ook in 'n stadium die sekretaresse van die BBV. Sy is reeds oorlede. Mary Prinsloo is op Buisplaas gebore en het haar eerste skoolopleiding daar gekry. Sy het op Mosselbaai en in die Paarl verder skoolgegaan en toe in Mosselbaai gewerk. In 1991 was sy onder-voorsitter van die BBV en het veral geestelike leiding aan die dorpie gegee as hoof van die Lutherse Vroue-vereniging.[570]

Die skool is deur en in die Lutherse kerk begin en Jeanette Hoogbaard het oor die Lutherse skool wat so baie vir die gemeenskap van Buisplaas beteken het, gedig.

[569]SCLC, *The Women Recall,Stories, Poems and Memories of Six Southern Cape Women,* 2000, pp. 45-52.
[570]*Buisplaas Submission*, pp. 5-8.

www.manaraa.com

**Die Lutherse Skool**
Ons skool se naam is Fredrick Scheffler Primêr
Dit is die naam van 'n pastoor
Hy was 'n sendeling van vêr
En het kom woon in Mosselbaai.
In daai jare van sy tyd
Het ons die naam geken
Berlynse Sending Kleurlingskool
Dit was nog in die goeie ou tyd.

Vir hom was leer en werk die ding
Om jou gesond en sterk te hou
Want op 'n baie hoë ouderdom
Hy het voorsien om sendelinge hierheen te stuur.

Daar moet ook onthou word dat die ouer vrouens dikwels alleen onder moeilike omstandighede die huishouding moes waarneem terwyl hulle mans weggewerk het. Tydens onderhoude, selfs nog in 2018, onthou hulle hoe die rivier hul enigste bron van water was, hoe swaar hulle aan die waterkanne gedra het, en die ongerief wat hulle moes verduur in baie primitiewe omstandighede. Hoe hulle in die droogtetye vir water in die rivierbedding moes grawe. Hoe baie maar self moes gaan help om aalwyne te tap in die omgewing vir 'n broodnodige aanvullende inkomste.Dollie (Maria) Buis wat op Ashton gebore is maar met Jan Buis getrou het, het ses kinders op Buisplaas grootgemaak sedert hulle in Julie 1957 hier kom bly het. Sy is tans die oudste vroulike inwoner van Buisplaas. Haar man het oral gewerk maar sy het die huishouding hier op Buisplaas waargeneem. Al was sy 'n inkommer, het sy gou leer aalwyne tap en het vir jare lank saam met haar man getap. Van hulle ses kinders het sommige ook aalwyne getap[571], een het reeds gesterf, een werk by Transand en een by Daniël du Plessis. Dollie was in die Metodiste kerk in Ashton maar is nou saam met haar gesin in die Lutherse kerk waar sy baie tuis voel. Op 85-jarige leeftyd is sy nog positief en vol lewensvreugde al het sy albei haar bene weens diabetes verloor en is nou in 'n rystoel.[572] [573] Vrouens soos Rosetta Buis het ook as huiswerkers op naburige plase gewerk. Later het Rosetta haar siek broer in hul ouerhuis op Buisplaas tot sy afsterwe versorg. Sy het tot op 60 jaar gewerk en nooit getrou nie. Van die mans en vrouens wat tans by Mosstricht (die volstruis-verwerkingsaanleg naby Mosselbaai) werk, moet deur middel van

[571]Die aalwynbedryf is steeds sterk en die Buisplasers is steeds in aanvraag as tappers. Daar is egter nie meer genoeg aalwyne op Buisplaasom te tap nie en die droogte is ook 'n faktor wat die aalwynbedryf negatief beïnvloed.
[572]Onderhoud: 25.07.2017.
[573]Sy is so pas oorlede, Oktober 2018.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

twee taxi-ritte van en na hul werkplek ry. Jeanette Hoogbaard het die volgende gedig oor Buisplaas geskryf voordat die ontwikkeling plaasgevind het en dit weerspieël die gevoel van die ouer geslag oor hulle heimat:

**Buisplaas en sy mense**

Tussen kop, rant en krans, lê Buisplaas my geboorteplek
Vanaf peuter, kleuter, tienerjare het ek my hier bevind
As familie met bloed aan hom verbind
Vandaar die naam Buisplaas
Wat eers Buffelsdrift was
Langs die Gouritzrivier geleë
As enigste waterbron
Vir mens, plant en dier
Maar tóg het ons oorleef
Genadig is God wat vergeef
Soms het hy kant aan wal gelê
Ander kere opgedroog, met net gate wat water hou

Blougaatjie, Arrie se gat en so meer
Wat 'n penarie van gate graaf in die sand vir drinkwater en kosmaak
Miskien môre-oggend toegewaai, oop graaf, toegewaai, nuwe gat, toegewaai oopgraaf, geen ander gena
Een sulke gevalle van: nood leer bid en armoed beentjies kou
Sondagmôre vroeë bid-uur, oggend kerk, aand kerk
Vir ons was dit geen sware werk
Sondagskool was ook nie sleg
By **Tietser Lizzie** wie is jare gelede reeds al weg
Skoolgaan was 'n ander saak
Wie tot std 3 of 5 kon gaan, het dit net gemaak
Sal ek ooit vergeet, nee nóóit!
Tante Pok en antie Res se bidplekke
Elkeen buite in die opelug
Sê van Buisplaas wat jy wil
Ons kan seker maar verskil
Soos oupa Wiel sou sê (so het ons hom genoem)
Die wind kan waai [574]

Hierdie gedig som baie van die punte waaraan in die tesis geraak is, baie goed op en mens besef hoe die inwoners werklik gevoel het.

Elke inwoner van Buisplaas waarmee al gesels is, het vertel aan watter van die twee kerke hulle behoort en watter belangrike rol die kerke in die gemeenskap speel. Sovêr kon nie vasgestel word of daar enige tweespalt tussen die lede van die Anglikaanse en dié van die Lutherse kerk is nie. Elke persoon met wie ek al op Buisplaas gepraat het, het my verseker dat die kerk die een ding is wat nog nooit tweedrag in die gemeenskap gebring het nie.  Die lede van die Verenigde Gereformeerde Kerk (VGK) gaan na Albertinia vir hulle kerkdienste. Lidmate van die Anglikaanse kerk (deur die gemeentelede die *Nativity* genoem)

[574] Jeanette Hoogbaard.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

was nie altyd tevrede met hul kerk nie en so wend Jakobus Joseph[575] hom na die digkuns om sy frustrasie met die kerk so te verwoord:

**Klaagliedere van Jeremia**

**Nativity** my eie selfstandige kerk
Wat is jou visie of wat is jou werk?
Waarom kry ek dan suspisie dat jy
Jou gemeente uitmergel en sielkundig kasty.

Waarom plaas jy jou mense onder so baie druk
Hul laste mag lig wees, maar swaar die juk.
Is iemand bekommerd oor geestelike groei?
Of wil ons ons net met bazaarvonds bemoei?

Soek eers die Hemel wil die Bybel ons leer
Vir jou sal ek byvoeg wat jy ook al begeer.
Maar eers moet julle jul skape loop soek
Of al julle pogings is van begin af vervloek.

Nee ( kerkraad) dis tyd dat julle vinger moet trek
En basta die vet van jul hande aflek
Vir ( hand in die broeksak) kan ek nie meer duld
Wat doen jul veral met die Biskop se skuld.

Kom maak vol met BP en laat wiele rol
Ek's veral jul geploeter tot barstens toe vol.
Kry jou skape byeen en vra hulle raad
Gooi alles in een pot en voeg raad by die daad.

Sekondeer my en stem saam daar êrens is fout
Want self in die somer is **Nativity** koud.
Om gal van die kansel te braak sal niks baat
Jy beter in liefde met jou mense kom praat.

Nog 'n saambindende faktor is hulle rugby-span. Tydens my heel eerste besoek aan Buisplaas in 2014 het ek twee hoërskool–seuns langs die pad ontmoet en hulle het vertel dat al gaan hulle in die week in Mosselbaai skool, hulle uitsien na Saterdae op Buisplaas as daar rugby-wedstryde is. Die skoolseuns en die werkende mans speel saam in die dorp se span. Ook in 2018 is die jeug dit eens dat die rugby steeds van die min afleiding is wat hulle het maar dit vind uiteraard net in die winter plaas. Langs die rugbyveld (Hoofstuk 5) is die saal waar die gemeenskap saam vergader. Al die BBV se vergaderings en byeenkomste word ook in die saal gehou en almal is trots op die feit dat 'n inwoner die saal gebou het

[575]Kon nie die datum van skrywe opspoor nie, maar dit moet ongeveer 10 jaar gelede geskryf wees, ongeveer 2008 of vroeër. Dokument gekry van Attie Joseph.

www.manaraa.com

met stene wat hulle help maak het. Daar word ook soms danse en funksies vir die jongmense in die saal gehou.

Tydens ’n saamtrek van familielede op 23 September 2017 is daar besluit dat die mandaat wat aan die eerste BBV–bestuurskomitee gegee is, uitgevoer is en dat dit nou die taak van die huidige komitee is om ontwikkeling op Buisplaas verder te voer. Dertig jaar terug met die stigting van die BBV het die eerste komitee sekere doelwitte gestel en die vorige voorsitter van die BBV, Attie Joseph voel dat dit nou die huidige bestuur se taak is om nuwe doelwitte daar te stel en uit te voer. Daar is nog ontevredenes wat sukkel om titelaktes vir hulle eiendom te bekom en daarom is daar op die vergadering besluit om ’n adviserende komitee van kundiges op verskillende gebiede aan te stel om die dagbestuur by te staan. Die titelakte kommissaris het nie met Dina Lodewyk se boedel gewerk nie en van haar nageslag is ook ontevrede met die stand van sake oor eiendomsreg. Die adviserende komitee sal onderskeie take op ’n volgende vergadering kry. Op die vergadering wat beplan was vir die 16 e Desember 2017 het die bestuur gehoop om beplanning vir die volgende drie jaar te doen.[576]

## 9.3 BUIS PERSPEKTIEF: DIE UITDAGINGS VAN VANDAG

### Opinies van betrokkenes

Ouer mense raak gewoond aan hulle omstandighede en berus hul dikwels daarby. Hulle is nie altyd bereid om nuwe uitdagings te aanvaar nie. Jonger mense raak weer onvergenoegd met slegte omstandighede en wil graag verandering en veral verbetering van die status quo sien. Hierdie eienskappe geld vir die inwoners van Buisplaas. Die meeste ouer inwoners van Buisplaas wat ek op Buisplaas leer ken het, geniet die rustige stil lewe nadat baie van hulle gedurende hul werksjare in besige groot stede gebly het. Daar is egter soveel jongmense op Buisplaas wat verveeld is gedurende die vakansies en naweke en wat wens dat daar meer opwindende aktiwiteite is waaraan hulle kan deelneem. Hulle smag na die aktiwiteite wat daar in groter dorpe en stede vir jongmense beskikbaar is. Die *Buisplaas Community Youth*-groep wat Shaun Prins gestig het probeer om hierdie leemte te vul.

Vir die mense van Buisplaas en die BBV is dit belangrik om een maal per jaar ‘n groot vergadering gedurende ‘n vakansie te hê sodat bande tussen die nageslag herbevestig kan word. Vir die bestuur van die BBV is dit belangrik om sake met ‘n wyer gemeenskap te bespreek en verslag te doen van gebeure van die afgelope jaar. Stadsmense vind dit lekker om by hulle familie te kom kuier of net weer vir een dag deel van die gemeenskap te kan

[576]Notule van die Uitvoerende Raadsvergadering van die BBV, 14 Oktober 2017. Gehou in die gemeenskapsaal op Buisplaas.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

wees. Daar word ook planne beraam oor hoe sake op Buisplaas verbeter kan word. Daar was byvoorbeeld 'n groot byeenkoms op 23 September 2017 op Buisplaas gehou wat deur meer as 74 lede bygewoon is. Die bestuur het kort daarna 'n opvolgvergadering op 14 Oktober gehou. Dit was 'n Uitvoerende Raadsvergadering en was ook in die Gemeenskapsaal gehou. Met die nuwe burgemeester van die Mosselbaai-munisipaliteit, mnr. Harry Levendal, se belangstelling in die lot van die gemeenskap van Buisplaas is al die lede van die bestuur van die BBV nou opnuut begeesterd om ontwikkeling op Buisplaas te bevorder. Daar was ook 'n besoeker van Worcester, Paul Haas, op hierdie vergadering teenwoordig. Dit sal sy taak wees om Buis-nageslagte wat in die Worcester-area woon, ingelig te hou oor wat daar op Buisplaas gebeur. Hy kom uit die nageslag van Paulus Buis, seun van Sim en Maria. Hy is 'n kundige op die gebied van trusts en maatskappye en die bestuur wil hom betrek sodat hy kan help met die uitsortering van die eiendomsreg en titelaktes op Buisplaas.[577]

Die bestuur is ook besig om die Konsep Grondwet van die Buisplaas Gemeenskaplike Eiendomsvereniging wat in 1998 opgestel is, te herevalueer. Dit was destyds nie aan almal deurgegee nie en is dus nie aanvaar nie. Die grondwet van Buisplaas moet dus moontlik verander sodat dit aanpas by die nuwe inisiatiewe van die munisipaliteit. Hulle wil graag voldoen aan die vereistes van die Departement van Grondsake (2013) se *Community Property Association* (CPA) sodat Buisplaas erkenning by die regering en munisipaliteit, met ander woorde nasionaal en plaaslik, kan kry.

Die Mosselbaaise munisipaliteit se landelike ontwikkelingsbeampte, Setchmor Rhoodes berig so:

> *Ons landelike ontwikkelingstrategie gee die Mosselbaai-munisipaliteit 'n besliste voorsprong en die fokus is sodanig dat twee toegewyde amptenare spesifiek aangestel is om die landelike gebiede se infrastruktuur en sosiaal-ekonomiese ontwikkeling te bevorder.*[578]

Hulle wil veral armoede aanspreek omdat dit tot ander euwels aanleiding kan gee. Die munisipaliteit het nege belangegroepe geïdentifiseer en Buisplaas is een van die nege. Hulle fokus is op sosiale en ekonomiese bemagtiging en om volgens 'n plan doelmatig te werk te gaan om hierdie belangegroepe te help.[579] 'n Ander moontlikheid om die armer gemeenskappe te help is 'n maatskappy wat by PetroSA bio-brandstof uit spekboom wil

[577]Notule: Uitvoerende Raadsvergadering van die BBV, 14.10.2017.
[578]*Mossel Bay Advertiser*, 06.10.2017, p. 3.
[579]Ibid., p. 3.

www.manaraa.com

produseer. Spekboom[580] word al 'n geruime tyd na waarde geskat a.g.v. die koolsuurgas wat dit uit die atmosfeer onttrek. Spekboom groei ook in die droogste dele van ons land en dit kan ook in Buisplaas aangeplant word. Daarby is die aanleg by PetroSA binne die bereik van die inwoners van Buisplaas en dit kan werksgeleenthede meebring.[581]

Tydens 'n vergadering gehou op 16 Desember 2017 word waargeneem dat die grondeienaarskapkwessie steeds die grootste probleem is wat onderlinge struweling tussen die nasate van die vyf families veroorsaak. Daar was nasate uit Kaapstad en Pretoria op die vergadering verteenwoordig wat indringende vrae gevra het, maar aangesien hulle nie op Buisplaas bly nie, kon gesien word dat hulle nie bewus is van die probleme van die verlede en die moeilike pad wat die hervormers gehad het nie. Mnr Joseph het so goed as wat hy kon, verduidelik hoe die pad van ontwikkeling geloop het en watter struikelblokke daar was en steeds is. Ekself het die vergadering toegespreek en met hulle die inligting uit testamente en doodsertifikate wat deur navorsing verkry is, gedeel. Ek en Joseph het ook van die verskeie projekte wat reeds aangepak en misluk het, vertel, en die redes vir die mislukking gegee. 'n Verblydende aspek was dat 'n jongman, Shaun Prins opgestaan en die vergadering toegespreek het. Hulle het, soos reeds genoem, 'n groep gestig om jongmense op Buisplaas saam te bring en wat uitstappies organiseer en allerlei projekte wil aanpak. Shaun Prins het die plante wat ek gebring het, ontvang omdat dit ook hulle doelwit is om Buisplaas te verfraai.[582] Sedert die vergadering is ons in kontak met mekaar en kon hy my ook verwittig van die verdrinking van 'n jong seun, Arrie (Alfredo Shahied Buis) van Buisplaas wat die 6e Januarie 2018 op Buisplaas begrawe is. Daar was slegs een waterkuil in die uiters droë Gouritzrivier in Januarie 2018 en sal nou na die drenkeling, Arrie vernoem word. As die rivier wel vloei, is daar vyf kuile wat gevul word en die mense van Buisplaas het elke kuil na die persoon wat daarin verdrink het, vernoem. So word die persoon onthou. Volgens Joseph het die kuil van die jongste verdrinking al die meeste slagoffers geëis.

Tydens 'n besoek aan die jongmense van Buisplaas in Januarie 2018 is waargeneem dat die grootste behoefte onder hulle is om meer aktiwiteite daar te kan hê. Van die jong studente oefen hulle spiere met klippe en ander tuisgemaakte gewigte. Aangesien dit nog vakansie was vir beide leerders en studente het almal gewens dat daar vir hulle meer was om te doen. Hulle is positief oor die jongmensgroep wat gestig is en hulle wil graag die dorp verbeter. Van die hoërskoolleerders gaan op Mosselbaai skool en ander in Albertinia. Dit

[580]Volgens die HAT kom spekboom oral in die Wes-Kaap en oral in die land tot in die Limpopo-provinsie voor. *Portulacaria afra*. Dit is ook waardevolle voedsel vir vee.
[581]Ibid., 06.10.2017, p. 10.
[582]Besoek aan Buisplaas, 16.12.2017.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

hang net af watter dorp se skole vir die ouers geriefliker is om hulle kinders heen te stuur. Een jong dame, Rozanne Peterson werk by die teefabriek (in die industriële gebied by Mosstricht, waar heuningbostee verwerk word) en moet vyfuur opstaan om met die taxi's werk toe te gaan maar sy is tevrede met haar salaris. Haar vriendin, wat ook al matriek geslaag het, soek nog werk. Alhoewel daar 'n paar jongmense was wat op ander plekke soos die Kaap en Ashton bly, het almal vertel dat dit lekker is om op Buisplaas by grootouers te kom kuier maar kla ook oor die gebrek aan aktiwiteite waaraan hulle kan deelneem. Al die kinders het groot drome en wil graag iets sinvols met hul lewens doen. En hulle besef dat dit buite die veilige (en tog vir hulle, vervelige) lewe van Buisplaas moet geskied. 'n Graad 5-leerder Rozard Petersen wat in Herbertsdale in die laerskool is, wil eendag 'n chemiese ingenieur word. Hy vertel dat die buurmans, Daniël du Plessis en Daniël Badenhorst hulle die geleentheid gee om geld te verdien vir hul skoolbenodighede deur mis op te tel in hul onderskeie stalle. Garinique Buis is in gr 8 en wil graag 'n fisioterapeut word. Laurenzo Joseph werk as 'n intern by Transand en word deur die eienaar geldelik ondersteun om sy studies te voltooi. Sy eie pa het 23 jaar lank by Transand gewerk. Hy het dié van van sy oupa, Nicholas Sampson Joseph en is baie trots daarop. Die jongmense respekteer nog die ouer mense en waardeer hul opofferings. Fernald October is 'n tweedejaar student aan die NMU in Port Elizabeth en wil ook graag hê dat dinge op Buisplaas moet verbeter. Hulle almal sê dat die rugby in die winter die enigste aktiwiteit op Buisplaas is. Hulle kan wel een keer per maand in die gemeenskapsaal dans. Daar is egter jongmans, soos Craig October wat reeds matriek deurgekom het maar steeds werk soek.[583]

## 9.4 SAMEVATTING

Al is Buisplaas in die oë van die regering en baie buitestanders te klein om van belang te wees en Sanral (die nasionale padagentskap) die aanwysingsborde langs die nasionale en sekondêre paaie verwyder het[584] sodat nog minder mense van hierdie gemeenskap weet, is dit 'n plek waar liefde gedeel word, waar kinders opgroei en oues van dae hul rus vind. Bure wat jare langs Buisplaas gewoon het, gee 'n ander perspektief op die lewenswyse en sienswyse van die dorpie, maar op die ou end is dit die mense wat daar bly en leef wie se siening die belangrikste is. Die buurplase skep werksgeleenthede vir 'n aantal Buisplasers en oor die algemeen is daar 'n goeie wedersydse verhouding tussen die bure en Buisplaas se mense. Die jeugbeweging wat op Buisplaas gevorm is, wys dat die belangrikste

[583] Besoek aan Buisplaas, 09.01.2018.

[584] Dit is onder die Eden Distriksmunisipaliteit se aandag gebring dat die aanwysingsbord langs die N2 na Buisplaas verwyder is en ook dat daar geen aanwysingsbord langs die teerpad wat die N2 met Herbertsdale verbind was of is nie. Besoekers wat Arrie (Alfredo Shahied Buis) se begrafnis wou bywoon, het probleme gehad om die plek te kry a.g.v. die gebrek aan borde. Ek het dit by die Distriksmunisipaliteit gerapporteer.

www.manaraa.com

mense, nl. die jeug ook daarin belangstel om omstandighede te verbeter en dat hulle lief is vir die plek. Bure soos Daniël Badenhorst help met die voorsiening van tuinwater en Kosie Sauerman het R1000 vir die kleuterskool geskenk. Die nood vir meer geriewe vir die jongmense is groot maar ongelukkig kan die munisipaliteit nie daarmee help nie. Hulle word deur die wet verhoed om enige verbeteringe in Buisplaas aan te bring aangesien dit privaateiendom is. Wat 'n voordeel vir Buisplaas as grondbesitters moet wees, het ongelukkig ook 'n nadeel.[585]

[585]Terugvoering van raadslid, Len Rauch, 10.01.2018.

www.manaraa.com

# HOOFSTUK 10

## EVALUERING

Die doel van hierdie navorsing was om die lewe en voortbestaan van ′n klein bruin gemeenskap as grondeienaars te ondersoek. Daar is gepoog om die geskiedenis van twee bruin broers wat die grond van hul blanke pa geërf het, te dokumenteer en die proses van gemeenskapbou en oorlewing na te vors. Die strukturele dimensie van die sosio-historiese ervaring van die inwoners van Buisplaas in hul bepaalde landelike omgewing is geskets. Buisplaas is ′n plekkie wat so klein is dat dit op die meeste landkaarte nie eers aangedui word nie. ′n Klein dorpie waarvan die naburige dorpe se inwoners meerendeels nie eers bewus is nie. ′n Spikkeltjie gemeet teen die uitgestrektheid van Suid-Afrika. Maar die Buise van Buisplaas is gekies as eenheid van ondersoek. Die probleemstelling van hierdie studie het gedien as riglyn om te bepaal watter faktore bygedra het tot die ontstaan en behoud van hierdie dorpie, ′n minderheidsgemeenskap in ′n dorre streek langs die Gouritzrivier.

′n Gemeenskap wat hul grond sedert 1863 besit, 94,4 hektaar wat hulle geërf het van hul voorvader. In so ′n gemeenskap kon die nageslagte van Buisplaas hulself ontdek en laat geld omdat hulle ′n gemeenskaplike erfenis en gedeelde gebruike en probleme gehad het. Die afgeleë ligging het hulle genoodsaak om mekaar by te staan en te ondersteun. Die ruimte waarin hulle geleef het, was gevul met die kleure en geure van hulle plek, hulle omgewing. Elkeen het alles van sy mede-inwoners geweet omdat hulle hul plek saam geërf het, aangewese was op mekaar, verwant was aan mekaar en elke geboorte en sterfte saam ervaar het. So is die doelstelling bereik om Buisplaas se eiesoortigeheid te verklaar en bekend te stel en ′n plek in die geskiedenis van Suid-Afrika te gee.

Die konteks van die groter Suid-Afrikaanse sosiale, politieke en ekonomiese stelsel is ook in ag geneem in die ondersoek na die wese van ′n klein bruin gemeenskap te midde van al die veranderings wat plaasgevind het in die loop van die 155 jaar van die bestaan van Buisplaas. Vir buitestaanders mag die grootte van Buisplaas onbeduidend klein voorkom, maar die inwoners het die beskikbare ruimte gebruik om in te leef en te benut. Hul lewens word gevul met wedersydse aanvaarding en berusting by hul lewenswyse. Talle oud-inwoners kom daarheen terug om die laaste jare van hul lewens weer daar te kom bly en die gemeensaamheid van ′n gedeelde ruimte te ervaar. Al was die totstandkoming van die huidige moderne Suid-Afrika ′n lang en uitgerekte stryd om beheer oor die meer opvallende simbole en hulpbronne, het dit elke gemeenskap in ′n mindere of meerdere mate geraak. As eienaars van hul grond is die gemeenskap van Buisplaas nie deur alle grondwetlike veranderings geraak nie, maar hul maatskaplike en ekonomiese vooruitsigte is tog gestrem

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

deur byvoorbeeld die apartheidswetgewing van die 1950s en ironies, dat dit hul privaateiendom is.

Bestaansboerdery en die tap van alwyne op Buisplaas en vir die boere van die omgewing was die primêre ekonomiese bestaansmeganismes. Die kleure van die aalwyne in blom was nie net mooi nie, maar ook 'n teken dat hulle weer aalwyne sal kan tap en daarmee geld kon verdien. Hierdie lewenswyse was ekonomies gelykmakend van aard en eers later sou welvaart wat elders bekom is, klasseverskil aan die hand werk. As die Gouritzrivier vol wit sandbanke gelê het en daar min of geen water in die rivier was nie, het almal saam gaan grawe in die bedding van die rivier om sugwater te kry sodat hulle kon oorleef. Dis hierdie stemming wat diegene wat moes uitwyk om elders geld te gaan verdien, bybly en waarom hulle so graag terugkom vir familiebyeenkomste en die jaarlikse gemeenskapsvergadering. Die klank van die kerkklok waarna Lee Buis Hector in hoofstuk 7 verlang, die gesindheid teenoor Kersfees waarvan Zenia Henry melding maak en wat jy nog op Buisplaas aantref maar nie elders nie - dit is wat Buisplaas vir sy inwoners meer as net 'n plek maak. Die werklike omgewing, die tasbare en sienbare elemente van Buisplaas lyk onbeduidend vir 'n buitestander maar die ontasbare gevoel wat daar tussen die mense heers, is die element wat die Buisplasers koester en weer wil laat terugkom na Buisplaas.

Alhoewel alle bevolkingsgroepe in die demokratiese Suid-Afrika sedert 1994 veronderstel is om as gelykes behandel te word, is die werklikheid anders. Die meeste munisipaliteite probeer om die ongelykhede van die verlede reg te stel deur aan woonbuurte van agtergeblewe gemeenskappe meer en beter dienste te verskaf. As die gemeenskap egter die stuk grond waarop die woonbuurt of dorpie geleë is, besit, is die hande van die munisipaliteit afgekap. Aan privaat eienaars van grond kan nie dienste gelewer word nie. So 'n dorpie is Buisplaas. Die trots van eienaarskap het die inwoners vir 155 jaar laat voortbestaan deur klaar te kom met wat om hulle beskikbaar was. Hulle kon vry en gelukkig op hul eie grond bly terwyl die Gouritzrivier hulle van water voorsien het. Die diskriminasie van die onderskeie regerings het hulle relatief onaangeraak gelaat want hul plek was te klein en hul getalle te min sodat niemand hul met Buisplaas bemoei het nie. Maar ook het dit die gevolg gehad dat hulle agtergeblewe geraak het. Hulp was dus broodnodig omdat die lewensomstandighede sonder moderne geriewe soos aangelegde water, elektrisiteit, goeie paaie, telefoon en ander dienste baie moeilik was. Tog het die gemeenskap op Buisplaas voor die verandering en ontwikkeling van hul dorpie met die bewustheid geleef dat niemand hulle grond van hulle kan wegneem nie. Hierdie samehorigheid was die produk van jare se onafhanklikheid van ander mense en 'n bewustheid onder die gemeenskap dat hulle na

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

mekaar moet omsien, moet saamwerk en saamstaan om probleme die hoof te bied. Die doelwit om die invloed van die veranderlikes en veral die politiek van die land op ʼn klein bruin gemeenskap te behandel is hiermee bereik.

Volgens die eerste Portugese seevaarders wat in Mosselbaai aan wal gestap het, dalk ʼn paar ruiltransaksies met die plaaslike Khoekhoen aangegaan en weer vertrek het, het hulle ʼn land wat woes en leeg was, gemeet aan Europese standaarde, ervaar. Ja, daar was ʼn inheemse bevolking wat gesonde vet beeste besit het en wat nie gierig was in ruiltransaksies met die vreemdelinge nie. Maar soos met Jan van Riebeeck wat in 1652 in die Kaap aan wal gestap het, was die inheemse bevolking se besittings, nl. hulle beeste en skape die enigste waarde vir die Europeërs en daarom was hulle as bevolkingsgroepe nie geag nie, maar net dit wat hulle as ruilmiddels kon verskaf. Waar onder andere, Buisplaas aan die Gouritzrivier in die Suid-Kaap geleë is, het die Khoekhoen oor die eeue heen gewoon, hulle krale gevestig en rondgetrek met hulle beeste agter water en goeie weiding aan. Die koms van die Nederlanders en later die Britte en ander Europese burgers het egter die lewe van die inheemse bevolking en die natuurlandskap van die hele Suid-Afrika, beginnende by die suidelike deel van die land, stelselmatig verander.

Grond is beset en die inwoners van ʼn streek verdring. Aanvanklik is daar oral rondom die Kaap aan die nuwe setlaars plase gegee. Die landbouers was egter nie tevrede om net rondom Tafelberg en die Kaap, die Boland en die Overberg (oor die berg van die Kaap af) vir hulle plase te neem nie, maar het al verder die binneland in en langs die kus af beweeg om ʼn bestaan te maak. Die huurpagstelsel het aan die nuwe boere grond verskaf om op te boer wat later in die leenplaasstelsel oorgegaan het en mettertyd het die boere die titelaktes van die grond gekry. Die Khoekhoen het geen verweer daarteen gehad nie. Hulle, en ook nie die Boesmans nie, was nie konvensionele grondbesitters nie. Die Khoekhoen het wel tydelik in krale in hulle matjieshuise gebly, maar hulle kon ook verskuif indien die klimaat teen hulle gedraai het. Saam met die koloniale inkommers het ook diskriminasie teen, en die neersien op, die inheemse bevolking en hulle gebruike en tradisies gekom om te bly. Dit was die patroon wat oral in Afrika en ander vastelande wat deur koloniale besetters ingeneem is, gevolg is. Van die Khoekhoen is verwag om van bewoners van hulle grondgebied te verander na arbeiders op die plase van die nuwe besetters. Dit was die noodwendige gevolg van die verlies van hul kuddes deur ruilhandel. Aangesien nie alle Khoekhoen die ongewone taak van werker in ʼn plaasopset wou doen of goedgedoen het nie, was die heersers in die Kaap genoop om slawe uit Afrika, Maleisië en die suide van Indië in te bring vir take wat die Europeërs as benede hulle beskou het.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

> *After the early 1700s, however, the decline of Khoekhoen as independent people accelerated rapidly. They suffered losses not only through warfare, but the trading expeditions by settlers often deteriorated into cattle raids. By 1727, trekboer families were already crossing the Breede River into Hessequa territory leading to a more extensive agriculture and cattle farming, which made further inroads into the Khoekhoen way of life.* [586]

Dit was ook die situasie langs die Gouritzrivier waar Frederick du Buis homself bevind het op grond wat aan die Khoekhoen 'behoort' het en hyself was een van die blanke boere wat die tradisionele lewenswyse van die inheemse mense onherroeplik verander het.

Die probleemstelling van hierdie studie was om vas te stel hoe bruin grondeienaars hulle eienaarskap behou het en hoe hulle ten spyte van negatiewe politieke en geografiese faktore voortbestaan het. As 'n blanke navorser grootgeword het tydens die apartheidsjare (1948 – 1994) was sy/haar persepsie dat alle bruin mense in woonbuurte buite en om dorpe en stede in sogenaamde 'townships' ('n meer neerhalende koloniale woord was 'lokasies') gewoon het of plaasarbeiders was. Bruin mense op plase het hul eie huise gehad, of ten minste huisvesting terwyl hulle in diens was, maar hulle was steeds net arbeiders en het eers veel later (na 1994) 'n beter bedeling begin kry toe hulle in sommige gevalle in vennootskappe met die plaaseienaar gegaan het. En dan kom iemand soos ek op 'n interessante weggesteekte klein dorpie af en vind met verbasing uit dat dit die eiendom van 'n groot familiegroep is wat die grond geërf het. En ook leer ek uit gesprekke oor die onderwerp dat daar nog sulke groepe is: bruin grondeienaars met eie reg en steeds in besit van die grond. Aangesien ek in die streek woon waarin Buisplaas geleë is, kon ek die dorpie gereeld besoek en 'n verhouding met die inwoners opbou.

Ek het ook verder in die Wes-Kaap die dorpies en gemeenskappe gaan opsoek met soortgelyke ontstaansgeskiedenisse. Die oorgang van die Khoekhoen se lewenswyse voor en na die koms van die Europeërs was 'n fokuspunt sodat ek by die lewenswyse van die Buise kon uitkom. Ek het nie op die res van Suid-Afrika gefokus nie behalwe om meer uit te vind oor Buysdorp omdat die twee Buis/Buys –gemeenskappe die nageslag van twee broers is. Coenraad de Buys se nageslag het die veel groter Buysdorp as eiendom van pres. Paul Kruger ontvang en woon ook al geslagte lank daar. 'n Bruin enklawe wat omring word deur blanke plase en vroeër deur die Vendas in die Limpopoprovinsie in die noorde van Suid-Afrika. Daar is belangrike uiterlike verskille en ooreenkomste in die ligging en grootte tussen die twee dorpe. Hulle is ver van mekaar geleë maar daar was al kontak tussen die twee

[586] De Jongh, M, *A Forgotten First People,* The Watermark Press, Durban, 2016, p. 30.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

gemeenskappe. 'n Eie grondgebied, ekonomiese welvaart of die gebrek daaraan en 'n eiesoortige lewenswyse is van die basiese vereistes vir die besonderse kontruksie van 'n identiteit. Hierdie aspekte is aanwesig in beide Buisplaas en Buysdorp.

Die kennismaking met van die ander grondbesitters in die Wes-Kaap en hulle inwoners was 'n verrykende ervaring waarin die trots op eienaarskap telkens bevestig is. Veral as in aanmerking geneem word dat ± 95% van alle bruinmense oral in die land nie grondbesitters was voor 1994 nie. Die gedwonge verskuiwings van bruinmense gedurende die apartheidsjare het letsels op die psige van die mense gelaat en hierdie pynlike proses was vir die Buisplasers gespaar. 'n Groot groep Buisplasers wat vir Telkom gewerk het, het hulle in Ashton gevestig en baie van hul nasate woon nog daar. Daar het hulle wel die nadele van aparte woongebiede vir Suid-Afrikaners ervaar. So ook baie ander Buisplasers wat elders gaan werk het. Hier kan die rol van die geskiedenis as perspektief van die tyd gesien word. Vanweë besondere gebeure wat plaasgevind het, het daar deur die loop van die jare by individue en gemeenskappe 'n beeld van wie en wat hulle is, maar ook hoe hulle oor hulself dink, ontstaan.

Een van die boere wat hulle in vroeë jare in die Suid-Kaap kom vestig het, was Frederick du Buis, die voorvader van die Buise wat vandag nog op Buisplaas bly. Sy voorouers het in 1688 uit Frankryk na Suid-Afrika gekom. Sy ouers het in die destydse distrik van Swellendam geboer. Hierdie distrik was baie groot en het tot by die huidige George gestrek voordat George as nuwe distrik geproklameer is. Hoe dit gekom het dat Frederick verskeie plase langs die Gouritzrivier bekom het, is nie bekend nie, maar hy het wel 'n hele aantal plase as eiendom gehad.  Dokumentasie uit die Kaapse argief dui daarop dat die landbouers toestemming van die owerhede gekry het om weidingsregte van al hoe vêrder weg van die Kaap te bekom. By Frederick du Buis se blanke vrou, Sophia het hy vyf dogters en een seun, Johannes, gehad maar ook twee buite-egtelike seuns, Simson en Saul by Klaris, 'n inheemse vrou of dalk 'n slavin. Hy het die huidige Buisplaas aan hierdie twee seuns bemaak en Johannes het gesorg dat sy wense uitgevoer word. Die meeste kinders wat uit sulke gemengde verhoudings gebore is, was nooit erken as wettige erfgename nie en daarom is Johannes Tesselaar (die geskiedenis van Tesselaarsdal in hoofstuk 8) en Frederick du Buis se aksie om hulle buite-egtelike kinders te laat erf ook uitsonderlik.

Sedert 1863 het die nasate van Simson/Sim Buis op die huidige Buisplaas gebly nadat hy ook sy broer se aandeel in die grond gekry het. Saul het ook geboer en is in 1873 op 'n gedeelte van die plaas, *Eilants Rugt* in sy huis oorlede. Hy het 575 morg (492,6 hektaar) van die plaas besit, maar dit is onbekend wat van sy grond geword het en hoe hy

www.manaraa.com

dit bekom het. Simson Buis se nasate was wel in besit van hulle eie grond (110 morg = 94,24 hektaar), Buffelsdrift 191, maar dit is 'n skuins stuk grond langs die Gouritzrivier. Hierdie rivier was hulle lewensaar maar ook dikwels die vernietiger van oeste en huise. Erosie op die skuins grond was deur die jare 'n probleem en die bekamping daarvan en sinvolle gebruik van hulle grond was dikwels gekortwiek deur droogtes, gevolg deur oorstromings en op die ou end was die aalwyn meerendeels verantwoordelik vir hulle voortbestaan op Buisplaas. Die tasbare en konkrete feite het egter 'n onderdeel van elke Buisplaser se ervaring uitgemaak het omdat die ontasbare gemeensaamheid tussen die mense belangriker was.

Huise is opgerig op Buisplaas. Eers is huise met die plaaslike leiklip gebou maar later is met stene en sement gebou alhoewel houthuise ook opgerig is. Dit is egter slegs die sienbare, die geboue waarin mense gewoon het, maar dit was die families wat in daardie huise gebly het wat besig was om herinneringe te skep, om kinders lief te maak vir Buisplaas en hul bure, en om familiebande te smee. Daar was geen dienste deur 'n distriksraad of nabye munisipaliteit gelewer nie. Paaie moes hulle self maak en water is geskep en aangedra uit die Gouritzrivier. Die vroegste en deurlopenste ekonomiese lewensaar vir die inwoners van Buisplaas was die tap van aalwyne. Mans, vrouens en kinders het hierdie kuns aangeleer en dit het gesorg vir kontantgeld om benodighede te kon koop. Sonder die rivier sou hierdie gemeenskap nie kon oorleef het nie. Vroeër jare toe die rivier nog (meestal) sterk gevloei het, kon die inwoners vis en palings in die rivier vang. As die rivier net matig afgekom het, het dit 'n goeie sliklaag grond neergelaat waarop groente geplant kon word. Indien die rivier te sterk afgekom het, het die water weer die kosbare bolaag vrugbare grond weggevoer see toe. So het elke inwoner van Buisplaas die rivier leer ken as lewensaar en speel- en swemplek. Steeds besef elke inwoner hoe belangrik die rivier is omdat hulle so naby aan die rivier woon en so afhanklik is van die toestand van die rivier. Al het hulle nou vars water in die krane van hulle huise speel die rivier nog 'n belangrike rol omrede die moontlikheid van oorstromings en die droë rivierbedding 'n aanduiding van die droogte is. Al hierdie werklikhede het gelei tot die skep en herskep van tradisies in die gemeenskap. Tradisies is deel van die kultuur wat as hulpmiddels dien vir die hantering van kontemporêre situasies of probleme wat lei tot heraanpassing binne die gemeenskap.

Voordat die Buisplaas Bewonersvereniging (BBV) in 1986 gestig is en werklike ontwikkeling in Buisplaas plaasgevind het, was die kerk se 'bemoeienis' met die gemeenskap die enigste hulp van buite. Buisplaas was nooit 'n sendingstasie nie, maar het uit die Lutherse kerk se sendelinge wat in Herbertsdale gewerk het, voordeel getrek. Sendelinge

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

soos Friedrich Scheffler, Heese en Kikillus het gehelp met die oprigting van die Lutherse kerk op Buisplaas en die totstandkoming van die eerste skool daar. Scheffler het die kerk met die hulp van Buisplasers self gebou en later nog klaskamers vir die skool aangebou. Hierdie sendelinge moes oor slegte paaie, soms op ʼn fiets, tot by die verafgeleë Buisplaas reis om daar te preek. Van die inwoners was later op soek na ʼn ander kerk en het aanvanklik die 22 km na Herbertsdale gestap om na die Anglikaanse kerk te gaan, maar later is daar ʼn Anglikaanse kerk op Buisplaas gebou. Die tradisies het dus verandering getoon en het nie stagnant gebly nie. Die menslike natuur is dinamies van aard en hierdie dinamiek van individue het veranderinge op Buisplaas teweeggebring.

Hierdie twee kerke, die Lutherse en Anglikaanse kerke, vorm steeds die middelpunt van die sosiale lewe van die mense op Buisplaas en daar is goeie samewerking tussen die onderskeie gemeentelede. Die bewussyn dat hulle op mekaar aangewese is, keer telkens as tema in die tesis terug. Die laerskool wat vir jare daar gefunksioneer het en waarvan die onderwysers ʼn belangrike rol in die gemeenskap gespeel het, bestaan vandag nie meer nie en die kinders gaan nou na Herbertsdale vir hul laerskool- en na Mosselbaai en Albertinia vir hul hoërskoolopleiding.

Navorsing oor die verskillende kerke van die naburige dorpe soos Riversdale, Albertinia en Mosselbaai het die indruk verskerp dat die meeste dorpe in Suid-Afrika deur middel van die geestelike behoefte aan georganiseerde kerkgenootskappe ontstaan het. Herbertsdale se kerke het die belangrikste rol in die totstandkoming van kerke op Buisplaas gespeel. Die feit dat daar al voor die apartheidsjare ʼn afsonderlike bruin woonbuurt ontstaan het, het egter nie veroorsaak dat die blanke inwoners die lidmate van die Lutherse kerk verhoed het om hulle dienste by te woon nie, al staan die Lutherse kerk in die sogenaamde blanke deel van die dorp. Die Anglikaanse kerk is ook in die blanke deel en aangesien dit ʼn baie klein dorpie is, is al drie kerke binne stapafstand van mekaar. Die derde kerk is die NG Kerk wat meestal deur blankes gebruik word. Die doelwit om die rol van die kerke in die lewens van die Buisplaas-gemeenskap te behandel is dus bereik.

Die groot verandering in die lewensomstandighede van die mense van Buisplaas het na 1986 gekom toe die BBV met die hulp van buite-instansies die ontwikkeling van die infrastruktuur van Buisplaas verbeter het. Dit is eintlik ʼn wonderwerk dat ʼn klompie buitestaanders van die *Southern Cape Land Committee* en ook van die Distriksmunisipaliteit werklik betrokke geraak het en alles in hul vermoë gedoen het om die inisiatief van die BBV te ondersteun, veral aangesien Buisplaas se mense toe al vir meer as ʼn honderd jaar so sonder hulp klaargekom het. Die huise het lopende water en elektrisiteit gekry en ʼn

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

rioleringstelsel is geïmplementeer. Daar is 'n biblioteek gebou en mediese dienste is ingestel. Die bou van 'n gemeenskapsaal, die verbetering van die rugbyveld en die stigting van 'n kleuterskool het die inwoners geweldig gebaat. Alhoewel daar 'n hele klompie Buisplaasmans en –vrouens op die twee aangrensende plase werk, moet die meeste van die mense wat op Buisplaas gebore is, na groter dorpe en stede verhuis om redelike werksgeleenthede te kry. Wanneer baie van die oud-inwoners op aftreeouderdom kom, kom hulle terug na die stilte en rustigheid van Buisplaas. Die verbeteringe het beslis gehelp om die lewe van die inwoners te verbeter maar daar is nog baie leemtes. Die jeug wat naweke tuiskom van hulle verskillende skole, soek na meer afleiding en aktiwiteite op Buisplaas. Die opvangs van seine vir selfone is ook nie altyd na wense nie en kan net op sekere plekke op Buisplaas plaasvind. Dit is iets wat deesdae 'n noodsaaklikheid vir die ouer persone sowel as die jeug is.

As daar oor gemeenskappe geskryf word wat verandering ondergaan, veral grootskaalse ontwikkeling ondergaan het, moet daar nie vasgeval word in nostalgie nie. Veral ouer mense is geneig om die goeie uit die vorige tydperk te onthou en hulle vergeet van die ongerief en swaarkry. Uit onderhoude kan gesien word dat die ouer mense tevrede was met die manier van lewe en omstandighede voor die ontwikkeling op Buisplaas en dat hulle aan die positiewe gebeure, omstandighede en die gevoel van gemeensaamheid terugdink. Die jonger mense en ook die meeste van die vrouens is egter bly oor die ontwikkeling en dat hulle nie meer so swaarkry nie.

*A yearning backward glance offers consolidation, an escape in the mind from a harsh reality. Whereas historical awareness should enhance our insight into the present, nostalgia indulges a desire to escape from it.* [587]

Buitestaanders kan tereg vra waarom Buisplaas nie bewerk kan word nie en hoekom kan die inwoners nie selfversorgend wees nie. Buisplaas beslaan net 94 hektaar en lê in 'n smal strook al langs die Gouritzrivier. Daar is bewerkbare gedeeltes waar die inwoners tuin maak maar daar is nie genoeg diep vrugbare grond om werklik voldoende gewasse te kweek nie. Alhoewel hulle een keer per week leiwater kry van 'n buurman is knellende droogtes deel van die klimaat van daardie streek. Die aalwyne wat vroeër met sukses getap is, is ook al uitgedun as gevolg van oortapping in die verlede en die tekort aan genoegsame reën om die aalwyne te laat herstel. Die munisipaliteit van Mosselbaai het onlangs plastiek reënwatertenks aan die inwoners geskenk wat help om water vir die tuine te verseker.

[587] Tosh, J., *The Pursuit of History,* Pearson Longman, Great Britain, 1984, pp. 17,19.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Die grootste probleem waarmee die inwoners sedert die vroegste tye tot in 2018 sukkel, is dat min van hulle die titelaktes van hulle grond het. Die vyf kinders van Simson en Maria Buis het wel die grond geërf maar weens hoë koste of onbelangstelling het min van die erfgename die moeite gedoen om hul stukkie grond wettig aan hul nasate oor te dra. Dr. Van Rensburg, die destydse LV (Lid van die Volksraad) van Mosselbaai het gedurende die 1990s baie moeite gedoen om die titelaksie-kwessie op te los en daar is 'n aantal inwoners van Buisplaas wat wel titelaktes besit maar talle het dit steeds nie. Vir sommige nasate hinder hierdie feit maar ander woon maar net voort in hul huise met die wete dat Buisdorp aan almal behoort. Na soveel geslagte en met soveel nasate wat aanspraak kan maak op 'n klein blokkie grond bly grondeienaarskap 'n moeilike tameletjie om op te los. Daar is Buis-nasate wat die gemeenskaplike vergadering wat een keer per jaar gehou word, bywoon en wat die kwessie aanroer. Dit skyn asof hulle bekommerd is dat daar geld gemaak kan word uit hulle klein stukkie erfporsie en dat hulle in die stede sit en dalk nie die geleentheid sal kan benut nie. Hulle is dikwels nie ingelig oor die kompleksiteit van die eienaarskap op Buisplaas nie en dat net afstammelinge van die oorspronklike vyf kinders van Sim en Maria daar mag woon. Niemand mag hulle grond aan buitestanders verkoop nie, so glo hulle, alhoewel die testament van Maria wat wel gevind is, dit nie bewys nie.

Daar is ander klein bruin gemeenskappe in die Wes-Kaap wat ook hul grond geërf het maar waarvan die geslote gemeenskapslewe al verander het. Buisplasers is steeds gebind deur die wete dat hulle grond nie aan buitestaanders verkoop mag word en dit dus binne die familieverband bly. Op byvoorbeeld Tesselaarsdal mag die eienaars van erwe in die dorpie wel hulle eiendom verkoop en daar woon reeds verskeie inkommers. Tog is daar nog heelwat trotse eienaars van huise en erwe wat afstam van die oorspronklike eienaars aan wie die grond geskenk is. Hulle woon ook daar ten spyte van die groot afstande na ekonomiese geleenthede. Caledon is die naaste groot dorp aan Tesselaarsdal en iemand soos Joy Paulsen moet elke oggend 'n taxi neem na haar werk by 'n tuisnywerheid op Caledon. Die totale aard van 'n plek soos Raithby tussen Stellenbosch en Somerset-Wes het verander omdat die hele streek verstedelik het.Daar is nie meer grense tussen Raithby en die omliggende gebiede nie. Die groot erwe wat Barnabas Shaw, die Wesleyaanse predikant aan die vrygemaakte slawe geskenk het om veral aarbeie op te kweek vir die Kaapse mark, het verdwyn. En daar kon nie van die nageslag van die oorspronklike eienaars van die grond in Raithby, wat nog daar woon, gevind word nie. Al wat daar naby oorgebly het, is die groot aarbeiplase en moderne duur behuisingskomplekse waarvoor die naam *Raithby* nog gebruik word.

www.manaraa.com

Al hierdie gevalle dui daarop dat die kwessie van eienaarskap van grond van die ontstaan van die Kaapkolonie 'n intense stryd was wat deur die blanke setlaars gewen is. '... *an acute land-hunger has been a marked feature of all South African life and history.*'[588] 'n Predikant, T Durant Philip, het in 1845 as enigste oplossing vir die Khoekhoen se armoede probleem die verkryging van grond/eienaarskap vir hulle gesien, wat natuurlik nie gebeur het nie. *In one respect they may still rise, and that is by the* ***acquisition of more property.***[589] Om grond te besit was in Philip se opinie 'n manier om ekonomies te oorleef maar vir baie van die inwoners van genoemde dorpe was dit meer as net dit. Eienaarskap het hulle verhewe en meer gevestig gelaat as baie van hul mede-burgers van gemengde afkoms. Die gemeenskap van Buisplaas sou natuurlik 'n vrugbaarder en groter stuk grond verkies het, maar almal het 'n diep dankbaarheid dat hulle nie deur die rassistiese regerings wat in die 155 jaar van hul bestaan aan bewind was, rondgegooi en van hul grond ontneem is nie.

Buysdorp in die Limpopo-provinsie waar die nasate van Frederick se broer, Coenraad de Buys woon, beslaan 'n veel groter oppervlakte en is ook kosbaar vir die nasate. Hulle het uit die aard van die ligging van Buysdorp ander probleme as Buisplaas maar is ook trots op hul eiesoortige ontstaansgeskiedenis aangesien hulle hul grond deur die toewysing van pres. Paul Kruger gekry het. Die wese/kern van hul samehorigheid en die historiese veranderlikes tussen die twee gemeenskappe verskil. Buysdorp word heeltemal anders bestuur omdat daar veel meer mense woon, daar steeds 'n skool is en daar werk swart arbeiders van aanliggende grondgebied op van die persele. Alhoewel hulle getalle veel meer is as dié van Buisplaas is hulle as bruin gemeenskap te midde van 'n oorgrote bevolking van swart mense in die Limpopo-provinsie, meer uitsonderlik. Die Wes-Kaap waar Buisplaas geleë is, is die tuiste vir die meerderheid bruin gemeenskappe van Suid-Afrika. Buisplaas is daarop trots dat hulle steeds as bruin gemeenskap hul erfgrond besit en dat hulle eienaarskap daarvan behou het ten spyte van vele politieke veranderinge in die land. Die doelstelling om na te vors hoe ander soortgelyke gemeenskappe oorleef of verander het, is nagekom deur die lot van ander bruin grondeienaars te bespreek.

Al is Buisplaas in die oë van die regering en baie buitestaanders te klein om van belang te wees of totaal 'onsigbaar', is dit 'n plek waar liefde gedeel word, waar kinders opgroei en oues van dae hulle rus vind. Geen vreemdeling mag daar kom intrek of sake doen nie, volgens hulle. Die toekoms van Buisplaas berus by die jeug, wat reeds deur 'n

[588] MacMillan, W H, *Cape Colour Question,* AA Balkema, Cape Town, 1927, p. 13.
[589] Ibid., p. 275.

www.manaraa.com

nuutgestigte jeugbeweging, wys dat hulle nie opgegee het op verdere ontwikkeling en verbetering van hulle tuiste nie.

Die slotsom is dat die mense van Buisplaas oor die 155 jare, voor en na die uiteindelike hulp aan die gemeenskap, suksesvol voortbestaan het. Buisplaas was en is hulle geboorteplek en die plek waar hul voorgeslagte sedert 1863 hul eie ruimte geskep het met die wete dat dit hulle eie grond is. Hulle kon daarvandaan vertrek met die wete dat hulle grondeienaars is en nie afhanklik van die staat vir blyplek is nie. Elke Buis-nasaat het geweet waar hy/sy vandaan kom en dat die meeste bruinmense in Suid-Afrika nie die voorreg gehad het om vir so lank of hoegenaamd grondeienaars te wees nie. Om grond te besit was 'n bate wat vir gemoedsekerheid gesorg het.Baie suksesvolle Buis-nasate is oor die wêreld versprei en is deelnemers aan die ekonomiese lewe maar elkeen het die wete dat daar iewers aan die oewer van die Gouritzrivier vir hulle 'n tuiste is. 'n Plek wat aan hulle behoort en waar menswees nog moontlik is tussen hul familie.

Die geskiedenis van die gewone mense, die werkersklas was so te sê totaal afwesig van politieke geskiedskrywing en het net in 'n minder mate in ekonomiese historiografie voorgekom. Daarom het dit nou belangrik geword om die gewone mense se geskiedenis na te speur en op te teken en te wys hoe die gewone mens inpas in 'n land se geskiedenis en 'n belangrike onderdeel uitmaak van die groter geheel.

> *We are interested in individual deeds, located in space and time; and, since deeds are not merely happenings, but happenings informed by thought, there must be access to those thoughts.*[590]

Hoe die gewone huidige en vorige inwoners van Buisplaas aan hulle eiendom gekom het, hoe hulle oorleef het, wat hulle gevoel oor hul eiendom is, was deel van die fokus van die studie maar ook die faktore wat gehelp of verhinder het dat hierdie eiendom leefbaar en standhoudend gemaak is. Is Buisplaas 'n uitsondering in Suid-Afrika se geskiedenis? Nee, daar is nog soortgelyke gemeenskappe maar sulke bruin grondeienaars wat reeds vir 155 jaar op dieselfde grond bly wat hulle wettig geërf het van hul voorvader, Simson du Buis is uitsonderlik. Aangesien so min mense die geskiedenis van sodanige klein bruin gemeenskappe ken en van weet, is dit nodig om die deursettingsvermoë en uitvermoë van die inwoners van Buisplaas te belig en hul geskiedenis en omstandighede na te speur en aan te teken. Om die blymoedigheid en besonderse gees te ervaar wat onder die gemeenskap heers, is tekenend van mense met 'n gedeelde verlede. 'n Verlede wat oor geslagte heen gedeel is en wat swaarkry en moeilike tye in uitdagende omstandighede soos die gebrek aan

[590] Atkinson, R F, *Knowledge and Explanation in History,* The MacMillan Press Ltd., Londen, 1978, p. 28.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

fasiliteite en hulp van buite instansies, droogtes en vloede insluit, maar oorkom kon word omdat die inwoners van Buisplaas deur hul bloed aan mekaar verbind was. Maar ook nie net deur bloedbande nie, ook deur huweliksbande. Daar is talle voorbeelde van mans en vrouens wat met Buis-nageslagte getrou het en nou net so verknog aan die plek geword het. As families wat saamgewoon en gewerk het om 'n bestaan te maak, kon hulle probleme oorkom en daaruit het samehorigheid gespruit.

Soos in elke gemeenskap is daar ook in Buisplaas onderlinge struwelinge maar die meeste kritiek op die huidige stand van sake in Buisplaas kom van familielede wat vêr weg woon, maar nogtans hulle inspraak wil lewer. Dikwels ken hulle nie meer die omstandighede wat die inwoners elke dag moet hanteer en die probleme wat hulle te bowe moet kom nie. Hulle maak radikale uitsprake soos van Dina Lodewyk se nasate wat beweer dat die hele Buisplaas aan hulle behoort, alhoewel al die dokumente die teendeel bewys. Dit laat verwarring en ontevredenheid onder die inwoners ontstaan omdat hulle lewenswyse deur sulke bewerings tot niet sal gaan. Almal het nie die vermoë om sodanige aantygings te ondersoek nie en dra nie kennis van 'n ander lewenswyse as wat hulle tans op Buisplaas ervaar nie.

Die geestelike waardes wat in 'n geboorteplek vasgelê is, bly in mense agter deur die indrukke, emosies, assosiasies wat oor die loop van jare gevorm word. Uit die inskrywings op die Buisplaas se Facebook-bladsy en uit gesprekke met oud-inwoners (gedurende die jaarlikse samekoms) en huidige inwoners van Buisplaas, is dit duidelik dat die vele kosbare skatte uit die verlede steeds aan hulle kleef as gevolg van aangename assosiasies en ook die morele oortuigings van hul ouers, ander inwoners en voorgeslagte van Buisplaas.

> *Geografies mag ons dalk lank weg wees, maar geestelik bly ons in hulle gewortel.*[591]

Daarom kan ek afsluit met die aanhaling van Helen Keller omdat ek Buisplaas as die hartsplek van sy inwoners leer ken het.

> *The best and most beautiful things in the world cannot be seen or even touched – they must be felt with the heart.*

Saam met Cervantes se Don Quichot kan die mense van Buisplaas verklaar:

> *Hier op dié plek voel ek, saam met mý mense, tuis soos 'n monarg op sy troon; 'n koning by sy eie vuurmaakplek.* [592]

[591]DJS, *Die Burger,* 13.05.2017, ook Hoofstuk 1.
[592]Jordaan, W, *Die Burger,*24.02.2016.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

## BIBLIOGRAFIE

### Literatuur

### Boeke:

Anker, W, *Buys*, Kwela Boeke, Kaapstad, 2014

Atkinson, R F, *Knowledge and Explanation in History,* The Macmillan Press Ltd., London, 1978

Bank, A, (red),*The proceedings of The Khoisan Identities & Cultural Heritage Conference,* Published in conjunction with Info SOURCE, Cape Town, 1998

Barnard, Lady Anne, *South Africa, a century ago. Letters written from the Cape of Good Hope, (1797 – 1801),* Maskew Millar, Cape Town, 1908

Barnes, H E, *A History of Historical Writing,* Dover Publication, New York, USA, 1963

Barzun, J and Graff, H F,*The Modern Researcher,* Wadsworth Cengage Learning, VSA, 2004

Beyers, C, *Die Kaapse Patriotte 1779 -1791,* Cape Town Johannesburg, 1929. **Uitgewer ontbreek**

Bosch, D J, (red), *Ampsbediening in Afrika,* NG Kerkboekhandel, Pretoria, 1972

Botha, C G, *Place Names in the Cape Province,* Cape Town, 1929. **Uitgewer ontbreek**

Botha, C G, *The French Refugees at the Cape,* (Van Riebeeck Society), Cape Town, 1919

Boyce, W B, *Notes on South African Affairs,* C. Struik (Pty.)Ltd., Cape Town, 1971

Briel, R, *Albertinia, Honderd Jaar 1902- 2002,* Lourette vir die Munisipaliteit Langeberg, Kaapstad, 2002

Brink, A P, *Bidsprinkaan,* Human & Rousseau, Kaapstad, 2005

Burman, J, *Hermanus,* Human& Rousseau, Kaapstad, 1989

Burman, J, *Towards the Horizon,* Human& Rousseau, Kaapstad, 1988

Burrow, E H, *Overberg Odyssey,* Privately printed in co-operation with the Swellendam Trust, Rustica Press (Pty.) Ltd., Ndabeni, Cape, 1989

Carr, E H, *What is History?* Penguin Books, Great Britain, 1961

Catling, D, *An Elusive Harvest,* Jacana Media, Cape Town, 2008

Changuion, L en Steenkamp, B, *Omstrede Land,* Protea Boekhuis, Pretoria, 2011

Cilliers, S J*, The Coloureds of South Africa*, Banier Publishers (Pty) Ltd., Kaapstad, 1963

www.manaraa.com

Cilliers, S P, (red.) *Wes-Kaapland: 'n Sosio-Ekonomiese Studie,* Kosmo-uitgewer(Edms.) Bpk., Stellenbosch, 1964

Colenbrander, H T, *Afkomst der Boeren,* Amsterdam, 1902

Cooper, F, *Africa since 1940,* Cambridge University Press, Cambridge, UK, 2002

Cory, G E, *The Rise of South Africa, Vol. 1,11,111,* Londen 1910 – 1926. **Uitgewer ontbreek**

Crompton, H, *The Sunburnt Queen,* Jacana, Johannesburg, 2005

Dapper, O, Ten Rhyne, W and Grevenbroek, JG, *Kaffraria or Land of the Kafirs, also named Hottentots,* Amsterdam, 1668

Davenport, R and Saunders, C, *South Africa, a Modern History,* Macmillan Press Ltd., Great Britain, 2000

De Jongh, M, *A Forgotten First People: The Southern Cape Hessequa,* The Watermark Press, Durban, 2016

De Kiewiet, C W, *A History of South Africa. Social and Economic,* Oxford University Press, London, 1957

De Kock, R, *Moving to Greener Pastures, The Story of the coloured Peoples of Great Brak River and their Ancestors from the Beginning of Time,* Great Brak River Museum Association, Great Brak River, 2012

De Kock, V, *Those in Bondage,* Union Booksellers, (Pty.), Ltd,. Pretoria, 1963

De Villiers, C C, *Geslachts Register der Oude Kaapsche Familien*, Deel 1 – A-J, Van de Sandt de Villiers & Co., Beperkt, Drukkers, Kaapstad, 1893

Denis, P and Ntsimane, R (eds.), *Oral History in a Wounded Country,* University of KwaZulu-Natal Press, Scottsville, 2008

Department of Water and Forestry, *State of Rivers Report, Rivers of the Gouritz Water Management Area 2007,* 2007

Du Bruyns, J, uit *Strominge in die Suid-Afrikaanse Historiografie*, Unisa, Pretoria, 1986

Du Plessis, E J, *'n Ondersoek na die oorsprong en betekenis van Suid-Afrikaanse berg- en riviername,* Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 1973

Du Plessis, J, *A History of Christian Missions in South Africa,* Longmans, Green and Co., New York, Bombay and Calcutta, 1911

Du Preez, Max, *Dwars,* Zebra Press, Kaapstad, 2009

Du Preez, Max, *Of warriors, lovers and prophets: unusual stories from South Africa's past,* Zebra, Kaapstad, 2004

المنارة للاستشارات

www.manaraa.com

Du Toit, S J, *Spore oor die Overberg*, ABC Drukkers, Hermanus, 2004

Duly, L C, *British Land Policy at the Cape, 1795 – 1844,* Duke University Press, Durham, USA, 1968

Durand, J J F, *Una Sancta Catholica in Sendingperspektief,* W.Ten Have N.V., Amsterdam, 1961

Elphick, Richard,*Kraal and Castle, Khoikhoi and the founding of White South Africa,* The Alpine Press, Massachusetts, USA, 1977

Elphick, R, *The Equality of Believers: Protestant missionaries and the racial politics of South Africa,* University of Virginia Press, Charlottesville, VA, 2012

Elphick, R & Davenport, R, (ed) *Christianity in South Africa,* David Philip Publishers (Pty.) Ltd., Cape Town, 1997

Elphick, R en Giliomee, H, *The Shaping of South African Society, 1662 – 1820,* Longman Penguin South Africa, Cape Town, 1979

Fourie, W, *Die Hasegua (Hessequa) van Over de Bergh,* [net 'n "booklet" met geen drukker of datum nie.]

Giliomee, H, *The Afrikaners,* Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 2003

Goldin, I, *Making Race*, Gariep Publishing Company, Cape Town, 2000

Gordon, A A & Gordon, D L, *Understanding State of Rivers Report, Rivers of the Gouritz Water Management Area* by *Africa,* Lynne Rienner Publishers, USA, 2007

Harrison, G A, (general editor), *The Peoples of Southern Africa and their Affinities,* Clarendon Press, Oxford, 1985

Healey, J F, *Diversity and Society,* Pine Forge Press, California, USA, 2007

Heese, J A, *Suid-Afrikaanse Geslagregister,* Gisa, US Drukkery, Stellenbosch, 2006

Heese, J A, Lombard, R T J, *Suid-Afrikaanse Geslagregister, Vol 1*, RGN, Pretoria, 1986

Heese, J A, *Grossvater und Grossmutter Heese 1859 – 1959,* [In opdrag van hul nasate in Suid-Afrika. By geleentheid van die Julileumfees te Stilbaai. Gehou in Desember 1959.], Paarlse Drukpers My. Bpk., Bo-Nuwestraat, Paarl, 1959

Heywood, A, *Politics,* MacMillan Press Ltd., London, 1997

Hinchcliff, P, *The Anglican Church in South Africa,* Darton, Longman &Todd, London, 1963

Horrell, M,(compiled by) *Laws affecting race relations in South Africa,* Johannesburg, South African Institute of Race Relations, 1978

Howard, L, *Overberg Tapestry,* Keith Phillips Publishing, Helderberg, Kaapstad, 2004

المنارة للاستشارات

www.manaraa.com

Howard, L, *Spore oor die Overberg*, Keith Phillips Publishing, Helderberg, Kaapstad, 2004

Jansen, E, *Soos familie*, Protea Boekhuis, Pretoria, 2015

Jung, C, *Then I was Black,* Yale University Press, New Haven, USA, 2000

Kirsten,J, Van Zyl,J, Vink, N: Project co-ordinators,*The Agricultural Democratisation of South Africa,* AIPA/ Francolin Publishers, Cape Town, 1998

Kitson Clark,G, *Guide for Research Students working on Historical Subjects,* Cambridge University Press, Londen, 1969

König, A, *Die Groot Geloofswoordeboek,* CUM, Vereeniging, 2006

Lessing, H, Besten, J, Dedering, T, *The German Protestant Church in Colonial Soutern Africa. The impact of Overseas Work from the beginning until the 1920s,* Cluster Publications, Pietermaritzburg, 2012

Lewis, G, *Between the Wire and the Wall*, David Phillips, Cape Town & Johannesburg, 1987

Lichtenstein, F, *Travels in Southern Africa, Vol 1,* [in the years 1803, 04, 05, 06], (Translation Van Riebeeck Society), Cape Town, 1928

Liebenberg, B J (samesteller), *Strominge in die Suid-Afrikaanse Historiografie,* Unisa, Pretoria, 1986

Logie, B, *Governor's Travels,* Bluecliff Publishing, Express Litho, Port Elizabeth, 1999

MacKinnon, A S, *The Making of South Africa,* Pearson Prentice Hall, USA, 2004

Macmillan, W H,*Cape Colour Question, A Historical Survey, Reprint of a classic study based on the papers of Dr John Philip (1819- 1859),* A A Balkema, Kaapstad, 1968 (herdruk). Eerste uitgawe in 1927 deur Faber& Gwyer Ltd., Londen

Malherbe, D F du Toit, *Stamregister van die Suid-Afrikaanse Volk,* Tegniek, Stellenbosch, 1966

Marais, J S, *The Cape Coloured People 1652 – 1937,* London, 1939 and reprinted in 1957, Witwatersrand University Press, Johannesburg

Marks, S and Trapido, S (red), *The Politics of Race, Class and Nationalism in Twentieth Century South Africa,* Longman Group, UK Limited, Essex, England, 1987

Marquard, L, *The Story of South Africa,* Faber and Faber Ltd., London, mcmlv

Mears, W.Gordon, *Methodism in the Cape: an outline,* Methodist Publishing House, Cape Town, 1973

Metaxas, E, *Amazing Grace, William Wilberforce and the Heroic Campaign to end Slavery,*Monarch Books, Oxford, UK, 2007

Millen, S G, *King of the Bastards,* William Heinemann Ltd., London, 1950

المنارة للاستشارات

www.manaraa.com

Mossop, E E, *Joernale van die Landtogte van Olof Bergh (1682-1683) en Isaq Schrijver (1689) ,* Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1931

Muller, H, *The Role of the Coloured People*, University Publishers & Booksellers, Grahamstown, Citadel Press, Kaapstad, 1965

Munslow, A, *Decontructing History,* Second Edition, Routledge, London and New York, 2006

Nell, L, *The Garden Route and Little Karoo,* Struik Publishers, Cape Town, 2003

Nienaber, G S & Raper, P E, *Toponymica Hottentotica,* S. Durrant & Viljoen (Edms.) Bpk., Pretoria, 1977

Pape, Friedman en ander, *Making History,* Heinemann, Johannesburg, 1998

Patterson, O, *Democracy, Popular Precedents Practice culture,* University of the Witwatersrand, History Workshop, Sociology Department, Harvard University, 13 – 15 July 1994

Patterson, S, *Colour and Culture in South Africa,* Routledge & Kegan Paul Ltd., London, 1953

Pickel, B, *Coloured Ethnicity and Identity,* Institute für Politische Wissenschaft, Universiteit van Hamburg, Duitsland, 1997

*Report of the Commission on Mixed Marriages in South Africa,* Published by Authority, Printed in the Union of South Africa by the Government Printer, Pretoria, 1939

Roberts, B, *Biographical Research,* Open University Press, Buckingham, 2002

Ross, R, *Beyond the Pale,* Wesleyan University Press of New England, London, 1993

Sales, J, *Mission Stations and the Coloured communities of the Eastern Cape 1800- 1852,* A A Balkema, Cape Town, 1975

Sales, J, *The Planting of the Churches in South Africa,* William B Eerdmans Publishing Company, Michigan, USA, 1971

Schapera, I, (ed.) *The Early Cape Hottentots,* the Van Riebeeck Society, Cape Town, 1933

Schoeman, A E, "*Coenraad de Buys, the first Transvaler*", J H de Bussy, Pretoria, 1938

Schoeman, K, *Armosyn van die Kaap, Voorspel tot vestiging, 1415 -1651,* Human & Rousseau, Kaapstad, 1999

Schoeman, K, *Armosyn van die Kaap, Die Wêreld van 'n Slavin,1652 – 1733,* Human & Rousseau, Kaapstad, 2001

Schoeman, K, *Die Suidhoek van Afrika,* Protea Boekhuis, Pretoria, 2002

Schoeman, K, *Die vroeër sending in Suid-Afrika 1799 – 1819,* Protea Boekhuis, Pretoria, 2005

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Schoeman, K, *Hoogty, Die opbloei van 'n koloniale kultuur aan die Kaap, 1751 – 1779,* Protea Boekhuis, Pretoria, 2014

Schoeman, K, *Imperiale Somer,* Protea Boekhuis, Pretoria, 2015

Schoeman, K, *Patrisiërs & prinse*, Protea Boekhuis, Pretoria, 2008

Schoeman, K, *Seven Khoi Lives,* Protea Book House, Pretoria, 2009

SCLC (Southern Cape Land Committee), *The Women Recall, Stories, Poems and Memories of Six Southern Cape Women,* Geen publiseerder nie, 2000

Seidman, A, Mwanza, K, Simelane, N, Weiner, D (ed), *Southern African Agriculture,* African World Press, Inc., New Jersey, USA, 1992

Shaw, B, *Memorials of South Africa,* C.Struik (Pty.) Ltd., Cape Town, 1970

Simons, J & R, *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950,* International Defence and Aid Fund for Southern Africa, July, 1983

Sleigh, D, *Eilande,* Tafelberg, Kaapstad, 2002

Sleigh, D, *1795,* Tafelberg, Kaapstad, 2016

Smith, K, *The Changing Past,* Southern Book Publishers, Johannesburg, 1988

Sparrman, Anders, *A voyage to the Cape of Good Hope,* (Based on the English editions of 1785 – 1786) Van Riebeeck Society, Cape Town, 1975

Spilhaus, M Whiting, *South Africa in the Making 1652 – 1806,* Juta & Company, Ltd., Cape Town, 1966

Steyn, G F, (samesteller), *Eeufees-Gedenkboek, N G Gemeente, Cape Town,* Augustus 1945

Stow, G W, *The Native Races of South Africa,* Swan, Sonnenschein & Co Ltd., London, 1905

Suberg, O M, *The Anglican Tradition in South Africa, A Historical Overview,* University of South Africa, Pretoria, 1999

Ten Rhyne, W, *A Short Account of the Cape of Good Hope,* Amsterdam,1686

Thompson, E P, *The Making of the English Working Class,* Penguin Books, England, 1963

Thompson, L, *A History of South Africa,* Jonathan Ball Publishers, Johannesburg, 2010

Tosh, J, *The Pursuit of History,* Pearson Education Limited, Harlow, UK, 2006

Trollope, A, *South Africa, Vol 1, 3rd Edition,* London, Chapman and Hall, London, 1878

Trüper, U, *The invisible woman, Zara Schmelen African Mission Assistant at the Cape and in Namaland,* Basler Afrika Bibliographien, Basel, 2006

Van der Merwe, P J, *Die Kafferoorlog van 1793,* Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1940

المنارة للاستشارات

www.manaraa.com

Van der Ross, R E, *Up from Slavery, Slaves at the Cape,* Ampersand Press, Cape Town, 2005

Van der Walt, A J H (red), *Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel 1,* Nasionale Boekhandel, Bpk., Kaapstad, 1955

Van Rooyen, Groenewald, Ngqangweni, Fényes: project coordinators, *Agricultural Policy Reform in South Africa,* AIPA/ Francolin Publishers, Cape Town, 1998

Van Waart, S, *Mosselbaai*, Lapa Uitgewers, Pretoria, 2002

Van Wyk, F, *Riversdal 1838-1988,* Nasionale Boekdrukkery, Kaapstad, 1988

Venter, A J, *A Profile of Two Million Coloured South Africans,* Human& Rousseau, Kaapstad, 1974

Viljoen, R, *Jan Paerl, a Khoikhoi in Cape Colonial Society, 1761 – 1851,* Brill, Leiden, 2006

Voigt, J C, *Fifty Years of the History of the Republic in South Africa 1795 – 1845,* Londen, 1899. **Uitgewer ontbreek**

Willemse, C, *Met 'n diepe verlange,* Human & Rousseau, Kaapstad, 2000

Willemse, H, *More than Brothers,* Kwêla Books, Cape Town, 2000

Wilson, M & Thompson, L (red), *A History of South Africa I, South Africa to 1870 ,* Oxford University Press, Oxford, 1975

Wilson, M & Thompson, L (red), *A History of South Africa II, 1870 - 1966,* Oxford University Press, Oxford, 1975

Wilson, M & Thompson, L (red), *A History of South Africa to 1870,* David Philip Publishers

(Pty.)Ltd., Cape Town, 1982

Worden, N, *The Chains that Bind Us, A history of slavery at the Cape,* Juta & Company, Ltd., 1996

Worden, N, *The Making of Modern South Africa,* Blackwell Publishers, Oxford, 1994

Worrall, D, *South Africa. Government and Politics,* J L Van Schaik, Pretoria, 1971

**Artikels:**

Catling, D, *Case Study 2, Buisplaas, Case Study 2.* Grassroots Projects 7

De Jongh, M, *Exclusivity, hybridity and community: negotiating place, ethnicity and South African realities,* Anthropology Southern Africa, 2006, 29 (3&4)

De Jongh, M, *Identity Politics and the Politics of Identity: An exclusive hybrid community negotiates ethnicity, place and contemporary South African realities,* Ethnoculture (Vol.1, 2007, pp. 27 – 38.)

المنارة للاستشارات

www.manaraa.com

De Jongh, M, *Identity, Community and Land Claims: The people of Kutama Face Contemporary South African Realities,* The International Journal of the Humanities, volume 6, Melbourne, Australia, 2008

Duff, A, *Notes on Early Travellers & Routes,* document oor De Groote Wagen Weg, 23.04.2017

*Geskiedenis van Herbertsdal Lutherse Gemeente 2011*, 2011

Goldin, I, *The Reconstitution of Coloured Identity in the Western Cape*

Heese, H, *Khoisan in Kannaland: Observations by the German Lutheran Missionaries, 1838 to 1938,* Institute of Historical Research, University of the Western Cape, 2000

*Herbertsdale,* 1913. Aantekeninge verskaf deur vorige burgemeester, L Claassen

Jordaan, W, *Die mistiek van die mens se plekbewussyn,* uit Die Burger, 24 Februarie 2016

*Mossel Bay Advertiser*, 06.10.2017

*Mossel Bay Advertiser,* 13.04.2018

*Mossel Bay Advertiser,* 13.05.1902

*Mossel Bay Advertiser,* 16.09.1994

*Mossel Bay Advertiser,* 27.10.2017

*Mossel Bay Home Ads News,* 09.10.2018

Opperman, S, *Khoi/Khoe is niemand se franchise,* George Herald Het Suid-Western, 12 Maart 2009

Pretorius, H S, (ds), N G Kerk, *Herbertsdale.* Geen datum nie

RRV in Geestelike Waardes, uit Die Burger, 28 Julie 2018

Scholtz, J G, *Geskiedenis van Herbertsdale Lutherse Gemeente,* 2011

Scholtz, L, *Moenie verlede deur hede filter,* uit Die Burger, 16 Julie 2015

Southern Cape Land Committee: *State of Rivers Report, Rivers of the Gouritz Water Management Area.* Geen datum nie

Steyn, P, *Op Buysdorp is almal familie,* Die Burger, 4 April 2016

Venter, R, *'n Ontdekkingsreis na die verlede en toekoms,* George Herald Het Suid-Western, 12 Maart 2009

Wessels, H en Streicher, S, *In the footsteps of Jan Hartogh,* uit Village Life, June/July 2005, pp.22

المنارة للاستشارات

www.manaraa.com

**Tesisse en skripsies:**

Elphick , R, *The Cape Khoi and the first phase of South African Race Relations,* Faculty of the Graduate School of Yale University in Candidacy for the degree of Doctor of Philosophy, 1972

Lombard, J A, *Die geskiedenis van Sendingwerk deur die NG Kerk onder die Buysstam in Noord-Transvaal,* M.A. skripsie, September 1977. Teologiese biblioteek, US

Scheffler, Helena, *Die Laat-Victoriaanse Mosselbaai, 1870 – 1902,* Proefskrif ingelewer vir die graad van doktor in die Wysbegeerte aan die Universiteit van Stellenbosch, 1990

Schoeman, A E,*Coenraad De Buys,The First Transvaler,* MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria, gepubliseer deur De Bussy, J H, Pretoria, 1938

Worden, Nigel, *Rural Slavery in the Western Districts of the Cape Colony during the Eighteenth Century,* Doctor of Philosophy, University of Cambridge, Jesus College, 1982

**Argivale bronne:**

Argief Jaarboek vir SA Geskiedenis, 1938 I, Cape Times Ltd., Keeromstraat, Kaapstad, 1938 Artikel wat gebruik is: *The Destruction of Records in South Africa,* deur P J Venter

*Death Notice*: Frederik Petrus de Buis (12 Augustus 1838), MOOC 6/7/13, verwysing 2054

*Death Notice:* Maria Buis. MOOC 6/9/356, verwysing 2250

*Death Notice:* Sem Buis. 93/23 MOOC 6/9/275, verwysing 2223

*Death Notice*: Sophia Maria Viviers (2 Desember 1845), MOOC 6/9/46, verwysing 9847

*Great Brak River Association Information*. Groot-Brakrivier museum

Inventaris van Frederick Petrus de Buÿs se besittings, Buffelsdrif, 20 Augustus 1838, MOOC 7/1/147,p. 83

Inventaris van Souel Buÿst: MOOC 7/1/332

Jan de Buys se grondtoekenning, 15 Februarie 1770, RLR 20/1, p. 137/ 89

Jan de Buys se weidingtoekenning, 7 Junie 1753, RLR 12/1, p. 213/ 130

Johannes de Buys se grondtoekenning, 3 April 1776, RLR 17/1, p.137/ 86

Kennisgeving van Sterfgeval: Souel Buÿst (9 Oktober 1873), MOOC 6/9/145, verwysing 9808

Testament van Elsie Hoffman, ouma van Frederick en Coenraad de Buÿs, MOOC 7/1/29. 1782

Testament: Jacobus Tesselaar. MOOC 7/1/37. Verwysing 27. Geteken 23/ 4/ 1792

www.manaraa.com

Testament: Aaltje van der Heÿde/ Tesselaar. Verklaar alle vorige testamente nietig. MOOC 7/1/117. Verwysing 105. Geteken 22/4/1830

Testament: Jacobus Tesselaar en Marthina Maria Bierman. MOOC 7/1/36. Verwysing 26. Geteken Mei 1792.

Testament: Johannes Jacobus Tesselaar en Aaltje van der Heÿde. MOOC 7/1/61. Verwysing 2. Geteken 6/3/ 1809.

Testament: Maria en Sem Buis. Opgestel op 24 Maart 1874. (*Filed 7 December 1889*) MOOC 93/23.

**Aantekeninge van Hans Heese:**

Jaarberigte van die Berlynse Sendinggenootskap, 1839-1938
JAHRESBERICHT DER GESELLSCHAFT ZUR BEFöRDERUNG DER EVANGELISCHEN MISSIONEN UNTER DEN HEIDEN ZU BERLIN
(Verwerk deur Hans Heese in Berlyn, Stellenbosch en Kaapstad vanaf 1993-1997. Gewaarborg om talle foute te bevat!)

BERLINER MISSIONS-BERICHTE DER GESELLSCHAFT ZUR BEFOERDERUNG DER EVANGELISCHEN MISSIONEN UNTER DEN HEIDEN ZU BERLIN [26.3.1997] 1838 – 1903. US Biblioteek

**Staatskoerant :**Vol.402 Pretoria 18 Desember 1998 No.19587
Goewermentskennisgewing: Departement van Grondsake. No.R. 1632, EXTENSION OF SECURITY OF TENURE ACT, 1997 ( Act No. 62 of 1997) : REGULATIONS

**Verslae en ander ongepubliseerde dokumente:**

Afdelingsraad van Mosselbaai: Buisplaas-Gehug - Sosio-Ekonomiese Opname:Januarie 1979.

*Annual report for 1994. Land Development Unit. Institute for Social Development. University of the Western Cape and FARM-Africa*

Besigheidsplan vir Landbou Ontwikkeling op Buisplaas. Verslag NO. S1846/1, September 1999. MBB Consulting Engineers Incorporated, Stellenbosch

Blankenberg, J, *The Legal Problem,* in *Buisplaas Submission,* p.90

Brief aan die Outeniqua Afdelingsraad, 06.08.1986

Brief van Kantoor van die Registrateur van Aktes, Insake: Die Dorpie Herbertsdale, 25 Oktober 1963

*Buisplaas Submission*. 1991

*Buisplaas Submission. The community of Buisplaas has instructed the Southern Cape Land Committee to submit to the relevant authority a document that sets out the particular legal and developmental problems faced by the community. The Left-over People.* 1991

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Buisplaas: verslag oor die stand van die behuising, 26.04.1978

Buysplaas Watervoorsiening. Tweede Verslag. Ondergrondse Bronondersoek Oos van die Gouritsrivierbrug. Februarie 1992 vir die Suid-Kaap Streeksdiensteraad deur Liebenberg &Stander, Raadgewende ingenieurs

Bylaag G.3. Buisplaas Gehug: Eiendom 191/1:Oorblywende perseel A van Buffelsdrif – 94,4040 ha: Voorgestelde hervestiging van Kleurlinggesinne, 15.10.1979

Claassen, L, *Herbertsdale, gestig – 1865*

Dokument: Suid-Kaap Streekdiensteraad, Verw: 15/5/1, 30.08.1989

Jordaan, W W N, Navorsing oor Gedwonge Verskuiwings in Mosselbaai. Geen datum – datums wat in die stuk voorkom is 1994

Joseph, A, Die Anglikaanse Kerkgeskiedenis: St John the Baptist Buisplaas, 1937 – 2000

Konsep Grondwet van die Buisplaas Gemeenskaplike Eiendomsvereniging, 1998

Kroniek van die Sendingstasie Herbertsdale. Geskrywe deur Friedrich Karl Scheffler ( 1874 – 1966). Vertaal uit Duits deur Thomas Karzek. Aanmerkings en opskrifte deur die vertaler

Levinrad, B, *Socio-Economic Appraisal, Buisplaas 9 – 10 May 1993,* Junie 1993

Loodsprogram: Suid-Kaap Loodsdistrik Buisplaas. The Soutern Cape Land Committee

Sosio-Ekonomiese Opname, Suid-Kaap Streeksdiensteraad, 30.11.1994

Sosio-Ekonomiese Opname, Suid-Kaap Streeksdiensteraad, 30.11.1994

*Submission to Advisory Commission on Land Allocation*. Buisplaas

Titelakte van die plaas Hemelrood: *REGULATIEN,Waarop de Erven te HEMELROOD op het afgedeelde aandeel van JAMES BENTON HERBERT zullen worden verkocht en waarvan erven zullen onderhevig zyn,* 7 November 1863

**Notules:**

**Enkele voorbeelde van die talle notules vanaf die stigting van die BBV in 1986 tot in 2010. Sedert ek betrokke is by Buisplaas het ek ook afskrifte van die meer onlangse vergaderings se notules.** Hierdie voorbeelde is om aan te toon dat daar baie meer vergaderings deur verskeie belange groepe gehou is in die jare waarin al die ontwikkeling op Buisplaas plaasgevind het as in later jare.

Buisplaas Bewonersverenigingvergadering, 12 November 1994

Buisplaas Bewonersverenigingvergadering, 14 Augustus 1993

Buisplaas Bewonersverenigingvergadering, 24 Junie 2003

www.manaraa.com

Buisplaas Bewonersverenigingvergadering, 29 April 1995

Buisplaas Bewonersverenigingvergadering, 5 April 1997

Buisplaas Bewonersverenigingvergadering, 7 Desember 1996

Buisplaas Bewonersverenigingvergadering, 8 November 1995

Buisplaas Bewonersverenigingvergadering, 9 Oktober 1993

Buisplaas Bewonersverenigingvergadering, bestuursvergadering, 11 Februarie 1995

Buisplaas Bewonersverenigingvergadering, bestuursvergadering, 26 Oktober 1995

Buisplaas H.O.P en Behuisingsforumvergadering, 25 Oktober 1995

Buisplaas Ontwikkelingskomiteevergadering , Sub-komitee:Tegniese Komitee, 26 Augustus 1993

Buisplaas Ontwikkelingskomiteevergadering, 17 November 1994

Buisplaas Ontwikkelingskomiteevergadering, 17 November 1994

Buisplaas Ontwikkelingskomiteevergadering, 24 Maart 1994

Buisplaas Ontwikkelingskomiteevergadering, 9 November 1993

Suid-Kaap Streeksdiensteraad, Buisplaas Waterskema, 1 Desember 1994

Suid-Kaap Streeksdiensteraad, Buisplaas Waterskema, 13 Desember 1994

Suid-Kaap Streeksdiensteraad, Terreinvergadering, 9 Maart 1994

Uitvoerende Raadsvergadering BBV, 14 Oktober 2017

**Ander notules:**
Verskeie van die volgende jaartalle: 1986, 1987, 1988, 1989, 1990, 1991, 1992, 1993, 1994, 1995, 1996, 1997, 1998, 1999, 2000, 2001, 2002, 2003, 2004, 2005, 2006, 2007, 2008, 2009, 2010. Daarna net sporadiese notules.

**Radiogesprek:**
Radiogespreksprogram, RSG, 18.04.2018

**Internet:**
Aloin - Wikipediahttps://en.wikipedia.org/wiki/Aloin. *[Reynolds, 1995b]*

Blogs und Bildergale rien-Aktuell-kirche.mv.dekirche- mv.de/Reistagebuch-Seudafrika-2018.9557.0.html. www.kirche-mv.de

www.manaraa.com

Hattingh, J L, Die Blanke Nageslag van Louis van Bengale en Lijsbeth van die Kaap, Bron: Kronos, Vol. 3 (1980), pp. 5-51 Published by: University of Western Cape Stable URL: http://www.jstor.org/stable/41056150 Accessed: 20-12-2015 04:37 UTC.

History of Raithby.http://encore.seals.ac.za/iii/encore_nmmu/plus/C__SMethodist%20Church%20of%20Southern%20Africa%20--%20Stellenbosch%20circuit.__Orightresult__U?lang=eng&suite=nmmu
History of Raithby: http://www.rurugby.yolasite.com/raithby-village.php

*Loo, May,* MD, in *Integrative Medicine for Children*, 2009

**Onderhoude:**

**Onderhoude gevoer op Buisplaas tensy anders vermeld**
Amalia Buis: 09.05.2017

Attie Joseph (Mosselbaai en Buisplaas): verskeie kere in 2014, 2015, 2016, 2017, 2018

Biografiese feite oor Attie Joseph.

Hy is op 29 Januarie 1944 op Buisplaas gebore. Woon die Lutherse Berlynse Laerskool vanaf 1950 tot 1956 by en gaan daarna na Albertinia na die St Lukes Anglikaanse kerkskool vir die begin van sy hoërskoolopleiding. Attie voltooi sy hoërskoolopleiding aan die Gerrit du Plessis Hoërskool te Riversdale. In 1963, na 'n jaar waarin hy sy pa help aalwyntap word hy gekeur om sy opleiding as tronkbewaarder op Robbeneiland te begin. Hy verlaat die gevangenisdiens na drie jaar en bekwaam hom as onderwyser by die Suid-Kaap Onderwyskollege te Oudtshoorn.

Sy eerste kortstondige skoolhou-pos was op Buisplaas en daar het hy besef dat hy hierheen sal moet terugkom om die gemeenskap te help om uit armoede en ellende te kom. Na ander skoolhouposte elders kom hy in 1975 terug Buisplaas toe onder die prinsipaalskap van wyle E P C Buis. Van 1986 tot 1996 beklee Attie die pos as prinsipaal. Saam met ander afstammelinge van Sim Buis en Maria Tarentaal se vyfde nageslag word die Buisplaas Bewonersvereniging in 1986 gestig. Met die stigting van die BBV begin die hele proses van verbetering en verandering op Buisplaas.

Hy is tans woonagtig op Mosselbaai aangesien hy drie maal per week mediese behandeling moet ondergaan. Attie is na byna 30 jaar nie meer die voorsitter van die BBV nie, maar hy is nog nou gemoeid met die gemeenskap.

Chris Hoogbaard en Sydney Kiewiet (Herbertsdale): 21.10.2014

Chrissie Buis: 25.07.2017

Christine Uithaler: 09.05.2017

Craig October: 16.12.2017

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Daniël Badenhorst (op sy plaas wat grens aan Buisplaas): 09.05.2017

Daniël du Plessis (op sy plaas wat grens aan Buisplaas): 25.07.2017

Dawid Williams: 25.07.2017

Dina Jansen (ouma was 'n Buis): 13.10.2016, 09.05.2017

Dirk Fielies (Slangrivier):2016

Dirk Fielies (Slangrivier):09.11.2016

Dorothea Lodewyk: 25.07.2017

Dr. Nellis Beyers (Klein-Brakrivier): 11.01.2015

Elias Buis: 25.07.2017

Elizabeth Jansen: 09.05.2017

Elizabeth October: 25.07.2017

Emily Buis: 09.05.2017

Fernald October: 16.12.2017

Freek Muller (Herbertsdale-omgewing):05.02.2015

Frieda Uithaler: 09.05.2017

Garinique Buis: 16.12.2017

Harry Levindal, burgemeester van Mosselbaai, (Grootbrakrivier): 2016, 2017, 2018

Hayden Tarentaal: 16.12.2017

Henrietta Buis: 13.10.2016, 25.07.2017

Hiran Tarentaal (jeugleier): 22.09.2018

Jan Jansen: 09.05.2017

Jasmine James: 16.12.2017

Johann Buis (Oudtshoorn): 19.05.2015, verdere korrespondensie d.m.v. e-pos aangesien hy in Chicago, VSA woon

Joy Paulse (Tesselaarsdal): 08.03.2015 en daarna d.m.v. WhatsApp

Kosie Sauerman (op sy plaas wat grens aan Buisplaas): 27.05.2017

Lorainne Claasen (Hartenbos): 16.01.2015

Lourenzo Joseph: 16.12.2017

المنارة للاستشارات

www.manaraa.com

Lucretia van Zyl (Vleesbaai): 04.07.2017, 12.01.2018

Maria Buis (noemnaam Dollie): 25.07.2017

Maria Jantjies (née Meyer): 13.10.2016

Mary de Jager (ouma was ’n Buis): 13.10.2016

Moos Buis: 25.07.2017

Morton Hubbe: 2015, 2016

Nompi Cupido: 31.07.2018 (sersant wat by polisiekantoor in Kwanongaba, Mosselbaai werk waaronder Buisplaas val)

Patricia Basson (Tesselaarsdal): 08.03.2015

Paul Buis: 09.03.2016

Prof Martin Pauw (Vleesbaai): 28:10.2014

Ralie Philander: verskeie kere in 2014(eerste ontmoeting op Buisplaas: 12.04.2014), 2015, 2016, 2017, 2018

Biografiese feite oor Ralie Philander.

Sy is op 7 Februarie 1956 op Buisplaas gebore. Ralie was een van agt kinders en haar pa was ’n bysaaier, soms ’n arbeider op plase en hy het ook soos haar ma, aalwyne getap. Ralie is op ses-jarige ouderdom skool toe. Die skool op Buisplaas het toe net twee klaskamers gehad maar die Lutherse kerk het ook as derde klaskamer gedien. Van 11-jarige ouderdom moes sy leer brood knie en stryk. Op 13-jarige ouderdom het sy na Mosselbaai gegaan vir haar hoërskoolopleiding. Daar was nog nie koshuisgeriewe nie en die leerders moes by ander families loseer waarvan Ralie niks gehou het nie. Hulle moes per trein na Mosselbaai reis en Ralie het baie na Buisplaas verlang.

In Maart 1974 het sy in Kaapstad by die Tygerberghospitaal met haar verpleegopleiding begin nadat sy na voltooiing van gr.10 uit die skool is. Na haar troue op 27-jarige ouderdom het sy twee kinders gehad maar het aangehou met haar verpleging en is toe na drie jaar geskei. In 1998 het sy teruggekeer na Buisplaas en is nou bibliotekaresse en was tot onlangs voorsitter van die BBV en is baie betrokke by die gemeenskap.

Regan McGear (29 jr): 09.05.2017

Rika James (née Buis): 13.10.2016

Rosemary Isaacs (ouma Buis was getroud met ’n October): 13.10.2016

Royston Taute: 16.12.2017

Rozard Petersen: 16.12.2017

www.manaraa.com

Ryan Buis (25 jr.): 09.05.2017

Samuel Stewart (Tesselaarsdal): 08.03.2015

Shaun Prins: 16.12.2017, 09.01.2018, daarna in gereelde kontak d.m.v. WhatsApp. Student aan UOVS. Leier van Jeugbeweging op Buisplaas en skep Facebook-bladsy *Buisplaas Youth Community*

Susan Jansen: 09.05.2017

Willem Anker (Stellenbosch): 25.11.2014


المنارة للاستشارات

www.manaraa.com

**BYLAE**

**Dokumente uit Kaapse argief**

**BYLAAG A: Doodskennisgewings van Frederick en Sophia de Buis, asook die inventaris van Frederick se besittings**



Filed 11th October 1838 2054.

**DEATH NOTICE.**

*Pursuant to the Provisions contained in Section 9, Ordinance* 104.

1.—Name of the Deceased. Fredrik Petrus de Buis

2.—Birth-place of the Deceased. Cape Town.

3.—Names of the Parents of the Deceased. Jan de Buis — mother, name unknown.

4.—Age of the Deceased. 73 Years, & 7 Months.

5.—Condition in life. Farmer.

6.—Married or unmarried, Widower or Widow. Married — to Sophia Hoorn, surviving.

7.—The Day of the decease. 12th August 1838.

8.—At what House, or where the Person died. Jac. Pieterse's Gamka River

9.—Names of the Children of Deceased, and whether Minors or Majors.
1. Christina — Married to Petrus Oosthuizen
2. Maria — Married to J. H. Pieterse
3. Sophia — Married to Hendrik Heymans
Anna Magdalena — married to Christoffel v. Zijl
5. Johannes de Buys.
Majors

10.—Whether Deceased has left any Property, and of what kind. Some cattle, and articles of furniture

Intestate

Christoffel van Zijl

If the Deceased is not a married Person, or not married in community of Goods,—or has left no Will,—this Notice must be made within *Six Days* after the death.

If otherwise, it must be made within Six *Weeks*.

*** It must be filled up and signed by the nearest Relative or Connection of the Deceased, who shall at the time be at or near the place of death,—or, in the absence of such near Relative or Connection, by the Person who shall have the chief charge of the House in, or of the Place on which, the death shall occur, and must be sent either to the Master in Cape Town, or to the Resident Magistrate of the District, if *within* SixHours *distance*, if at a greater distance, it must be forwarded to the Field-Cornet of the District.

2054

MOOC 6/9/13

770

www.manaraa.com

Filed 20 Dec – 1848. 9847

Death notice

Name of the deceased. – Sophia Maria Vivier widow Fredrik Petrus Burger – born in Swellendam –

Age of the deceased 76 years 7 months 16 days.

When died – Beaufort West. district Swellendam on 2 December 1848

Parents of the deceased Hendrik Vivier and Maria Reinderkind both dead –

Name of the children – Christina Burger married with Petrus Johannes Aalbregse

Maria Gertruyt Burger married with Jacobus Coetzee

Sophia Burger. married with Hendrik Wagener

Anna Magdalena, Burger married with Christoffel … Lyl

Jan Burger –

all majors –

If died with or without will – in testate

Of immovable property left. – none. –

Value of the estate Less than £40.

Beaufort West. 18 December 1848. –

C van Zijl

MOOC 6/9/46 Vers 9847

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Filed 11th October 1838: 83. 1838

biffel Sdrif den 20 auguistus
invantaris van den over leden
J P de beijs over leeden
12 auguistus 1838 sijn nalaten
schap sijn huijs vrouw
Soefeij Ja viervier kinderen
1 - kris Stiena de beuijs getrouit mit petrus oosthuijsen
2 marie Ja de beijs getrouit mit
J H pieters
3 Soefeij Ja de beijs getrouit mit
hendrik heijmans
4 A M de beuijs getrouit mit Cranzijl
5 J de beuijs
~~een [illegible] plaas genaamd~~
~~biffelsdrif ...~~
~~[illegible] ... met een [illegible]~~
Testig bees sten Tontjes
vijf ..... 
hondert schaapen en bokke
vier vaate twee emmers
vier potte twee kiste
vier stoele twee tavels
een ouwe ploeg een botter
bak een baalie een
ketel een beijtel.
twee sakki een bet
een katel een saag twee
boorie

1838
83
MOOC 7/1/147

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

een Lijf een Handeldaar
een Spiegkeffer een trom tronel
een Saal in toom

Chri S Staffelsang

I do Certify to the best of my
Knowledge that the Goods & Chattels
enumerated in the foregoing
Inventory is of the value of
Three Hundred pounds -

Swellendam 3 Oct. 1838

£300

Joseph Barry


In addition to the Goods as above valued
there are claims from the Estate upon
two or three persons not included
in the value of the Estate stated at £300

J Barry

1838
83
MOOC 7/1/147

www.manaraa.com

## BYLAAG B: Doodskennisgewings van Sem, Maria en Saul Buis



2223

93/23 Filed 7 Dec 1889 7.12.89

(43)

DEATH NOTICE.

*Pursuant to the Provisions contained in Section 9, Ordinance 104.*

1.—Name of the Deceased. Sem Buis

2.—Birth-place of the Deceased. Buffelsdrift

3.—Names of the Parents of the Deceased.
Sem Buis
Clarisse

4.—Age of the Deceased. 87 years

5.—Condition in life. Labourer

6.—Married ~~or unmarried~~, Widower or Widow. married

7.—The day of the decease. the 14 November 1889

8.—At what House, or where the Person died. at his own residents Buffelsdrift

9.—Names of the Children of Deceased and whether Minors or Majors. Elias 48 y. Paulus 41 y Dina 38 years Hendrik 35 y. Piet 28 y. where abouts not known Eleen 26 years

10.—Whether Deceased has left any Property, and of what kind. [illegible] ground along the Groot Rivier named Buffelsdrift

If the Deceased is not a married Person, or not married in community of Goods,—or has left no Will,—this Notice must be made within *Six Days* after the death. If otherwise, it must be made within *Six Weeks*. yes has left a will

*** It must be filled up and signed by the nearest Relative or Connection of the Deceased who shall at the time be at or near the place of death,—or in the absence of such near Relative or Connection, by the person who shall have the chief charge of the House in or the Place on which the death shall occur; and must be sent either to the Master in Cape Town or to the Resident Magistrate of the District, if *within* Six Hours' *distance*: if at a greater distance, it must be forwarded to the Field-cornet of the District.

Buffelsdrift Novb 25th 1889.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

A true copy of this Death Notice has this day been filed [illegible] Mossel Bay
17 Septr 1876

21 Sept. 76 2250

# Death Notice,

PURSUANT TO THE PROVISIONS CONTAINED IN SECTION 9, ORDINANCE No. 104.

1. Name of the deceased Maria Bruis born Farendal
2. Birthplace of the deceased unknown
3. Names of the Parents of the deceased ) Father unknown ) Mother unknown
4. Age of the deceased 84 years months
5. Condition in life (occupation) farmer
6. Married or Unmarried, Widower or Widow ) Widow
   (a) Name of surviving spouse No
   (b) Name or names and approximate date of death of previous spouse or spouses Nicodemus Bruis alias Lourentius Bruis died on 14 November 1889
7. The day of the decease: On 31st of August 1876
8. At what house or where the person died at Buffelsdrift her Residence Distr. Mossel Bay.
9. Names of Children of deceased, and whether majors ~~or minors~~ (stating separately those by different marriages.)

| | | |
|---|---|---|
| Elias Bruis | 57 years of age | All are living at Buffelsdrift except Piet |
| Dina " | 50 " | |
| Paulus " | 45 " | |
| Hendrik " | 43 " | |
| x Piet | 42 " | |
| Elzy " | 40 " | |

x Piet Bruis being absent for 8 years is supposed to be at Kimberley or Johannesburg

10. Whether deceased has left any property, and of what kind ) a small piece of ground

The deceased has left a will.

Dated at Hartenbosdal
this 8th of September 1876

Mark + of Unknown for Elias Bruis [illegible]
Elias Bruis
(State in what capacity.)
eldest son of Maria Bruis

This notice must be filled up and signed by the nearest Relative or Connection of the Deceased who shall at the time be at or near the place of death,—or in the absence of such near relative or connection, by the person who shall have the chief charge of the House in or the Place on which the death shall occur, and must be sent either to the Master of the Supreme Court, in Cape Town, or if the death occurred in the country districts, to the Resident Magistrate of the District, in duplicate.

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

Filed 21. October 1873

# KENNISGEVING VAN STERFGEVAL.

*Overeenkomstig de voorziening vervat in de 9de Afdeeling der Ordonnantie 104.*

9808.

1.—*Naam van den Overleden.* Souel Buijst

2.—*Geboorteplaats van denzelve.* Riversdale

3.—*Namen der Ouders.* Frederik Buijse en klaris

4.—*Ouderdom van den Overleden.* 57 jaar 4 maande en 6 dagen

5.—*Stand in de Maatschappij.* Boverdery

6.—*Gehuwd of Ongehuwd, Weduwenaar of Weduwe.* getroet met mina mei

7.—*Datum van het overlijden.* 9 october 1873

8.—*Aan welk Huis, of waar overleden.* Eilants Kuijst in zijn eigen huijs

9.—*Namen der Kinderen van den Overleden, en of dezelve meerder of minderjarig zijn.*

kaatje Buijst . meggie Buijst
Piem Buijst
klaree Buijst
karolus Buijst
Piet Buijst, meerder jarig
Hans Buijst
Cornelis Buijst meer derjarig

twee kinderen
kaatje en Souel
erfgenamen

10.—*Of de overleden eenig en welk eigendom nagelaten heeft.* Roerende en onroerende

K Deaniey

*Bijaldien de overleden ongehuwd, of buiten gemeenschap van Goederen gehuwd is,—of geen testament heeft nagelaten, moet deze kennisgeving geschieden binnen zes dagen na het overlijden.*

*Indien anders, moet zulks geschieden binnen zes weken.* Geen testament nage laten


*** *Dezelve moet worden ingevuld en geteekend door den naasten Bloedverwant of Betrekking van den Overleden, die alsdan op de sterfplaats, of derzelver nabijheid zijn moge,—of, in afwezigheid van zoodanige Bloedverwant of Betrekking, door den persoon onder wiens opperzigt het huis waarin, of de plaats waarop, het sterfgeval moge plaats vinden, zijn zal, en moet gezonden worden naar den Meester in de Kaapstad, of naar den Resident Magistraat van het District, indien binnen Zes Uren; indien de afstand grooter is, moet dezelve aan 's Wijks Veldkornet worden bezorgd.*

MOOC 6/9/145 Vers 9808

المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

**BYLAAG C: Weidingsregte**

**Dokumente wat weidingsregte aan Jan de Buÿs gee: Grootte Bosch aan die Gouritzrivier, 1757**



fo. 87.

Werd door deesen Gepermitteerd
Aan den Landbouwer Jan de buys omme voor den
tijd van een geheel Jaar met sijn vee te mogen
gaan leggen en weijden, boven de groote bosch aan
de gourits Rivier, (zijnde de verlaatene plaats
van den landbouwer Jacobus ... met alaaar
... Leggende in het hoede niet hinderlijk te
zijn, nog sulx in geen Consequentie te trekken ge-
houden weesende voor dat deese ter Secretarye zal
werden geregistreerd daar voor tot een recognitie
in 's Comps. Cassa te moeten tellen een somma van
Vier en twintig Rijxdaalders en deese permissie binnen den tijd van
een maand naar expiratie te moeten laaten ver-
nieuwen, op pene dat bij faute van dien zal ver-
vallen zijn in zoodanige boetens als by placaten
op dit Stuk zijn G'emaneert daar en boven nog
verpligt blijvende de Thiende van 't alaaar te winne
Coorn ten deesen Casteele aan den Heer ofte d'Comp.
te moeten opbrengen en deese alvorens
aan den landdrost Jan Andries horak ver-
te geven (onderstond) in 't Casteel de Goede hoop den
1749 ... (by absentie van Edelen Heer gouverneur (was
geteekend) R. Tulbagh (in margine) voldaan (geteekend)
W. v. Kerkhoff ... (gedrukt) (ongeteekend)
... Ley

RLR 12/1 p. 213


www.manaraa.com

**Dokument wat weidingsregte aan Joh du Buÿs gee: Buffelshoek aan die Gouritzrivier, 1770**




المنارة للاستشارات
www.manaraa.com

**Dokument wat weidingsregte aan Johannes de Buys gee: Buffelshoek aan die Gouritzrivier, 1764/ 1765/ 1767**


137


RLR 17/1 p 137

المنارة للاستشارات

www.manaraa.com

## BYLAAG D:Dokument van Buisplaas/Buffelsdrift

17 Desember 1863
Plaas van Saul en Simson Buys
110 morge




**593**

[593]Blogs und Bildergale rien-Aktuell-kirche.mv.dekirche- mv.de/Reistagebuch-Suedafrika-2018.9557.0.html. www.kirche-mv.de

www.manaraa.com